

**ONWETTIGE VREEMDELINGE AS INTERNASIONALE  
VRAAGSTUK, MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE  
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

deur

**M G de Vries**

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

**MAGISTER ARTIUM  
(Internasionale Politiek)**

in die Fakulteit Geesteswetenskappe

**Universiteit van Pretoria**

M G de Vries

**ONWETTIGE VREEMDELINGE AS INTERNASIONALE VRAAGSTUK, MET  
SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

**MA                    UP                    2000**

## DANKBETUIGINGS

Hiermee spreek ek my dank en waardering uit teenoor my leier prof M Hough, vir sy bekwame leiding en geduld in die voltooiing van hierdie verhandeling. 'n Besondere woord van dank aan my ouers vir die volgehoue steun en aanmoediging wat hulle my verleen het gedurende die navorsing en skryf van hierdie verhandeling. Laastens 'n woord van dank aan Stoffel vir sy ondersteuning en bystand.

M G de Vries

September 2000

# INHOUDSOPGawe

BLADSY

Inleiding . . . . .	ix
---------------------	----

<b>HOOFSTUK 1: VLUGTELINGE EN ONWETTIGE VREEMDELINGE: 'N KONSEPTUELE RAAMWERK . . . . .</b>	<b>1</b>
---	----------

1 Omskrywing van die terme vlugteling en onwettige vreemdeling . . . . .	2
1.1 Internasionale konvensies wat met vlugtelingsstatus verband hou . . . . .	2
1.1.1 Die 1951 Geneefse Konvensie en die 1967 Geneefse Protokol . . . . .	3
1.1.2 Die Organisasie vir Afrika Eenheid (OAE) Konvensie van 1969 . . . . .	5
1.2 Onwettige vreemdelinge . . . . .	10
1.3 Probleme wat uit die onderskeid tussen vlugtelinge en onwettige vreemdelinge voortspruit: ekonomiese en omgewingsvlugtelinge . . . . .	12
1.3.1 Ekonomiese vlugtelinge . . . . .	12
1.3.2 Omgewingsvlugtelinge . . . . .	13
2 Implikasies van onwettige migrasie . . . . .	14
2.1 Ekonomiese implikasies . . . . .	15
2.2 Maatskaplike implikasies . . . . .	16
2.3 Politieke en veiligheidsimplikasies . . . . .	18
3 Onwettige migrasie as 'n internasionale vraagstuk . . . . .	20
4 Samevatting . . . . .	23

Verwysings . . . . .	25
<b>HOOFSTUK 2: DIE GLOBALE OMVANG VAN DIE ONWETTIGE VREEMDELINGPROBLEEM . . . . .</b>	<b>29</b>
<b>1 Die Amerikas . . . . .</b>	<b>29</b>
1.1 Die Verenigde State van Amerika (VSA) . . . . .	30
1.1.1 Historiese oorsig oor wettige en onwettige migrasie en die aard en omvang van die onwettige vreemdelingprobleem in die VSA . . . . .	30
1.1.2 Implikasies van die onwettige vreemdelingprobleem . . .	32
1.1.2.1 Maatskaplike implikasies . . . . .	33
1.1.2.2 Ekonomiese implikasies . . . . .	34
1.1.2.3 Politieke implikasies . . . . .	36
1.1.3 Bestaande en beplande maatreëls om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek . . . . .	37
1.2 Suid-Amerika . . . . .	41
1.2.1 Historiese oorsig oor wettige en onwettige migrasie en die aard en omvang van die onwettige vreemdelingprobleem in Suid-Amerika . . . . .	41
1.2.2 Implikasies van die onwettige vreemdelingprobleem . .	42
1.2.2.1 Maatskaplike implikasies . . . . .	43
1.2.2.2 Ekonomiese implikasies . . . . .	43
1.2.2.3 Politieke implikasies . . . . .	44
1.2.3 Bestaande en beplande maatreëls om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek . . . . .	45
Wes-Europa . . . . .	47

2.1	Historiese oorsig oor wettige en onwettige migrasie en die aard en omvang van die onwettige vreemdelingprobleem in Wes-Europa . . . . .	48
2.2	Implikasies van die onwettige vreemdelingprobleem . . . . .	52
2.2.1	Maatskaplike implikasies . . . . .	52
2.2.2	Ekonomiese implikasies . . . . .	54
2.2.3	Politieke implikasies . . . . .	54
2.3	Bestaande en beplande maatreëls om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek . . . . .	56
2.3.1	Die Europese Gemeenskap (EG) . . . . .	56
2.3.2	Bestaande en beplande maatreëls in individuele state . .	58
3	Asië . . . . .	60
3.1	Historiese oorsig oor wettige en onwettige migrasie en die aard en omvang van die onwettige vreemdelingprobleem in Asië . . . . .	61
3.2	Implikasies van die onwettige vreemdelingprobleem . . . . .	63
3.2.1	Maatskaplike implikasies . . . . .	63
3.2.2	Ekonomiese implikasies . . . . .	64
3.2.3	Politieke implikasies . . . . .	65
3.3	Bestaande en beplande maatreëls om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek . . . . .	66
4	Die Midde-Ooste . . . . .	70
4.1	Historiese oorsig oor wettige en onwettige migrasie en die aard en omvang van die onwettige vreemdelingprobleem in die Midde-Ooste . . . . .	70
4.2	Implikasies van die onwettige vreemdelingprobleem . . . . .	72
4.2.1	Maatskaplike implikasies . . . . .	72
4.2.2	Ekonomiese implikasies . . . . .	73
4.2.3	Politieke implikasies . . . . .	73

4.3 Bestaande en beplande maatreëls om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek . . . . .	74
<b>5 Suidelike Afrika . . . . .</b>	<b>77</b>
5.1 Wettige en onwettige migrasie en die aard en oorsake van die onwettige vreemdelingprobleem in spesifieke state in suidelike Afrika . . . . .	77
5.2 Implikasies van die onwettige vreemdelingprobleem . . . . .	79
5.2.1 Maatskaplike implikasies . . . . .	80
5.2.2 Ekonomiese implikasies . . . . .	81
5.2.3 Politieke implikasies . . . . .	83
5.3 Bestaande en beplande maatreëls om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek . . . . .	84
<b>6 Samevatting . . . . .</b>	<b>86</b>
<b>Verwysings . . . . .</b>	<b>89</b>

<b>HOOFSTUK 3: DIE AARD, OORSAKE EN OMVANG VAN DIE ONWETTIGE VREEMDELINGPROBLEEM IN SUID-AFRIKA . . . . .</b>	<b>97</b>
<b>1 Aard en herkoms van onwettige vreemdelinge . . . . .</b>	<b>97</b>
<b>2 Oorsake van die onwettige vreemdelingprobleem in Suid-Afrika . . . . .</b>	<b>102</b>
2.1 Ekonomiese faktore . . . . .	102
2.1.1 Suid-Afrikaanse handelsvennote . . . . .	104
2.1.2 IMF/Wêreldbank strukturele aanpassingsprogramme . . . . .	105
2.1.3 Die migrante arbeidstelsel . . . . .	106
2.2 Politieke faktore . . . . .	109
2.3 Sosio-kulturele faktore . . . . .	111

2.4	Presedent . . . . .	112
2.5	Omgewingsfaktore . . . . .	112
3	Wyses van binnekoms, wyses van vestiging en omvang van die onwettige vreemdelingprobleem . . . . .	114
3.1	Die tydperk 1980-1990 . . . . .	114
3.1.1	Wyses van binnekoms . . . . .	115
3.1.2	Wyses van vestiging . . . . .	117
3.1.3	Die omvang van die onwettige vreemdelingprobleem . . . . .	118
3.2	Die na-1990 tydperk . . . . .	120
3.2.1	Wyses van binnekoms . . . . .	121
3.2.2	Wyses van vestiging . . . . .	125
3.2.3	Die omvang van die onwettige vreemdelingprobleem . . . . .	128
4	Samevatting . . . . .	131
	Verwysings . . . . .	134

**HOOFSTUK 4: DIE GEVOLGE VAN DIE TEENWOORDIGHEID  
VAN ONWETTIGE VREEMDELINGE IN  
SUID-AFRIKA . . . . .** 139

1	Onwettige vreemdelinge en misdaad in Suid-Afrika . . . . .	139
1.1	Onwettige vreemdelinge as "slagoffers" . . . . .	140
1.2	Onwettige vreemdelinge as misdadigers . . . . .	141
1.3	Omvang van onwettige vreemdelinge se betrokkenheid by misdaad . . . . .	142
1.4	Tipes misdade waarby onwettige vreemdelinge betrokke is . . . . .	144
1.4.1	Onwettige handel . . . . .	145
1.4.1.1	Dwelms . . . . .	146
1.4.1.2	Wapens . . . . .	147
1.4.1.3	Voertuie . . . . .	149

1.4.1.4	Ander goedere . . . . .	149
1.4.2	Ander tipes misdade . . . . .	150
1.4.2.1	Pensioen- en welsynsbedrog en die vervalsing van dokumente . . . . .	150
1.4.2.2	Prostitusie . . . . .	152
2	Onwettige vreemdelinge en die Suid-Afrikaanse ekonomie . . . . .	153
2.1	Implikasies van die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge vir die Suid-Afrikaanse ekonomie . . . . .	153
2.2	Betrokkenheid van onwettige vreemdelinge in die onderskeie sektore . . . . .	157
2.3	Die invloed van onwettige vreemdelinge op die sosio-ekonomiese opheffing van Suid-Afrikaanse burgers . . . . .	159
2.4	Kostes verbonde aan die uitsetting en deportasie van onwettige vreemdelinge . . . . .	161
3	Maatskaplike implikasies van die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika . . . . .	163
3.1	Gesondheid . . . . .	164
3.1.1	Siektes . . . . .	164
3.1.2	Die gebruik van Suid-Afrikaanse klinieke deur onwettige vreemdelinge . . . . .	166
3.2	Skoolonderrig . . . . .	167
4	Politieke implikasies van die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika . . . . .	169
4.1	Onwettige vreemdelinge en xenofobie . . . . .	169
4.2	Onwettige vreemdelinge se moontlike invloed op verkiesings in die Republiek van Suid-Afrika (RSA) . . . . .	172

4.3. Interstaatlike wrywing . . . . .	174
5 Samevatting . . . . .	176
Verwysings . . . . .	179
<b>HOOFSTUK 5: BELEID VAN DIE SUID-AFRIKAANSE REGERING, EN STANDPUNTE VAN POLITIEKE PARTYE, BELANGEGROEPE EN SEKERE BUURSTATE BETREFFENDE ONWETTIGE VREEMDELINGE . . . . .</b>	<b>186</b>
1 Beleid van die Suid-Afrikaanse Regering teenoor onwettige vreemdelinge . . . . .	186
1.1 Beleid teenoor onwettige vreemdelinge . . . . .	187
1.2 Amptelike inisiatiewe deur die Suid-Afrikaanse Regering om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek . . . . .	189
1.2.1 Die <i>Wet op Vreemdelingbeheer, no 96 van 1991</i> (soos gewysig) . . . . .	189
1.2.2 Aanvullende beheermaatreëls . . . . .	195
1.2.2.1 Grensbeheer . . . . .	196
1.2.2.2 Gerekenariseerde kontrolering van onwettige vreemdelinge . . . . .	198
1.2.3 Vrystellings . . . . .	199
2 Standpunte van politieke partye in Suid-Afrika . . . . .	201
3 Ander standpunte oor die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika . . . . .	203
3.1 Vakbonde . . . . .	204
3.2 Informele handelaars . . . . .	207
4 Die <i>Groenskrif op Internasionale Migrasie</i> . . . . .	208

5	Suid-Afrika se buurstate en die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika . . . . .	210
6	<i>Die Konsep Protokol vir die vrye beweging van mense in suidelike Afrika</i> . . . . .	211
7	Samevatting . . . . .	214
	Verwysings . . . . .	217
	<b>HOOFSTUK 6: GEVOLGTREKKING</b> . . . . .	223
	Verwysings . . . . .	242
	Bibliografie . . . . .	239
Tabel I	Jaarlikse gemiddelde groeikoers van die Bruto Binnelandse Produk (BBP) en bevolking (%) van Suid-Afrika en lidstate van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG)	
Tabel II	Uitsetting van onwettige vreemdelinge uit Suid-Afrika vanaf 1988 tot 1990	
Tabel III	Statistiek oor beslaglegging: 'n vergelyking tussen 1994 en 1995	
Tabel IV	Uitsetting van onwettige vreemdelinge uit Suid-Afrika vanaf 1990 tot 1997	
Tabel V	Deportasies van onwettige vreemdelinge uit Suid-Afrika vanaf 1991 tot 1997	
Tabel VI	Xenofobie onder verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika	

## HOOFTUK 1: VLUGTELINGE EN ONWETTIGE VREEMDELINGE: 'N KONSEPTUELE RAAMWERK

Die dinamiese en dikwels onstabiele aard van die kontemporêre internasionale politieke stelsel lei daagliks tot die skending van basiese menseregte. Politieke en etniese konflik, veroorsaak deur oorbevolkte gemeenskappe en ekonomiese ongelykhede binne bevolkings, word toenemend in talle gemeenskappe aangetref. Die gaping tussen ryk en arm in die noordelike en suidelike halfond, binne gemeenskappe en state, blyk al hoe meer onoorbrugbaar te wees. Die staat waarbinne die individu homself bevind, duï dikwels die teenstrydigheid aan tussen die idees van individue as burgers van die wêreld, en hulle status as lede van nasionale gemeenskappe. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die mate van vryheid wat 'n individu kan geniet om 'n staat binne te gaan of te verlaat, soos dit hom/haar behaag. Burgers van vele state het nie bogenoemde voorreg nie òf omdat hulle tuisstaat hulle nie toelaat om die staat te verlaat nie, òf omdat die staat waarna hulle migrer of vlug, hulle nie wil toelaat om die staat om verskeie redes binne te gaan nie.

Grootskaalse migrasie speel 'n belangrike rol in die huidige komplekse, internasionale arena. Die belangrikste hiervan is vlugtelinge en onwettige vreemdelinge. Tans meer as ooit tevore, word massas mense in state dwarsoor die wêreld gedwing om as gevolg van verskeie faktore, hulle eie state te verlaat en veiligheid of beter sosio-ekonomiese omstandighede in ander state te gaan soek. Alhoewel hierdie studie in verdere hoofstukke hoofsaaklik konsentreer op onwettige vreemdelinge, is dit nodig om die onderskeid tussen onwettige vreemdelinge en vlugtelinge duidelik te stel.

Omdat migrasie en die geleentheid om uit hulle eie haglike omstandighede te vlug, deur 'n toenemende getal individue gesien word as 'n oplossing vir 'n hele reeks probleme, het onwettige migrasie 'n baie duidelike manifestasie van politieke, ekonomiese en maatskaplike mislukkings geword. Oorbevolking, die vernietiging en oorontgunning van natuurlike hulpbronne, oneffektiewe landboumetodes en die

mislukking van verskeie vorme van regerings, dra tot 'n groot mate by tot die verskynsels van vlugtelinge en onwettige vreemdelinge.

Alhoewel onwettige vreemdelinge die state waarheen hulle vlug op verskeie wyses beïnvloed, is daar ook implikasies vir tuisstate. Dié implikasies as gevolg van die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge, word dan op verskeie terreine bespreek en ontleed.

## 1. Omskrywing van die terme vlugteling en onwettige vreemdeling

Om vlugtelinge en onwettige vreemdelinge van mekaar te onderskei, is dit nodig om 'n oorsig oor die verskillende internasionale konvensies rakende vlugtelingstatus te bied.

### 1.1 Internasionale konvensies wat met vlugtelingstatus verband hou

Dit is al gestel dat daar vier basiese vereistes bestaan waaraan 'n definisie van 'n vlugteling moet voldoen voordat dit as analities bruikbaar beskou word, naamlik:

- i) dit moet die omstandighede waaronder 'n individu 'n vlugteling geword en opgehou het om as vlugteling bekend te staan, omsluit;
- ii) die belangrikste tipes vlugtelinge insluit;
- iii) nie so omslagtig wees dat die skeidslyn wat vlugtelinge van ander tipes migrante skei, onduidelik word nie; en
- iv) moet ook nie so eng wees dat dit nie gebruik kan word in die empiriese analise van vlugtelingstatistiek nie.<sup>(1)</sup>

Dit word gestel dat: "The purpose of any definition or description of the class of refugees is thus to facilitate, and to justify, aid and protection; moreover, in practice, satisfying the relevant criteria ought to indicate entitlement to the pertinent rights or benefits."<sup>(2)</sup> Internasionale konvensies wat as basis gebruik word

om die status van 'n vlugteling duidelik te omskryf, word vervolgens bespreek.

### **1.1.1 Die 1951 Geneefse Konvensie en die 1967 Geneefse Protokol**

Die Geneefse Konvensie van 28 Julie 1951, handel oor die status van vlugtelinge en definieer 'n vlugteling as:

*[Any person who]...as a result of events occurring before 1 January 1951 and owing to well-founded fear of being persecuted for reasons of race, religion, nationality, membership of a particular social group or political opinion, is outside the country of his nationality and is unable or, owing to such fear, is unwilling to avail himself of the protection of that country; or who, not having a nationality and being outside the country of his former habitual residence as a result of events, is unable or, owing to such fear, is unwilling to return to it.<sup>(3.)</sup>*

Die 1951 Konvensie is aangeneem om as oplossing te dien vir 'n situasie wat die Verenigde Nasies (VN) gedink het van korte duur sou wees en is hoofsaaklik geformuleer om Europese burgers wat na die (en as gevolg van) die Tweede Wêreld Oorlog buite hul eie tuisstate was, te akkommodeer. Die hoofdoel was dus om die hervestiging van vervolgde individue wat hoofsaaklik slagoffers van die Tweede Wêreld Oorlog was, te faciliteer. Volgens dié definisie, kon niemand as vlugteling beskou word indien die gebeure wat veroorsaak het dat die individu vlug, na 1951 plaasgevind het nie.<sup>(4.)</sup> In die Konvensie is ook gestel dat state 'n keuse kon maak om bystand aan vlugtelinge te verleen op grond van:

- a. "events occurring in Europe before 1 January 1951" en
- b. "events occurring in Europe or elsewhere before 1 January 1951".<sup>(5.)</sup>

Dié opsionele geografiese beperking het state, deur ratifikasie, ook toegelaat om hulle verantwoordelikhede teenoor vlugtelinge te beperk.<sup>(6.)</sup> 'n Bykomende Protokol is op 31 Januarie 1967, aangeneem en het as aanvulling tot die bestaande Konvensie gedien. Die term vlugteling is in die gewysigde Protokol uitgebrei om alle

individue wat volgens die 1951 Konvensie as vlugtelinge gekwalifiseer het in te sluit, maar sonder enige verwysing na 'n afsluitingsdatum of 'n spesifieke geografiese gebied.<sup>(7.)</sup>

Die *Geneefse Protokol van 1967* definieer 'n vlugteling as:

*[Any person who]...owing to well-founded fear of being persecuted for reasons of race, religion, nationality, membership of a particular social group or political opinion, is outside the country of his nationality and is unable to or, owing to such fear, is unwilling to avail himself of the protection of that country; or who, not having a nationality and being outside the country of his former habitual residence...,is unable or, owing to such fear, is unwilling to return to it. (As amended by Article 1(2) of the 1967 Protocol.)<sup>(8.)</sup>*

Volgens dié definisie kan 'n vlugteling geïdentifiseer word as 'n persoon wat bepaalde eienskappe besit, naamlik dat dié persoon buite sy/haar tuisstaat is en nie by magte is of nie bereid is om in sy/haar tuisstaat beskerming te ontvang of te aanvaar nie, of na sy/haar tuisstaat terug te keer nie. Sulke magteloosheid of onwilligheid word aan 'n gegronde vrees vir vervolging toegeskryf en dié gegronde vrees vir vervolging is gebaseer op ras, geloof, nasionaliteit, lidmaatskap aan 'n bepaalde maatskaplike groep, of politieke standpunte.<sup>(9.)</sup>

'n Mate van kritiek bestaan egter rondom die VN se omskrywing van 'n vlugteling. Sommige sien dié definisie as te eng omdat dit nie genoeg voorsiening vir ekonomiese vlugtelinge (individue wat van armoede vlug) of omgewingsvlugtelinge (individue wat van ekologiese rampe vlug), maak nie. Loescher stel dit dat: "In many developing countries which have few resources and weak government structures, economic hardship is generally exacerbated by political violence. Thus it has become increasingly difficult to make hard and fast distinctions between refugees (as defined by the 1951 UN Convention) and economic migrants."<sup>(10.)</sup>

Die mening is egter ook dat die hoofkriterium in die VN Konvensie vir 'n individu

om as vlugteling te kwalifiseer, vervolging is, naamlik 'n spesifieke persoon wat deur sy/haar tuisstaat se regering vervolg sal word (of reeds vervolg word) indien so 'n individu in die tuisstaat sou bly of terugkeer. Zolberg stel dat die status van 'n vlugteling deur die omskrywing van die term "vervolging" bepaal word en die posisie van so 'n individu daardeur uitsonderlik gemaak word. Volgens Surhke word persone wat van algemene toestande van geweld en verdrukking vlug, nie in die definisie ingesluit nie omdat hulle nie deur die bepaalde staat se regering vervolg word nie.<sup>(11.)</sup> Die bepalende eienskappe van vervolging word as eksklusief intern tot 'n spesifieke staat beskou en die aksies wat as vervolgbaar gesien kan word beperk. Nog 'n belangrike aspek van die VN definisie is die beklemtoning dat 'n vlugteling buite sy/haar staat van oorsprong moet wees, voordat vlugtelingstatus aan so 'n persoon toegeken kan word. Gemeenskappe of individue wat dus binne hulle eie staat gedwing word om te vlug as gevolg van bepaalde gebeure in die staat, val dus buite die regssgebied van die VN se Hoë Kommissaris vir Vlugtelinge (VNHKV).<sup>(12.)</sup>

Die 1951 Konvensie en die 1967 Protokol is vandag die primêre internasionale konvensies waarvolgens individue as vlugtelinge erken word of waarvolgens vlugtelingstatus geweier word. Die 1967 Protokol is ook in verskeie regionale ooreenkomste, rakende vlugtelingstatus, ingesluit om die situasie van erkende vlugtelinge te verbeter. Een so 'n regionale ooreenkoms is die *1969 Organisation for African Unity (OAU) Convention on Refugee Problems in Africa*.<sup>(13.)</sup> Hierdie Konvensie is meer insluitend as die VN Konvensie, en word vervolgens bespreek.

### **1.1.2        *Die Organisasie vir Afrika Eenheid (OAE) Konvensie van 1969***

As gevolg van die groot getalle burgers van state in Afrika wat gedurende die 1950's en 1960's uit hulle eie tuisstate na ander state gevlug het (as gevolg van interne konflik en konflik tussen state),<sup>(14.)</sup> is 'n konvensie op 10 September 1969 deur die OAE aangeneem, wat as aanvulling tot die twee Geneefse instrumente gedien het. Dié *OAE Konvensie* is veral gemoeid met die situasie van vlugtelinge in Afrika en omsluit 'n veel breër definisie van die term vlugteling.<sup>(15.)</sup>

Die OAE Konvensie definieer 'n vlugteling as 'n persoon wat:

*"...owing to a well-founded fear of being persecuted for reasons of race, religion, nationality, membership of a particular social group or political opinion, is outside the country of his nationality and is unable or owing to such fear, is unwilling to avail himself of the protection of that country, or who, not having a nationality and being outside the country of his former habitual residence as a result of such events is unable or, owing to such fear, is unwilling to return to it. The term 'refugee' shall also apply to every person who, owing to external aggression, occupation, foreign domination or events seriously disturbing public order in either part of or the whole of his country of origin or nationality, is compelled to leave his place of habitual residence in order to seek refuge in another place outside his country of origin or nationality."<sup>(16.)</sup>*

Soos blyk, is die term vlugteling (volgens die OAE Konvensie) van toepassing op elke individu wat, as gevolg van eksterne aggressie, sy/haar beroep, eksterne dominansie of gebeure wat die openbare orde ernstig ontwrig — of in enige deel van die staat of in die staat as geheel — binne sy/haar staat van oorsprong of nasionaliteit, verplig is om sy/haar woonplek te verlaat om beskerming in 'n ander staat, buite sy/haar staat van oorsprong of nasionaliteit, te soek.<sup>(17.)</sup>

Bepaalde beginsels rakende vlugtelingstatus, word ook deur die OAE Konvensie bevestig. Die erkenning van vlugtelingstatus is state se voorreg en word as 'n uitdrukking van die nasionale soewereiniteit van die ontvangende staat gesien. Vlugtelingstatus is dus nie 'n inherente reg van die individu nie, maar wel die soewereine reg van state om dit aan 'n bepaalde individu te verleen of te weier. Ooreenkomsdig die bepalings van die OAE Konvensie is dit state se verantwoordelikheid om nie toegang aan individue te weier wat daarop aanspraak maak dat hulle vlugtelinge is nie. Sulke state moet dit eerder op hulself neem om sulke individue se gevalle deeglik te ondersoek en indien vlugtelingstatus toegeken is, aan hulle vrywaring van vervolging te bied. Die toekenning van vlugtelingstatus en vrywaring is eerstens 'n humanitaire daad en kan nie deur die vlugteling se

tuisstaat as vyandig gesien word nie. Tweedens is die toekenning van vrywaring vreedsaam van aard en die vlugteling moet die toegewing respekteer deur hom of haarself te weerhou van enige ondermynende optrede teen die bepaalde ontvangende staat. Terselfdertyd moet state altyd in gedagte hou dat die repatriasie van vlugtelinge vrywillig en nie gedwonge behoort te wees nie.<sup>(18.)</sup>

In administratiewe terme omsluit die erkenning van vlugtelingstatus dat die staat wat vrywaring aan 'n bepaalde individu toeken, 'n identiteitsdokument en reisdokument aan so 'n individu gee, wat hom/haar in staat stel om die staat na vrye keuse te verlaat of daarna terug te keer. In aanvulling tot die OAE Konvensie het die OAE nog twee resolusies op 21 Februarie 1975 en 3 Julie 1976 aanvaar. Hierdie resolusies stel onder andere voor dat regerings 'n groter buigbaarheid in die uitreiking van reisdokumente en die verlening van vervoerasiliteite aan vlugtelinge, sal toon.<sup>(19.)</sup>

Gedurende 1974 is die *1969 OAE Konvensie* deur een derde van die lidstate goedgekeur en in werking gestel.<sup>(20.)</sup> Zolberg stel dit dat: "It captured the emerging realities of a continent where instability and upheavals of various kinds cast masses of deprived people across international borders in order to stay alive and where man-made calamities interacted with natural catastrophes to threaten the survival of entire communities."<sup>(21.)</sup>

Volgens hom is die insluiting van "eksterne intervensie" en "gebeure wat openbare orde ernstig ontwrig" (in die OAE se definisie) as deel van die vereistes om as vlugteling erken te word, gelykstaande aan die argument dat die slagoffers van sulke prosesse gelykstaande is aan slagoffers van vervolging. Laasgenoemde twee groepe kan dus, as hulle om vlugtelingstatus aansoek doen, op 'n gelyke basis vir spesiale oorwegings aanspraak maak. Die OAE se meer uitgebreide definisie stel Afrikastate in staat om individue as vlugtelinge te erken, sonder om enige iemand skuldig te bevind of te vervolg en sodoende die OAE-lede se verantwoordelikhede en bydrae tot die generering van vlugtelingsstrominge, te verdoesel.<sup>(22.)</sup>

Alhoewel die VN Konvensie en die OAE Protokol as die mees omvattende wetlike

instrumente rakende vlugtelinge gesien word, kom tekortkominge wel voor, naamlik:<sup>(23.)</sup>

- a) Die state wat hulle ondersteuning aan een of albei van die ooreenkomste (VN Konvensie en die OAE Protokol) gegee het, is daardeur verplig om hulle nasionale bepalinge met hulle internasionale verantwoordelikhede in ooreenstemming te bring. Sulke state is wetlik verbind binne die raamwerk van die ooreenkomste en state wat nie hulle goedkeuring daaraan gegee het, of dit nie onderteken het nie, word nie in hulle optrede teenoor vlugtelinge daardeur verbind nie. Uit die 150 state in die wêreld het slegs 78 een of albei van die ooreenkomste teen 1993, onderteken.
- b) 'n Individu se vlugtelingsstatus eindig sodra die omstandighede wat hulle gedwing het om te vlug ophou bestaan, sodra hulle terugkeer na hulle eie staat, of as hulle 'n nuwe nasionaliteit bekom deur naturalisering. Die verkryging van 'n nuwe burgerskap, of die oorsteek van 'n grens beteken egter nie dat die lyding, onderdrukking, en materiële behoeftes van vlugtelinge verbeter of opgelos is nie.
- c) Slegs individue wat as gevolg van politieke en maatskaplike redes vervolg word en dan buite hulle eie tuisstate beskerming soek, word deur die VN as vlugtelinge erken en staan as *de facto* vlugtelinge bekend.<sup>(24.)</sup>

Die onderskeid tussen die volgende twee groepe moet egter ook in gedagte gehou word, naamlik:

- a) Interne vlugtelinge: Individue wat nog in hulle eie tuisstaat is, maar wie se lewens so erg (deur interne konflik) ontwrig is, dat hulle nie meer in veiligheid in hulle eie huise kan bly of aan normale ekonomiese aktiwiteite kan deelneem nie, staan bekend as interne vlugtelinge. Sulke individue word dus binne hulle eie state verplaas. Sulke individue kan permanent in vrees lewe as gevolg van 'n vrees vir vervolging en deur die hele trauma van konstante konflik en geweld leef, sonder enige hulp of beskerming omdat

hulle buite die grense van die internasionale vlugtelingsreg val. Sulke individue wat as gevolg van natuurlike rampe of nadelige maatskaplike, politieke of ekonomiese omstandighede intern verplaas word, ly onder verskeie skendings van menseregte asook sosio-ekonomiese verwaarloosing.<sup>(25.)</sup>

- (b) Daar bestaan ook 'n kategorie individue wat nie binne hulle eie state vervolg word nie, maar tog daarin slaag om veilig na 'n ander staat te vlug en wat wel as gevolg van die interne konflik binne hulle eie gemeenskappe gely het. Internasionale ooreenkomste rakende vlugtelingsstatus (behalwe dié van die OAE) maak geen voorsiening vir sulke individue nie.<sup>(26.)</sup>

Vrees is 'n subjektiewe element. Om die motief van 'n individu wat aansoek doen om vrywaring (asiel) deeglik na te gaan en seker te maak dat die aansoek wel gegrond is, is 'n delikate proses. Die feit dat 'n persoon wat te midde van interne geweld en konflik sy/haar tuisstaat verlaat, mag nie genoeg wees om te bewys dat so 'n individu 'n slagoffer van vervolging is nie. Daar kan ook bykans nooit bewys word dat so 'n individu oor 'n genoegsame rede beskik om 'n "gegronde" vrees vir vervolging te hê nie.<sup>(27.)</sup>

Daar bestaan dikwels verwarring tussen die begrippe vlugteling en onwettige vreemdeling. Die primêre oorsaak hiervan is dat inligting oor vlugtelinge op beide globale en nasionalevlak vrylik beskikbaar is, maar dat soortgelyke inligting oor onwettige vreemdelinge minder beskikbaar is en oor die algemeen as 'n onbetroubare raming gesien word. 'n Verdere aspek wat tot onsekerheid bydra is die feit dat, veral binne Afrika, die vlugtelingsprobleem intensiewe aandag geniet, terwyl die kwessie van onwettige vreemdelinge hoofsaaklik as die probleem van die staat waarheen die onwettige vreemdeling gaan, gesien word.<sup>(28.)</sup>

Soos vroeër in die hoofstuk genoem, is 'n vlugteling 'n individu wat as gevolg van verskeie redes, verskuif of gedwing word om uit sy/haar tuisstaat na 'n ander staat te vlug. Die belangrikste redes vir migrasie wissel van burgeroorloë of politieke geweld tot vervolging of diskriminasie (hoofsaaklik op die basis van geslag, ras,

etniese groepering waaraan die individu of groep behoort, geloof of politieke oortuigings). Dit word egter oor die algemeen aanvaar dat werklike vlugtelinge, met ander woorde dié individue wat beskerming en veiligheid in ander state gaan soek, tydelik vlug van omstandighede wat direk skadelik vir hulle persoonlike veiligheid kan wees. Sulke vlugtelinge kan in die vlugproses onwettig of onwetend oor internasionale grense beweeg en doen gewoonlik aansoek om vlugtelingsstatus of politieke vrywaring met aankoms in die gasheerstaat. Sodra hulle as vlugtelinge geklassifiseer is, val sulke individue onder die jurisdiksie van die VNHKV en word hulle toegelaat om in uitgewysde gebiede (gewoonlik 'n vlugtelingskamp of nedersetting) te woon, tot tyd en wyl hulle vrywillig na hulle eie state gerepatrieer word, of sodra omstandighede in laasgenoemde dit toelaat. In ander state word sulke individue van tydelike verblyf- en werkpermitte voorsien tot tyd en wyl hulle na hulle eie state terugkeer.<sup>(29.)</sup>

Dit is dus moontlik om te argumenteer dat daar wel 'n duidelike verskil bestaan tussen vlugtelinge wat as gevolg van 'n nasionale krisis gedwing is om in groot getalle uit hulle eie state te vlug en onwettige vreemdelinge wat hoofsaaklik 'n individuele besluit neem om onder andere beter ekonomiese omstandighede in 'n ander staat te gaan soek. So 'n individuele besluit kan wel die toestande wat in die tuisstaat heers reflekteer, maar is tog onderskeibaar van die omstandighede waarvoor vlugtelinge vlug. Vlugtelinge is slegs in die posisie om na hulle tuisstaat terug te keer indien die krisis of interne konflik opgelos is, terwyl onwettige vreemdelinge nie afhanklik is van die beëindiging van konflik om na hulle eie state terug te keer nie.<sup>(30.)</sup>

## 1.2 Onwettige vreemdelinge

Daar bestaan nie, soos in die geval van vlugtelinge, 'n internasionaal-erkende ooreenkoms waarin omskrywings van onwettige vreemdelingstatus gegee word nie. Elke staat beskik oor maatstawwe en wetgewing waarvolgens 'n individu as 'n onwettige vreemdeling geklassifiseer word. Vervolgens word riglyne wat deur die meeste state as aanvaarbaar beskou word, bespreek. 'n Individu word oor die

algemeen as 'n onwettige vreemdeling beskou indien hy/sy:

- a) 'n bepaalde staat binnekomb op 'n ander plek as 'n erkende binnekomspunt;
- b) in 'n staat aanbly sonder 'n geldige verblyfpermit;
- c) optree in oortreding van sy/haar verblyfpermit se gestelde voorwaardes;
- d) verbied word om 'n bepaalde staat binne te gaan; of
- e) verbied word om in 'n bepaalde staat aan te bly, terwyl, hy of sy, hom of haarself reeds in die bepaalde staat bevind.<sup>(31.)</sup>

Wat onwettige binnekoms betref, word 'n individu as onwettig beskou indien hy/sy 'n staat op onwettige wyse binnegaan of die staat wettig binnegaan maar aanbly nadat die vereistes (toegelate verblyfperiode) op sy/haar tydelike verblyfpermit of visum verstryk het. Laasgenoemde sluit individue in wat daarin slaag om 'n bepaalde staat se dokumente op 'n onwettige wyse te bekom, of wat in besit is van sulke dokumente. In die praktyk is die skeidslyn tussen wettige en onwettige vreemdelinge egter minder duidelik. State laat in die algemeen vreemdelinge toe om tydelik in die gasheerstaat te woon (byvoorbeeld toeriste of studente) en hulle situasie word slegs as onwettig gesien as hulle sonder toestemming in die staat begin werk en sodoende 'n inkomste verdien of die tydperk wat hulle toegelaat word om in die land aan te bly, oorskry. 'n Vreemdeling kan ook as onwettig beskou word indien hy/sy die riglyne gestel deur internasionale ooreenkomste (byvoorbeeld die OAE Konvensie van 1967) oortree, al tree so 'n bepaalde vreemdeling in ooreenstemming met die gasheerstaat se implisiële of eksplisiële immigrasiebeleid op.<sup>(32.)</sup>

Alhoewel 'n verskil tussen vlugtelinge en onwettige vreemdelinge bestaan, kan probleemareas in die toepassing of duidelike onderskeid daarvan geïdentifiseer word. Dié probleemareas word in die volgende onderafdeling bespreek.

## 1.3 Probleme wat uit die onderskeid tussen vlugtelinge en onwettige vreemdelinge voortspruit: Ekonomiese en omgewingsvlugtelinge

Die term "ekonomiese vlugtelinge" (individu wat van drastiese ekonomiese agteruitgang vlug) en "omgewingsvlugtelinge" (individue wat van ekologiese catastrofes vlug) word toenemend gebruik om individue wat as gevolg van hongersnood en omgewingsdegradasie gedwing word om na ander state te vlug, aan te du.

In terme van die VN en OAE Konvensies bestaan geen onderskeid tussen "ekonomiese en omgewingsvlugtelinge" en onwettige vreemdelinge nie. Die definiering van 'n vlugteling deur die *Verenigde Nasies Konvensie van 1951* is ook tot 'n mate problematies omdat die VN Konvensie oorspronklik slegs gesien is as 'n beheermaatreël om die Europese vlugtelingprobleem na die Tweede Wêreld Oorlog op te los. Dit gee nie erkenning aan of ekonomiese of omgewingsvlugtelinge nie. In sommige sienings, is die VN Konvensie tans nie meer voldoende nie omdat veral "ekonomiese vlugtelinge" en "omgewingsvlugtelinge" (wat die VN Konvensie as onwettige vreemdelinge beskou) die grootste gedeelte van globale en veral Europese "vlugtelinge", vorm.<sup>(33)</sup>

### 1.3.1 *Ekonomiese vlugtelinge*

Die term "ekonomiese vlugteling" word toenemend in verband met die verskynsel van globale migrasiepatrone gebruik omdat die primêre motivering vir migrasie (veral op regionale vlak) gewoonlik ekonomies van aard is. Dit is oorspronklik gebruik om die Jode wat Duitsland in die 1930's verlaat het te beskryf. Daar is na hulle verwys as die *Wirtschaftsemigranten*.<sup>(34)</sup> Net soos ware vlugtelinge, beskou werklike ekonomiese vlugtelinge migrasie na ander state met beter ekonomiese omstandighede as in sy/haar tuisstaat, as 'n noodsaaklikheid om te oorleef. "Ekonomiese vlugtelinge" verskil ook van amptelik erkende vlugtelinge, wat vlug van oorlog of politieke sowel as etniese vervolging eerder as ekonomiese

armoede.<sup>(35.)</sup>

Ekonomiese onstabiliteit of agteruitgang is een oorsaak van migrasie, en is ook dikwels die oorsaak van burgers se ontevredenheid met die bepaalde regering wat magteloos is om toestande van armoede en deprivasie te verbeter, en selfs sulke toestande van armoede aanmoedig. Die onderskeid tussen "ekonomiese vlugtelinge" en onwettige vreemdelinge is veral problematies as individue van state vlug waar die politieke stelsel bydra tot armoede of dit selfs vererger (byvoorbeeld in Viëtnam waar politieke verdrukking gekombineer is met ekonomiese stagnering). In terme van die VN en OAE Konvensies is sogenaamde "ekonomiese vlugtelinge" egter nie ware vlugtelinge in die volkeregeltlike sin van die woord nie.<sup>(36.)</sup>

#### Vlugtelinge

Dit is oor die algemeen moeilik om 'n duidelike onderskeid tussen werklike vlugtelinge en onwettige vreemdelinge te tref omdat grootskaalse ekonomiese migrasies dikwels deur polities gemotiveerde vlugtelinge en omgekeerd, vergesel word. Die term onwettige vreemdeling word bo dié van "ekonomiese vlugeling" verkies omdat vreemdelinge wat hulself onwettig binne 'n bepaalde staat bevind nie meer as 'n wettige migrant gesien kan word nie maar as 'n onwettige vreemdeling. Deur 'n onwettige vreemdeling as ekonomiese vlugeling te klassifiseer word die verskil tussen 'n werklike vlugeling en 'n onwettige vreemdeling slegs verder verduister.<sup>(37.)</sup> Volgens Loescher word die onderskeid tussen werklike vlugtelinge (soos deur die 1951 VN Konvensie gedefinieer) en "ekonomiese vlugtelinge" ook toenemend bemoeilik deurdat ekonomiese onstabiliteit en armoede dikwels deur politieke geweld (in veral ontwikkelende state wat oor min hulpbronne en swak infrastrukture beskik), vererger word.<sup>(38.)</sup>

#### 1.3.2 *Omgewingsvlugtelinge*

Alhoewel 'n duidelike verband tussen omgewingsdegradasie en grootskaalse migrasie van vlugtelinge bestaan, is dit nodig om die verskil tussen ware vlugtelinge en "omgewingsvlugtelinge" in gedagte te hou.

Die vermindering en oneffektiewe benutting van natuurlike hulpbronne gekombineer

met demografiese druk en chroniese armoede, kan lei tot die verergering van politieke, etniese, maatskaplike en ekonomiese spanning in 'n bepaalde staat, wat op sy beurt dan weer tot konflik lei wat individue dwing om te vlug. Daar word dan na sulke individue as "omgewingsvlugtelinge" eerder as ware vlugtelinge, verwys.<sup>(39.)</sup>

As gekyk word na die implikasies vir beleidsformulering is die keuse van definisie meer as net 'n semantiese oefening. Uit 'n regsoogpunt verskaf die term vlugteling 'n status binne 'n bepaalde regsraamwerk en 'n begeleidende reg om aanspraak op bepaalde voorregte op grond van hierdie status, te maak. Indien 'n bepaalde individu misluk om hierdie status te bekom, soos in die geval van 'n onwettige vreemdeling, is die gevolg die uitsluiting van so 'n persoon uit die regstelsel. Dit is egter uiters belangrik om die maatskaplike bestaan van so 'n individu te onderskei van die wetlike erkenning, wat weens 'n verskeidenheid van politieke redes aan so 'n individu toegestaan of nie toegestaan word nie.<sup>(40.)</sup>

Die aanvaarding van die term "ekonomiese vlugteling" en "omgewingsvlugteling" is dus nie slegs die aanpassing van 'n bestaande definisie nie, maar ook 'n fundamentele hersiening van die VN se bestaande definisie van 'n vlugteling.<sup>(41.)</sup>

Vervolgens word die implikasies van onwettige vreemdelinge op state se politieke, ekonomiese en maatskaplike terreine, bespreek.

## 2. Implikasies van onwettige migrasie

Individue migreer onwettig of vlug (en doen gewoonlik aansoek om asiel) soms na state wat aan hulle eie grens, en waar hulle so gou as moontlik vlugtelingstatus kan bekom. Alhoewel vele vlugtelinge deur die VNHKV, die Wêreld Voedsel Program (WVP) en ander internasionale agentskappe en organisasies bygestaan word, lê die besluit steeds by elke regering self of hy vlugtelinge gaan erken en aanvaar en onder watter voorwaardes. Onwettige vreemdelinge migreer na state (dikwels buurstate) waar die moontlikheid van werkgeleenthede beter is as dié in

hulle tuisstate. Ten spyte hiervan lê die besluit, soos in die geval van vlugtelinge, ook by die regering hoe dié onwettige vreemdelinge wat hulself reeds binne die bepaalde staat bevind, behandel gaan word.<sup>(42.)</sup>

Wat ook al die bepaalde regering se beleid rakende onwettige vreemdelinge, het grootskaalse onwettige migrasie na state, tot 'n meerdere of mindere mate, 'n invloed op die politieke, ekonomiese en maatskaplike terreine van sulke state, en word dit ook dikwels as 'n bedreiging vir die nasionale veiligheid van so 'n staat beskou.

## 2.1 Ekonomiese implikasies

Die grootskaalse instroming van vlugtelinge en onwettige vreemdelinge, het tot 'n meerdere of mindere mate, 'n invloed op die ekonomiese terreine in beide die tuisstaat en die gasheerstaat. Sodra 'n gedeelte van die tuisstaat se burgers emigreer, is die implikasies beide positief en negatief van aard. Die netto uitvoer van werklose individue, die verwagting van buitelandse valuta verdienstes met die terugkeer van dié individue en die verligting van ekonomiese druk, veral op maatskaplike dienste en behuising, is deel van die positiewe implikasies.<sup>(43.)</sup>

Onwettige vreemdelinge kan vir die state waarheen hulle vlug egter 'n groot bron van kommer wees. Onwettige vreemdelinge is oor die algemeen arm en beskik oor min of geen vaardighede of opleiding nie. Die moontlikhede dat dié individue enige positiewe bydrae tot die gasheerstaat se ekonomie sou maak, is dus skraal. In gevalle waar die aantal onwettige vreemdelinge binne 'n bepaalde gasheerstaat groot is, kan hulle 'n aansienlike ekonomiese las op die ontvangende staat se ekonomie plaas. Solomon stel dit dat: "Legal immigration, especially into white collar jobs, is thought to be economically beneficial to the receiving state; whereas the economic ramifications of low- or un-skilled legal and illegal immigrants appears to be an adverse effect on the economy - for example, by depriving those locals at the bottom."<sup>(44.)</sup> Omdat die onwettige arbeidsmag goedkoop en prakties is; onwettige vreemdelinge sonder waarskuwing afgedank kan word; en regerings

soms so 'n kwessie sal ignoreer solank die "onwettige" arbeidsmag nie met die plaaslike arbeidsmag kompeteer nie, buit werkgewers dikwels die onwettige teenwoordigheid van veral onwettige vreemdelinge uit en word dikwels teen hulle gediskrimineer. In veral geïndustrialiseerde state word wettige arbeiders deur vakbonde beskerm, terwyl onwettige vreemdelinge wat in sulke state werk kry, sonder enige sekuriteit in diens geneem word. Werkgeleenthede wat aan onwettige vreemdelinge gegee word vereis dikwels geen vorige ondervinding nie; kanse op bevordering en verhogings is skraal; en sulke indiensneming is hoogs sensitief vir ekonomiese fluktuasies. Die werkewer besit dus die mag om die onwettige vreemdeling te dwing om in haglike omstandighede teen uiters lae vergoeding te werk - omstandighede, waarin die plaaslike arbeidsmag dikwels sal weier om te werk.<sup>(45.)</sup>

Ekonomiese spanning word ook veroorsaak op die terreine van behuising, opvoeding, vervoerfasiliteite en mediese dienste.<sup>(46.)</sup> Weiner stel dit in hierdie verband dat: "In much of the Third World, the fear of economic losses from migration often have a solid basis in reality. In the Third World, there are few jobs that migrants take that locals do not want. Moreover, there are additional concerns when migrants and a rapidly growing local population compete for land and for dwindling forests."<sup>(47.)</sup>

## 2.2 Maatskaplike implikasies

Aangesien elke gemeenskap sy eie (en dikwels unieke) kultuur met trots beskerm, word individue wat van ander state 'n bepaalde gasheerstaat wil binnekomm, aan bestaande norme blootgestel. Hierdie norme bepaal tot 'n mate watter individue die gasheerstaat mag binnekomm; die regte en voorregte wat aan so 'n individu gegee word sodra hy homself in die bepaalde staat bevind; en of die gasheerstaat (met sy unieke kultuur) die vlugtelinge of onwettige vreemdelinge dalk as moontlike burgers sal oorweeg. 'n Oortreding van hierdie norme (deur onwelkomme vreemdelinge byvoorbeeld) word dikwels as 'n bedreiging vir die basiese norme en waardes gesien en word sodoende ook as 'n bedreiging vir die nasionale veiligheid

van 'n bepaalde staat, beskou.<sup>(48.)</sup>

Indien vlugtelinge of onwettige vreemdelinge oor grense beweeg, is dit nie net die fisiese beweging van individue nie, maar ook die verskuiwing van tale, kultuur, gelowe, en maatskaplike oortuigings. Die sosio-kulturele gevolge van grootskaalse migrasie kan nadelige implikasies vir die gasheerstaat inhoud deur spanning tussen migrante en burgers van die gasheerstaat te veroorsaak, of selfs te vererger. 'n Goeie voorbeeld hiervan is Europese state waar die invloei van vlugtelinge en onwettige vreemdelinge as 'n ernstige bedreiging vir die nasionale identiteit van dié state gesien word.<sup>(49.)</sup> "Most societies react with alarm when there is an unregulated large-scale illegal migration of people who do not share their culture and national identity. Illegal migration into the Sabah state of Malaysia from the Philippines and Indonesia - an estimated 400 000 or more of Sabah's 1,4 million population - has created anxieties there."<sup>(50.)</sup>

Daar bestaan dus in verskeie state 'n groot vrees dat 'n té groot invloei van eksterne kulture, gelowe, tale en maatskaplike oortuigings die nasionale identiteit negatief sal beïnvloed, veral in state waar die ekonomie onder druk is en 'n verlaagde geboortesyfer voorkom. Die werklikheid van sulke vrese manifesteer in die fenominale groei van regse politieke partye waarvan bykans almal sterk anti-immigrante platvorms het. Onder sulke omstandighede bestaan die moontlikheid dat regerings anti-migrasiebeleidsrigtings in antisipasie van openbare reaksie kan aanvaar.<sup>(51.)</sup>

Die druk van groot getalle onwettige vreemdelinge en vlugtelinge op bestaande infrastrukture in verskeie Derde Wêrelde state is swaar en belas reeds beperkte hulpbronne, swak infrastrukture en beskikbaarheid van grond. Tog, was en is die meeste Afrikastate nog altyd redelik toegeeflik en verdraagsaam in hulle behandeling van onwettige vreemdelinge. Die mate van aanvaarding van enige gasheerstaat hou hoofsaaklik verband met die taal, kultuur en stamverwante ooreenstemmings tussen die onwettige vreemdelinge se tuisstaat, en die staat waarheen hulle migreer. Dié faktor speel 'n groot rol in Afrikastate, omdat 'n groot gedeelte van onwettige vreemdelinge in dié state uit buurstate kom.<sup>(52.)</sup>

## 2.3 Politieke en veiligheidssimplikasies

Tradisioneel is veiligheid gesien in terme van magsverhoudings tussen state, veral ten opsigte van die behoud van territoriale integriteit van die staat of die veiligheid en kontinuïteit van 'n bepaalde regering met betrekking tot interne of eksterne militêre bedreigings. Met die beëindiging van die Koue Oorlog het die term nasionale veiligheid egter 'n nuwe en meer komplekse betekenis aangeneem. Wat tradisioneel polities-militêre kwessies op interstaatlike vlak betref, is ander aspekte van belang, naamlik etniese konflik, vlugtelinge, migrasie verskynsels, en bevolkingsgroei, bygevoeg. Nasionale veiligheid omsluit dus ook ekonomiese en maatskaplike faktore, byvoorbeeld die vestiging van ideale toestande vir ekonomiese vooruitgang en stabilitet, en die behoud van interkommunale harmonie sowel as politieke deelname en die beskerming van minderheidsgroepe se regte, in die bepaalde staat. Groot skaalse migrasie het dikwels 'n nadelige invloed op die maatskaplike en ekonomiese veiligheid en stabilitet van state, maar veral in state met onderontwikkelde ekonomiese stelsels, swak infrastrukture, onstabiele politieke stelsels en etniese of ander maatskaplike verdeeldheid of onstabilitet.<sup>(53.)</sup>

Die betekenis van nasionale veiligheid verskil van een staat na 'n ander. 'n Etnies homogene gemeenskap mag byvoorbeeld meer waarde heg aan hulle eie etniese identiteit as 'n heterogene gemeenskap. Eersgenoemde gemeenskap kan die groot skaalse instroming van vlugtelinge en onwettige vreemdelinge as 'n bedreiging vir nasionale veiligheid beskou. Die instroming van onwettige vreemdelinge kan ook soms deur die regering van 'n bepaalde staat gevrees word, maar deur die opposisie van die regering verwelkom word. Een etniese groep mag onwettige vreemdelinge verwelkom, terwyl 'n ander gekant kan wees teen dié individue. Die sakegemeenskap is ook dikwels meer verdraagsaam en toeganklik teenoor onwettige vreemdelinge, omdat hulle goedkoop arbeid beteken, terwyl die algemene publiek hulle as kompetisie vir werkgeleenthede beskou. Die druk wat op maatskaplike dienste en die fisiese infrastruktur geplaas word; die moontlike negatiewe invloed op plaaslike ekonomiese toestande; en die rasse en geloofspanning veroorsaak deur beide die invloei van onwettige vreemdelinge en

vlugtelinge, in veral gemeenskappe met kulturele heterogeniteit, voorspel moontlike negatiewe implikasies (op onder andere die gebied van nasionale veiligheid) vir vele onderontwikkelde en ontwikkelende state.<sup>(54.)</sup>

Tans oorskry bestaande getalle onwettige vreemdelinge soms state se vermoë en gewilligheid om onbeperkte getalle onwettige vreemdelinge binne hulle grense toe te laat. Die huiwerigheid en die onwilligheid van vele state om hulle grense vir groot getalle onwettige veemdelinge te open wentel primêr om die besorgdheid van state dat die grootskaalse instroming van onwettige vreemdelinge hulle sosio-ekonomiese stelsels negatief sal beïnvloed. Kommer bestaan ook oor die moontlikheid dat die instroming van onwettige vreemdelinge wat aan 'n ander etniese gemeenskap behoort 'n xenofobiese houding; konflik tussen onwettige vreemdelinge en plaaslike inwoners; en die groei van anti-migrante regse partye, kan veroorsaak.<sup>(55.)</sup>

Alhoewel konflik (intern en/of ekstern) meestal die oorsaak van grootskaalse migrasie en die daaropvolgende verskynsel van veral vlugtelinge is, kan groot getalle vlugtelinge of onwettige vreemdelinge ook tot konflik binne 'n staat of tussen twee of meer state, bydra. "Migration and refugee flows are on the one hand, partially a reflection of *inter alia* economic and security conditions in the sending country, but the flight of people from a country can in turn cause further instability. Similarly, as far as the receiving countries are concerned, migration and other flows have generated conflicts within and between states. It has been reported that racial violence increased by 25 per cent in Germany during 1997, and crime attributed to the far right-wing by 34 per cent."<sup>(56.)</sup>

Die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge en vlugtelinge binne 'n bepaalde staat kan dus ook as bron van konflik tussen die regerings van die gasheerstaat en die tuisstaat dien, indien die regering van die gasheerstaat die regering van die tuisstaat onder andere verantwoordelik hou vir groot getalle onwettige vreemdelinge of vlugtelinge binne sy grense. Verder is daar ook die kwessie van die opposisie teen die tuisstaat. "Opposition to their home regime by refugees and immigrants may strain relations between countries as the host country may be held

responsible for the activities of the refugees and migrants, even if the activities are lawful."<sup>(57.)</sup> Die wyse waarop state mekaar se bedoelings met betrekking tot onwettige vreemdelinge en vlugtelinge interpreteer, is oor die algemeen krities. Hoe dit verloop, bepaal die omvang van konflik wat tussen state sal voorkom, sodra grootskaalse migrasie voorkom.<sup>(58.)</sup> 'n Voorbeeld hiervan is die situasie tussen die Suid-Afrikaanse Regering en die Zimbabweense Regering as gevolg van die grootskaalse uitsetting van onwettige vreemdelinge uit Suid-Afrika na Zimbabwe (die onwettige vreemdelinge se tuisstaat). Volgens die Zimbabweense Regering het die grootskaalse uitsettings van onwettige vreemdelinge, ekonomiese onstabilitet in dié staat veroorsaak en is verskeie beroepe op die Suid-Afrikaanse Regering gedoen om die tempo waarteen uitsettings plaasvind, te verminder.<sup>(59.)</sup>

Vlugtelinge en onwettige vreemdelinge is ook dikwels verantwoordelik vir terreur aanvalle in die gasheerstaat sowel as die onwettige smokkel van wapens en deelname aan die smokkel van dwelms. State spits as gevolg van bogenoemde risiko's hulself al hoe meer daarop toe om seker te maak dat 'n bepaalde individu werklik in vrees vir vervolging lewe, voordat vlugtelingestatus aan hom of haar gegee word. In die geval van onwettige vreemdelinge, wat soms betrokke is by prostitutie en die smokkel van verskeie goedere, implementeer state strenger wetgewing en word meer klem gelê op effektiewe grenspatrolering.<sup>(60.)</sup>

Die globale toename in politieke en ekonomiese druk word vergesel deur state se onwilligheid om onwettige vreemdelinge en groot getalle vlugtelinge binne hulle grense toe te laat.<sup>(61.)</sup>

### 3. Onwettige migrasie as 'n internasjonale vraagstuk

Die verskynsel van onwettige migrasie is slegs een van verskeie internasjonale vraagstukke en word tot 'n mindere of meerdere mate in bykans al die streke van die wêreld aangetref en word om verskeie redes as internasjonale vraagstuk beskou.

Die eerste rede is dat onwettige migrasie op globale vlak toeneem. Die meeste onwettige migrasie vind vanaf onderontwikkelde state na meer ontwikkelde en geïndustrialiseerde state plaas, alhoewel onwettige migrasie ook dikwels binne streke vanaf onderontwikkelde na ontwikkelende state en ekonomiese voorkom. Soos reeds genoem, is die groeiende ekonomiese gaping tussen state (in veral die noordelike en suidelike halfrond) hoofsaaklik verantwoordelik vir die globale toename van onwettige migrasie. Verskille in inkomste en werkgeleenthede binne streke of tussen streke speel dus 'n groot rol in die toename van onwettige migrasie.<sup>(62.)</sup> Faktore wat verder aanleiding gee tot die globale toename van onwettige migrasie is die toename van interne konflik, die toenemende verskynsel van droogtes, hongersnood, vloede en ander natuurrampe en die uitbreiding van globale kommunikasie en vervoernetwerke wat aan voornemende onwettige vreemdelinge die nodige inligting en vervoergeleenthede bied om onwettig na ander state te migreer.<sup>(63.)</sup>

#### UNTERWERP:

'n Tweede faktor wat daartoe bydra dat die verskynsel van onwettige migrasie as 'n internasionale vraagstuk beskou word, is die feit dat die grootskaalse migrasie van onwettige vreemdelinge na en die gevolglike teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge binne 'n bepaalde staat, tot 'n meerdere of mindere mate, 'n invloed op die politieke, ekonomiese, en maatskaplike terreine van so 'n staat kan hê.<sup>(64.)</sup> Aan die een kant kan groot getalle onwettige vreemdelinge, wat bereid is om vir min geld en in swak omstandighede te werk, bepaalde arbeidstekorte binne sekere sektore van 'n ekonomie vul. Aan die ander kant, in gevalle waar die aantal onwettige vreemdelinge binne 'n bepaalde gasheerstaat groot is en die bestaande vlak van werkloosheid hoog, kan onwettige vreemdelinge 'n aansienlike ekonomiese en maatskaplike las op die staat se ekonomie plaas. State besit dikwels nie oor die vermoë of is nie bereid om groot getalle of selfs enige onwettige vreemdelinge binne hul grense toe te laat nie. Hierdie onwilligheid spruit dikwels voort uit kommer oor moontlike negatiewe ekonomiese en politieke implikasies wat die teenwoordigheid van groot getalle onwettige vreemdelinge mag inhoud.<sup>(65.)</sup>

Derdens, kan die verskynsel van onwettige migrasie as 'n internasionale vraagstuk beskou word omdat die verhoudings tussen state daardeur beïnvloed kan word en

die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge soms as 'n bedreiging vir 'n bepaalde staat se nasionale veiligheid beskou word. Verhoudings tussen state word veral beïnvloed indien die regering van die gasheerstaat die regering van die tuisstaat onder andere verantwoordelik hou vir groot getalle onwettige vreemdelinge binne sy grense. Alhoewel regerings dikwels van mening is dat die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge moontlike negatiewe implikasies mag inhou, en in reaksie getalle probeer verminder en selfs heeltemal stopsit, verskil regerings in hulle vermoë om die toevloei te beheer. Die onvermoë van 'n regering om die toevloei van onwettige vreemdelinge te beheer word dikwels as 'n bedreiging vir die bepaalde staat se soewereiniteit beskou. Wat die verband tussen politieke en veiligheidimplikasies van onwettige vreemdelinge en die verskynsel van onwettige vreemdelinge as 'n internasionale vraagstuk betref, stel Meissner dit dat: "It is around illegal immigrants, asylum-seekers and refugees which the current migration debate in the industrialized world revolves. Quite simply, this is because unregulated and emergency migrations bespeak a loss of control. They challenge the capacity of governments to uphold basic sovereignty, in this case the choice of who resides in one's own country. States have an obligation to control entry into their own societies."<sup>(66.)</sup>

Soos reeds in die vorige onderafdeling bespreek verskil die betekenis van nasionale veiligheid van een staat na 'n ander. Die grootskaalse onwettige migrasie na 'n staat kan soms deur die regering of bepaalde etniese groep van die staat gevrees word, maar deur die opposisie van die regering verwelkom word. Die wyse waarop state mekaar se bedoelings met betrekking tot onwettige vreemdelinge en vlugtelinge interpreteer, is oor die algemeen krities. Hoe dit verloop, bepaal die omvang van konflik wat tussen state sal voorkom, sodra grootskaalse, onwettige migrasie voorkom.<sup>(67.)</sup>

'n Laaste aanduiding dat die verskynsel van onwettige migrasie as internasionale vraagstuk beskou kan word, is die formulering van ooreenskomste en resolusies deur internasionale organisasies en ooreenkomste tussen verskeie state binne 'n streek, in 'n poging om dié probleem aan te spreek. Sulke ooreenkomste en resolusies sluit onder andere die VN *Resolutie 48/102 van 1993* (wat die smokkel

van onwettige vreemdelinge verbied) in.<sup>(68.)</sup>

#### 4. SAMEVATTING

Soos aangetoon, bestaan daar heelwat verwarring oor die onderskeid tussen vlugtelinge en onwettige vreemdelinge. In dié verband is verskeie ooreenkomste bespreek en blyk dit dat die *1969 OAE Konvensie* 'n wyer omskrywing van vlugtelinge as die VN Konvensie voorsien. Sogenaamde "ekonomiese" en "omgewingsvlugtelinge" word egter nie as ware vlugtelinge deur een van hierdie konvensies erken nie.

Die migrasie van groot getalle vlugtelinge en onwettige vreemdelinge is dikwels onbeheerbaar, in die meeste gevalle ongewens, en vind gewoonlik van relatiewe arm, onstabiele en onveilige state na meer stabiele en welvarende state plaas. Die implikasies van hierdie verskynsel (wat soos uit dié hoofstuk blyk grootliks negatief te wees) vir al hoe meer state neem toe, en so ook die probleem wat vele state het om migrante (wettig en onwettig) effektief te beheer. Die gevolg is soms 'n toename in onwelkome vlugtelinge en onwettige vreemdelinge, staatloosheid, gedwonge verwydering, konflik binne state (tussen burgers en migrante), en konflik tussen state oor onwelkome migrasie. Internasionaal bestaan 'n toenemende negatiewe gevoel teenoor onwettige vreemdelinge en dikwels ook teenoor vlugtelinge, en regerings in veral geïndustrialiseerde state stel al hoe meer beperkende maatreëls in om die aantal migrante (wettig en onwettig) en vlugtelinge te verminder. Omstandighede binne gasheerstate word ook soms vir beide vlugtelinge en onwettige vreemdelinge bemoeilik deur geweld wat rassistiese en xenofobiese vyandigheid van burgers binne gasheerstate teenoor sulke individue, vergesel.

Onwettige bevolkingsverskuiwings hou 'n beduidende en toenemende bedreiging in vir die interne stabiliteit van die state wat direk of indirek daardeur geraak word. Samewerking oor internasionale grense is nodig as die probleem van vlugtelinge en onwettige vreemdelinge opgelos wil word, omdat hulle getalle toeneem, met meer

individue wat hulle state wil verlaat as wat daar state is wat oor die vermoë beskik en selfs die wil besit om hulle te akkommodeer en aan hulle beskerming te bied.

### Hoofstuk 3: Onwettige vreemdelingsprobleem

Die swak ekonomiese stelsels en infrastrukture van sommige gasheerstate vererger dikwels die probleem waarvoor die enigste ware oplossing naamlik die voorkoming van konflik en die stabilisering van ekonomiese stelsels, in die tuisstate self geleë is. In die volgende hoofstuk word die aard en omvang van die onwettige vreemdelingsprobleem; implikasies van die onwettige vreemdelingsprobleem; en beplande en bestaande maatreëls om die onwettige vreemdelingsprobleem aan te spreek, in geselekteerde state binne bepaalde geografiese streke bespreek.

#### 3.1. Unite

1189:

Mayo:

Books:

5. Compt

Goodwi

7. Hough

Apprecia

8. UN Pro

p 1.

9. Goodwi

10. Loenchi

Adapted f

11. Salom

Ceusev

Copy w

Western

12. Heiton

Refugee

13. Goodwi

14. Mayo:

15. Hough

## VERWYSINGS

1. Hough, M, 1996, "*Illegal Aliens/Migrants in South Africa: Causes and Facilitating Factors*", in Minnaar, A and Hough, M (eds), Causes, Extent and Impact of Clandestine Migration in Selected Southern African Countries with Specific Reference to South Africa, Centre for Sociopolitical Analysis, Human Sciences Research Council and Institute for Strategic Studies, University of Pretoria, p 3.
2. Goodwin-Gill, G S, 1996, *The Refugee in International Law* (second edition), Clarendon Press, Oxford, p 5.
3. *United Nations (UN) Convention Relating to the Status of Refugees*, 1951 [189 U.N.T.S. 150], p 1.
4. Mayotte, J A, 1992, *Disposable People: The Plight of Refugees*, Orbis Books, New York, p 3.
5. *Convention Relating to the Status of Refugees*, *op cit*, p 1.
6. Goodwin-Gill, *op cit*, p 5.
7. Ricca, S, 1989, *International Migration in Africa: Legal and administrative aspects*, International Labour Office, Geneva, p 140.
8. *UN Protocol Relating to the Status of Refugees*, 1967 [606 U.N.T.S. 267], p 1.
9. Goodwin-Gill, *op cit*, p 19.
10. Loescher, G, 1992, "Refugee movements and International Security", *Adelphi Papers*, no 268, p 7.
11. Solomon, H, 1993, "In Search of Canaan: A Critical Evaluation of the Causes and effect of Migration within Southern Africa, and Strategies to cope with them", *Southern African Perspectives*, CSAS, University of the Western Cape, no 24, p 3-4.
12. Helton, A C, 1994, "Displacement and Human Rights: Current Dilemmas in Refugee Protection", *Journal of International Affairs*, vol 47, no 2, p 228.
13. Goodwin-Gill, *op cit*, p 20.
14. Mayotte, *op cit*, p 4.
15. Hough, "*Illegal Aliens/Migrants in South Africa*, in Causes, Extent and

Impact of Clandestine Migration..., op cit, p 4.

16. *OAU Convention concerning the Specific Aspects of Refugee Problems in Africa*, 1969 [1001 U.N.T.S. 46] Addis Ababa, 10 September 1969, p 2.
17. Hough, "Illegal Aliens/Migrants in South Africa, in Causes, Extent and Impact of Clandestine Migration..., op cit, p 4.
18. Ricca, *op cit*, p 140.
19. *Ibid*, p 140.
20. *Ibid*, p 141.
21. Zolberg, A R, Suhrke, A and Aguayo, S, 1992, *Escape from Violence: Conflict and the refugee crisis in the developing world*, Oxford University Press, New York, p 29.
22. *Ibid*.
23. Anand, R M, 1993, *African Refugees: An Overview*, Rhama Publishers, New Delhi, p 7.
24. *Ibid*.
25. *Ibid*.
26. *Ibid*.
27. *Ibid*.
28. Hough, "Illegal Aliens/Migrants in South Africa, in Causes, Extent and Impact of Clandestine Migration..., op cit, p 3.
29. *Ibid*, p 6.
30. Solomon, H, 1996, "Illegal immigrants in South Africa: Causes, conditions and strategies to cope with it", in Deng, L A and Tjonneland, E N (eds), South Africa: Wealth, Poverty and Reconstruction, Chr. Michelsen Institute and Centre for South African Studies, University of the Western Cape, p 118.
31. Hough, "Illegal Aliens/Migrants in South Africa, in Causes, Extent and Impact of Clandestine Migration..., op cit, p 7.
32. Ricca, *op cit*, p 58.
33. Goodwin-Gill, *op cit*, p 18.
34. Weiner, M, 1993, "Security, Stability and International Migration", in Weiner, M (ed), International Migration and Security, Westview Press, Oxford, p 17.

35. "Non-Military Security Issues in the Indian Ocean", Promaco Conventions PTY LTD for the International Forum on the Indian Ocean Region, *Working Paper 4 B*, 1995, p 23.
36. Solomon, "*Illegal immigrants in South Africa...*", *op cit*, p 119.
37. *Ibid*, p 120.
38. *Ibid*, p 119.
39. *Ibid*, p 120.
40. Kotze, H and Hill, L, "*Illegal Immigration in a democratic Southern Africa: Polemic and perception in the search for policy*", Paper presented at the biennial conference of the South African Political Studies Association, 27-29 September 1995, University of Stellenbosch, p 8.
41. *Ibid*.
42. Loescher, G, 1993, *Beyond Charity: International Co-operation and the Global Refugee Crisis*, Oxford University Press, p 7.
43. Solomon, H, 1994, "Migration in Southern Africa: A comparative perspective", *Africa Insight*, vol 24, no 1, p 65.
44. Solomon, H, "*In Search of Canaan...*", *op cit*, p 18.
45. Rogers, R, 1992, "The Future of Refugee Flows and Policies", *International Migration Review*, vol 26, no 4, p 117.
46. Weiner, "Security, Stability...", in International Migration and Security, *op cit*, p 18.
47. Weiner, M, 1995, *The Global Migration Crisis: Challenge to States and to Human Rights*, Harper Collins College Publishers, p 14.
48. Weiner, "Security, Stability...", in International Migration and Security, *op cit*, p 14.
49. Solomon, "*Migration in Southern Africa: A comparative perspective*", *op cit*, p 66.
50. Weiner, "Security, Stability...", in International Migration and Security, *op cit*, p 16.
51. Solomon, "*Migration in Southern Africa: A comparative perspective*", *op cit*, p 66.
52. Fair, D, 1996, "Refugees in Sub-Saharan Africa: From cause to solution", *Africa Insight*, vol 26, no 1, p 38.

53. Loescher, Beyond Charity..., *op cit*, p 6.
54. *Ibid*, p 25.
55. Weiner, "Security, Stability... ", in International Migration and Security, *op cit*, p 2.
56. Hough, M, "International Migration and Security in Southern Africa", Paper presented at the Conference on Defence Economics and Security in Mediterranean and Sub-Saharan Countries, Lissabon, 5-6 June 1998, p 6.
57. *Ibid*, p 7.
58. Weiner, "Security, Stability... ", in International Migration and Security, *op cit*, p 21.
59. Solomon, H, 1995, "Illegal Aliens in South Africa: causes, conditions and strategies to cope with it", Paper presented to IOM-UNFPA Symposium on migration, Pretoria, 22 August, p 16.
60. Weiner, "Security, Stability... ", in International Migration and Security, *op cit*, p 20.
61. *Ibid*, p 225.
62. Weiner, "Security, Stability... ", in International Migration and Security, *op cit*, p 3.
63. *Ibid*, p 2.
64. *Ibid*, p 4.
65. *Ibid*, p 18.
66. Meissner, D, 1995, *Managing Migrations*, in Kegley, C W and Wittkopf, E R (eds), The global Agenda: Issues and perspectives, MCgraw-Hill, p 382.
67. Weiner, "Security, Stability... ", in International Migration and Security, *op cit*, p 21.
68. *United Nations Resolution 48/102 of 1993, Prevention of Smuggling of Aliens*.

## HOOFSTUK 2: DIE GLOBALE OMVANG VAN DIE ONWETTIGE VREEMDELINGPROBLEEM

In hierdie hoofstuk, word die vraagstuk van onwettige vreemdelinge in geselekteerde state binne bepaalde streke, as gevallestudies bespreek. Die meeste onwettige migrasie vind vanaf ontwikkelende state plaas, maar dit is ook in streke met beide ontwikkelende en onderontwikkelde state en ekonomiese, waar die meeste intra-regionale migrasie plaasvind. In al die streke wat in die hoofstuk bespreek word naamlik Asië, die Amerikas, die Midde-Ooste, Wes-Europa en suidelike Afrika, is 'n toename in die getalle onwettige vreemdelinge merkbaar. Die state en streke wat in die hoofstuk bespreek word, is gekies omdat hulle oor die afgelope aantal jare 'n toenemende probleem rakende onwettige vreemdelinge ondervind. In die geval van streke word spesifieke state as voorbeeld genoem om tendense en implikasies te verduidelik. Eerstens word die aard en omvang van die onwettige vreemdelingprobleem in elk van die geselekteerde state bespreek, met ander woorde is onwettige vreemdelinge werklik 'n probleem in die geselekteerde state, en wat is die omvang daarvan.

Tweedens word die implikasies wat onwettige vreemdelinge vir die onderskeie state op politieke, ekonomiese en maatskaplike terreine inhou, bespreek. Derdens word die bestaande en beplande maatreëls gerig op die beheer van onwettige vreemdelinge, bespreek. Daar word ook gekyk na die sukses wat bereik is deur die implementering van hierdie maatreëls.

### 1. Die Amerikas

Die onwettige vreemdelingprobleem in Noord- en Suid-Amerika verskil van dié in ander state en streke omdat die omvang van die probleem in Noord-Amerika veel groter is as in enige van die ander state in dié hoofstuk bespreek. Nie net die omvang daarvan is groter nie, maar ook die implikasies daarvan op vele terreine van die Amerikaanse samelewings. Die verskynsel van onwettige vreemdelinge in Suid-Amerikaanse state is ook relevant en word gevvolglik bespreek.

## 1.1. Die Verenigde State van Amerika (VSA)

Onwettige migrasie is 'n relatief nuwe verskynsel in die meeste Westerse demokrasieë. Die VSA is egter al vir baie dekades die bestemming van onwettige vreemdelinge (uit veral Mexiko) op soek na werkgeleenthede en hoër lewenstandarde. Gedurende die afgelope paar jaar het die getal onwettige vreemdelinge wat na die VSA migreer het, in so 'n mate toegeneem dat beide die regering en die burgers van die VSA meer negatiewe en minder verdraagsame houdings teenoor hierdie individue begin koester het.

### 1.1.1 Historiese oorsig oor wettige en onwettige migrasie en die aard en omvang van die onwettige vreemdelingprobleem in die VSA

Die bevolking van die VSA bestaan uit 'n mengelmoes van verskillende rasse en bevolkingsgroepe, en word dikwels as die staat van immigrante beskryf. Tog sien 'n groot gedeelte van die bevolking van die VSA immigrasie as 'n bedreiging vir bestaande kultuur, werkgeleenthede en in sommige gevalle selfs nasionale veiligheid.

Gedurende 1791 het Alexander Hamilton die Amerikaanse Kongres gewaarsku dat die VSA groot getalle immigrante moet toelaat as dit wil ontwikkel tot een van die sterkste industriële magte in die wêreld. Bogenoemde "werwing" van burgers van ander state het voortgeduur tot in die 19de eeu, en is veral in Europa aangewakker deur reklame veldtogte. Die VSA se immigrasiebeleid is so geformuleer dat dit die vloei van immigrante sou maksimaliseer en tot en met 1875 het geen beperkings van enige aard in immigrasiewetgewing bestaan nie. Die eerste omvattende federale immigrasiewet, wat in 1864 aanvaar is, was 'n wet wat immigrasie bevorder en aangemoedig het sodat die Amerikaanse industrieë 'n genoegsame getal werkers kon hê en die produksiebehoeftes van die burgeroorlog gevul kon word.<sup>(1.)</sup>

Gedurende die post-Tweede Wêreld Oorlogperiode het 'n verskuiwing vanaf Europese immigrante na Mexikaanse immigrante as 'n bron van arbeid plaasgevind. Mexikaanse immigrante het as bron van goedkoop arbeid gedien en die ideale geografiese ligging van Mexiko het dit vir die Amerikaanse Regering moontlik gemaak om die vloei van immigrante maklik te reguleer.<sup>(2.)</sup>

Vanaf 1820 tot 1920 het meer as 35 miljoen immigrante in die VSA gearriveer, meestal van Europese state maar ook van Sjina en veral Mexiko. Kwotabeperkings wat gedurende die 1920's toegepas is, het die invloei van immigrante tydelik vertraag, maar getalle onwettige vreemdelinge, uit veral die suidelike halfrond, het drasties toegeneem.<sup>(3.)</sup>

Gedurende 1965 is rasse en etniese grondslae as vereiste vir toelating van immigrante in wetgewing laat vaar. Hierdie verandering in wetgewing het die klem wat die Amerikaners gedurende daardie tydstip op siviele regte en die buitelandse beleidsdoelwit van beter verhoudings met Asiatische state geplaas het, verteenwoordig. Hierdie verandering in wetgewing het egter nie voorsiening gemaak vir die gevolge van migrasiepatrone wat veral gedurende die 1970's verander het nie. Een van die belangrikste gevolge was 'n drastiese toename in die getalle van nuwe immigrante. Gedurende 1970 en 1979 het 4,3 miljoen nuwe immigrante in die VSA gearriveer. Bogenoemde probleem het gedurende die volgende dekade toegeneem, en teen die einde van 1989 het meer as 6,3 miljoen immigrante die reg tot wettige, permanente verblyf gekry. Hierdie getal sluit 66 000 onwettige vreemdelinge gedurende 1988 en 492 000 gedurende 1989 in, wat gewettig is volgens die bepalings van die *1986 Immigration Reform and Control Act*.<sup>(4.)</sup>

Die getal van 6,3 miljoen kan nog vermeerder word met 100 000 tot 300 000 om voorsiening te maak vir die getal onwettige vreemdelinge wat die VSA jaarliks binnekom. As dus aangeneem word dat die meeste gewettigde vreemdelinge (vreemdelinge gewettig volgens die bepalings van die *Immigration Reform and Control Act of 1986*) die VSA gedurende die 1980's binne gegaan het, word die totale aantal immigrante wat die VSA gedurende die 1980's binne gegaan het op tussen 6,7 miljoen en 8,7 miljoen geskat.<sup>(5.)</sup>

In 1992, was die permanente onwettige vreemdelingbevolking volgens die VSA se Immigrasiediens ongeveer vier miljoen en het die getal jaarliks met ongeveer 300 000, toegeneem. Gedurende 1994, het die Immigration and Naturalization Service (INS) beraam dat meer as twee miljoen onwettige vreemdelinge die VSA jaarliks binnegekom het. Gedurende Februarie 1997, het die INS nuwe beramings van die getalle onwettige vreemdelinge in die VSA, bekend gemaak. Volgens die INS se beramings was daar teen Oktober 1996, ten minste vyf miljoen onwettige vreemdelinge (bykans 1,9 persent van

die totale bevolking). Hiervan was 54 persent van die onwettige vreemdelinge vanaf Mexiko afkomstig, sewe persent vanaf El Salvador en drie persent vanaf Guatamala.<sup>(6.)</sup> Ongeveer 2,1 miljoen van dié individue (41 persent van die totaal) gaan die VSA wettig binne as studente of toeriste, maar bly dan onwettig aan nadat die toegelate periode op hulle visums verval het. Geen beskikbare data kan vir 1997 gekry word nie, maar volgens die INS neem die getal onwettige vreemdeling jaarliks met ongeveer 275 000 individue toe.<sup>(7.)</sup>

Mexikaanse onwettige vreemdelinge was nog altyd 'n baie groot probleem vir die VSA en vorm die grootste gedeelte van onwettige vreemdelinge wat daarin slaag om die VSA jaarliks binne te gaan. In 'n poging om die probleem te probeer oplos, het die VSA en Mexiko in 1964 die *Bracero Program* vir tydelike landbouwers opgehef. Hierdie bron van goedkoop arbeid was egter te goed gevestig in die suidweste van Amerika. Die gevolg was dat die getalle onwettige vreemdelinge nie verminder het nie, maar toenemend vermeerder het, hoofsaaklik as gevolg van die geweldige bevolkingsgroei in Mexiko. Die eindresultaat was dat daar altyd 'n surplus Mexikaanse werkers was wat teen lae tariewe deur die Amerikaanse burgers gehuur kon word. Die vermeerdering in getalle het 'n nasionale debat laat ontstaan of die Amerikaanse Regering die bestaande immigrasiebeleid moes verander. Al het die Amerikaanse ekonomie gedurende veral die 1980's stabiele groei getoon, het twyfel ontstaan of die VSA werklik die druk van soveel migrante (wettig en onwettig) sou kon dra. Die feit dat die grootste aantal van hierdie migrante nie geskoold was nie, het die Amerikaanse Regering oortuig dat die migrante nie kon bydra tot die nasionale ontwikkeling van die staat nie.<sup>(8.)</sup> Teen dié agtergrond is die *Immigration Reform and Control Act* (IRCA) in 1986 en die *Immigration and Nationality Act* van 1990 aanvaar.<sup>(9.)</sup>

### 1.1.2 Implikasies van die onwettige vreemdelingprobleem

As die omvang van die getal onwettige vreemdelinge wat die VSA per jaar binnegaan in gedagte gehou word kan begryp word dat so 'n groot aantal individue wel 'n invloed kan hê op die VSA se infrastrukture, byvoorbeeld die ekonomie en gesondheidsdienste. In die volgende gedeelte word 'n aanduiding gegee van die mate waartoe onwettige vreemdelinge die VSA op maatskaplike, politieke en ekonomiese terreine, hetsy positief of negatief, beïnvloed het.

### 1.1.2.1 *Maatskaplike implikasies*

Primêre en sekondêre skoolopleiding aan onwettige vreemdelinge ontneem nie net die Amerikaanse Regering nie, maar ook die Amerikaanse belastingbetaler, van groot somme geld. 'n Lang debat rakende bogenoemde kwessie het 'n finale punt bereik met 'n uitspraak van regter Doe van Plyler in 1982, in die Amerikaanse Hooggereghof. Die uitspraak het die weiering van onwettige vreemdelinge om na enige skool te gaan vir skoolopleiding, verbied. Die beraamde getal onwettige vreemdelinge in Amerika sedert die 1986 amnestie wette is drie tot vyf miljoen individue. Verdere opnames toon dat 14 persent (560 000 tot 700 000) van daardie getal, van skoolgaande ouderdom is. As bogenoemde syfers verder verwerk word, het dit die Amerikaanse publiek teen 1991 reeds, tussen \$2,7 biljoen en \$3,4 biljoen gekos om onwettige vreemdelinge in hulle openbare skole toe te laat.<sup>(10)</sup>

#### *Mediese*

Skoolopleiding is egter nie die enigste probleemgebied nie. Veral in Kalifornië ondervind mediese administrateurs en amptenare 'n groot probleem met onwettige vreemdelinge. Mexikane wat oor die grens na Amerika kom en vals dokumente as bewys indien vir gesubsidieerde mediese bystand, kwalifiseer outomaties vir Medicard. Gedurende 1989, het Medicard dekking aan onwettige vreemdelinge die staat van Kalifornië \$300 miljoen gekos.<sup>(11)</sup>

As die swak ekonomiese omstandighede van onwettige vreemdelinge oor die algemeen in ag geneem word, is dit vir sulke individue onmoontlik om deur belasting te betaal, te vergoed vir al die dienste wat sonder enige koste aan hulle voorsien word. 'n Individu se vermoë om belasting te betaal hang af van sy/haar vermoë om min of baie geld te verdien. Onwettige vreemdelinge is gekonsentreer in lae-inkomste onstabiele beroep. Volgens beramings beslaan die aantal onwettige vreemdelinge wat jaarliks onwettig na die VSA migrer of onwettig aanbly, meer as 300 000 nuwe individue. Van dié getal is 'n groot aantal Mexikaans, ongeskoold en min is Engels magtig. Dit maak die moontlikhede vir stabiele, goedbetaalde werk onmoontlik. In vele gevalle is die situasie 'n suksesvolle formule vir absolute armoede.<sup>(12)</sup>

### 1.1.2.2 Ekonomiese implikasies

Aangesien 'n grootskaalse vermindering in die getalle onwettige vreemdelinge in die VSA nie binne die volgende paar jaar as 'n realiteit gesien kan word nie, is dit nodig om die implikasies van hul teenwoordigheid vir die Amerikaanse arbeidsmark te ondersoek.

Twee groepe individue gaan veral tot 'n mate geaffekteer word deur die toenemende getalle onwettige vreemdelinge, naamlik wettige immigrante en die burgers van die VSA, wat binne die VSA werksaam is. Navorsing toon dat as gevolg van die onbeperkte groei van getalle onwettige vreemdelinge na die VSA, die moontlikheid bestaan dat 'n versteuring in die balans van die Amerikaanse arbeidsmark en in sommige groot stede, veroorsaak kan word. Die gevolg van die teenwoordigheid van groot getalle onwettige vreemdelinge is dikwels verlaagde loonvlakke, veral in die omgewing van grense. Onwettige vreemdelinge is dikwels bereid om vir minimum lone of selfs minder te werk en omdat hulle permanent in vrees lewe dat immigrasiebeamptes hulle sal ontdek, word dié individue dikwels deur werkgewers uitgebuit en misbruik. Ten spyte hiervan, is die kans skraal dat onwettige vreemdelinge gewetenlose werkgewers by die polisie sal aangee, omdat hulle die geld nodig het. Dit is vir werkgewers meer lonend om onwettige vreemdelinge in diens te neem omdat hulle bereid is om vir veel minder as wettige immigrante of Amerikaanse burgers te werk; hulle gewoonlik ongetroud is of familie in Mexiko het waarvan die onderhoudskoste en verwagtings baie laag is; en onwettiges se verwagting van enige byvoordele gewoonlik laag is.<sup>(13.)</sup> Simon stel oor onwettige vreemdelinge se invloed op die arbeidsmark in die VSA dit dat: "General immigration causes little or no unemployment at large, even in the first year or two; the same is true of low income Hispanic immigration even among the groups most likely to be 'displaced' by them. Illegals, especially those from Mexico, tend to have less education and less skill relative to legal immigrants. This means that they have a disproportionate negative effect on natives with low skills and education".<sup>(14.)</sup>

Bogenoemde stelling is veral van toepassing op die swart gemeenskap in die VSA omdat die hoogste konsentrasie onwettige vreemdelinge gewoonlik voorkom in daardie areas waar die grootste getal swart Amerikaners woon. Dit is duidelik dat die VSA se swart bevolking met vreemdelinge (wettig en onwettig) moet kompeteer vir 'n oneweredige

gedeelte van werkgeleenthede, behuising en maatskaplike voordele. Immigrante bring jaarliks nodige tegniese en professionele kennis met hulle saam, maar onwettige vreemdelinge se ongeskooldheid, ongeletterdheid en laevlak van vaardighede en bekwaamheid loop dikwels parallel met dié van swart Amerikaanse burgers wat moet veg om armoede te oorkom.<sup>(15.)</sup>

Die eksplotasie van onwettige vreemdelinge deur gewetenlose Amerikaanse werkgewers vererger slegs bestaande kompetisie vir werkgeleenthede. Bloot die feit dat 'n vreemdeling homself ongedokumenteer in enige staat bevind, maak so 'n individu geweldig kwesbaar vir uitbuiting. Die indiensneming van onwettige vreemdelinge kan verskeie voordele vir werkgewers wat sulke individue in diens neem inhoud, byvoorbeeld:

- a) die betaling van minimum lone;
- b) die ontduiking van die betaling van federale of maatskaplike sekuriteitsbelasting rakende werknemers;
- c) die ontduiking van veiligheids-, gesondheids- en ander arbeidstandaarde, wat deur die wet verplig word; en
- d) groter produksie word verkry deur die indiensneming van onwettige vreemdelinge, omdat die persone bereid is om harder en langer ure te werk vir laer lone. Onwettige vreemdelinge vermy die polisie en sal nie werknemers aankla van onregverdig behandeling nie.<sup>(16.)</sup>

Onwettige vreemdelinge beïnvloed besigheidsbesluite en investering. Briggs stel dit dat onwettige immigrasie nie net die arbeidsmark se groei en stabiliteit beïnvloed nie, maar ook daarop reageer. Onwettige vreemdelinge kom hoofsaaklik voor waar werkgeleenthede beskikbaar is, en in vele gevalle ontwikkel besighede en daarmee saam werkgeleenthede waar groot getalle onwettige vreemdelinge hulself bevind. Besluite deur besighede om geld te investeer en industrieë te ontwikkel in dele van die VSA waar groot getalle onwettige vreemdelinge voorkom, is hoofsaaklik gebaseer op die beskikbaarheid van goedkoop, gewillige en uitbuitbare arbeid. Bogenoemde neiging kom veral in die suide van Kalifornië en Texas voor.<sup>(17.)</sup>

### 1.1.2.3 Politieke implikasies

Die dramatiese toename van onwettige vreemdelinge in die VSA word deur vele Amerikaners gesien as 'n bedreiging vir die integriteit van sy regstelsel oor die algemeen. Deur die VSA se grense onwettig te betree, verbreek onwettige vreemdelinge die Amerikaanse immigrasiewetgewing. In die geval van Mexikaanse inwoners oortree die onwettige vreemdelinge nie net Amerikaanse immigrasiewette deur onwettig oor die grens te beweeg nie, maar ook Mexikaanse wette wat duidelik stel dat geen Mexikaanse burger homself buite sy/haar eie staat mag bevind sonder die nodige dokumente, insluitende 'n wettige Mexikaanse paspoort nie.<sup>(18.)</sup>

Die verbreking van die VSA se immigrasiewette deur onwettig oor die grense te beweeg, is nie die enigste bedreiging wat onwettige immigrasie vir die Amerikaanse regstelsel inhoud nie. Onwettige immigrasie bevorder die verbreking van VSA wetgewing op vele ander terreine, byvoorbeeld om die land onwettig binne te kom, moet die vreemdeling bestaande Amerikaanse immigrasiewetgewing oortree. Sodra hy/sy, hom/haar in die VSA bevind, begin so 'n persoon soek na werk en om aangestel te word in 'n bepaalde pos is 'n maatskaplike sekuriteitsnommer gewoonlik nodig. Die vreemdeling gebruik in so 'n geval dikwels 'n wettige immigrant of burger s'n of vervals 'n nommer en oortree in dié proses verdere wette.<sup>(19.)</sup>

Dikwels bevind die onwettige vreemdelinge hulself in 'n bose kringloop waarin 'n veelvoud van federale, staats en plaaslike wette verbreek word. Onwettige vreemdelinge ontwikkel deur bogenoemde proses 'n uittartende houding teenoor wette en enige vorm van gesag. Die langtermyn gevaar is dat 'n gevinstigde siening tussen toekomstige en bestaande onwettige vreemdelinge kan ontwikkel dat om werklik geld in die VSA te verdien, die verbreking van wette die ideale ding is om te doen.<sup>(20.)</sup>

Die vrees dat hulle deur die owerhede ontdek sal word, dwing individue wat wetsgehoorsame burgers in hulle eie state was, om wette in die nuwe staat te oortree - alles vir 'n beter, veiliger en meer suksesvolle toekoms. Onwettige vreemdelinge neig om direk in die laagste klas van die samelewing te val. In sulke omgewings word hulle vinnig blootgestel aan wapen- en dwelmsmokkelary waar geharde kriminele die onwettige vreemdelinge se vrees vir ontdekking en desperaatheid vir geld misbruik, om hulle te

help, om veral met dwelms te handel.<sup>(21.)</sup> Dit skep net nog 'n groter probleem vir beide die Amerikaanse Regering en die Noord Amerikaanse samelewing omdat die onwettige gebruik en smokkel van dwelms reeds so 'n groot probleem is.

Die grootste aantal persone wat na die VSA immigrer doen dit op 'n wettige wyse maar soos voorheen genoem, migrer 'n aantal individue tog onwettig na die VSA of bly in die VSA aan nadat die toegelate periode op hulle verblyf- en/of werkpermitte verstryk het. As 'n openbare beleidskwessie hou onwettige immigrasie groot probleme en bekommernisse vir die Amerikaanse gemeenskap in.<sup>(22.)</sup>

### 1.1.3 Bestaande en beplande maatreëls om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek

Gedurende die vroeë 1980's het die toenemende getalle onwettige immigrante in die VSA 'n nasionale debat veroorsaak. Uiteindelik moes besluit word of die Amerikaanse Regering die bestaande immigrasiebeleid moes verander. Sommiges was van mening dat bestaande federale immigrasiebeleid- en wetgewing die binnekoms van te veel onbekwame onwettige vreemdelinge aangemoedig het. Teen hierdie agtergrond het die Amerikaanse Kongres die *Immigration Reform and Control Act, van 1986* (IRCA) en *Immigration and Nationality Act* van 1990, goedgekeur.<sup>(23.)</sup>

Die *Immigration Reform and Control Act* van 1986 (IRCA) het uit ses hoofindelings bestaan wat die volgende behels:

- a) Werkgewersanksies ( ingestel om te verhoed dat werkgewers werkers in diens neem sonder die nodige dokumentasie).
- b) Wettiging van onwettige vreemdelinge se aansoek om burgerskap is ingestel om dit vir onwettige vreemdelinge moontlik te maak om hulle status as burgers van die VSA te wettig met die voorwaarde dat hulle vanaf 1 Januarie 1982, permanent in die VSA aangebly het.
- c) Die spesiale landbouwerkersprogram (maak voorsiening vir landbouwerknemers wat vir meer as 90 dae in diens geneem is in die jare direk na die IRCA se

implementering, om vir permanente verblyfstatus aansoek te doen).

- d) Staatsgewettigde ondersteuningsubsidies. (Sowat \$1 biljoen per jaar vir vier jaar wat in 1988 'n aanvang geneem het om staatsregerings te vergoed vir kostes van openbare bystand, en gesondheids- en opvoedkundige dienste gelewer aan die nuwe gewettigde bevolking.)
- e) 'n Sistematiese program waarmee vreemdelinge geïdentifiseer word. (Dié program is ingestel om te kontroleer of individue wat nie as wettige burgers van die VSA beskou word nie, geskik is vir welsynsvoordele.)
- f) Verskerpte toepassing van maatreëls. (Dié aspek fokus hoofsaaklik op verhoogde grenspatrollies, inspeksies en ander toepassingsaktiwiteite.)<sup>(24.)</sup>

Die Amerikaanse Regering het werkgewersanksies beskou as die hoofinstrument om die groot getalle onwettige vreemdelinge te verminder. Vir vele Amerikaners het die moontlikheid dat werkgewers se toegeeflikheid aan minderheidsgroepe (byvoorbeeld onwettige vreemdelinge) kon lei tot verhoogde diskriminasie teenoor ander minderheidsgroepe soos die swart bevolking in die VSA, kommerwekkend geword. Daar is in die IRCA voorsiening gemaak vir die beskerming van enige individu (met burgerskapstatus) se regte om te verhoed dat werkgewers een minderheidsgroep bo 'n ander bevoordeel, of teen 'n bepaalde minderheidsgroep diskrimineer, in die vorm van 'n anti-diskriminasie maatreël.<sup>(25.)</sup>

Bykans drie miljoen onwettige immigrante het vir die IRCA se twee wettigingsprogramme aansoek gedoen, met 'n aanvaardingskoers van bykans 98 persent. Tog was die implementering van IRCA nie werklik effektief in die vermindering van die getal onwettige vreemdelinge nie en daar is nog minder sukses bereik met die implementering van die werkgewersanksies, hoofsaaklik omdat bogenoemde sanksies nie suksesvol toegepas is nie, en omdat diskriminasie teen sekere minderheidsgroepe, ten spyte van voorsorgmaatreëls, tog plaasgevind het. Navorsingsprogramme het getoon dat die getalle onwettige vreemdelinge wel tydens die eerste twee jaar na die implementering van die IRCA program afgeneem het, maar dat 'n toename in die getal onwettige vreemdeling weer vanaf 1989 ondervind is.<sup>(26.)</sup>

Die *Immigration and Nationality Act, van 1990* is aanvaar nadat dit duidelik geword het dat die IRCA nie die probleem van onwettige vreemdelinge suksesvol kon aanspreek nie. Beleidsformuleerders se primêre motivering met die aanvaarding van dié wet, was die feit dat die bestaande immigrasiebeleid nie die ontwikkelende behoeftes van die ekonomie of die arbeidsmag in die post-industriële periode waarin die VSA homself op daardie tydstip bevind het, kon reflekteer nie.<sup>(27.)</sup>

Die hoofdoel van die *Immigration Reform and Control Act* van 1986 en die *Immigration and Nationality Act* van 1990, was verskerpte grensbeheer en om onwettige vreemdelinge daarvan te weerhou om die VSA binne te kom. Om bestaande wetgewing meer effektief te maak, is verskeie wetsontwerpe gedurende 1996 voorgestel met die doel om die *Immigration Reform and Control Act* van 1986 (IRCA) en die *Immigration and Nationality Act* van 1990, te wysig. Op 21 March 1996 het die Huis van Verteenwoordigers 'n wetsontwerp goedgekeur (HR 2202 *Immigration in the National Interest Act*) wat meer agente vir grensbeheer beskikbaar sou stel; ander maatreëls sou instel om onwettige migrasie na die VSA te verminder; en onwettige vreemdelinge daarvan sou weerhou om maatskaplike bystand te ontvang. Gedurende Mei 1996 is 'n soortgelyke wetsontwerp deur die Senaat goedgekeur (S1664 *Immigration Control and Financial Responsibility Act*). In dié verband is dit in die Amerikaanse Huis van Verteenwoordigers gestel dat: "The first step in asserting our national sovereignty an controlling illegal immigration is to secure our Nation's land borders. The fundamental mission has been undermined in recent decades. The result is a crisis at the land border, allowing hundreds of thousands of illegal aliens to cross each year, and contributing more than half of the 300 000 to 400 000 annual growth in the illegal alien population."<sup>(28.)</sup>

Dié twee wetsontwerpe het drie hoofmaatreëls om onwettige immigrasie en onwettige vreemdelinge se toegang tot welsynsdienste te verminder, omsluit:

- a) die voorsiening van addisionele maatreëls vir strenger grensbeheer;
- b) programme om werkgewers in staat te stel om die werklike status van nuut aangestelde arbeiders te kontroleer; en
- c) maatreëls om die toegang van onwettige vreemdelinge tot welsynsdienste te beperk.<sup>(29.)</sup>

Aan die einde van 1996 is dié twee wetsontwerpe goedgekeur en gekonsolideer. Dit staan bekend as die *Illegal Immigration Reform and Immigrant Responsibility Act* van 1996, en is van krag vanaf 1 April 1997. Deur die nuwe wetgewing is die kanse vir sukses van 'n onwettige vreemdeling se aansoek om wettige burgerskap (na jare van onwettige verblyf in die VSA), veel kleiner as in 1996. Volgens die *Illegal Immigration Reform and Immigrant Responsibility Act*, moet onwettige vreemdelinge wat wil aansoek doen om wettige burgerskap aan die volgende vereistes voldoen:

- a) ten minste vir 'n periode van tien jaar of langer in die VSA woonagtig wees; en
- b) die uitsetting van sulke individue moet geweldige of uitsonderlike ontbering of ongerief vir die onwettige vreemdeling se eggenoot, ouer of kind inhoud (wat 'n wettige inwoner of VSA burger moet wees).<sup>(30.)</sup>

Deur die nuwe wetgewing is dit vir onwettige vreemdelinge veel moeiliker om deportering en uitsetting uit die VSA te verhoed of vry te spring. Sodra bevind is dat 'n persoon se aansoek om wettige burgerskap geweier is en dat so 'n persoon 'n onwettige vreemdeling is, kan die onwettige vreemdeling óf besluit om op sy/haar eie onkostes terug te keer na sy/haar tuisstaat maar nie in die proses belet word om die VSA weer binne te kom nie, óf gedeporteer te word. In die geval van deportering word al die onkostes deur die regering betaal, maar die onwettige vreemdeling word die VSA vir die volgende tien jaar belet.<sup>(31.)</sup>

Gedurende Augustus 1997 is die laaste van vier operasies deur die Amerikaanse Regering geloods in 'n poging om grensbeheer meer effektief toe te pas. Operasie Rio Grande, sou (gedurende 1997 en 1998) in die omgewing van Brownsville, Texas geïmplementeer word. Vorige grensbeheer operasies het ingesluit Hold the Line in El Paso, Gatekeeper in San Diego en Safeguard in Arizona.<sup>(32.)</sup> 'n Addisionele maatreël om grenspatrolering te verskerp is die uitbreiding van bestaande mannekrag in grensgebiede. Aan die einde van 1998, sou 8 000 grenspatroleringsagente (dubbel die getal in 1993 en 'n 1 000 meer as in 1997) in diens van die INS wees.<sup>(33.)</sup>

Dit is duidelik dat dit die doel van onlangse wetgewing is om die beweging van onwettige vreemdelinge na die VSA meer effektief te kontroleer, deur die versterking van beide interne en eksterne beheermaatreëls.<sup>1</sup>

## 1.2 Suid-Amerika

Alhoewel die omvang van die onwettige vreemdelingprobleem in die VSA veel groter as dié in Suid-Amerikaanse state is, is dit van belang en word vervolgens bespreek.

### 1.2.1 Historiese oorsig oor wettige en onwettige migrasie en die aard en omvang van die onwettige vreemdelingprobleem in Suid-Amerika

State in Suid-Amerika was gedurende die vroeg 1920's tot laat 1930's 'n gewilde bestemming vir veral Europese immigrante. Die verskynsel het egter gedurende die vroeë 1940's begin afneem terwyl intra-regionale immigrasie as gevolg van toenemende konflik; die drastiese groei van sekere ekonomiese ekspansie in die streek; en die toenemende behoefte aan migrante arbeid in die state, toegeneem het. Die migrante arbeidstendens was veral sigbaar in Argentinië en Patagonië en vreemdelingarbeiders was veral van Paraguay en Bolivia afkomstig. Vele van die vreemdelingarbeiders het state met toeriste visums binnegegaan, maar aangebly nadat hulle toegelate verblyfperiode verstryk het. Hulle teenwoordigheid in veral Argentinië is geduld hoofsaaklik omdat hulle in 'n mate tot dié staat se ekonomiese vooruitgang bygedra het. Onwettige vreemdelinge is nie as 'n ernstige probleem gesien tot en met die laat 1960's nie.<sup>(34.)</sup>

Verskillende state in die streek se onwettige vreemdelingprobleme het op verskillende wyses en as gevolg van 'n verskeidenheid van faktore ontwikkel. Die primêre faktor blyk egter konflik te wees. Gedurende die 1980's het duisende vlugtelinge, maar ook onwettige vreemdelinge na Costa Rica gestroom as gevolg van konflik en gevolglike onstabiele ekonomiese omstandighede, in buurstate soos Nicaragua en El Salvador. Ongeveer 50 000 individue het om vlugtelingsstatus aansoek gedoen en dit gekry, maar 'n geraamde 29 000 het nie aansoek gedoen nie en het as onwettige vreemdelinge aangebly. Teen 1993 is die getal onwettige vreemdelinge in Costa Rica op 200 000 individue uit Nicaragua, 15 000 individue uit Panama, 6 000 uit El Salvador en 2 000 uit Guatemala, geraam.<sup>(35.)</sup> Aan die begin van 1998 is die getal burgers uit Nicaragua wat as arbeiders in Costa Rica werk, op tussen 500 000 en 700 000, waarvan die helfte onwettige vreemdelinge is, geraam.<sup>(36.)</sup>

In Venezuela het die getalle onwettige vreemdelinge, veral vanaf Colombia, begin toeneem namate immigrasie vanaf Europese state begin afneem het en ekonomiese groei (hoofsaaklik olie verbandhoudend) ondervind is. Twee faktore wat veral Colombiaanse burgers aangespoor het om onwettig na Venezuela te migreer was die toenemende werkloosheid in Colombia en die sterker geldeenheid in Venezuela. Vreemdelinge het Venezuela as toeriste binnegekom en dan onwettig aangebly, of onwettig oor grense beweeg. Teen die laat 1970's is beraam dat soveel as twee miljoen onwettige vreemdelinge uit Colombia in Venezuela werksaam was, in onder andere die landbousektor, konstruksiemaatskappye en die olie-industrie.<sup>(37.)</sup>

In Argentinië is die probleem van onwettige vreemdelinge net so groot. Volgens beraming is sowat 800 000 onwettige vreemdelinge in Argentinië werksaam in veral konstruksiemaatskappye en in die landbousektor. Vir 'n staat met 'n werkloosheidsyfer van 16 persent, skep onwettige vreemdelinge 'n ernstige probleem. Die feit dat Argentinië, Brasilië, Uruguay, Paraguay, Chili en Bolivia verbind is tot 'n vrye handelsgebied, met 'n lang tradisie wat die vrye beweging van burgers wat binne 30 kilometer vanaf die grens woon toelaat, beteken dat die betrokke state beleidsrigtings sal moet oorweeg om die probleem van onwettige vreemdelinge aan te spreek.<sup>(38.)</sup>

Die grootskaalse interne konflik in sommige state in Suid-Amerika, byvoorbeeld Nicaragua en Guatemala het veroorsaak dat duisende burgers na ander, meer polities en ekonomies stabiele state migreer. Tans is van hulle eie burgers wat onwettig in ander state werksaam is, huiwerig om na hulle tuisstate terug te keer.

## 1.2.2 Implikasies van die onwettige vreemdelingprobleem

Soos in enige ander deel van die wêreld, het onwettige vreemdelinge 'n invloed op die ekonomiese, maatskaplike en politieke terreine van Suid-Amerikaanse state. Die mate waarin onwettige vreemdelinge die verskeie terreine binne spesifieke state beïnvloed, hang af van verskeie faktore soos die aantal onwettige vreemdelinge binne die bepaalde staat en die ekonomiese situasie.

### 1.2.2.1 *Maatskaplike implikasies*

Die migrasie van onwettige vreemdelinge uit veral Europese en Afrikastate na state in Suid-Amerika het gedurende die 1930's en 1940's 'n hoogtepunt bereik, maar daarna drasties verminder. Die moontlikheid van 'n kultuurbotsing as gevolg van verskillende gelowe en kulture is dus klein. Tans speel regionale migrasie 'n groot rol in die verskynsel van onwettige vreemdelinge in suidelike Amerikaanse state en omdat 'n groot persentasie van die onwettige vreemdelinge wat in bepaalde state voorkom, dikwels van nabijgeleë state afkomstig is, is die verskynsel van veral dieselfde gelowe alledaags.<sup>(39.)</sup>

In 'n staat soos Costa Rica is migrante arbeid so lank al deel van die ekonomie maar ook alledaagse leefwyse, dat vreemdelinge (wettig of onwettig) nie gesien word as 'n bedreiging vir die nasionale identiteit of kultuur nie.

### 1.2.2.2 *Economiese implikasies*

Soos in alle ander state weerhou onwettige vreemdelinge tot 'n meerdere of mindere mate die wettige landsburgers daarvan om werkgeleenthede ten volle te benut, en veroorsaak soms 'n verlaging van loonvlakke. Omdat die meeste state in Suid-Amerika se ekonomiese eers gedurende die laaste paar jaar positiewe groei begin toon het, is die gaping tussen ryk en arm groot, en skoolonderrig en mediese dienste swak. Om sulke dienste aan groot getalle onwettige vreemdelinge te verskaf sonder dat hulle daarvoor betaal, kan groot druk op ekonomiese plaas wat dit nie op hierdie tydstip kan bekostig nie. In 'n poging om hierdie onnodige uitgawes te verhoed, vereis die meeste skole in Mexiko 'n geboortesertifikaat of 'n paspoort en visum om sekerheid te verkry oor die werklike identiteit van 'n kind, voordat so 'n kind in enige skool toegelaat word.<sup>(40.)</sup>

State soos byvoorbeeld Guatemala, toon 'n mate van verdraagsaamheid teenoor onwettige vreemdelinge omdat hulle op hierdie stadium bydra tot die groei van die ekonomie (omdat hulle deel van die migrante arbeidsmag vorm). Hierdie verdraagsaamheid begin egter in sekere state byvoorbeeld Venezuela afneem. Met die implementering van strenger maatreëls om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek, raak onwettige vreemdelinge versigtig om van staatsgesubsidieerde dienste

byvoorbeeld behuising en skoolonderrig, gebruik te maak omdat hulle bang is dat hulle sodoende opgespoor sal word. Dieselfde geld vir onwettige vreemdelinge se onwilligheid om by vakbonde aan te sluit.

### 1.2.2.3 Politieke implikasies

Die onwettige vreemdelingprobleem in verskeie state in Suid-Amerika het soeds reeds in dié hoofstuk genoem, gedurende die afgelope paar jaar dramaties toegeneem. Terselfdertyd het die vyandige gevoel van burgers teen onwettige vreemdelinge ook toegeneem en hou burgers onwettige vreemdelinge dikwels verantwoordelik vir die groeiende werkloosheidsyfer. In Argentinië verwys sommige burgers al na die "*Bolivianization*" van die noordelike dele van Argentinië, om die probleem van toenemende getalle onwettige vreemdelinge in dié deel te illustreer.<sup>(41.)</sup>

Die aantal onwettige vreemdelinge in Mexiko het ook gedurende die afgelope paar jaar dramaties toegeneem en daarmee saam burgers se negatiewe houding teenoor onwettige vreemdelinge. Die Mexikaanse Regering was vroeër relatief verdraagsaam teenoor onwettige vreemdelinge omdat dié individue Mexiko slegs as deurgang gebruik het oppad na die VSA, maar gedurende die laaste paar jaar het groter getalle onwettige vreemdelinge in Mexiko aangebly eerder as om die streng bewaakte grens tussen die VSA en Mexiko te probeer oorsteek.<sup>(42.)</sup> Die toenemende negatiewe houding van Mexikaanse burgers kom sterk na vore in verskeie voorvalle van mishandeling van onwettige vreemdelinge deur beide werkgewers en lede van die veiligheidsmagte. "Violations of Mexico's minimum wage, and of basic human rights standards, are reportedly widespread where illegal Central Americans are employed. There have been charges that Central Americans suffer rapes, beatings, extortion, and robbery at the hands of Mexican employers and police."<sup>(43.)</sup>

Die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge kan egter ook konflik tussen state veroorsaak, byvoorbeeld die geval van Haiti en die Dominikaanse Republiek. Daar is ongeveer 200 000 tot 400 000 onwettige vreemdelinge afkomstig uit Haiti in die Dominikaanse Republiek aanwesig. Omdat laasgenoemde drasties probeer om die werkloosheid onder sy eie burgers te verminder, is 'n aantal onwettige vreemdelinge gedurende 1996 uit Haiti gesit. Die regering van Haiti het egter die probleem van

honderde aangekeerde kriminele (oorspronklik burgers van Haiti) uit Noord-Amerika, Kanada en Frankryk wat na Haiti teruggebring word. Sulke individue dra daaglikks by tot die stygende misdaadsyfer in Haiti, en die regering moet addisionele kostes aangaan om vir polisiëring te betaal.<sup>(44)</sup>

Die verskynsel van toenemende getalle onwettige vreemdelinge in Suid-Amerikaanse state, byvoorbeeld Mexiko, veroorsaak 'n toenemende negatiewe invloed van onwettige vreemdelinge op die politieke, ekonomiese en maatskaplike terreine. Omdat die meeste state in Suid-Amerika ekonomies onstabiel of ontwikkelend is, is die negatiewe invloed van toenemende getalle onwettige vreemdelinge op veral die ekonomiese terrein, kommerwekkend.

### **1.2.3 Bestaande en beplande maatreëls om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek**

Soos in die volgende onderafdeling gesien sal word, het toenemende getalle onwettige vreemdelinge binne state en daarmee saam die probleme wat hulle veroorsaak, meegebring dat bepaalde state, byvoorbeeld Argentinië gedurende die afgelope paar jaar besluit het om meer beperkende regulasies in te stel om veral ongeletterde en onbekwame onwettige vreemdelinge daarvan te weerhou om hul grondgebied binne te gaan. Migrante wat reeds binne die state was, moes hulle teenwoordigheid in sommige gevalle wettig of die risiko loop om gedeporteer of uitgesit te word. Onwettige vreemdelinge het state dus aangemoedig om bestaande regulasies en wetgewing te wysig.

Met die afname van Europese immigrante en die geweldige groei van veral Venezuela se ekonomie (hoofsaaklik olie verbandhoudende ekonomiese groei), is miljoene Colombiane gedurende 1970's na Venezuela gelok. Toenemende ekonomiese ontwikkeling het veroorsaak dat groei in die staat se landbou-, konstruksie- en vervoersektore plaasgevind het. Die lae vlak van inkomste in veral Colombia, en Venezuela se sterk geldeenheid het oor die jare van Venezuela 'n gewilde bestemming vir onwettige vreemdelinge gemaak. Bilaterale arbeidsooreenkomste tussen Colombia en Venezuela is gedurende 1951 en 1952 aangegaan. Die *Verdrag van Tonchala* gedurende 1959 het die regerings van beide Colombia en Venezuela daartoe verbind om vreemdelinge wat onwettig in diens geneem

is, te wettig indien werkgeleenthede vir hulle gevind kon word. Gedurende 1979 is die *Andean Ooreenkoms* onderteken wat lidstate verplig het om onwettige vreemdelinge van ander lidstate in hulle eie state te wettig. Op grond van die diplomatieke ooreenkoms is Venezuela se nuwe immigrasiebeleid gedurende 1980 geformuleer en geïmplementeer. Dit is duidelik dat intra-regionale arbeidsmigrasies in Suid-Amerika die sterkste ekonomiese immigrasiebeleidsrigtings domineer.<sup>(45.)</sup>

Voor 1989 het Costa Rica nooit werklik sy ongedokumenteerde bevolking erken nie. Die gevolg daarvan was dat die staat nooit effektiewe kontrole oor sy grense gehad het nie. Individue wat in werklikheid onwettige vreemdelinge was, is foutiewelik as vlugtelinge beskou en opnames het getoon dat alhoewel die publiek 'n negatiewe houding teenoor vreemdelinge het, hulle nie duidelik kon onderskei tussen vlugtelinge en onwettige vreemdelinge nie. Aan die begin van 1990 het Costa Rica nog geen amptelike beleid ten opsigte van ongedokumenteerde persone binne sy grense gehad nie.<sup>(46.)</sup> Alhoewel Costa Rica se beleid rakende onwettige vreemdelinge nog altyd baie vrygewig was, het die regering na die verkiesing van 1990 besluit om strenger immigrasiebeleid te formuleer en te implementeer om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek.<sup>(47.)</sup>

Maatreëls, byvoorbeeld uitsettingsprogramme, is geïmplementeer en onwettige vreemdelinge het 'n keuse gehad om hulself binne ses maande, óf as vreemdelingarbeiders of immigrante te wettig, óf om verwyder te word. Die individue wat vir permanente verblyf wou aansoek doen, kon dit doen deur hulle by 'n regionale immigrasiekantoor aan te meld.<sup>(48.)</sup> Groot getalle vreemdelingarbeiders van Nicaragua migreer jaarliks gedurende Augustus (net voor die jaarlikse koffie oes) na Costa Rica en 'n groot aantal van dié arbeiders bly onwettig in Costa Rica aan nadat die toegelate periode op uitgereikte tydelike werkpermitte verval het. 'n Ooreenkoms tussen die regerings van Costa Rica en Nicaragua, is gedurende die begin van 1998 onderteken in 'n poging om die seisoenale migrasie tussen dié twee state, meer effekief te kontroleer.<sup>(49.)</sup>

Argentinië met sy 2 500 myl lange westelike grens (wat 795 deurgangspunte besit) vind dit besonder moeilik om sy onwettige vreemdelingprobleem te beheer en te verminder. Gedurende Julie 1996 het die Argentynse Regering wel nuwe immigrasiewetgewing geïmplementeer, naamlik verhoogde boetes van tot \$100 000 en gevangenisstraf van

tot ses jaar, aan werkgewers wat onwettige vreemdelinge in diens neem. Nog 'n beheermaatreël wat ingestel is, is dat toeriste van naburige state nie met minder as \$1 500 Argentinië mag binnegaan nie. Die regulasie het egter daartoe aanleiding gegee dat individue \$1 500 aan veral burgers van Bolivia en Peru leen, om Argentinië onwettig binne te gaan.<sup>(50.)</sup>

Die regering van die Dominikaanse Republiek het gedurende Oktober 1997 bekend gemaak dat verskeie maatreëls geïmplementeer sou word om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek. Een van die maatreëls was dat geen tydelike werkpermitte aan burgers van Haiti uitgereik sou word nie (van die beraamde getal van 300 000 onwettige vreemdelinge was ongeveer 150 000 uit Haiti afkomstig) aangesien 'n groot gedeelte van dié individue in die Dominikaanse Republiek aangebly het nadat die toegelate periode op sy/haar visum reeds verstryk het.<sup>(51.)</sup>

Die grootste gedeelte van die onwettige vreemdelinge in Suid-Amerikaanse state spruit voort uit intra-regionale migrasie patronen as gevolg van die feit dat sommige ekonomiese in die streek meer stabiel is as ander. Die intra-regionale migrasie het begin as tydelike arbeidsmigrasie van arbeiders in die landbousektor, maar die gebruik van migrante arbeid het oor 'n periode versprei na ander industrieë byvoorbeeld die produksiesektor, waar die behoefte aan ongeskoolde arbeid toegeneem het as gevolg van die ontwikkeling van ekonomiese soos die van Argentinië. Geografiese toestande maak dit vir onwettige vreemdelinge maklik om grense tussen state onwettig oor te steek.

## 2. Wes-Europa

Soos in die geval van die VSA, het die getalle onwettige vreemdelinge gedurende die afgelope paar jaar in Europese state begin toeneem. Toenemende getalle onwettige vreemdelinge in veral Wes-Europese state het regerings van dié state laat besluit dat strenger maatreëls nodig is om meer effektiewe beheer oor onwettige vreemdelinge uit te oefen.<sup>(52.)</sup>

## 2.1 Historiese oorsig oor wettige en onwettige migrasie en die aard en omvang van die onwettige vreemdelingprobleem in Wes-Europa

Tot en met die laat negentiende eeu kon arbeiders en hulle gesinne die meeste Wes-Europese state vrylik binnegaan, of verlaat. Vanaf die 1980's, het verskeie regerings egter begin om strenger beperkings en beheermaatreëls te implementeer. 'n Individu wat 'n staat wou binnegaan moes voldoen aan bepaalde kriteria, wat bepaal is deur die behoeftes van die staat se arbeidsmag, ekonomie en die persoon se nasionaliteit.

Die implementering van die Marshall Plan na die Tweede Wêreld Oorlog het spoedige ekonomiese herstel en meer as twee dekades van ekonomiese groei vir Europa verseker. Hierdie plan het ook die weg vir transformasie in beide die struktuur van inter-regionale en internasionale immigrasiepatrone gebaan, terwyl Europese state gestreef het na ekonomiese heropbou en ontwikkeling. Voor die Tweede Wêreld Oorlog was migrasie in Europa hoofsaaklik tussen naburige state en binne regionale streke, maar na die Tweede Wêreld Oorlog het die behoefte aan arbeiders in sekere state die immigrasiepatrone verskuif tot breër sones - vanaf naburige state en veral die voormalige kolonies in Noord-Afrika. Teen die 1960's het die meeste van die state in die noordwestelike deel van Europa arbeidstekorte ondervind en arbeiders van ander state begin "invoer" in 'n poging om groei in hulle ekonomieë te stimuleer. Dié state het oor die algemeen as "arbeidsinvoerders", bekend gestaan.<sup>(52.)</sup>

Gedurende 1973 het Europese ekonomieë 'n groot knou gekry as gevolg van die olie krisis waarna ekonomiese toestande versleg, werkloosheid verhoog en anti-immigrante politieke bewegings toenemend meer ondersteuning begin kry het. Verdraagsame houdings en beleid teenoor onwettige vreemdelinge het na die olie krisis (gedurende 1972) dramaties verander. As gevolg daarvan is "arbeidsinvoere" drasties verminder en van die eerste beperkende immigrasiebeheermaatreëls is ingestel om die groot getalle immigrante (beide wettig en onwettig) van ander state, op soek na werk in Europa, te probeer beheer en te verminder. Die groeiende bewustheid oor onwettige vreemdelinge gedurende daardie periode, hou verband met 'n grootskaalse neiging tot die verpolitisering van immigrasie kwessies.<sup>(53.)</sup>

Die geskiedenis van immigrasie na Europese state word kortlik in hierdie onderafdeling bespreek omdat dit aanleiding gegee het tot die bestaande situasie rakende onwettige vreemdelinge in Europese state. Soos reeds genoem, was die primêre doel van die strenger maatreëls teen immigrante na die vroeë 1970's, om alle immigrasie drasties te verminder. Strenger maatreëls teenoor onwettige vreemdelinge het egter dikwels negatiewe gevolge, en Europa was geen uitsondering nie. Veral in Brittanje en Frankryk het die verslegtende ekonomiese posisie van wettige immigrante, minderheidsgroepe, en plaaslike laer klasse, geleid tot die eerste rasse konflik tussen immigrante en burgers van die onderskeie state.<sup>(54.)</sup>

Wat Europese immigrasiebeleid betref, kan die tydperk na die Tweede Wêreld Oorlog in die volgende periodes ingedeel word: 1945 tot 1973 (beleid moedig grootskaalse immigrasie van arbeiders aan); 1973 tot in die middel 1980's (implementering van beleidsrigtings wat verdere immigrasie van arbeiders moes verminder en minimaliseer) en die 1980's tot die 1990's (beperkende immigrasiebeleid word voortgesit en meer aandag word geskenk aan 'n probleem wat toenemend begin voorkom, naamlik onwettige vreemdelinge en asielsoekers).<sup>(55.)</sup>

Ten spyte van genoemde beheermaatreëls, het die getalle onwettige vreemdelinge na veral Wes-Europese state bly toeneem. Onwettige immigrasie het gedurende die 1980's die fokus van aggressiewe veldtogte van veral regse partye en groepe geword. Die gevolg was die toenemende verpolitisering van migrasie kwessies (wettig en onwettig) in baie van die Europese state, wat die druk vir strenger migrasiebeheer veroorsaak het. Inisiatiewe rakende onwettige vreemdelinge neem een van die volgende vorme aan: die implementering van strenger maatreëls, of pogings om die belangrikste oorsaak van onwettige migrasie aan te spreek naamlik die groot skeiding (ekonomies en andersins) tussen die noordelike en suidelike halfrond.<sup>(56.)</sup>

In die voortdurende internasionale debat oor onwettige vreemdelinge, het toenemende ooreenstemming tussen state ontstaan dat strenger regulasies rakende die toelating van onwettige vreemdelinge in state, slegs beperkte sukses sou hê. Die omvang van beheer wat nodig was om grense bykans ondeurdringbaar te maak, is teenstrydig met die neiging van verhoogde interaksie en kommunikasie tussen state. "The disparity between economic and social conditions in the South and the North is such that illegal migration

is likely to grow whatever the barriers. There is therefore an emerging consensus about the need to address the 'root causes' of mass migration, by supporting development efforts in the countries of origin."<sup>(57.)</sup>

Die probleme rakende onwettige vreemdelinge in Wes-Europese state is baie soortgelyk aan dié in die VSA in die opsig dat Wes-Europese state ook groeiende getalle onwettige vreemdelinge in die gesig staar. Die vermeerdering word hoofsaaklik toegeskryf aan ekonomiese en demografiese druk op individue in hulle onderskeie tuisstate, wat hulle aanspoor om beter werkgeleenthede in ander state te gaan soek. Die werklike aantal onwettige vreemdelinge is nie bekend nie, maar beraamde getalle dui aan dat ten minste 2,6 miljoen onwettiges hulle gedurende 1993 in Wes-Europese state bevind het. Van hierdie 2,6 miljoen was sowat 1,5 miljoen of meer as 50 persent van die onwettige vreemdelinge in die suid-westelike state - veral Italië en Spanje.<sup>(58.)</sup> Vanaf 1994 tot 1996, het die aantal onwettige vreemdelinge uit Afrika wat deur die Spaanse polisie aangekeer is, met 85 persent toegeneem tot 'n getal van 7 741.<sup>(59.)</sup> Aan die begin van 1998, het die Spaanse Minister van Binnelandse Sake, Jaime Mayor Oreja, bekend gemaak dat die getal onwettige vreemdelinge op ongeveer 600 000 (bykans twee persent van die totale Spaanse bevolking) geraam word.<sup>(60.)</sup> In Frankryk, word die getal onwettige vreemdelinge op tussen 300 000 en 500 000 geraam.<sup>(61.)</sup>

'n Verdere belangrike aspek rakende onwettige vreemdelinge in veral die suide van Europa, is die groot verskeidenheid van herkomste. In die VSA is onwettige vreemdelinge hoofsaaklik van Spaanse afkoms (waarvan 80 persent van Mexiko is), maar in Europa is die samestelling só gemeng dat geen spesifieke groep as gevolg van sy grootte uitgesonder kan word nie. Die onwettige vreemdelingbevolking bestaan uit individue van Noord-Afrika, suidelike Afrika, Asië en die Midde-Ooste. As gevolg van die drastiese vermeerdering van onwettige vreemdelinge word state wat nooit voorheen 'n probleem met onwettige vreemdelinge gehad het nie, gedwing om die probleem met strenger immigrasiebeleid aan te spreek. Europa met sy sterk kulturele agtergrond, vind dit moeilik om groepe vreemdelinge wat op kulturele vlak sowel as etniese vlak grootliks van hul eie burgers verskil, in die gemeenskap te integreer of te akkommodeer.<sup>(62.)</sup>

Tog bly die meeste onwettige vreemdelinge wat hulle wel in veral Wes-Europese state bevind, nie meer as 'n aantal maande onwettig in 'n bepaalde staat nie. Nuwe onwettige

seisoen-gerigte arbeidspatrone en langafstand pendelary (onder die dekking van toerisme) het alledaags geword. Saam met bogenoemde veranderings wat hoofsaaklik gedurende die laat 1980's ontwikkel het, kom ander patronen van migrasie ook voor. Die meeste suid-Europese state het ontwikkel in gewilde "immigrasiestate", en Spanje en Portugal se lidmaatskap van die Europese Unie het toenemende terugkerende migrasie vanaf state soos Duitsland en Frankryk veroorsaak.<sup>(63.)</sup>

Die grootste probleem rakende effektiewe kontrole oor migrasie, wat die Europese state tans in die gesig staar, is egter nie onwettige vreemdelinge nie maar vlugtelinge en asielsoekers. Sommige state sien die probleem as een wat dreig om die stabilitet van Europa te ondermyn. 'n Goeie voorbeeld is Duitsland. Gedurende die laaste paar jaar is Duitsland oorval deur asielsoekers uit veral die sentrale dele van Europa, naamlik die voormalige Joego-Slawië, Roemenië en Turkye.<sup>(64.)</sup> State in Wes Europa beskou die probleem van vlugtelinge as veel meer ernstig as dié van onwettige vreemdelinge. Frankryk slaag telkens daarin om die toenemende getalle vlugtelinge en aansoeke om asiel wat goedgekeur word, te beperk. Maar die beperkte goedkeuring van asielaansoeke skep uiteindelik groter probleme vir state soos Frankryk en Duitsland omdat vlugtelinge wie se aansoeke nie goedgekeur word nie, hulle dan wend na onwettige migrasie om hul probleme te ontduiik.<sup>(65.)</sup> Brittanje deporteer minder as tien persent van alle individue wie se asielaansoeke onsuksesvol is. Die verdere 90 persent verdwyn, of doen weer aansoek om asiel. Gedurende 1994, was daar ongeveer 32 800 asielaansoeke, waarvan 4 500 toegelaat is om in Brittanje aan te bly, en 1 580 individue is gedeporteer. Die oorblywende 26 720 kon nie opgespoor word nie, en die moontlikheid bestaan dat 'n groot gedeelte van die individue hulle as onwettige vreemdelinge in Brittanje of ander Europese state bevind. Die moontlikheid word ondersteun deur die feit dat die getal onwettige vreemdelinge wat in Brittanje in hechtenis geneem is, toegeneem het vanaf 4 000 in 1988 tot sowat 10 000 in 1995.<sup>(66.)</sup> Volgens die Britse Immigration Service Union, is 250 000 asielaansoeke van vreemdelinge sedert 1989 ontvang, waarvan 10 700 as vlugtelinge erken en slegs 13 000 (sedert 1990) uit die land gesit is. Gedurende 1997, is 'n verdere 32 000 asielaansoeke ontvang.<sup>(67.)</sup>

Die onwettige vreemdelingprobleem in die ooste van Europa verskil van dié in die westelike state. Duitsland se immigrasiebeleid het hopeloos gefaal om veral onwettige vreemdelinge van ander state as dié van die Europese Unie (EU) lidstate te beperk. Tog

beskou die Duitse gemeenskap vlugtelinge as 'n groter bedreiging as onwettige vreemdelinge. Die bestaande Duitse immigrasiebeleid dui ook aan dat die Duitse Regering en publiek meer bekommern is oor vlugtelinge wat van plan is om aansoek te doen om asiel, as onwettige arbeiders. Tog blyk dit dat die groeiende omvang van werkloosheid in Duitsland die aandag ook op onwettiges fokus en die behoefté aan strenger beheer laat toeneem.<sup>(68.)</sup>

Volgens beramings is sowat 200 000 onwettige vreemdelinge in totaal gedurende 1995 uit lidstate van die EU gesit (2 600 uit Brittanje, 60 000 uit Duitsland en ongeveer 10 000 uit Frankryk). Wat asielaansoek van vlugtelinge aan die EU lidstate betref, is 300 000 gedurende 1995,<sup>(69.)</sup> 231 610 gedurende 1996, en 250 880 gedurende 1997 ontvang.<sup>(70.)</sup>

## 2.2 Implikasies van die onwettige vreemdelingprobleem in Wes-Europa

Alhoewel die getalle onwettige vreemdelinge in verskillende Europese state varieér, ondervind bykans al die state 'n groeiende toename in die getalle onwettige vreemdelinge binne hulle grense. Die invloed van onwettige vreemdelinge op ekonomiese, sosio-maatskaplike en politieke terreine verskil dus ook in die onderskeie state.

### 2.2.1 Maatskaplike implikasies

Die toenemende gebruik van staatsgesubsidieerde onderwys en mediese dienste deur onwettige vreemdelinge kan 'n staat se beplande uitgawes tot 'n mindere of meerdere mate beïnvloed. 'n Goeie voorbeeld is Frankryk. Gedurende Mei 1996 was daar volgens ramings tussen 250 00 en 600 000 onwettige vreemdelinge in Frankryk. Die Sauvaigo Kommissie is deur die Franse Regering aangestel om die onwettige vreemdelingsituasie te evaluateer en het voorgestel dat die toegang van onwettige vreemdelinge tot gratis mediese dienste en skoolonderrig drasties beperk moes word.<sup>(71.)</sup>

Gedurende April 1996 het die Franse Regering die gebruik van rekenaars aangekondig om te help met die regulering van kostes (deur die staat aangegaan vir die lewering van mediese dienste). Verdere stappe wat aangekondig is, is die beplande vernietiging van bepaalde woonstelblokke waarin immigrante (waaronder verdenkte onwettige

vreemdelinge) woon, aangesien 'n regeringskommissie die woonstelblokke as gesondheid en misdaadrisko's beskou het.<sup>(72.)</sup>

Soos meestal die geval, is die onwettige vreemdelinge bereid om in haglike omstandighede en vir min geld te werk. In sulke gevalle baat onwettige vreemdelinge meer daarby om betrokke te raak by misdaadsindikate, waar geld wat ontvang word veel meer is as wat die individu sou verdien deur te werk, en soos reeds genoem ontvang die onwettige vreemdelinge dikwels beskerming van die bendes en/of sindikate waarby hulle betrokke is. Die addisionele bekamping en voorkoming van misdaad kos die staat en belastingbetalers jaarliks groot somme geld.<sup>(73.)</sup> Georganiseerde misdaad is endemies aan duisende kriminele groeperings in verskeie Europese state. Dwelmhandel het in veral lidstate van die EU tot so 'n mate toegeneem dat dit nou gesien word as 'n industrie met 'n geraamde jaarlikse omset van tussen \$400 en \$500 biljoen. Die handel in dwelms word nie net geassosieer met gewelddadige misdaad nie, maar dit verhoog ook ander misdaad namate individuele dwelmgebruikers hulle verslawing aan dwelms probeer finansier deur te steel, en ander misdade te pleeg.<sup>(74.)</sup>

Die smokkel van onwettige vreemdelinge na 'n bepaalde staat vorm 'n groot deel van georganiseerde misdaad. Gedurende 1996 het 'n geraamde 700 smokkeloperasies in Brittanje alleen voorgekom. Onwettige vreemdelinge moes 'n fooi van \$5 000 tot \$16 000 betaal, wat vervalste dokumentasie, reiskoste, en drie pogings om Brittanje binne te gaan, ingesluit het. Sodra dié individue die land suksesvol binne gegaan het, het hulle dikwels werk as prostitute of werk in die landbousektor aanvaar.<sup>(75.)</sup> Onwettige vreemdelinge is dikwels betrokke by van bogenoemde misdade (byvoorbeeld prostitusie en betrokkenheid by die dwelmhandel) omdat dit vir hulle beter inkomste bied as om teen 'n baie lae loon te werk. Nog 'n rede vir die betrokkenheid van onwettige vreemdelinge by misdaadsindikate is dat die implementering van strenger immigrasiebeheer deur verskeie state in Europa, dit vir onwettige vreemdelinge toenemend moeilik maak om 'n bepaalde staat binne te gaan, of om onwettig in so 'n staat aan te bly. In die geval van dwelmhandel ontvang onwettige vreemdelinge wat daarby betrokke is, ook dikwels beskerming van hoofde van dwelmbendes. Deur by sulke misdaadbendes betrokke te wees, maak dit ook makliker om vervalste dokumente in die hande te kry. Vir Europese state is die feit dat misdaadsyfers styg, 'n groot probleem.

Wêreldwyse migrasie het oor 'n periode van baie jare veroorsaak dat beide ontwikkelde en ontwikkelende state kultureel meer divers geraak het. Veral Europese state moet as gevolg van toenemende migrasie (beide wettig en onwettig) die realiteit van etniese pluralisme aanvaar.

### **2.2.2 Ekonomiese implikasies**

Weens die behoefte aan goedkoop arbeid in sekere Europese state, kom talle werkgewers voor wat bereid is om wetgewing te verbreek deur onwettige vreemdelinge in diens te neem. Soos in vele ander state bestaan daar ook geen tekort aan beskikbare goedkoop, maar onwettige arbeid nie. 'n Voorbeeld is België. Werkgewers bespaar groot bedrae geld deur onwettige vreemdelinge in diens te neem en sodoende nie by te dra tot die maatskaplike sekuriteitstelsel nie. Volgens wetgewing is alle werkgewers verplig om vir elke BF50 000 wat 'n besigheid aan 'n werknemer betaal, 'n ooreenstemmende bedrag in die maatskaplike sekuriteitstelsel of pensioenfondse in te betaal. Omdat werkgewers geneig is om onwettige vreemdelinge baie lae lone te betaal, is die ooreenstemmende bedrag wat in die pensioenfonds geplaas moet word baie minder as wat dit sou wees indien 'n Belgiese burger in diens geneem sou word.<sup>(76)</sup> Soos reeds genoem is onwettige vreemdelinge dikwels bereid om laer lone en in swakker werksomstandighede as wettige burgers te werk. Werkgewers maak in baie gevalle (veral in die konstruksiesektor) eerder gebruik van onwettige vreemdelingarbeid as om wettige burgers in diens te neem.<sup>(77)</sup>

### **2.2.3 Politieke implikasies**

Alhoewel vlugtelinge in die meeste Europese state as 'n groter probleem gesien word as onwettige vreemdelinge, het die getalle onwettiges en die implikasies van hul teenwoordigheid tot so 'n mate toegeneem, dat die meeste Europese state tot 'n meerdere of mindere mate strenger immigrasiebeheermaatreëls ingestel het om die groeiende probleem meer effektief te begin hanteer. Resente veranderings en aanpassings van bestaande immigrasiebeleid byvoorbeeld die voorgestelde wetsontwerp in Frankryk (gedurende Oktober 1996) om sekere onwettige vreemdelinge burgerskapstatus te gee en sodoende meer beheer oor immigrante binne Frankryk uit te oefen, gee 'n aanduiding dat state daadwerklike stappe onderneem om die groeiende

probleem van onwettige migrasie aan te spreek.<sup>(78.)</sup>

In Europese state beskou sommige burgers onwettige vreemdelinge, wettige migrante en vlugtelinge in dieselfde lig. Wettige burgers koester tot 'n meerdere of mindere mate 'n negatiewe gevoel teenoor al drie groepe. Dié negatiewe gevoel spruit hoofsaaklik uit die siening dat werkgeleenthede reeds skaars is en dat groeiende getal migrante (wettig en onwettig) die moontlikheid vir Europese burgers om werk te bekom verklein en in sekere state bykans onmoontlik maak. "Many Europeans fear an 'invasion' from North Africa and Eastern Europe. They are concerned that the combination of European and non-European demographic patterns (low fertility rates and an ageing population in Europe, versus high fertility rates and a younger population in North Africa) and economic dynamics (significant wage differentials between Europe and North Africa) will continue to create the conditions to attract undocumented immigrants."<sup>(79.)</sup>

Negatiewe houdings teenoor beide vlugtelinge en onwettige vreemdelinge het beslis toegeneem. "In Western Europe, fears of being swamped by foreign cultures, religions, languages and social beliefs has been expressed especially against the backdrop of a declining birth rate of the native populations and economies in recession. The pervasiveness of these factors can be seen in the phenomenal growth of the extreme right-wing parties, all of which stand on strong anti-immigrant platforms."<sup>(80.)</sup>

Sommige Europese burgers sien onwettige vreemdelinge (en migrante in die algemeen) as 'n bedreiging vir die nasionale identiteit. In Frankryk byvoorbeeld het die leier van die *National Front* politieke party, Jean Marie Le Pen, in Mei 1996 tydens 'n onderhoude gestel dat: "...growth in immigration...provoked unbearable economic and social consequences...the idea of the 'nation' remains the most effective way to protect security, liberty, identity and prosperity...One cannot make French people from massive immigration. To live in security and harmony, people need a certain homogeneity."<sup>(81.)</sup>

Die primêre rede vir burgers se negatiewe houding teenoor onwettige vreemdelinge is hoofsaaklik die siening dat onwettige vreemdelinge werkgeleenthede van Europese burgers ontneem omdat hulle bereid is om teen laer lone te werk. Die dramatiese afname in werkloosheidsfyfers inveral EU lidstate blyk nie realisties te wees nie omdat die state wat die *Maastricht Verdrag* onderteken het sukkel om die ekonomiese vereistes wat die

verdrag stel ten einde 'n monetêre eenheid te bewerkstellig, na te kom. Die moontlikheid dat negatiewe houdings teenoor immigrante in die algemeen en onwettige vreemdelinge spesifiek, dramaties sal afneem, is dus skraal.<sup>(82.)</sup>

Ten spyte van die sienings bestaan 'n konstante behoefte aan goedkoop migrante arbeid. Volgens beramings sal Frankryk van tussen 160 000 en 360 000 vreemdelingarbeiders gebruik maak in die volgende 20 jaar en terselfdertyd sal België van goedkoop migrante arbeid gebruik maak in die ekonomie se arbeidsintensieve produksie-, landbou- en konstruksiesektore.<sup>(83.)</sup>

Die toename in die getal onwettige vreemdelinge na Europese state het nie gelei tot interstaatlike spanning tussen state nie, intendeel, dit het gelei tot toenemende samewerking tussen state. Goeie voorbeeld van samewerking is die *Schengen Ooreenkoms* en die *Dublin Konvensie*. Beide die ooreenkomste fokus op samewerking tussen state om 'n groeiende, gemeenskaplike probleem aan te spreek naamlik ongewenste immigrasie sowel as onwettige vreemdelinge.<sup>(84.)</sup>

## 2.3 Bestaande en beplande maatreëls om die onwettige vreemdelingprobleem op te los

Aangesien dit uiteraard onmoontlik is om 'n gedetailleerde beskrywing van elke staat se wetgewing te gee word 'n algemene oorsig oor die belangrikste bestaande en beplande maatreëls in die Europese Gemeenskap (EG) en Wes-Europese state om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek, gegee.

### 2.3.1 Die Europese Gemeenskap

Sedert die middel van die tagtigerjare is die verskynsel van migrasie (beide wettig en onwettig) deur die Kommissie van die EG bespreek, maar die Kommissie kon nie daarin slaag om 'n gemeenskaplike beleid te formuleer rakende die binnekoms van individue vanaf ander state na die lidstate van die EG nie. Interstaatlike samewerking is hoofsaaklik oorgelaat aan verskeie *ad hoc* groepe. Die belangrikste hiervan was die *Schengen Ooreenkoms* wat in Junie 1985 deur Frankryk, Duitsland en die Benelux-state, onderteken is. Die onderskeie state het onder andere besluit dat grensbeheermaatreëls

op hulle gesamentlike grense verwyder sou word en dat 'n gesamentlike beleid rakende immigrante geformuleer sou word. Na die formulering van die ooreenkoms het die *Shengen-groep* die fokus van pogings geword om strenger grensbeheer te implementeer en om strenger vereistes te stel vir migrante vanaf veral state in die suidelike halfrond.<sup>(85.)</sup>

Die belangrikste doelwitte van die *Shengen Ooreenkoms* het onder andere die volgende ingesluit: bestaande grensbeheer in die onderskeie lidstate sou verander word; gemeenskaplike grense sou verwyder word; en 'n gesamentlike beleid rakende immigrante (wat veral vanaf Derde Wêreld state na Europese state migreer het) sou tussen die lidstate geformuleer word. Na die formulering van die ooreenkoms het die *Shengen-groep* die fokus van verskeie pogings geword om strenger grensbeheer in Europa te implementeer en om strenger vereistes te stel vir migrante vanaf veral state in die suidelike halfrond.<sup>(86.)</sup>

Die *Shengen Ooreenkoms* se doelwitte om interne grensbeheer tussen die onderskeie lidstate af te skaf; gesamentlike beleid rakende visumvereistes en asielaansoeke te formuleer; kontrole oor burgers uit Derde Wêreldstate meer effektief te maak; en die uitruiling van inligting rakende ongewenste persone (kriminele, terroriste, onwettige vreemdelinge en persone wie se asielaansoeke nie goedgekeur is nie) tussen die onderskeie lidstate, word beskou as 'n belangrike stap in die rigting van 'n Europese Gemeenskap (EG) waar die vrye beweging van individue, van die een staat na die ander sonder enige dokumentasie, 'n werklikheid is.<sup>(87.)</sup>

Die opheffing van grensbeheer deur die *Shengen Ooreenkoms* het dit egter vir onwettige vreemdelinge veel makliker gemaak om vinnige toegang tot meer as een Europese staat (wat lid is van die EG) te verkry. Sodra 'n onwettige vreemdeling daarin geslaag het om toegang tot een staat te verkry, kan so 'n persoon van een staat na 'n ander beweeg sonder enige verdere risiko. Burgers van die EG is geregtig daarop om in enige staat wat lid is van die EG, te werk. Hierdie reg word egter nie verleen aan enige state (of hulle burgers) wat nie lid is van die EG nie. 'n Onwettige vreemdeling kan dus maklik van een EG lidstaat na 'n ander beweeg of onwettig in die bepaalde staat aanbly sodra hy/sy daarin kon slaag om een van die EG lidstate binne te gaan. Huidige beleid maak elke staat verantwoordelik vir die vreemdelinge wat deur sy grense beweeg. Daar bestaan egter twyfel of sommige state in die suide van Europa byvoorbeeld Spanje en Italië, oor

die nodige vermoë beskik om die binnekoms van immigrante doeltreffend te kontroleer, en dit vir onwettige vreemdelinge maklik maak om die EG binne te kom. Boonop maak die feit dat die immigrasiebeleid van verskillende Europese state verskil, dit vir enige van die EG lidstate bykans onmoontlik om hulle immigrasiebeleid doeltreffend te implementeer, juis omdat dit vir onwettige vreemdelinge so maklik is om van een EG lidstaat na 'n ander te beweeg. Hoe meer grense binne die EG onbelangrik word, hoe belangrijker word die effektiewe kontrole van die eksterne grense van die EG.<sup>(88.)</sup>

Gedurende Mei 1996 is verdere stappe deur die EG lidstate geneem om die groeiende probleem van onwettige vreemdelinge aan te spreek. Die voorstel van 'n gesamentlike visa-, asiel-, en immigrasiebeleid en 'n groter rol vir die Europese Gereghof is deur al die lidstate met die uitsondering van Brittanje, ondersteun.<sup>(89.)</sup> Die maatreëls sluit ook die volgende in: die reg van die EU Kommissie om nuwe wetgewing rakende immigrasie aangeleenthede voor te stel en om besluite rakende immigrante aangeleenthede, onderhewig aan die hersiening van die besluite deur die Europese Parlement, te maak. Die voorgestelde nuwe struktuur gee ook aan die Europese Gereghof die bevoegdheid om uitsprake aangaande immigrasie aangeleenthede te lewer. Brittanje is gekant teen die uitbreiding van die Hof se jurisdiksie. 'n Besluit is deur die EG lidstate geneem dat indien Brittanje nie van posisie verander nie, die ander lidstate sonder Brittanje sal voortbeweeg met die wettiging en implementering van die voorstelle.<sup>(90.)</sup>

Die ineenstorting van die voormalige Sowjet-Unie het die suksesvolle regulering van migrasie vanuit veral Oos Europese state meer noodsaaklik gemaak. Gedurende Desember 1989 het die 12 lidstate van die EG hulle "reg en plig" om onwettige immigrasie te beveg, bevestig. Gedurende Junie 1990 het die EG lidstate 'n ooreenkoms onderteken wat as die *Dublin Konvensie* bekend gestaan het. Die Konvensie het kriteria neergelê vir die bepaling van vlugtelingsstatus en om asielsoekers daarvan te weerhou om veelvoudige aansoeke om vlugtelingsstatus in verskillende state te doen. Teen 1992 het te min regerings die ooreenkoms bekragtig, en kon die ooreenkoms as gevolg hiervan nie in werking tree nie.<sup>(91.)</sup>

### **2.3.2. Bestaande en beplande maatreëls in individuele state**

Europese state poog steeds ook om die probleem van onwettige vreemdelinge op

nasionale vlak aan te spreek. In November 1995 is nuwe maatreëls teen onwettige vreemdelinge en werkgewers wat hulle in diens neem, deur die Britse Regering voorgestel. Die *Asylum and Immigration Bill* sluit werkgewer sinksies in die vorm van swaar boetes in asook strenger maatreëls aan individue wat bestaande immigrasiewette oortree. Immigrasiebeamptes word met meer mag voorsien sodat vreemdelingarbeiders wie se verblyf en/of werkpermitte reeds verstryk het, maar onwettig binne die staat aanbly, makliker opgespoor kan word en immigrasiebeamptes se taak van deursoeking van geboue, huise en/of kantore vir dokumente te vergemaklik.<sup>(92.)</sup>

Die Minister van Binnelandse Sake se magte is ook uitgebrei en kan beveel dat sekere kategorieë van persone wat toestemming nodig het om Brittanie binne te gaan en/of daar aan te bly (byvoorbeeld vreemdelingarbeiders wat werkpermitte benodig), nie geregtig is op bystand vir behuising nie. Deur die wetsontwerp kan dit ook vir immigrante onmoontlik gemaak word om geregtig te wees om bystand te ontvang van "*Child Benefit*" wat deel vorm van die Britse gesondheidsprogram.<sup>(93.)</sup>

Werkgewers is duidelike riglyne belowe om hulle by te staan in die identifisering van onwettige vreemdelinge. Oor hierdie aspek het die Britse Minister van Binnelandse Sake dit gestel dat: "In the Asylum and Immigration Bill we are proposing the creation of a new criminal offence of employing an immigrant aged 16 or over if that immigrant does not have valid leave to remain in the United Kingdom - or if he is prohibited from taking the employment in question. The Government will be providing guidance to employers and explaining to them what they will need to do to establish a defence. We want all employers to be aware of their new obligations. The Commission of Racial Equality has promised to assist us in drawing up the guidance. However addressing the problem of illegal working, the Government needs the help of employers because access to the labour market depends on them".<sup>(94.)</sup> Die *Asylum and Immigration Bill* is goedgekeur en die *Asylum and Immigration Act* van 1996 het op 27 Januarie 1997, in werking getree.<sup>(95.)</sup>

Sommige state, byvoorbeeld Pole, beskik egter nog nie oor die nodige mannekrag om die toenemende onwettige vreemdeling probleem aan te spreek nie. Teen Augustus 1996 was slegs 16 inspekteure van die Poolse Departement van Indiensneming, verantwoordelik vir die opsporing en arrestasie van onwettige vreemdelinge.<sup>(96.)</sup>

Gedurende Oktober 1996 is 'n wetsontwerp in Frankryk geformuleer wat voorsiening maak vir die wettiging van onwettige vreemdelinge. Om vir permanente verblyfstatus te kwalifiseer, moes die individue aan een of meer van die volgende kriteria voldoen, naamlik: dat hulle meer as 15 jaar in Frankryk woon en werk; 'n Franse eggenoot het; en/of Franse kinders hê. Die wetsontwerp verleen egter nie burgerskap aan onwettige vreemdelinge as ouers van kinders wat in Frankryk gebore is nie. Die Franse Regering poog deur die beplande maatreëls om beheer oor migrante te verskerp en wetlike maatreëls te oorbrug wat die uitsetting van onwettige vreemdelinge verhinder of bemoeilik.<sup>(97.)</sup>

Gedurende 27 Februarie 1997 is wetgewing in Frankryk goedgekeur waarmee die teenwoordigheid van sommige onwettige vreemdelinge gewettig kon word, maar die opsporing en uitsetting van onwettige vreemdelinge terselfdertyd vergemaklik is. Die nuwe wetgewing gee onder andere aan die polisie die reg om persele vir onwettige vreemdelinge te deursoek, om vreemdelinge se voertuie te deursoek, en om die paspoorte van vreemdelinge, wat nie vereiste verblyfpermitte kan toon nie, te konfiskeer.<sup>(98.)</sup> Besoekers van ontwikkelende state wat van plan is om van privaataakkommodasie in Frankryk gebruik te maak, word ook verplig om 'n uitnodigingsbrief van die Franse gasheer (in wie se woning gebly gaan word) te verkry en moet dié "sertifikaat" aan owerhede by die betrokke lughawe, met vertrek, oorhandig word.<sup>(99.)</sup>

Die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge het tot 'n mindere of meerdere mate 'n negatiewe invloed op die maatskaplike en politieke terreine van Wes-Europese state, maar die grootste negatiewe implikasie van die teenwoordigheid van groot getalle onwettige vreemdelinge is op dié state se ekonomiese. Dié negatiewe invloed kan dikwels in die verlaging van loonvlakke en die bydrae tot groeiende werkloosheidsfyfers, gesien word.

### 3. Asië

Tot einde 1997 is sommige ekonomiese binne die Asiatische streek gekenmerk deur stabiele groei. Die gevolg was die ontwikkeling van arbeidstekorte in state soos Japan, wat geleid het tot 'n toenemende behoefte aan goedkoop en maklik bekombare migrante

arbeid. Saam met die toenemende getalle vreemdelingarbeiders in Asiatiese state, het die getalle onwettige vreemdelinge egter ook vermeerder. Die aard en omvang van die onwettige vreemdelingprobleem in sommige Asiatiese state word vervolgens bespreek.

### 3.1 Historiese oorsig oor wettige en onwettige migrasie en die aard en omvang van die onwettige vreemdelingprobleem in Asië

Meer as die helfte van die wêreld se migrante arbeidsmag word in Asië en die Stille Oseaan gebied aangetref. Gedurende die 1970's en 1980's het internasionale migrasie vanaf Asië na geïndustrialiseerde state dramaties toegeneem, maar gedurende die 1990's het die klem na interne migrasie binne Asië verskuif, veral van minder ontwikkelde state met groot arbeidsurplusse na vinnig groeiende, nuut-geïndustrialiseerde state met 'n tekort aan goedkoop arbeid. Dié migrasie tendens het telkens ekonomiese, maatskaplike en politieke veranderings tot gevolg gehad. Goeie voorbeeld hiervan is onlangse investering deur Hong Kong in die "Special Economic Zone of Shenzhen", in die suide van Sjina. Dié investering het geleei tot die beskikbaarheid van twee miljoen werkgeleenthede en massa landelike tot stedelike migrasie. 'n Verdere voorbeeld is die "transmigrasie" program in Indonesië. Hierdie program was verantwoordelik vir die verskuiwing van 6,5 miljoen individue van digbevolkte Java na minder oorbevolkte eilande, byvoorbeeld Sumatra en Sulawesi.<sup>(100.)</sup>

Grootskaalse migrasie in Asië het toenemend na die beëindiging van die post-koloniale periode, begin voorkom. Ná dié tydperk kon Asiatiese state op internasionalevlak deel hê aan ekonomiese en politieke verhoudinge en interaksies. Deur handel en industrialisasie is huidige vorme van produksie en maatskaplike strukture toenemend verander. Mense is na stede gelok deur beter en meer beskikbare werkgeleenthede, maar die vinnige industriële groei van sommige streke en die voortdurende stagnasie van ander, het veroorsaak dat individue ook na ander state moes migrer om werk te verseker. Só het onwettige immigrasie na ander state buite die Asiatiese streek afgeneem en tussen state binne die streek, begin toeneem.<sup>(101.)</sup>

Soos reeds genoem, het drastiese ekonomiese groei in sommige Asiatiese state 'n toenemende behoefte aan migrante arbeid laat ontstaan. Sulke state sluit onder andere Japan, Hong Kong, Taiwan en Singapoer in. Arbeiders wat die groot behoefte aan arbeid

kon vul, is "ingevoer" van veral Pakistan, die Filippyne, Bangladesh en Korea. Die probleem is egter dat die behoefté aan goedkoop arbeid só groot is dat vreemdelinge uit bogenoemde state dikwels sonder permitte aangestel word, as veral werkers in fabrieke of die konstruksiesektor.<sup>(102.)</sup>

As gevolg van die ekonomiese vooruitgang van ook Suid-Korea in die streek, gebeur dit al hoe meer dat burgers wat Suid-Korea verlaat het as gevolg van swak ekonomiese omstandighede, nou na Suid-Korea terugkeer omdat die moontlikhede vir 'n suksesvolle toekoms daar veel beter lyk as in die state waarheen hulle vroeër geïmmigreer het. Volgens die Suid-Koreaanse Departement van Buitelandse Sake is tussen 5 000 en 6 500 persone gedurende 1992 terug na Suid-Korea in vergelyking met 800 in 1980. Volgens dié individue is hulle kans op sukses in Suid-Korea veel beter as in byvoorbeeld die VSA of Brittanje. Beter ekonomiese omstandighede beteken egter ook meer buitelandse werkers en onwettige vreemdelinge. Volgens die Departement van Arbeid in Suid-Korea was daar teen die einde van Julie 1995 ongeveer 6 475 vreemdelingarbeiders en 61 000 onwettige vreemdelinge in een of ander tipe betrekking in Suid-Korea. Bykans die helfte van bogenoemde persone was van Sjina afkomstig, waarvan 20 000 oorspronklik Koreaans was.<sup>(103.)</sup> Sedertdien, het die beraamde getal onwettige vreemdelinge drasties vermeerder. Volgens Desember 1997 beramings was daar sowat 370 000 vreemdelingarbeiders, waarvan soveel as 146 000 onwettige vreemdelinge, in Suid-Korea werksaam.<sup>(104.)</sup>

Uitsettings en deportasie statistiek van onwettige vreemdelinge, gee dikwels 'n goeie aanduiding van die omvang van die onwettige vreemdelingprobleem in 'n bepaalde staat. In Thailand is 25 385 onwettige vreemdelinge tussen Januarie 1996 en Oktober 1996 en 93 172 in dieselfde periode gedurende 1997, deur die regering gerepatrieer.<sup>(105.)</sup> Gedurende 1997 was 1,2 miljoen wettige vreemdelingarbeiders in Maleisië werksaam, terwyl die getal onwettige vreemdelinge op 800 000 individue geraam is. Sowat 9 000 onwettige vreemdelingarbeiders, is deur die regering gedeporteer.<sup>(106.)</sup> In 'n staat wat pas die voorspoed van 'n groeiende ekonomie begin geniet het en daarmee saam vir sy eie burgers goeie werkgeleenthede kan bied, kan die onwettige vreemdelingkwessie 'n ernstige probleem raak. Die kans op kosbare werkgeleenthede word van Maleisiese burgers weerhou, omdat onwettige vreemdelinge die poste beklee.

## 3.2 Implikasies van die onwettige vreemdelingprobleem

Die implikasies van die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge in die Asiatiese streek, word vervolgens bespreek.

### 3.2.1 Maatskaplike implikasies

Omdat bykans al die state binne die Asiatiese streek reeds vir 'n lang periode op groot skaal van vreemdelingarbeid gebruik maak, bestaan daar nie werklik 'n noemenswaardige bedreiging van oorweldigende eksterne kulture of gelowe nie. Maleisië, byvoorbeeld se bevolking bestaan uit 'n komplekse, etniese samestelling (56 persent Maleisiërs, 33 persent Sjinese en tien persent Indiërs en ander). Vir so 'n staat hou onwettige vreemdelinge bykans geen bedreiging vir kultuurskending in nie, tensy die getalle drasties in 'n kort tydperk vermeerder.<sup>(107.)</sup>

Indirekte kostes bestaan natuurlik ook. Siektes en virusse kan maklik deur vreemdelinge (wettig of onwettig) oor grense versprei word. Oor 'n lang termyn kan die verskynsel 'n regering se besteding op mediese dienste dramaties verhoog en uiteindelik veroorsaak dat nasionale produktiwiteit begin afneem. Gedurende September 1996 het die regering van Maleisië twee maatreëls geïmplementeer om die verspreiding van aansteekbare siektes deur vreemdelingarbeiders, te voorkom. Aangesien 'n groot aantal vreemdelingarbeiders in Maleisië van veral Indonesië afkomstig is, is besluit dat gekose klinieke in die vreemdelingarbeiders se tuisstate, verantwoordelik sou wees vir gesondheidstoetse op arbeiders voordat hulle in Maleisië toegelaat sou word. Agentskappe sou ook in Maleisië self opgerig word, om vreemdelingarbeiders se gesondheidstoestand te kontroleer. Dié streng maatreëls is geïmplementeer nadat vreemdelingarbeiders betrokke was by ongeveer 11,5 persent van alle tuberkulose gevallen en 13 persent van alle malaria gevallen wat gedurende 1995 in Maleisië aangeteken is.<sup>(108.)</sup>

Onwettige vreemdelinge dra ook by tot die gesondheidsprobleem in informele nedersettings. Alhoewel 'n groot deel van die individue wat in hierdie nedersettings woon wettige vreemdelingarbeiders is (meer as een miljoen), is die regering van Maleisië oortuig dat sowat 500 000 onwettige vreemdelinge is. In die *New Straits Times* is berig

dat alhoewel die sloping van informele nedersettings soms emosioneel en hartseer is, dit in sommige gevalle gedoen moet word om die staat se wetsgehoorsame burgers te beskerm. Daar word na "squatter settlements" verwys omdat 'n groot getal van die individue wat in hierdie tipe gebiede bly, onwettige vreemdelinge is.<sup>(109.)</sup>

Op 7 Augustus 1998 het die Thaise Minister van Binnelandse Sake bekend gemaak dat werkgewers binne 60 dae, alle onwettige vreemdelinge in hulle diens moes registreer en sorg dat dié individue gesondheidsondersoeke ondergaan. Alle onwettige vreemdelinge wat aan een van die volgende siektes ly, naamlik tuberkulose; melaatsheid; elefantiasie; sifilis; dwelmverslawing; alkoholisme; geestesversteuring of verstandelike vertraging, is gedeporteer. In 'n poging om die las op gesondheidsdienste te verlig, het die regering bekend gemaak dat werkgewers verplig is om 'n kredietkaart (met 'n waarde van 500-bath) aan alle vreemdelingarbeiders uit te reik, wat hulle vir kostes van mediese dienste kan gebruik.<sup>(110.)</sup>

Die negatiewe implikasies van die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge in Asië kan ook gesien word in dié individue se betrokkenheid by misdaad. In Pakistan is sowat 2 000 onwettige vreemdelinge uit Bangadesj, gedurende November 1995 gearresteer omdat die Pakistanse regering dié individue as 'n veiligheidsrisiko beskou het. Die regering van Pakistan beskou die onwettige vreemdelinge as 'n veiligheidsrisiko as gevolg van hulle betrokkenheid by die smokkel van veral wapens en dwelms; en omdat dié individue dikwels van die staat se beperkte maatskaplike dienste gebruik maak.<sup>(111.)</sup> In Hong Kong word onwettige vreemdelinge van Sjina blameer vir 'n drastiese toename in misdaad. Gedurende September 1996 is 'n gemiddeld van 64 Sjinese onwettige vreemdelinge per dag gearresteer en volgens die polisie in Hong Kong is sommige van die onwettige vreemdelinge tot soveel as 100 keer gearresteer.<sup>(112.)</sup> Die koste van toenemende polisiëring om toenemende misdaadsyfers teen te werk moet deur die staat gedra word.

### ***3.2.2 Ekonomiese implikasies***

Die effek wat onwettige vreemdelinge op 'n bepaalde staat se ekonomie kan hê hang tot 'n groot mate af van die staat se gewilligheid om onwettige vreemdelinge (en onwettige vreemdelinge se kinders) se skoolopleiding, gesondheid en behuising te subsidieer. In

Maleisië is dit wel die geval. Volgens ramings het Maleisië die grootste vreemdelingarbeidsmark van al die Asiatiese state met sowat 1,2 miljoen wettige vreemdelingarbeiders, en 'n beraamde getal van 800 000 onwettige vreemdelinge.<sup>(113.)</sup> Die Maleisiese Regering spandeer jaarliks groot somme geld aan vreemdelingarbeiders en daar mee saam onwettige vreemdelinge. In sommige dele word plakkerskampe afgebreek waarna lae koste behuising selfs aan onwettige vreemdelinge aangebied word.<sup>(114.)</sup> Die kostes verbonde aan die aanhouding, deportasie en uitsetting van onwettige vreemdelinge, beloop ook groot bedrae. Aan die begin van 1998, is berig dat elk van Maleisië se tien aanhoudingskampe (wat elk 2 000 individue kan huisves), vol is. Teen 1998 moes die regering M\$104 per dag (ongeveer RM10 [\$3] per individu) spandeer om vir voedsel en die behuising van aangehoue onwettige vreemdelinge te betaal.<sup>(115.)</sup>

Die bereidwilligheid van onwettige vreemdelinge om dikwels vir laer lone as wettige burgers te werk, is soms verantwoordelik vir die verlaging van loonvlakke in 'n bepaalde staat. Omdat onwettige vreemdelinge bereid is om teen baie lae lone te werk, verlaag dit die totale minimum inkomste van alle werkers. Laasgenoemde probleem kom in bykans al die Asiatiese state met onwettige vreemdelingprobleme voor.<sup>(116.)</sup> Die gewilligheid van onwettige vreemdelinge om teen lae lone en in swak omstandighede te werk, veroorsaak dat werkgewers eerder onwettige vreemdelinge as wettige burgers, in diens neem. Gedurende Januarie 1996 is die getal vreemdelingarbeiders werksaam in Suid-Korea op 135 686, geraam. Van dié getal, was 51 301 wettige arbeiders en ongeveer 84 385 onwettige vreemdelinge. Volgens beramings van die Suid-Koreaanse Regering, het die getal onwettige arbeiders teen die einde van Mei 1996 toegeneem tot 100 000 wat 60 persent van die arbeidsmag verteenwoordig.<sup>(117.)</sup> Teen die einde van 1997 is beraam dat 140 000 van die 370 000 vreemdelingarbeiders in Suid-Korea onwettig in die land werk. Alhoewel in veral die produksiesektor van Suid-Korea se ekonomie op groot skaal van migrante arbeid gebruik gemaak word, het die getalle onwettige vreemdelinge tot so 'n mate toegeneem dat dit vir burgers van Suid-Korea toenemend moeilik word om werk te bekom.<sup>(118.)</sup>

### **3.2.3 Politieke implikasies**

Die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge binne 'n bepaalde staat kan in sommige gevalle tot konflik lei. In Maleisië byvoorbeeld het die toenemende getalle

onwettige vreemdelinge uit veral die Filippyne en Indonesië, veroorsaak dat interne konflik, te midde van nasionale verkiesings, ontstaan het. Die twee groepe wat by die konflik betrokke was, was die Parti Bersatu Sabah (PBS) en die regerende party in Maleisië. Eersgenoemde het die regering daarvan beskuldig dat hy die invloei van onwettige vreemdelinge toelaat sodat die individue onwettig op die regering se kieserslyste geplaas kan word, en sodoende die verkiesing op oneerlike wyse kon wen. Goeie ekonomiese sowel as politieke bande met die Filippyne het egter verseker dat die interne konflik nie uitgebrei het tot interstaatlike konflik nie.<sup>(119.)</sup>

In Thailand, het een van die politieke partye, die Thai Labor Congress, gedurende Augustus 1996 gedreig met 'n landswye werkstaking indien die regering sou voortgaan met die implementering van goedgekeurde maatreëls rakende die wettiging van vreemdelingarbeiders. Volgens dié Party was immigrante in die algemeen, en onwettige vreemdelinge spesifiek, verantwoordelik vir die feit dat duisende Thaise burgers hulle werk verloor het en sodoende aanleiding gegee het tot maatskaplike probleme. Die feit dat werkgewers, ten spyte van werkgewersanksies, nog steeds eerder onwettige vreemdelinge as burgers in diens neem, lei tot toenemende ongelukkigheid en negatiwiteit van wettige burgers teenoor nie net onwettige vreemdelinge nie, maar ook immigrante in die algemeen.<sup>(120.)</sup>

### **3.3 Bestaande en beplande maatreëls om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek**

Alhoewel verskeie state in Asië se ekonomieë tot 'n groot mate afhanklik is van migrante arbeid, het die getalle onwettige vreemdelinge in die afgelope paar jaar tot so 'n mate toegeneem, en daarmee saam die effek daarvan op veral die ekonomieë van die state, dat die onderskeie regerings verskeie maatreëls ingestel het om die getalle onwettige vreemdelinge binne hulle grense te probeer verminder of ten minste die invloed van dié individue op verskillende terreine van die samelewing, te beperk. Omdat die state in die genoemde streek se onwettige vreemdelingprobleem oor veral die afgelope paar jaar drasties toegeneem het, het elk sy eie bestaande en beplande maatreëls om die probleem aan te spreek. Dit is egter onmoontlik om elke staat se maatreëls volledig te bespreek.

Soos reeds genoem, is die grootste oorsaak van die probleem van die streek, wat

onwettige vreemdelinge betref, geweldige ekonomiese groei en vooruitgang gedurende die laaste paar jaar. Duisende poste is as gevolg van hierdie ekonomiese groei geskep in veral klein en medium industriële maatskappye en die feit dat onwettige vreemdelinge nie geskoold of bekwaam hoof te wees om die beskikbare werk te verrig nie, vergemaklik hulle indiensneming. Boonop word opleiding dikwels aan vreemdelingarbeiders verskaf sodra hulle 'n bepaalde staat wettig binne gaan op soek na werk. Singapoer is slegs een voorbeeld van 'n staat in die streek wat spesiale opleidingskemas geïmplementeer het om te verseker dat arbeiders die korrekte opleiding ontvang. Vele vreemdelingarbeiders kom state dus wettig binne, ontvang opleiding maar bly onwettig aan nadat hulle tydelike verblyf- en/of werkpermitte verstryk het wat hulle dan outomaties in die onwettige vreemdelingekategorie plaas.<sup>(121.)</sup>

Die Parlement van Singapoer het ook gedurende November 1995, wetgewing goedgekeur in 'n poging om die aanstelling van onwettige vreemdelinge in die konstruksie bedryf te verhoed. Die *Employment of Foreign Workers Act* van 1995, bepaal dat enige werkewer wat onwettige vreemdelinge in diens neem, met tot \$15 000 beboet kan word of tot gevangenisstraf gevonnis kan word. Dié drastiese stappe is geneem nadat ontdek is dat 'n gemiddeld van 31 werkewers gedurende 1994, 37 onwettige vreemdelinge maandeliks in diens geneem het.<sup>(122.)</sup> Nuwe arbeidswette is ook geformuleer en geïmplementeer om te verhoed dat werkewers eerder van vreemdelingarbeid gebruik maak omrede hulle goedkoper arbeid as die plaaslike bevolking verskaf. Volgens die wetgewing moet kontrakteurs 'n fooi van \$200 (Singapoer dollars) tot \$440 betaal sodra hulle 'n werknemer uit 'n ander staat huur. Soos in meeste ander state is werkewers egter onder groot versoeking om onwettige vreemdelinge in diens te neem omdat hierdie fooi dan nie betaal hoof te word nie. Werkewers in Singapoer is gedurende September 1996 swaar beboet vir die indiensneming van onwettige vreemdelinge. Die Ssangyong-Guan Ho Joint Venture maatskappy is met R5 miljoen beboet vir die indiensneming van sowat 140 Indonesiese en Maleisisiese onwettige vreemdelinge sonder werkpermitte.<sup>(123.)</sup>

Omdat bykans al die state in Asië "invoerders" van arbeid is, kan daar nie 'n algemene verbod op die toelating van vreemdelinge ingestel word nie. Die meeste state se nuwe beleid rakende vreemdelinge word in die volgende drie punte omvou (met genoeg ruimte vir arbeidsinvoere): geen ongeskoolde werkers word toegelaat nie; alle vreemdelinge word slegs op 'n tydelike grondslag in die staat toegelaat; en vreemdelinge word in die

staat toegelaat slegs as soveel moontlik wettige burgers wat op soek is na werk, beskikbare poste gevul het. Dié drie kriteria word in die vorm van beleid rakende visums, werkgewersanksies en beleid rakende vlugtelinge, geïmplementeer.<sup>(124.)</sup>

In Pakistan is sowat 2 000 onwettige vreemdelinge gedurende November 1995 gearresteer en aangehou nadat die regering nuwe regulasies ingestel het, om die getal onwettige vreemdelinge in veral Karachi (waar hulle as 'n veiligheidsrisiko gesien word), te verminder. Omdat die visbedryf die grootste werkverskaffer aan onwettige vreemdelinge is, het die regering ook besluit om migrante die hawe-area te belet. Die gevolg was egter dat aktiwiteite in die hawe bykans tot stilstand gedwing is omdat onwettige vreemdelinge (gedurende 1995), sowat 60 persent van die arbeidsmag in die hawegebiede gevorm het.<sup>(125.)</sup>

Sjina het op 1 Mei 1996 drastiese stappe ten opsigte van die onwettige vreemdelingoprobleem begin implementeer. Ooreenkomsdig nuwe regulasies moes vreemdelingarbeiders werkpermitte by hulle plaaslike arbeidsdepartemente sowel as verblyfpermitte by hulle openbare sekuriteitsdepartemente afhaal, sodra hulle in diens geneem word. Vreemdelingarbeiders wat nie bogenoemde vereistes nakom nie, kan swaar beboet of selfs uit die staat gesit word.<sup>(126.)</sup>

Gedurende Februarie 1996 het Maleisië bekend gemaak dat alle onwettige vreemdelinge wat hulself by die owerhede aanmeld, kan terugkeer na hulle eie state, op voorwaarde dat hulle die volgende vereistes nakom: die onwettige vreemdelinge moes 'n boete van \$400 of RM 3000 betaal; hul eie vervoer terug na hulle eie state betaal; en daar sou vingerafdrukke van hulle geneem word. Die voorstel was egter nie baie suksesvol nie omdat vele onwettige vreemdelinge bang was dat dit vir hulle onmoontlik sou wees om weer na Maleisië terug te keer omdat hulle vingerafdrukke op rekord sou wees.<sup>(127.)</sup> Aan die begin van 1997 het die regering van Maleisië boetes wat aan individue gegee word wat vesting aan onwettige vreemdelinge verskaf; werkgewers waarvoor vyf of meer onwettige vreemdelinge werk; of individue wat eiendom aan onwettige vreemdelinge verhuur, verhoog. In die geval wat 'n individu aan enige van bogenoemde skuldig bevind is, is hy/sy verantwoordelik gehou vir kostes aangegaan vir die arrestasie, aanhouding, uitsetting of deportasie van die onwettige vreemdeling. Boetes van tot M\$50 000 (\$20 000), en twee tot vyf jaar tronkstraf kan ook opgelê word. Met dié maatreël het die

regering gepoog om werkgewers te dwing om eerder wettige burgers in diens te neem en om die ekonomie se afhanklikheid van migrante arbeid te probeer verminder.<sup>(128.)</sup> In 'n verdere poging om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek, het die polisie van Maleisië gedurende Junie 1997 'n reeks inspeksies uitgevoer. Die dokumentasie van sowat 8 547 vreemdelingarbeiders wat in die omgewing van die Kuala Lumpur Lughawe werk, is nagegaan en 1 000 onwettige vreemdelinge van Ghana, Indië, Egipte en Jemen, is gearresteer.<sup>(129.)</sup>

Thailand het ook streng maatreëls ingestel in 'n poging om die getalle onwettige vreemdelinge (binne sy grense) te verminder. Gedurende Augustus 1996 is regulasies uitgevaardig vir die implementering van programme om onwettige vreemdelinge te wettig. Dié programme het ongeveer 700 000 onwettige vreemdelinge van Myarmar, Laos en Kambodja ingesluit, wat hoofsaaklik in die produksie en vervoersektore werksaam was. Die nuwe regulasie het onder meer vereis dat werkgewers Thaise arbeidswette gehoorsaam wanneer vreemdelingarbeiders (wat onlangs gewettig is) in diens geneem word en die wette stipuleer dat vreemdelingarbeiders dieselfde lone as Thaise burgers ontvang.<sup>(130.)</sup> In 'n verdere poging om die getalle onwettige vreemdelinge te probeer verminder, het die Thaise Regering en die regering van Kambodja samesprekings gevoer ten einde 'n bilaterale arbeidsooreenkoms en vreemdelingarbeidsprogram tussen die twee state saam te stel (aan die einde van 1997, was sowat 30 000 burgers van Kambodja in Thailand werksaam). Soortgelyke samesprekings met Birma, waarvan 800 000 burgers in Thailand werksaam is, word beplan.<sup>(131.)</sup>

Dit is duidelik dat van die regerings nog nie werklik bekommerd is oor die probleem van onwettige vreemdelinge nie. Dit blyk dat die regerings altyd opsies wil oophou wat vreemdelingarbeidsbeleid betref, terwyl hulle die behoeftte van die klein en medium grootte maatskappye telkens bevredig deur deure oop te hou vir immigrante. Omdat die groeiende ekonomieë nog te veel fluktueer, is regerings daarvan oortuig dat as hulle nou te streng maatreëls teen onder andere werkgewers wat onwettige vreemdelinge in diens neem implementeer, dit nie gou genoeg verander sal kan word as die ekonomie weer dringend vreemdelingarbeid benodig nie.

## 4. Die Midde-Ooste

Die Midde-Oosterse streek, is 'n gebied met uiterste geografiese kontraste. Sommige dele is geleë in van die wêreld se mees vrugbare gebiede byvoorbeeld die gebied tussen Morokko en Turkye (en stede in dié gebiede byvoorbeeld Beiroet is geweldig dig bevolk), terwyl ander streke weer uiters droog is. As gevolg van die kontraste in beide die klimaat en bevolkingsdigtheid maak verskeie state in dié streek op migrante arbeid staat om aan hulle arbeidsbehoeftes te voorsien. Gevolglik bly sommige van die arbeiders onwettig in state aan, wat een van die grootste probleme rakende die verskynsel van onwettige vreemdelinge in die streek is.

### 4.1 Historiese oorsig oor wettige en onwettige migrasie en die aard en omvang van die onwettige vreemdelingprobleem in die Midde-Ooste

Na die verhoging van die olieprys in 1973, het grootskaalse migrasie vanafveral Asië na die Midde-Ooste dramaties toegeneem. 'n Groot aantal van die migrante uit Suid-Asië was onbekwaam en ongeskoold maar immigrante vanaf state soos die Filippyne en Suid-Korea, was geletterd en bekwaam en kon aansoek doen vir poste soos dokters en ingenieurs. Dit was duidelik dat 'n groot aantal van die migrante wat na state in die Midde-Ooste migreer het, nie deel van die surplusbevolking was wat bestaan het uit werklose, arm en ongeskoolde individue nie en het migrante op daardie tydstip wel bygedra tot die ekonomiese groei van state soos Israel, Egipte en Jordanië (of hulle hul verblyfpermitte hernu het en of hulle onwettig aangebly het).<sup>(132.)</sup>

Gedurende die 1980's het die aanvraag na arbeid afgeneem maar die hoë lone wat aan vreemdelingarbeiders betaal is, het verseker dat die individue steeds in die state kon aanbly en het migrante steeds aangespoor om na dié state te migreer. Alhoewel vreemdelingarbeiders 'n belangrike deel van state in die Midde-Ooste (veral olieryke state) se ekonomieë vorm, ondervind dié state 'n groot onwettige vreemdelingprobleem. Al is sulke state dikwels tot 'n groot mate afhanklik van migrante arbeid, en al is werkgeleenthede altyd volop as gevolg van groeiende ekonomieë, kom groot getalle onwettige vreemdelinge wat bereid is om vir laer lone te werk, tog voor. Onwettige vreemdelinge kom meeste van dié state binne met tydelike werkpermitte en identiteitsdokumente (wat ook vervals of op die "swartmark" gekoop kan word), maar

verbreek dan die toegelate verblyfperiode op hulle verblyf- en/of werkpermitte en bly as onwettige vreemdelinge in die bepaalde staat aan.<sup>(133.)</sup>

Oor die afgelope paar jaar het regerings soos dié van die Verenigde Arabiese Emirate (VAE) verskeie maatreëls probeer toepas om die onderskeie ekonomiese afhanklikheid van migrante arbeid te probeer verminder. Ook Israel wat tot en met die laat 1980's 'n grootskaalse invoerder van migrante arbeid was, vind dit moeilik om toenemende getalle onwettige vreemdelinge te verminder en te beheer.<sup>(134.)</sup>

Dit is geraam dat die getal onwettige vreemdelinge in Israel teen 'n jaarlikse koers van bykans vier persent oor die afgelope drie jaar (tot en met 1996), toegeneem het. Vreemdelingarbeiders word dikwels deur 'n bepaalde werkgewer in hulle eie tuisstate "gewerf" en word dan werk in 'n ander staat aangebied, in hierdie geval Israel. Sodra 'n migrante arbeider egter vir 'n tydperk in 'n bepaalde pos werksaam was en sy/haar werkpermit verstryk, gaan die arbeider na 'n ander werkgewer wat hoër lone betaal sonder om weer die werk- of verblyfpermit te hernu. 'n Ander werkgewer sal die onwettige vreemdeling sonder enige wettige dokumentasie in diens neem, omdat onwettige vreemdelinge dikwels bereid is om onder swakker omstandighede en teen laer lone as wettige burgers van 'n bepaalde staat te werk. Op hierdie wyse groei die getal onwettige vreemdelinge. Onwettige vreemdelinge gebruik ook ander metodes om state (in hierdie geval Israel) binne te gaan. 'n Groep Nigeriërs het Israel byvoorbeeld probeer binnegaan deur middel van vervalste dokumente wat aangetoon het dat hulle deel van VN Vredesmagte was. Soos in meeste ander state, kan individue enige vervalste dokumente teen die regte prys bekom, óf van die swart mark óf van private ondernemers wat onwettige vreemdelinge op dié manier probeer uitbuit.<sup>(135.)</sup>

Gedurende Mei 1996 is 'n verslag deur die Israelse Regering uitgereik waarin dit gestel is dat ongeveer tien persent van Israel se arbeidsmark migrante is en slegs 100 000 van dié individue wettig in diens geneem is - 100 000 van hierdie individue was dus gedurende 1995 onwettig in Israel werksaam.<sup>(136.)</sup> Aan die begin van 1998 is dit gestel dat die aantal vreemdelingarbeiders in Israel vanaf 125 000 gedurende 1990 tot 245 000 gedurende 1997 toegeneem het, en is dit geraam dat 120 000 onwettige vreemdelingarbeiders gedurende 1997, in Israel werksaam was.<sup>(137.)</sup>

## 4.2 Implikasies van die onwettige vreemdelingprobleem

Gedurende die afgelope paar jaar, het toenemende getalle onwettige vreemdelinge in verskeie state binne dié streek voorgekom. Gevolglik het die invloed van die onwettige vreemdelinge op verskeie terreine toegeneem.

### 4.2.1 Maatskaplike implikasies

Omdat arbeidsinvoere in meeste van die Midde-Oosterse state voorkom en omdat die bevolkings van die state reeds divers is, beïnvloed groot groepe onwettige vreemdelinge die bestaande taal, kultuur en geloof tot 'n mindere mate. Wrywing tussen wettige burgers en onwettige vreemdelinge kom egter tog voor, hoofsaaklik as gevolg van die feit dat onwettige vreemdelinge wettige burgers beroof van hulle kans op werkgeleenthede.

Soos reeds genoem, werk onwettige vreemdelinge dikwels in haglike omstandighede en teen uiters lae lone en is sulke individue se lewenstandaard dus oor die algemeen laag. In 'n poging om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek, het die Israelse Regering begin om strenger maatreëls teen onwettige vreemdelinge in te stel. Volgens staatsamptenare, is strenger maatreëls gemotiveer deur "...the desire to avoid social problems caused by the presence of large communities of low-paid foreigners." Dorit Basman, 'n woordvoerder vir die Ministerie van Arbeid en Maatskaplike Aangeleenthede, het dit gestel dat: "Most of these foreign workers live in terrible conditions and this is not good for them or the state."<sup>(138)</sup>

Onwettige vreemdelinge is ook dikwels verantwoordelik vir sekondêre uitgawes wat deur 'n bepaalde regering aangegaan moet word. In Israel is die meeste onwettige vreemdelinge in Tel Aviv gekonsentreer. Gedurende Augustus 1996 is berig dat ongeveer 100 000 onwettige vreemdelinge in en om Tel Aviv werksaam is, waar die totstandkoming van bordelle en kroeë geweldig toegeneem het as gevolg van die geweldige toename in 'kliënte'. Ernstige siektes, byvoorbeeld die menslike immuniteitsvirus (MIV), word in sulke omstandighede vinnig versprei en as 'n direkte gevolg, is regerings later verplig om meer geld vir gesondheidsdienste te voorsien, nie net aan sy eie burgers nie, maar ook aan onwettige vreemdelinge. Die bykomende mediese uitgawes

wat onder sulke omstandighede deur die regering aangegaan moet word, word vererger deur die verlaging van produktiwiteit as gevolg van werkers wat by die huis moet bly omdat hulle te siek is om te werk. Dieselfde geld vir die onderwys en maatskaplike dienste.<sup>(139.)</sup>

Nasionale kultuur en identiteit is nie staties nie maar dinamies en verander wel oor 'n lang periode van tyd. Die teenwoordigheid van groot getalle individue in 'n bepaalde staat met verskillende kulture, gelowe en nasionale identiteite, sal nie die bestaande kulture, gelowe en die nasionale identiteit tot so 'n mate beïnvloed dat dit drasties sal verander nie.

#### ***4.2.2 Ekonomiese implikasies***

Die grootste probleem wat onwettige vreemdelinge vir Midde-Oosterse ekonomieë inhoud, is om teen laer lone en onder moeiliker omstandighede te werk as wat wettige burgers bereid is om te werk, en die gevolg is dikwels die verlaging van loonvlakke in die totale arbeidsektor. Omdat meeste van die state in die Midde-Ooste (veral olieryke state) vreemdelingarbeiders vir 'n geruime tyd al "invoer", beklee vreemdelingarbeiders 'n groot aantal van die posisies in veral die industriële- en produksiesektore. Koeweit het byvoorbeeld 'n totale bevolking van sowat twee miljoen individue, waarvan 1,1 miljoen in die arbeidsmag werksaam is. Van dié 1,1 miljoen is slegs sowat 176 000 wettige burgers van Koeweit. Die onwettige vreemdelinge wat teen baie lae lone werk benadeel die ekonomie tot 'n groot mate.<sup>(140.)</sup>

In Jordanië is sowat 90 persent van die totale vreemdelingarbeidsmag uit Egipte afkomstig, maar slegs 100 000 uit die beraamde 230 000 arbeiders is in die besit van wettige werkpermitte. Met 'n werkloosheidsyfer van 18 persent, is die regering van Jordanië vasberade om suksesvolle oplossings vir die onwettige vreemdelingprobleem te vind, en werkgeleenthede aan hulle eie burgers te voorsien.<sup>(141.)</sup>

#### ***4.2.3 Politieke implikasies***

Die feit dat state drastiese stappe neem om die onwettige vreemdelingprobleem binne hul grense aan te spreek, kan soms tot spanning tussen state lei. Palestynse

vreemdelingarbeiders wat in Israel werksaam is (sommige wettig maar baie onwettig) dra tot 'n groot mate by tot die ekonomiese voortbestaan en ontwikkeling van die Gaza-streek en die Wes-Bank. Die sluiting van die grense na bogenoemde twee streke deur Israel (vroeg in 1996), het tot gevolg gehad dat 60 000 Palestynse werkers nie by hulle werkplekke in Israel kon uitkom nie. Daar is vir 'n baie lang tydperk reeds konflik tussen Israel en die Palestynse en die sluiting van Gaza en die Wes-Bank is veroorsaak deur 'n reeks selfmoord bomaanvalle in Israel deur Palestynse Islamitiese radikale groepe. Dit is geraam dat Israel se verbanning van Palestynse veroorsaak het dat Gaza en die Wes-Bank se ekonomie tot \$3 miljoen per dag aan inkomste verloor het. Sowat een kwart van die totale Palestynse arbeidsmark was in Israel werksaam. Die verbanning van Palestynse werkers uit Israel sal beslis die vredesproses wat tussen die twee gebiede bestaan, bemoeilik.<sup>142.</sup>

Migrante arbeid was nog altyd 'n belangrike faktor in die suksesvolle ekonomiese groei van state in die Midde-Ooste, maar die geweldige toename in getalle onwettige vreemdelinge in vele van die state byvoorbeeld Saoedi-Arabië, het regerings laat besluit om hulle houdings sowel as beleidsrigtings teenoor onwettige vreemdelinge en ook vreemdelingarbeiders, te verander. Omdat die ekonomie in die streek altyd tot 'n mate afhanklik sal bly van vreemdelingarbeiders, het maatreëls nog nie so vêr gegaan as om migrasie dramaties af te skaal, of selfs te beëindig nie. Die toename van onwettige vreemdelinge in state het egter veranderings in regerings se migrasiebeleidsrigtings teweeggebring.

#### **4.3 Bestaande en beplande maatreëls om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek**

Verskeie state in die Midde-Ooste het oor streng regulasies begin implementeer om die aantal onwettige vreemdelinge binne hulle grense te probeer verminder en sodoende meer werkgeleenthede aan hulle eie burgers te bied.

Gedurende 1995 is aan onwettige vreemdelinge binne Jordanië 'n afsluitdatum (26 Oktober 1995) gegee, om die land te verlaat. Die beraamde getal onwettige vreemdelinge (meestal Egiptenare) wat Jordanië voor die gegewe afsluitdatum verlaat het, is bereken op sowat 70 000. As in ag geneem word dat (teen die einde van 1995)

die migrante arbeidsmark in Jordanië, uit sowat 250 000 individue en die totale arbeidsmark uit ongeveer een miljoen individue bestaan het<sup>(143.)</sup>, kan bogenoemde poging om getalle onwettige vreemdelinge te verminder, as 'n sukses beskou word. Meeste van die vreemdelingarbeiders wat vertrek het, het permitte gehad om in die landbousektor werkzaam te wees, maar was onwettig in ander sektore werkzaam. Werkgewers is slegs 'n bepaalde tydperk gegun om onwettige vreemdelinge wat in hulle diens was te wettig, waarna swaar boetes en selfs gevangenisstraf opgelê sou word. Die tendens blyk te wees dat onwettige vreemdelinge (waarvan die meeste uit Egipte) Jordanië binne gaan deur middel van werkpermitte wat maklik bekombaar is, soos dié in die landbousektor, maar dan die voorwaardes van die permit verbreek deur in stedelike gebiede werk te aanvaar en langer aan te bly as die toegelate periode.<sup>(144.)</sup> In 'n poging om die hoë werkloosheidsyfer te verminder (sowat 18 persent van 'n arbeidsmag van ongeveer een miljoen), het die regering ook gedurende Augustus 1995 besluit om so min as moontlik vreemdelingarbeiders (waarvan sommige onwettig) in die volgende beroepsrigtings aan te stel, naamlik medies, ingenieurswese, administrasie, sekretarieel, haarversorging, drywers, boodskappers, opleiding en hersteldienste. Die doel daarvan was om Jordaniese burgers die geleentheid te gee om hierdie beroepe te beoefen sonder dat hulle met onwettige vreemdelinge moet kompeteer vir werkgeleenthede.<sup>(145.)</sup>

Die Israelse Regering, onder leiding van Minister Benjamin Netanyahu, het gedurende Februarie 1996 die Palestynse gebiede gesluit. Dié sluiting het tot gevolg gehad dat sowat 60 000 Palestynse werkers hulle magtiging verloor het om in Israel werkzaam te wees. Duisende ander migrante is egter sodoende verhoed om Israel binne te gaan vir werkgeleenthede wat hulle voorheen onwettig gehad het. Die Israelse Regering het die Palestynse werkers vervang deur 50 000 addisionele werkpermitte aan vreemdelingarbeiders van ander state te gee. Met hierdie vooruitsig het vele migrante Israel egter onwettig binnegegaan met die hoop om werk te kry. Die Israelse Regering beoog om die probleem aan te spreek, deur die getal wettige werkpermitte van 103 000 na 83 000 te verminder.<sup>(146.)</sup> Arbeidskontrakteurs is verplig om hulle werkpermitte vir vreemdelingarbeiders na 'n bepaalde periode te hernu, en stappe word beplan om kriteria vir die invoer van arbeiders strenger te maak en te verhoed dat werkgewers arbeiders onwettig in diens neem.<sup>(147.)</sup>

Die VAE het gedurende Augustus 1996 'n amnestie periode aan onwettige vreemdelinge

afgekondig, in 'n poging om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek. Die amnestie was oorspronklik slegs van toepassing op onwettige vreemdelinge wat langer in die land aangebly het as die toegelate periode op uitgereikte visums, maar op 9 September 1996 is bekend gemaak dat die amnestie van toepassing sou wees op alle onwettige vreemdelinge. Onwettige vreemdelinge kon die land voor die gegewe datum, sonder vervolging verlaat.<sup>(148.)</sup> Die oorspronklike afsluitdatum van die drie maande lange amnestie periode is van 30 September 1996 tot 31 Oktober 1996 verleng, om onwettige vreemdelinge die kans te gee om die land te verlaat. Die meeste onwettige vreemdelinge in die VAE is afkomstig van Indië, Pakistan, Iran en die Filippyne en teen Oktober 1996, is geraam dat meer as 145 000 onwettige vreemdelinge die land verlaat het.<sup>(149.)</sup> Gedurende Desember 1997 is die *Federal Law, no 13 on Entry and Residence*, geïmplementeer. Dié wetgewing stipuleer dat vanaf die datum van uitsetting, onwettige vreemdelinge vir 'n periode van een jaar, nie toegelaat sal word om die VAE binne te kom nie en dat 'n boete van Dh100 per dag deur onwettige vreemdelinge wat die VAE wel binnekomm, betaal moet word.<sup>(150.)</sup>

Gedurende Julie 1997 het die regering van Saoedi-Arabië strenger maatreëls begin implementeer om onwettige vreemdelinge op te spoor en te verwijder. Boetes aan werkgewers wat onwettige vreemdelinge in diens neem, is verhoog na \$26 700 of een jaar gevangenisstraf.<sup>(151.)</sup> Boetes wat persone opgelê word wat aan onwettige vreemdelinge skuiling verskaf, is verhoog tot \$26 000 of tot ses jaar gevangenisstraf. "This time our efforts were concentrated on Saudis who lodge illegal immigrants, whereas in the past we punished only the latter."<sup>(152.)</sup> 'n Afsluitdatum (17 Oktober 1997) is aan onwettige vreemdelinge gegee om die land te verlaat en gedurende November is bekend gemaak dat 400 000 van 'n beraamde getal van 700 000 onwettige vreemdelinge die land gedurende Julie, Augustus en September 1997, verlaat het.<sup>(153.)</sup> 'n Verdere 485 000 het hul teenwoordigheid gewettig.<sup>(154.)</sup> Teen die einde van November 1997 het die regering van Saoedi-Arabië bekend gemaak, dat ongeveer 2 500 onwettiges wat die land nie voor die vasgestelde datum verlaat het nie, gearresteer is nadat die polisie soektogte op 47 036 persele en industriële besighede, uitgevoer het.<sup>(155.)</sup>

Die feit dat sommige state in die Midde-Ooste, byvoorbeeld Israel, interne konflik ondervind, maak die onderskeid tussen vlugtelinge en onwettige vreemdelinge dikwels moeilik. Oor die algemeen ondervind veral olieproduserende state 'n probleem met groot

getalle onwettige vreemdelinge omdat dié state meer werkgeleenthede aan vreemdelingarbeiders kan bied.

## 5. Suidelike Afrika

Sedert die 1980's het verskeie state in die suidelike Afrikaanse streek enorme politieke, ekonomiese en maatskaplike krisisse ondervind. Die ekonomiese vermoë van state soos Zimbabwe en Mosambiek het begin afneem, en die omstandighede is boonop vererger deur destabiliserende optredes wat deur die Suid-Afrikaanse Regering teen die state in die streek, geïnisieer is. Die streek het ook gebuk gegaan onder die juk van interne en regionale konflik. Individue wat beter lewensomstandighede en werksmoontlikhede vir hulself en hulle gesinne in ander state sien, migrer dikwels onwettig. Omdat Suid-Afrika se probleem rakende onwettige vreemdelinge in latere hoofstukke in detail bespreek word, word in hierdie hoofstuk meer aandag gegee aan bepaalde ander state in die streek met spesifieke verwysing na Namibië, Zimbabwe en Botswana.

### 5.1 Wettige en onwettige migrasie en die aard en oorsake van die onwettige vreemdelingprobleem in spesifieke state in suidelike Afrika

State in suidelike Afrika beskik oor soortgelyke probleme rakende onwettige vreemdelinge as Suid-Afrika, maar die omvang daarvan is veel kleiner. Groot getalle Mosambiekse migrantte het state soos Zimbabwe en Botswana gedurende die 1980's en vroeë 1990's binnegestroom. 'n Groot aantal van hierdie individue was "ekonomiese vlugtelinge" op soek na voedsel, skuiling en werkgeleenthede omdat die ekonomiese omstandighede in Mosambiek as gevolg van gewelddadige konflik dramaties versleg het. Al hoe meer vreemdelinge uit state in Wes-Afrika het gedurende dieselfde tydperk onwettig deur state se grense beweeg óf op soek na werkgeleenthede óf het sekere state as deurgangsroete na Suid-Afrika gebruik. Individue misbruik soms vlugtelingsstatus in 'n poging om permanent in 'n staat te probeer aanbly. Namibië is 'n goeie voorbeeld. 'n Geval het voorgekom waar burgers van Ghana beweer het dat hulle burgers van Liberië is om sodoende te kwalifiseer vir vlugtelingsstatus (omdat hulle afkomstig was van 'n oorloggeteisterde staat). Malawiërs en Zambiese burgers gee weer voor dat hulle Ruandese vlugtelinge is en verwag dan so beskerming van die Zimbabweense Regering. Hierdie individue is nie werklike vlugtelinge nie, aangesien hulle werklike rede vir migrasie

nie die van vrees vir vervolging of gewelddadige konflik in hulle tuisstaat is nie, maar eerder ekonomiese redes. Sulke "vlugtelinge" is gewoonlik ook nie bereid om na spesifieke aangewysde vlugtelingskampe byvoorbeeld Osire (in Namibië), te gaan nie maar beweeg eerder na stedelike gebiede waar moontlike werkgeleenthede bestaan.<sup>(156.)</sup>

Werklike vlugtelinge in Namibië is gedurende 1995 op 1 300 geraam, waarvan die meerderheid Angolese burgers was. Individue wat Namibië as vlugtelinge binnekomb vind dat die werkgeleenthede en lewensomstandighede beter is as in hulle eie state en keer nie altyd na hulle tuisstate terug deur geïmplementeerde repatriasie programme nie, maar bly eerder onwettig in Namibië aan in die hoop om werk te bekom. Sulke individue word dan nie meer as vlugtelinge beskou nie, maar as onwettige vreemdelinge en sal in baie gevalle eerder lae lone en swak werksomstandighede in Namibië aanvaar, as om na hulle eie state terug te keer. Die verskynsel kom nie net in Namibië voor nie, maar in verskeie ander state in die streek byvoorbeeld Suid-Afrika.<sup>(157.)</sup>

'n Verdere probleem wat ondervind word, is die vervalsing van geboortesertifikate en visums. Gedurende die 1993/94 finansiële jaar is 176 gevalle van paspoortbedrog of vervalsing deur die Namibiese polisie hanteer, 1 195 buitelanders met vervalste nasionale dokumente gevang en 129 gevallen van vervalsing van geboortesertifikate is aangeteken.<sup>(158.)</sup> Onwettige vreemdelinge kom state soos Zimbabwe onwettig binne deur middel van 'n toeriste visum, maar keer nie na hulle eie state terug sodra die toegelate verblyfperiode van die visum verstryk het nie. Sodra hulle in Zimbabwe is, word die toeriste visums vervals of onwettig verander na permanente verblyf- en/of werkpermitte. Deur die vervalsing van byvoorbeeld visums, verkry onwettige vreemdelinge makliker toegang tot Suid-Afrika. 'n Ander manier om dié doel te bereik, is om Zimbabweense paspoorte of geboortesertifikate teen hoë pryse te koop. Met dié dokumente, kwalifiseer onwettige vreemdelinge maklik vir 'n Suid-Afrikaanse visum en kan hulle maklik deur grensposte wat Zimbabwe en Suid-Afrika verbind, beweeg. Verskeie onwettige vreemdelinge het die kuns om vir langer periodes onwettig in state aan te bly sonder dat immigrasiebeamptes dit agterkom, bemeester. Gesteelde of vervalste paspoorte, studie-, toeriste- en werkpermitte is maklik bekombaar, vir enige onwettige vreemdeling wat bereid is om genoeg daarvoor te betaal. Vir 'n onwettige vreemdeling met geld is dit dus baie maklik om vervalste dokumente óf op die swart mark óf by burgers self te koop.<sup>(159.)</sup>

Gedurende 1995 het amptenare werksaam in die Zimbabweanse Departement van Immigrasie geraam dat ongeveer 100 onwettige vreemdelinge weekliks uit Zimbabwe gesit moet word. Die grootste aantal onwettige vreemdelinge wat so gearresteer en uitgesit word, kom uit Mosambiek. Die Zimbabweanse Regering volg die beleid dat die verwydering van onwettige vreemdelinge, onmiddellik na arrestasie geskied. As 'n onwettige vreemdeling gearresteer word en nie die koste van sy eie uitsetting kan betaal nie, kan sy besittings afgeneem word om vir die koste van uitsetting te betaal.<sup>(160.)</sup>

Van tyd-tot-tyd voer die regering van Botswana opruimingsveldtogte uit waar tot soveel as 40 immigrasiebeamtes groot areas langs die grense patroleer en onwettige vreemdelinge, arresteer. Die lang afstand waaroer die grens strek, maak dit egter onmoontlik om korrekte beramings te maak van hoeveel onwettige vreemdelinge werklik oor die grens in Botswana inbeweeg. Dié probleem word vererger deur die feit dat by sommige dele van die grens geen heinings voorkom nie en die grens slegs aangedui word deur bakens. 'n Aspek wat ook die kontrole van onwettige vreemdelinge bemoeilik, is die feit dat arbeiders glad nie geregistreer word of gedwing word om identiteitsdokumente te dra nie. Arbeiders word dus deur werkgewers in diens geneem sonder die wete dat hulle onwettige vreemdelinge is. Dié probleem het veral betrekking op die landbougemeenskap. Veral boere maak hulle telkens skuldig daaraan dat hulle ongeskoolde, onwettige vreemdelinge wat bereid is om teen veel laer lone as Botswana burgers te werk, in diens neem.<sup>(161.)</sup>

## 5.2 Implikasies van die onwettige vreemdelingprobleem

Jare van gewapende konflik en droogtes in die streek het bygedra tot die bestaande ekonomiese vraagstukke en onstabiele politieke situasie in sommige state in suidelike Afrika. Individue word dikwels gedwing om 'n beter heenkome en moontlike werkgeleenthede in ander state te gaan soek om te oorleef. Die probleem is dat regerings nie eers genoeg werkgeleenthede vir hulle eie burgers kan bied nie, en toenemende getalle onwettige vreemdelinge plaas druk op onder andere mediese dienste en die ekonomie.

## 5.2.1 Maatskaplike implikasies

Die totale getal onwettige vreemdelinge in state soos byvoorbeeld Zimbabwe is nie so groot dat die onwettige vreemdelingprobleem die nasionale identiteit van die onderskeie state in suidelike Afrika bedreig nie. Omdat soveel van die state in suidelike Afrika byvoorbeeld Zimbabwe se eie burgers onwettig na Suid-Afrika migreer en vele onwettige vreemdelinge uit ander state slegs vir 'n kort tydperk in die state is (op pad na Suid-Afrika), is die invloed van onwettige vreemdelinge op die maatskaplike terrein in byvoorbeeld Zimbabwe, minimaal. Die werklike probleem lê by die feit dat onwettige vreemdelinge kosbare werkgeleenthede voor wettige burgers, wat reeds in baie gevalle intern moet migreer op soek daarna, wegdraai. Die gevolg is soms rassekonflik (veral by myne) en die onwettige vreemdelinge sien dit in baie gevalle as persoonlik teen hulle gemik.<sup>(162.)</sup>

Die indirekte kostes verbonde aan onwettige vreemdelinge in verskeie state in die streek skep 'n groot probleem vir die onderskeie regerings. Deur die beweging van onwettige vreemdelinge oor grense word virusse en siektes oor grense versprei. Vir 'n staat waar reeds nie voldoende fondse beskikbaar gestel word vir gesondheids- en welsynsdienste nie, skep die verspreiding van siektes 'n groot probleem. Botswana beskik nie oor 'n uitgebreide gesondheidsnetwerk nie en doeltreffende hospitale en klinieke kom slegs in die groter dorpe en stede voor. Tog veroorsaak die uitbreiding van gesondheids- en maatskaplike dienste dat meer finansiële steun van die staat geëis word. Die gevolg is dikwels 'n afname in produktiwiteit in die ekonomie wat die ekonomie nog verder verswak.<sup>(163.)</sup>

In Suid-Afrika word onwettige vreemdelinge blameer vir die drastiese toename van sekere siektes byvoorbeeld malaria en VIGS. Die geweldige toename van malaria in veral die noordelike gebiede van KwaZulu-Natal is toegeskryf aan onwettige vreemdelinge uit Mosambiek. Volgens landelike gesondheidsorganisasies is die onwettige vreemdelinge uit Mosambiek reeds immuun teen malaria maar is nog steeds draers daarvan. Malaria word versprei as dié individue suid van die grens by vriende en familie oornag, op pad na stedelike gebiede op soek na werk. Algemene gesondheidsprosedures wat gewoonlik gevolg word in die voorkoming van aansteeklike siektes byvoorbeeld geelkoers, word nie altyd in state soos Mosambiek en Botswana toegepas nie. Die gevolglike verspreiding

van hierdie siektes deur onwettige vreemdelinge soos hulle oor grense beweeg vind dus baie maklik plaas.<sup>(164.)</sup>

Nog 'n probleem, is dat onwettige vreemdelinge tot 'n toenemende mate bydra tot die toename in misdaad in die onderskeie state. Ongeskoolde, onbekwame onwettige vreemdelinge wat nie daarin slaag om werk in 'n bepaalde staat te kry nie, sal moontlik oorgaan na kriminele dade byvoorbeeld diefstal om aan die lewe te bly. Addisionele onkostes moet deur die bepaalde regering (byvoorbeeld die Namibiese Regering) aangegaan moet word in die bekamping van misdaad soos die smokkel van onwettige vuurwapens. Dit word wat Namibië betref, gestel dat onwettige vreemdelinge maklik by misdaad betrokke raak weens hul swak finansiële omstandighede. Statistiek dui daarop dat een uit elke twee mense wat by 'n kriminele saak betrokke is, 'n buitlander is.<sup>(165.)</sup>

### 5.2.2 Ekonomiese implikasies

Onwettige vreemdelinge het 'n negatiewe impak op die arbeidsmark. As gevolg van hulle teenwoordigheid in verskeie sektore van die ekonomie is dit die mening van wettige burgers en werkers, dat hulle 'n negatiewe effek op veral loonvlakke het. Wettige burgers kry dus moeiliker toegang tot moontlike werkgeleenthede.

Die grootste getal onwettige vreemdelinge in Namibië kom hoofsaaklik van Angola. Hierdie individue sowel as die ander onwettige vreemdelinge in Namibië is bykans almal onbekwaam en ongeskoold. As gevolg van die jarelange konflik in Angola is daar min aandag gegee aan skoolopleiding en gesondheidsdienste. Die moontlikheid dat hierdie individue dus enigsins tot die ekonomiese groei van Namibië of een van die ander state in die streek sal bydra is baie klein. Die Namibiese Regering verloor jaarliks groot somme geld as gevolg van pensioenuitbetalings aan Angolese wat Namibiese identiteitsdokumente vervals.<sup>(166.)</sup>

Die Namibiese ekonomie is hoofsaaklik op twee groot steunpilare, naamlik mynbou en kommersiële landbou, gebaseer. As gevolg van 'n sukkelende ekonomie en jare van apartheidse regering bestaan 'n geweldige tekort aan geskoolde arbeid, en hoë vlakke van werkloosheid kom onder semi-geskoolde en ongeskoolde werkers voor. Daar bestaan dus geweldige kompetisie tussen Namibiese burgers en onwettige vreemdelinge vir

werkgeleenthede. Veral boere in die plattelandse gebiede maak hulle dikwels daaraan skuldig dat hulle eerder onwettige vreemdelinge (wat bereid is om teen laer lone as Namibiese burgers te werk) in diens neem as Namibiese burgers. Wat die mynbedryf betref is vakbonde nog nie so goed gevëstig dat die belang van werkers goed verteenwoordig word nie. Onwettige vreemdelinge sluit oor die algemeen ook nie maklik by vakbonde aan nie, weens vrese dat hulle sodoende makliker deur die polisie en/of immigrasiebeamptes opgespoor sal word.<sup>(167.)</sup>

Volgens die Direkteur van Immigrasie en Burgerskap van Namibië, Patrick Nandago, is die toenemende bedrog deur onwettige vreemdelinge om onwettige dokumente te bekom ten einde burgerskap te kry, 'n probleem. Volgens hom, is dit onmoontlik vir die Namibiese ekonomie om hierdie individue te dra, aangesien ontwikkelingsplanne volgens die behoeftes van Namibiërs bereken word. Onwettige vreemdelinge plaas druk op die staatskas, aangesien dié wat nie welkom is nie op staatskoste verwijder moet word. Hoe meer onwettige vreemdelinge in hegrens geneem word, hoe meer geld word aan uitsettings bestee.<sup>(168.)</sup>

'n Groot bron van werkgeleenthede in Botswana is in die mynbousektor. Die meeste burgers van Botswana wat in die myne werksaam is, moet dikwels intern migrer om daar te werk. Negatiewe houdings teenoor onwettige vreemdelinge het oor die afgelope paar jaar toenemend voorgekom. Die oorsaak is soos voorheen genoem, die kompetisie vir skaars werkgeleenthede. Een so 'n myn is geleë by Francistown, 'n klein afstand vanaf die Zimbabweense grens. As gevolg van mynaktiwiteit het produksiemaatskappye ook in die gebied ontstaan, wat 'n groot lokaas vir onwettige vreemdelinge vorm veral omdat dit so naby aan die grens geleë is.<sup>(169.)</sup>

Sodra ongeskoolde, onbekwame, onwettige vreemdelinge 'n bepaalde staat binnekomm, hou sulke individue min ekonomiese voordele vir so 'n staat in. Die vlak van ongeletterdheid in die meeste state in die streek byvoorbeeld Zimbabwe, is taamlik hoog en met die swak ekonomiese omstandighede kan die onderskeie regerings nie die nodige fondse vir die bevordering van skoolonderrig en mediese bystand voorsien nie. Onwettige vreemdelinge wat wel van mediese en maatskaplike dienste gebruik maak, verhoog die regeringsuitgawes.

### 5.2.3 Politieke implikasies

Alhoewel meer as 1000 onwettige vreemdelinge maandeliks (teen 1996) uit Botswana gesit is, word onwettige vreemdelinge wat oor die staat se grense beweeg nie as 'n groot probleem gesien wat onverdeelde aandag behoort te geniet nie. Die *Immigration Act*, van 1980 word nog as toepasbaar en genoegsaam beskou om die situasie te hanteer. Die feit dat die regering gedurende 1996, van die polisie en weermag gebruik gemaak het vir die periodieke patrolering van grense, en oor geen eenheid met opgeleide immigrasiebeamptes beskik het wat hulle slegs bemoei met grenspatrolering en arrestasies van onwettige vreemdelinge nie, bevestig bogenoemde houding. Alhoewel inligting rakende onwettige vreemdelinge in Botswana skaars is, kan geen bewys van die ontstaan van groepe wat ondersteuning vir sterk anti-immigrasiebeleidsrigtings mobiliseer, gevind word nie. Die regering van Botswana is al egter skerp gekritiseer deur internasionale menseregte organisasies wat gekant is teen die manier waarop onwettige vreemdelinge aangehou word, voordat hulle na hulle eie state teruggestuur word.<sup>(170)</sup>

Die besluit van 'n immigrasie-tribunaal in Namibië gedurende Julie 1997, om sowat 350 onwettige vreemdelinge te deporteer het diplomatieke woelinge tussen die Namibiese en Angolese Regerings laat ontstaan nadat 75 Angolese burgers na die Unita-beheerde Cuando-Cubango provinsie gedeporteer is. 'n Angolese diplomaat het gestel dat 'n eensydige besluit deur die Namibiese Regering geneem is. Volgens die diplomaat is Angolese burgers wat gevlug het weens "diensplig" deur die voormalige Unita-rebelle, onder die Angolese burgers wat deur Rundu na Unita-beheerde gebiede gedeporteer is. Volgens hom is dit ongehoord dat mense wat gevlug het, teruggestuur word na waar hulle vandaan gekom het en word gevrees vir die lewens van die gedeporteerdes. Kort voor dié optrede deur die Departement van Binnelandse Sake, is die gebruik waarvolgens selfs Angolese wat in die Unita-beheerde Cuando-Cubango provinsie woonagtig is deur die Oshikango-grenspos uitgesit word en "verdwyn", sterk deur die Nasionale Vereniging vir Menseregte (NVM) gekritiseer.<sup>(171)</sup>

Dit is duidelik dat sommige state in suidelike Afrika nie onwettige vreemdelinge as 'n groot probleem sien nie. Soos reeds na verwys, is die belangrikste rede hiervoor dat onwettige vreemdelinge dikwels afkomstig is van hierdie state, of dié state slegs as deurgang na Suid-Afrika, wat op hierdie stadium die grootste probleem met onwettige

vreemdelinge ondervind, gebruik.

### 5.3 Bestaande en beplande maatreëls om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek

Verskeie beheermaatreëls is deur regerings in suidelike Afrika geformuleer en geïmplementeer in 'n poging om die probleem van toenemende getalle onwettige vreemdelinge aan te spreek. Die Namibiese Regering het die *Immigration Control Act*, van 1993 en die *Namibian Citizenship Act*, van 1990 aanvaar. Die *Immigration Control Act*, dien as hoofmaatreël om beheer uit te oefen op die binnekoms sowel as die vertrek van ander state se burgers oor die grense van Namibië, en reguleer en kontroleer die binnekoms en verblyf van persone in Namibië. Dié wet maak ook voorsiening vir die verwydering van sekere persone uit Namibië, terwyl die *Namibian Citizenship Act* van 1990 Namibiese burgerskap reguleer.<sup>(172.)</sup>

Kritiek bestaan wel teen die *Immigration Control Act*, van 1993. Sommige persone duі aan dat hulle ontevrede is oor die breë diskresionêre magte wat aan die immigrasiebeamptes gegee word, en dat geen werklik doeltreffende metode bestaan om te kontroleer of immigrasiebeamptes omgekoop word deur onwettige vreemdelinge nie. Die Streekskommissaris van die Polisie in Windhoek het gedurende 1993 genoem dat as deel van die Namibiese Regering se poging om die onwettige vreemdelingprobleem te hanteer, gesamentlike aksies deur die polisie, die Namibiese Weermag, en immigrasiebeamptes uitgevoer sou word. Hierdie stelling is gedurende 1996 herhaal in 'n waarskuwing deur President Nujoma aan Angolese burgers wat Namibië onwettig binnekom. Elke voertuig wat Namibië binnekom, sal deursoek word. Dié waarskuwing is opgevolg deur meer intensiewe patroloering van grense deur die polisie en weermag.<sup>(173.)</sup>

Hoewel geen wetgewing in Namibië bestaan waardeur alle inwoners en besoekers verplig word om deurgaans hulle identiteits of nasionale reisdokumente by hulle te dra nie, blyk dit dat so 'n regulasie stilweg ingesluip en streng afgedwing word deur sowel die polisie en immigrasiebeamptes. Gedurende 1995 is die Namibiese departement van Binnelandse Sake oorval met aansoeke vir nuwe Namibiese identiteitsdokumente wat bekend gestel is. Slegs Namibiese burgers en eienaars van permanente verblyfpermitte kwalifiseer vir die nuwe identiteitsdokumente. Eienaars van permanente verblyfpermitte is gevra vir

bewys van hulle permanente adres in Namibië.<sup>(174.)</sup>

Die Minister van Binnelandse Sake, mnr Jerry Ekandjo, het in die Nasionale Vergadering die verpligte dra van identiteits of ander dokumente waardeur 'n persoon se identiteit bepaal kan word, as die enigste implementeerbare, wettig en menslike operasionele metode bestempel. Volgens hom bestaan daar geen ander alternatief as om behoorlike en implementeerbare metodes daar te stel om die binnekoms van onwettige vreemdelinge te keer nie.<sup>(175.)</sup>

Die belangrikste beheermaatreël in Botswana om die beweging van mense oor sy grense te beheer, is die *Immigration Act*, van 1980. Dié wet gee uitgebreide bevoegdhede aan immigrasiebeamptes om onwettige vreemdelinge te arresteer.<sup>(176.)</sup> Immigrasiebeamptes in Botswana is nog nie voldoende opgelei in bestaande reëls en regulasies rakende wetgewing oor onwettige vreemdelinge nie en word gebruik gemaak van beide die polisie en weermag om van tyd tot tyd die grense te patroleer en arrestasies te maak. Teen die einde van September 1995 het die regering van Botswana na groot druk van menseregtebewegings, ingestem om 'n R19,2 miljoen aanhoudingsentrum vir onwettige vreemdelinge te bou. Verskeie menseregte-organisasies was vir lank gekant teen die wyse waarop die regering van Botswana onwettige vreemdelinge saam met misdadigers in tronke aangehou het. Volgens Peter Seile (Botswana se hoof immigrasiebeampte) het Botswana teen die begin van 1996, meer as 1000 onwettige vreemdelinge per maand verwyder, en sou die nuwe sentrum doeltreffend aangewend kon word om hierdie proses te bespoedig.<sup>(177.)</sup>

Wetgewing wat beide immigrasie na Zimbabwe en uitsetting en deportasie uit Zimbabwe reël, word saamgevat in die *Immigration Act*, van 1979 (geformuleer deur die voormalige Rhodesiese Regering). Die *Immigration Act*, van 1979 bevat die volgende oogmerke: om die binnekoms van persone in en die vertrek van persone uit Zimbabwe te reguleer; die binnekoms van sekere persone te beheer en/of te belet; asook om vir beide die beheer oor onwettige vreemdelinge en die terugstuur van sekere persone na hulle eie state, te voorsien. Uit die immigrasiewetgewing wat in Zimbabwe bestaan, kan afgelei word dat die regering die probleem nog nie as werklik ernstig beskou nie, omdat die wette nog nie gewysig of aangepas is sedert 1979 om die toenemende getalle onwettige vreemdelinge te hanteer nie.<sup>(178.)</sup>

Die uitreiking van paspoorte in Zimbabwe, is nog nie ten volle gerekenariseer nie alhoewel dit tog gedesentraliseer is na regionale kantore in nege provinsies. Die desentralisasie het egter geleid tot die misbruik van die stelsel (by die Bindura kantoor is gevind dat vyftig paspoorte onwettig aan buitelanders verkoop is). Vyf stelle vingerafdrukke word van aansoekers geneem. Een stel word na Interpol gestuur, een word gehou deur die Zimbabweanse Sentrale Intelligenςie Diens, twee word gehou deur die Departement van Immigrasie en een gaan na die Nasionale Bevolkingsregister.<sup>(179.)</sup>

Alhoewel elk van die state in suidelike Afrika tot 'n mindere of meerder mate 'n probleem met onwettige vreemdelinge ondervind, blyk dit telkens dat onwettige vreemdelinge, Suid-Afrika as die ideale bestemming beskou. Die meeste van die onwettige vreemdelinge in die streek gebruik state soos Mosambiek slegs as deurgangspunt na Suid-Afrika. Vanweë Suid-Afrika se relatief beter ekonomiese omstandighede en daarvan saam die moontlikheid dat werkgeleenthede soveel beter is as in enige staat in dié streek, is dit 'n gewilde bestemming vir onwettige vreemdelinge. Namibië, Botswana en Zimbabwe, soos voorheen genoem, dien in baie gevalle slegs as 'n deurgang na Suid-Afrika.

## 6. SAMEVATTING

Voorheen was dit vir verskeie state voordelig om grootskaalse migrasie toe te laat en van goedkoop migrante arbeid gebruik te maak om sodoende uitbreiding van markte te bevorder en ekonomiese groei sonder 'n eksterne arbeidsmag in state soos Japan, bykans onmoontlik gewees het. Toenemende getalle onwettige vreemdelinge in meeste streke van die wêreld veroorsaak egter dat die houdings en sienings van state oor migrasie en die gebruik van migrante arbeid en die dikwels gepaardgaande onwettige migrasie, toenemend negatief begin word het. In groot dele van Afrika, Suid-Amerika, en die Midde-Ooste, het groeiende bevolkingsgetalle; vernietiging van natuurlike hulpbronne; toenemende verstedeliking; interne konflik; politieke en ekonomiese onstabiliteit; en gevolglike armoede, gedurende die laaste paar jaar dramaties toegeneem. Omdat die ekonomiese gaping tussen state in die noordelike en suidelike halfrond toenemend vergroot, bly geïndustrialiseerde, ontwikkelde state 'n groot trekpleister vir onwettige vreemdelinge van onderontwikkelde en ontwikkelende state. Verslegtende ekonomiese en maatskaplike omstandighede is

verantwoordelik vir toenemende onwettige migrasie na state in die noordelike halfmond, alhoewel Suid-Suid migrasie ook voorkom. State soos die VSA, Brittanje en Suid-Afrika bied soms vir individue geleenthede wat hulle nooit in hulle eie state sou geniet nie. Om dié rede, sal burgers van arm en ekonomies onstabiele state tot uiterstes gaan om na state met moontlike werkgeleenthede en meer sekuriteit, te migrer.

In 'n poging om die toenemende getalle onwettige vreemdelinge te probeer beheer, implementeer verskeie state strenger beheermaatreëls. Werkgewersanksies is een van vele maatreëls wat deur state soos die VSA aangewend word as deel van breër strategieë in 'n poging om die onwettige vreemdelingprobleem suksesvol aan te spreek. Maar die feit dat werkgewers ten spyte van hierdie maatreëls, in vele van die state eerder onwettige vreemdelinge as wettige burgers in diens neem, maak dit vir vele regerings toenemend moeilik om migrasie te reguleer. Verdere maatreëls om migrasie effektief te reguleer, sluit onder andere verskerpte grenspatrolering, belasting- en behuisingsregulasies, en strenger visumvereistes, in. Sommige industriële state het wettigingsprogramme geïnisieer. Dié programme bied amnestie en die moontlikheid van burgerskap aan onwettige vreemdelinge, mits die individue hulself voor 'n bepaalde datum aanmeld. Onwettige vreemdelinge moet in dié verband soms aan bepaalde vereistes voldoen en moet byvoorbeeld vir 'n minimum tydperk van agt jaar in die bepaalde staat werk en woon.

Ten spyte van die strenger maatreëls, neem die getalle onwettige vreemdelinge in vele state steeds toe, en so ook die implikasies van die onwettige vreemdelingbevolking vir state op ekonomiese, maatskaplike en politieke terreine. Dit blyk dat die ekonomiese terrein telkens die meeste beïnvloed word, wat weer lei tot verskynsels soos xenofobie. Die swak ekonomiese omstandighede van onwettige vreemdelinge en die konflikgeteisterde omgewing wat hulle telkens na ander state dwing, is veral in suidelike Afrikastate prominent. Alhoewel sekere state se ekonomieë tot 'n groter mate afhanklik is van vreemdelingarbeid vir toenemende groei en vooruitgang, word die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge in 'n staat dikwels verantwoordelik gehou vir die algehele verlaging in loonvlakke en die toename in werkloosheid onder 'n staat se eie burgers.

Soos aangelei kon word, is die verskynsel van onwettige vreemdelinge 'n toenemende probleem in bykans alle streke. Die liberale en humanitêr gebondendheid van Westerse

state weerhou hulle in 'n mate daarvan om 'n hipoteties- "perfekte" stelsel van kontrole te ontwikkel en hulself sodoende van onwelkome en onwettige migrasie te beskerm. Ten spyte van dié gebondendheid slaag state oor die algemeen tog daarin om beheermaatreëls te ontwerp, wat tot 'n mindere of meerdere mate effektief geïmplementeer en toegepas kan word. Die effektiwiteit van hierdie stelsels word nie gemeet in onrealistiese ideale van nul-getal migrante nie, maar eerder teen die enorme getal aansoeke wat jaarliks deur potensiële immigrante gedoen word, en die persentasie migrante wat ten spyte van strenger wetgewing en regulasies tog daarin slaag om 'n staat onwettig binne te gaan of onwettig in state aan te bly.

In die volgende hoofstuk word op die onwettige vreemdelingprobleem in Suid-Afrika gekonsentreer. Twee tydvakke naamlik 1980-1990 en kontemporêr (die na-1990 tydperk), word aangedui. In elk van die twee periodes, word die wyses van binnekoms en wyses van vestiging, sowel as die omvang van die onwettige vreemdelingprobleem bespreek.

## VERWYSINGS

1. Cornelius, W A, Martin, P L and Hollifield, J F, 1994, *Controlling Immigration*, Stanford University press, Stanford, p 57.
2. *Ibid*, p 59.
3. Bean, F D and Fix, M, 1992, "The significance of recent immigration policy reforms in the United States", in Freeman, G P and Jupp, J (eds), Nations of Immigrants, Oxford University Press, Oxford, p 41.
4. *Ibid*, p 42.
5. *Ibid*, p 43.
6. "Five million illegal aliens in US", *Migration News*, 1997, vol 4, no 3, p 5.
7. "Illegal Alien Resident Population", *The United States Immigration & Naturalization Service*, <http://www.ins.usdoj.gov/stats/illegalalien/index.html>, getrek op 10/01/98.
8. Bean, *op cit*, p 44.
9. "An Evaluation of the Effectiveness of Migration Control in the United States of America, the United Kingdom and Canada", in A Comparative Study of Immigration Legislation in Selected Countries with Specific Reference to the South African Aliens Control Act, 1991, (as amended), Compiled by Centre for Sociopolitical Analysis Human Sciences Research Council at the request of the Department of Home Affairs, Pretoria, July 1996, p 98; en US Congress, Immigration in the National Interest Act, HR2202, March 1996 en US Congress, Immigration Control and Financial Responsibility Act, S1664, April 1996.
10. James, D, 1991, *Illegal Immigration: An unfolding crisis*, University Press of America, New York, p 40.
11. *Ibid*, p 41.
12. *Ibid*, p 45.
13. *Ibid*.
14. *Ibid*, p 51.
15. *Ibid*, p 52.
16. *Ibid*, p 53.
17. *Ibid*, p 57.
18. *Ibid*, p 29.
19. *Ibid*.

20. "An Evaluation of the Effectiveness of Migration Control in the United States of America, the United Kingdom and Canada", in A Comparative Study of Immigration Legislation..., *op cit*, p 103.
21. *Ibid.*
22. *Ibid*, p 107.
23. Bean, *op cit*, p 47.
24. US Congress, *Immigration Reform and Control Act (IRCA)*, S1200, 21 January 1986.
25. "An Evaluation of the Effectiveness of Migration Control in the United States of America, the United Kingdom and Canada", in A Comparative Study of Immigration Legislation..., *op cit*, p 103.
26. Bean, *op cit*, p 48.
27. *Ibid.*
28. "An Evaluation of the Effectiveness of Migration Control in the United States of America, the United Kingdom and Canada", in A Comparative Study of Immigration Legislation..., *op cit*, p 99.
29. *Ibid*, p 100.
30. US Congress, *Illegal Immigration Reform and Immigrant Responsibility Act*, 1996, section 378.
31. *Ibid*, section 304.
32. "INS: Enforcement", *Migration News*, 1997, vol 4, no 9, p 3.
33. "INS: Enforcement", *Migration News*, 1998, vol 5, no 4, p 2.
34. Miller, M J and Castles, S, 1993, *The age of migration*, Guilford Press, New York, p 148.
35. Athukorala, P, 1993, "International Contract Migration, and the Reintegration of Return Migrants", *International Migration Review*, vol XXIV, no 2, p 427.
36. "Mexico, Central America", *Migration News*, 1998, vol 5, no 9, p 11.
37. Miller, *op cit*, p 149.
38. "Immigration into Argentina", *Migration News*, 1996, vol 3, no 10, p 32.
39. Miller, *op cit*, p 149.
40. Athukorala, *op cit*, p 150.
41. "Immigration into Argentina", *op cit*, p 32.
42. "Mexico steps up southern border enforcement", *Migration News*, 1996, vol 3, no 3, p 9.

43. "Illegal immigrants and devaluation in Mexico", *Migration News*, 1996, vol 3, no 1, p 9.
44. Athukorala, *op cit*, p 150.
45. Miller, *op cit*, p 149.
46. Stanley, W, 1993, "*Blessing or Menace?: The security implications of Central American migration*", in Weiner M (ed), *International Migration and Security*, Westview Press, Oxford, p 249.
47. Miller, *op cit*, p 149.
48. "Immigration into Argentina", *op cit*, p 32.
49. "Mexico, Central America", *op cit*, p 11.
50. "Immigration into Argentina", *op cit*, p 32.
51. "Caribbean: Migrants", *Migration News*, 1997, vol 4, no 12, p 14.
52. Collinson, S, 1993, *Europe and International Migration*, Pinter Publishers, London and New York, p 46.
53. Fassmann, H and Münz, R (eds), 1994, "*Patterns and Trends in International Migration in Western Europe*", in *European Migration in the Late Twentieth Century*, International Institute for Applied Systems Analysis, Austria, p 8.
54. Collinson, *op cit*, p 46.
55. *Ibid*, p 62.
56. *Ibid*, p 17.
57. Miller, *op cit*, p 94.
58. Collinson, *op cit*, p 17.
59. *The Star* (Johannesburg), 1997/06/23.
60. "Illegal Immigration in Spain", *Migration News*, 1998, vol 5, no 2, p 17,
61. "France: Removals", *Migration News*, 1998, vol 5, no 6, p 19.
62. Collinson, *op cit*, p 17.
63. Fassmann, *op cit*, p 9.
64. Cornelius, *op cit*, p 168.
65. Collinson, *op cit*, p 46.
66. "Asylum in UK", *Migration News*, 1996, vol 3, no 4, p 14.
67. "UK and Ireland: Asylum and Integration", *Migration News*, 1998, vol 5, no 4, p 22.
68. Cornelius, *op cit*, p 229.

69. "Europe: Asylum, Aging, and Tourism", *Migration News*, 1996, vol 3, no 4, p 11.
70. "EU: Asylum Seekers up in 1997", *Migration News*, 1998, vol 5, no 7, p 15.
71. "UK: Welfare for Asylum Seekers", *Migration News*, 1996, vol 3, no 10, p 19.
72. "French Commission recommends immigration Restrictions", *Migration News*, 1996, vol 3, no 5, p 14.
73. Cornelius, *op cit*, p 240.
74. "An Evaluation of the Effectiveness of Migration Control in the United States of America, the United Kingdom and Canada", in A Comparative Study of Immigration Legislation..., *op cit*, p 115.
75. "UK: Anti-smuggling", *Migration News*, 1998, vol 5, no 1, p 19.
76. Cornelius, *op cit*, p 240.
77. "France: Liberalize immigration policy?", *Migration News*, 1997, vol 4, no 9, p 15.
78. "Foreign Workers in Eastern Europe", *Migration News*, 1996, vol 3, no 8, p 19.
79. *Ibid*, p 241.
80. *Ibid*.
81. "French Debate Immigration Restrictions", *Migration News*, 1996, vol 3, no 6, p 16.
82. *Ibid*.
83. Cornelius, *op cit*, p 241.
84. Hailbronner, K, 1995, "Third-Country Nationals and EC Law", in Rosas, A and Antola, E (eds), A Citizens' Europe: In search of a new order, SAGE Publications, London, p 193.
85. Miller, *op cit*, p 93.
86. Theys, M, The Schengen Agreements on freedom of movement for persons in the European Union, *Texts & Documents*.
87. Cornelius, *op cit*, p 280.
88. *Ibid*, p 241.
89. "EU: Illegal and Internal Migration", *Migration News*, 1996, vol 3, no 5, p 11.
90. "EU: Majority Voting on Migration Issues", *Migration News*, 1996, vol 3, no 11, p 11.
91. Miller, *op cit*, p 93.
92. *United Kingdom, Asylum and Immigration Bill, 1996*.
93. *United Kingdom, Asylum and Immigration Act, 1996*.

94. "An Evaluation of the Effectiveness of Migration Control in the United States of America, the United Kingdom and Canada", in A Comparative Study of Immigration Legislation..., *op cit*, p 113.<sup>17</sup>
95. *Ibid*, p 114.
96. Collinson, *op cit*, p 46.
97. "France: New Immigration Legislation?", *Migration News*, 1996, vol 3, no 11, p 14.
98. "France: Immigration Reform approved", *Migration News*, 1997, vol 4, no 3, p 13.
99. "France Amends Immigration Law", *Migration News*, 1997, vol 4, no 4, p 16.
100. Miller, *op cit*, p 153.
101. *Ibid*, p 155.
102. *Ibid*, p 158.
103. "Korea becomes the land of opportunity", *Migration News*, 1996, vol 2, no 10, p 27.
104. "South Korea: Government postpones crackdown on illegal foreign workers", *Global Newsbank* (Yonhap news agency, Seoul), 1998/01/07.
105. "Thailand: Illegals, Guest workers", *Migration News*, 1997, vol 4, no 12, p 26.
106. "Crisis and Deportations", *Migration News*, 1998, vol 5, no 2, p 19.
107. "Malaysian foreign workers are security threat", *Migration News*, 1996, vol 3, no 5, p 31.
108. "Foreign Workers in Malaysia", *Migration News*, 1996, vol 3, no 10, p 29.
109. "Chinese crackdown on migrants", *Migration News*, 1996, vol 3, no 5, p 18.
110. "Indonesia, Philippines, Thailand", *Migration News*, 1998, vol 5, no 9, p 31.
111. "Pakistan arrests illegal Bangladeshi workers", *Migration News*, 1995, vol 2, no 11, p 23.
112. "Hong Kong: Crime and airport workers", *Migration News*, 1996, vol 3, no 9, p 20.
113. "Crisis and Deportations", *op cit*, p 19.
114. "Malaysian foreign workers are security threat", *op cit*, p 31.
115. "Malaysia: Detention, Entry and Employment", *Migration News*, 1998, vol 5, no 4, p 25.

116. Solomon, H, 1993, "In Search of Canaan: A Critical Evaluation of the Causes and Effects of Migration within Southern Africa, and Strategies to cope with them", *Southern African Perspectives*, no 24, p 17.
117. "Migration between two Koreas", *Migration News*, 1996, vol 3, no 11, p 16.
118. "Korea: Illegals leave", *Migration News*, 1998, vol 5, no 2, p 21.
119. Suhrke, A, 1993, "*The 'High Politics' of Population movements: Migration, State and Civil Society in Southeast Asia*", in Weiner M (ed), International Migration and Security, Westview Press, Oxford, p 196.
120. "Thailand Offers Amnesty", *Migration News*, 1996, vol 3, no 8, p 20.
121. "Chinese crackdown on migrants", *op cit*, p 17.
122. "Singapore passes Foreign Worker Bills", *Migration News*, 1995, vol 2, no 12, p 31.
123. "Korean joint venture fixed record sum for hiring illegal workers, *Workplace*, 4 September 1996, p 5.
124. "Chinese crackdown on migrants", *op cit*, p 17.
125. "Israeli immigration and guest workers", *Migration News*, 1995, vol 2, no 11, p 22.
126. "Chinese crackdown on migrants", *op cit*, p 17.
127. "Indonesian workers in Malaysia", *Migration News*, 1996, vol 3, no 3, p 18.
128. "Malaysia: New Agency and Crackdown", *Migration News*, 1997, vol 4, no 1, p 20.
129. "Malaysia: crackdown continues", *Migration News*, 1997, vol 4, no 7, p 23.
130. "Thailand to legalize illegal foreign workers", *Migration News*, 1996, vol 3, no 9, p 18.
131. "Thailand: Illegals, Guest workers", *op cit*, p 26.
132. Miller, *op cit*, p 158.
133. *Ibid*, p 139.
134. "Israel's foreign workers", *Migration News*, 1996, vol 3, no 6, p 25.
135. "Israel and Jordan debate foreign workers", *Migration News*, 1996, vol 3, no 9, p 25.
136. "Israel's foreign workers", *op cit*, p 25.
137. "Israel: Immigration Down", *Migration News*, 1998, vol 5, no 1, p 28.
138. *Business Day* (Johannesburg), 1996/08/15.

139. "Israel and Jordan debate foreign workers", *op cit*, p 25.
140. "Saudi Arabia and Kuwait: Reduce dependence on foreigners", *Migration News*, 1996, vol 3, no 10, p 31.
141. "Immigration in the Middle East", *Migration News*, 1997, vol 4, no 8, p 30.
142. Prager, K, 1995, "Hopeless in Gaza", *Time*, vol 146, no 15, p 25.
143. "Foreigners in Middle East", *Migration News*, 1996, vol 3, no 1, p 27.
144. "Unemployed, educated youths from Bahrains majority", *Migration News*, 1996, vol 3, no 1, p 27.
145. "Foreigners in Middle East", *op cit*, p 27.
146. *Business Day* (Johannesburg), 1996/08/15.
147. "Israel's foreign workers", *Migration News*, 1996, vol 3, no 3, p 21.
148. "UAE: seven percent depart", *Migration News*, 1997, vol 4, no 2, p 25.
149. "UAE expels migrants", *Migration News*, 1996, vol 3, no 11, p 19.
150. "Gulf: New era?", *Migration News*, 1998, vol 5, no 2, p 22.
151. "Immigration in the Middle East", *op cit*, p 29.
152. *Business Day* (Johannesburg), 1997/10/16.
153. "Middle East: Crackdown", *Migration News*, 1997, vol 4, no 11, p 24.
154. "Middle East: Migration", *Migration News*, 1998, vol 5, no 9, p 33.
155. "Middle East illegals", *Migration News*, 1997, vol 4, no 12, p 27.
156. Hough, M, 1996, "*Illegal Aliens/Migrants in Namibia*", in Minnaar A and M Hough (eds), Causes, Extent and Impact of Clandestine Migration in Selected Southern African Countries with Specific Reference to South Africa, Centre for Sociopolitical Analysis, Human Sciences Research Council and Institute for Strategic Studies, University of Pretoria, p 55.
157. *Ibid.*
158. Hough, "*Illegal Aliens/Migrants in Namibia*", in Causes, Extent and Impact of Clandestine Migration..., *op cit*, p 58.
159. Minnaar, "*Illegal Aliens/Migrants in Zimbabwe*", in Causes, Extent and Impact of Clandestine Migration..., *op cit*, p 92.
160. *Ibid*, p 94.
161. *Ibid*, p 78.
162. Nam, C B, Scrow, W J and Sly, D F, *International Handbook on Internal Migration*, Greenwood Press, 1990, p 27.
163. Solomon, *op cit*, p 17.

164. Minnaar, "Impact of Illegals on the Economy and on Crime in South Africa and Preventative Measures", in Causes, Extent and Impact of Clandestine Migration..., op cit, p 217.
165. *Die Republikein* (Windhoek), 1997/01/13.
166. Hough, "Illegal Aliens/Migrants in Namibia", in Causes, Extent and Impact of Clandestine Migration..., op cit, p 55.
167. Tapscott, C, 1993, "National Reconciliation, Social Equity and Class Formation in Independent Namibia", *Journal of Southern African Studies*, vol 19, no 1, p 33.
168. *Die Republikein* (Windhoek), 1997/01/13.
169. Minnaar, "Illegal Aliens/Migrants in Zimbabwe", in Causes, Extent and Impact of Clandestine Migration..., op cit, p 93.
170. Payze, C, 1996, "Illegal Aliens in Botswana", in Causes, Extent and Impact of Clandestine Migration..., op cit, p 79.
171. *Die Republikein* (Windhoek), 1997/07/17.
172. Hough, "Illegal Aliens/Migrants in Namibia", in Causes, Extent and Impact of Clandestine Migration..., op cit, p 43.
173. *Ibid*, p 54.
174. Hough, "Illegal Aliens/Migrants in Namibia", in Causes, Extent and Impact of Clandestine Migration..., op cit, p 57.
175. *Die Republikein*, (Windhoek) 1996/05/13.
176. Payze, C, "Illegal Aliens/Migrants in Botswana", Causes, Extent and Impact of Clandestine Migration..., op cit, p 61.
177. *Ibid*, p 79.
178. Minnaar, A, "Illegal Aliens/Migrants in Zimbabwe", Causes, Extent and Impact of Clandestine Migration..., op cit, p 82.
179. *Ibid*, p 96.

## HOOFSTUK 3: DIE AARD, OORSAKE EN OMVANG VAN DIE ONWETTIGE VREEMDELINGPROBLEEM IN SUID-AFRIKA

In hierdie hoofstuk word die aard, oorsake en omvang van die onwettige vreemdelingprobleem in Suid-Afrika, waar verskeie kategorieë van onwettige vreemdelinge voorkom, bespreek. In die eerste gedeelte van dié hoofstuk word dié verskillende tipes onwettige vreemdelinge bespreek, asook die onderskeie faktore wat 'n invloed het op die besluit van individue om onwettig na Suid-Afrika te migrer.

Onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika kan op grond van binnekoms in twee groepe ingedeel word. Die grootste groep onwettige vreemdelinge kom Suid-Afrika binne deur die grens (sonder enige dokumentasie of met vervalste dokumentasie) onwettig oor te steek, terwyl sommige individue Suid-Afrika binnekom deur gebruik te maak van wettige visums of tydelike werkpermitte. Die voorwaardes van die visum of tydelike werkpermit word egter verbreek deurdat die individu langer in Suid-Afrika aanbly as wat die voorwaardes van die bepaalde dokument toelaat. In die tweede gedeelte van dié hoofstuk word twee tydperke: 1980 tot 1990 en die na-1990 tydperk bespreek en word die verskillende wyses van binnekoms en vestiging asook die omvang van die onwettige vreemdelingprobleem in Suid-Afrika in elke tydperk, ontleed.

### 1. Aard en herkoms van onwettige vreemdelinge

In die algemeen word 'n persoon as 'n onwettige vreemdeling beskou as hy/sy Suid-Afrika op 'n onwettige wyse binnekom, of in Suid-Afrika aanbly na die verval van sy/haar visum of permit. Dit sluit individue in wat Suid-Afrikaanse dokumente op onwettige wyse bekom het; onwettige dokumente gebruik het om Suid-Afrika binne te kom; of wat in die besit van vervalste dokumentasie is.<sup>(1.)</sup>

Die gewysigde *Wet op Vreemdelingbeheer no 96 van 1991*, omskryf 'n vreemdeling as 'n persoon wat nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie.<sup>(2.)</sup> Volgens die Departement van Binnelandse Sake is 'n ongedokumenteerde of onwettige vreemdeling enige vreemdeling wat Suid-Afrika binnekom of in Suid-Afrika aanbly en daardeur die *Wet*

op Vreemdelingbeheer no 96 van 1991, oortree en sluit enige persoon in wat:

- a) Suid-Afrika op 'n plek binnekombuiten 'n hawe, lughawe of grenspos;
- b) wat in Suid-Afrika aanbly sonder 'n geldige verblyfpermit;
- c) die voorwaardes van sy/haar verblyfpermit oortree;
- d) in Suid-Afrika aanbly na die verstryking van sy/haar verblyfpermit;
- e) verbied is om Suid-Afrika binne te kom; of
- f) as verbode persoon verklaar word terwyl hy/sy in die RSA is.<sup>(3.)</sup>

Onwettige vreemdelinge binne Suid-Afrika kan in verdere kategorieë ingedeel word.

Hierdie kategorieë word vervolgens bespreek. Alhoewel die hoofstuk in twee periodes ingedeel word, stem die tipes onwettige vreemdelinge in albei periodes ooreen.

Die eerste kategorie onwettige vreemdelinge staan algemeen bekend as "informele onwettige vreemdelinge". Dié groep bestaan uit persone wat Suid-Afrika onwettig binnekombinne vanaf buurstate byvoorbeeld Zimbabwe, Namibië en Mosambiek, en dan in Suid-Afrika aanbly op 'n semi-permanente basis. Die meerderheid van hierdie groep kom die land binne sonder enige dokumentasie maar probeer om Suid-Afrikaanse identiteitsdokumente te bekom sodra die grens suksesvol oorgesteek is. Ander kom Suid-Afrika as toeriste met geldige paspoorte binne, maar verbreek die toegelate verblyfperiode en probeer dan of om werk of vervalste identiteitsdokumente te bekom.<sup>(4.)</sup>

In die meeste gevalle is die doel van migrasie van dié onwettige vreemdelinge ekonomies van aard en keer hulle op 'n gereelde basis terug na hulle eie tuisstate omdat familielede dikwels afhanklik is van die inkomste wat deur die onwettige vreemdeling in Suid-Afrika verdien word. Die teenwoordigheid van dié onwettige vreemdelinge het bepaalde implikasies op ekonomiese, politieke en maatskaplike terreine in Suid-Afrika, en sal in die volgende hoofstuk in meer detail bespreek word.<sup>(5.)</sup>

Die tweede kategorie van onwettige vreemdelinge staan algemeen bekend as "georganiseerde onwettige vreemdelinge" en bestaan hoofsaaklik uit individue wat van plan is om op 'n permanente basis, onwettig na Suid-Afrika te migrer. Sulke

individue verkoop al hulle besittings in hulle tuisstate voordat hulle migrer en kom veral van state in Europa, Asië en Sentraal-Afrika, en is na hulle aankoms in Suid-Afrika nie van plan om terug te keer na hulle tuisstaat nie. Dié tipe onwettige vreemdeling kom die land wettig binne of deur vervalste dokumentasie.

"Georganiseerde onwettige vreemdelinge" word as 'n baie groot probleem deur die Suid-Afrikaanse Regering beskou omdat dié individue se metodes om die land binne te kom en werk te bekom meer gesofistikeerd is as dié van "informele onwettige vreemdelinge", en omdat georganiseerde onwettige vreemdelinge se aktiwiteite in baie gevalle met misdaadsindikate verbind kan word.<sup>(6.)</sup>

Die derde groep onwettige vreemdelinge kom hoofsaaklik uit Afrikastate met die doel om aansoek te doen vir vlugtelingsstatus. Gewelddadige omstandighede; interne konflik in sy/haar eie staat; en vrees vir vervolging, word dikwels as redes gegee om vir vlugtelingsstatus te kwalifiseer. Dié persone se ware rede om na Suid-Afrika te migrer is egter dikwels ekonomies van aard en vlugtelingsstatus word slegs gebruik as verskoning om onwettig in die land aan te bly. Lottering, van die polisie-eenheid wat met onwettige vreemdelinge gemoeid is, wys daarop dat die polisie se hande in heelwat gevalle afgekap is om op te tree teen onwettige vreemdelinge. Hy stel dit ook dat: "Heelparty van hulle gooi hulle paspoorte weg en doen dan aansoek om 'n vlugtelingspermit. Dié mense beweer dat hulle van 'n land kom waar onrus is en indien hulle 'n paar vrae kan beantwoord, word dié permit aan hulle uitgereik." Indien 'n persoon aansoek doen om vlugtelingsstatus neem dit dikwels 'n geruime tyd vir die aansoek om verwerk te word en 'n tydelike verblyfpermit word aan die persoon uitgereik. In die meeste gevalle bly die persoon onwettig in Suid-Afrika aan nadat die toegelate verblyfperiode op die tydelike verblyfpermit verstryk het en kan die applikant na die goedkeuring of afkeuring van die aansoek dikwels nie weer opgespoor word nie. 'n Goeie voorbeeld van hierdie tipe onwettige vreemdelinge is die Mosambiekse vlugtelinge in Gazankulu en Kangwane gedurende die 1980's.<sup>(7.)</sup>

'n Mate van verwarring rakende die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika het gedurende die 1980's bestaan. Dié verwarring is deels veroorsaak deur die historiese posisie van vlugtelinge vanaf Mosambiek en die Suid-Afrikaanse Regering se weiering om dié individue as ware vlugtelinge te erken. Die eerste aantal Mosambiekse vlugtelinge het vroeg gedurende 1985 in Oos-Transvaal gearriveer. Die

individue het uit Mosambiek gevlug as gevolg van 'n toenemende mate van interne konflik gedurende hierdie periode. Buiten die 370 kilometer lange grensraad waar Mosambiek aan Suid-Afrika grens (die oostelike deel van die Nasionale Kruger Wildtuin) was die enigste ander gebied waar die grensraad (Norex-heining) geëlektrifiseer was, dié deel aan die suidelike kant van die Nasionale Kruger Wildtuin. Vlugtelinge of onwettige vreemdelinge wat daarin kon slaag om die grens in die twee bogenoemde gebiede onwettig oor te steek, moes daarna 35 kilometer deur die Nasionale Kruger Wildtuin vlug voordat moontlike veiligheid en belowende werkgeleenthede bereik kon word. Vele van dié individue is egter deur lede van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) wat die grense gepatroleer het, aangekeer.<sup>(8.)</sup>

Die Mosambiekse burgers wat wel suksesvol deur die grens en Kruger Wildtuin kon kom, het probeer om so vinnig as moontlik na Gazankulu te vlug. Die rede hiervoor was dat die plaaslike inwoners van Gazankulu 'n ooreenkoms met die Shangaansprekende, Mosambiekse burgers onderteken het. Die Hoof Minister van Gazankulu, prof Hudson Ntsanwisi, het met amptenare in Pretoria onderhandel om asiel aan die Mosambiekse vlugtelinge te verskaf. nie asieltoegewing is verleen, met die voorwaarde dat die vlugtelinge nie oorgaan na Suid-Afrikaanse gebied nie. In die Kangwane-tuisland is 'n soortgelyke ooreenkoms met die Suid-Afrikaanse Regering aangegaan. Die Kangwane-tuisland en Suid-Afrika het net suid van Komatipoort aan mekaar gegrens. Volgens dié ooreenkoms sou vlugtelinge wat sonder permitte deur lede van die SAW (wat die grens gepatrolleer het) in Kangwane gevang word, aan die polisie van Kangwane oorhandig word. Venda en KwaZulu het geweier om enige Mosambiekse burgers te help en indien die vlugtelinge in Suid-Afrika gevang word, sou hulle beslis gearresteer en verwyn word.<sup>(9.)</sup>

Teen Januarie 1990 het beide die Gazankulu en Kangwane-tuislande ernstige ekonomiese probleme begin ontwikkel en was dit vir die twee tuislande toenemend moeilik om die groeiende getalle Mosambiekse vlugtelinge (meer as 40 000 en 20 000 onderskeidelik) te akkommodeer. Aanvalle op klein dorpies in Mosambiek gedurende 1990 tot 1991 het meer dikwels voorgekom en het veroorsaak dat die getalle vlugtelinge in dié twee state bly toeneem het ten spyte van samesprekings tussen RENAMO en FRELIMO gedurende dieselfde tydperk. Teen Oktober 1991 is 'n geraamde 90 000 Mosambiekse burgers in die Kangwane en Gazankulu-tuislande as

tydelike burgers geregistreer. 'n Groot aantal van dié individue het as gevolg van die swak ekonomiese omstandighede in dié twee tuislande onwettig na Suid-Afrika migrer, waar werkgeleenthede in veral die landbousektor vir goedkoop arbeid volop was.<sup>(10.)</sup>

Met die opening van die tweede sessie van die vierde Wetgewende Vergadering van Gazankulu op 27 Maart 1987, het dr Willie van Niekerk, die Suid-Afrikaanse Minister van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, dit duidelik gestel dat onwettige vreemdelinge uit Mosambiek nie geduld sou word nie omdat hulle teenwoordigheid in Suid-Afrika bygedra het tot probleme, beide maatskaplik en ekonomies. Indien sulke individue buite die grense van Gazankulu gevind sou word, sou die voorlopige permitte wat aan hulle uitgereik is vir beperkte verblyf in Gazankulu, ook ingetrek word.<sup>(11.)</sup>

Alhoewel die Suid-Afrikaanse Regering geweldige internasionale druk ondervind het om die Mosambiekse burgers as vlugtelinge te erken, is dit geweier. Volgens die Suid-Afrikaanse Regering het vreemdelinge die grens tussen Suid-Afrika en Mosambiek herhaaldelik op onwettige wyse oorgesteek. Dié omstandighede het begin om die Nkomati-verdrag wat gedurende 1984 onderteken is, (met regionale ontwikkeling en vooruitgang as doel) nadelig te beïnvloed.<sup>(12.)</sup>

Nadat die Mosambiekse vlugtelinge aan die veiligheidsmagte van Kangwane oorhandig is, is permitte aan die vlugtelinge uitgereik wat hulle in staat sou stel om wettig in die tuisland aan te bly. Die twee tuislande (Kangwane en Gazankulu) se onderskeie regerings het 'n tipe vlugtelingsstatus aan vlugtelinge uit Mosambiek verleen deur aan elke vlugteling 'n tydelike verblyfpermit van ses maande te voorsien.<sup>(13.)</sup> Alhoewel Mosambiekse vlugtelinge vir rantsoene en mediese hulp gekwalifiseer het, was hulle nie geregtig op staatsgesubsidieerde akkommodasie nie en kon hulle nie werk nie. Daar is wel aan hulle konsessies gegee om op "wit plase" net buite die tuislande te werk, maar slegs as hulle wettig geregistreer was as kontrak-plaasarbeiders. Die tydelike permitte wat in die genoemde tuislande aan die vreemdelinge uitgereik is, het hulle daarvan weerhou om werk in die tuislande te soek, hulle eie vee aan te hou of meer grond te bewerk as die 22 m<sup>2</sup> wat aan hulle toegeken is in die vlugtelingsnedersetting of -area. In Gazankulu is hulle selfs belet

om vuurmaakhout te versamel omdat die plaaslike inwoners 'n lonende bedryf uit die verkoop van vuurmaakhout aan vlugtelinge gehad het. Hierdie omstandighede in die tuislande het vele vlugtelinge gedwing om werk in Suid-Afrika te soek waar hulle nie as vlugtelinge beskou is nie, maar as onwettige vreemdelinge.<sup>(14.)</sup>

## 2. Oorsake van die onwettige vreemdelingprobleem in Suid-Afrika

Soos in die vorige hoofstuk genoem, is verskeie state in suidelike Afrika gedurende die afgelope paar dekades geteister deur interne konflik, regionale konflik, droogtes en gevolglike armoede. Die gevolg is dat die ekonomiese sowel as die politieke stelsels van state byvoorbeeld Mosambiek gedurende die 1980's en vroeë 1990's onstabiel was en bykans geen ekonomiese groei getoon het nie. Die regerings van Suid-Afrika se buurstate kon gevolglik ook bykans geen werkgeleenthede, behoorlike skoolonderrig of mediese dienste aan hulle eie burgers voorsien nie. Suid-Afrika het 'n meer stabiele ekonomie en 'n groter moontlikheid van werkgeleenthede aan burgers van buurstate gebied. Die omstandighede het gedurende dié spesifieke periode, maar tans steeds, 'n groot invloed op die verskynsel van onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika, uitgeoefen.

Ekonomiese faktore is egter slegs een van verskeie faktore wat aanleiding gee tot die onwettige vreemdelingverskynsel in Suid-Afrika en selfs die eskalering daarvan.

### 2.1. Ekonomiese faktore

Die regionale politieke ekonomie van suidelike Afrika, met sy eie identifiseerbare organisasies, verhoudings en interaksies, is in die jare voor 1990 gekenmerk deur 'n hoë graad van polarisasie.

Gedurende die periode 1980-1990 het twee hooffaktore met betrekking tot die ekonomie in suidelike Afrika bestaan, naamlik die voortdurende ekonomiese stagnasie van die meeste van Suid-Afrika se buurstate en toenemende polarisasie van die ekonomiese in suidelike Afrika. Die volgende tabel dui die Bruto Binnelandse Produk (BBP) van Suid-Afrika teenoor dié van die lidstate van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG), vanaf 1965 tot 1990, aan.<sup>(15.)</sup>

*Jaarlikse gemiddelde groeikoers van BBP en bevolking (%) - Suid-Afrika en SAOG-state:*

Tabel I

<i>Jare</i>	<i>BBP</i>		<i>BEVOLKINGSGROEI</i>	
	<i>1965-80</i>	<i>1980-90</i>	<i>1965-80</i>	<i>1980-90</i>
Suid-Afrika	3.7	1.3	2.4	2.4
<i>SAOG-State</i>				
Angola	-	-0.5	2.8	2.6
Botswana	13.9	11.3	3.6	3.3
Lesotho	6.8	3.1	2.3	2.7
Malawi	5.5	2.9	2.9	3.4
Mosambiek	-	-0.7	2.5	2.6
Namibië	-	0.4	2.4	3.0
Tanzanië	3.9	2.8	2.9	3.1
Zambië	2.0	0.8	3.0	3.7
Zimbabwe	5.0	2.9	3.1	3.4

Die voortdurende ekonomiese stagnasie van die meeste van Suid-Afrika se buurstate en toenemende polarisasie van die ekomomieë in suidelike Afrika was bepalende faktore in die verlaging van die BBP van Suid-Afrika en agt van die tien oorspronklike SAOG-lidstate gedurende die tydperk 1980-1990. Die Bruto Binnelandse Produk van hierdie state het gedaal tot benede die bevolkingsaanwas. Die maatskaplike en ekonomiese krisisse wat die streek sedert die 1980's teister en die gewelddadige interne en regionale konflik in die streek gedurende die 1980's, was twee addisionele faktore wat aanleiding gegee het tot bogenoemde verskynsel en sodoende 'n bydrae gelewer tot die probleem van onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika.<sup>(16)</sup>

Die Suid-Afrikaanse Regering se beleid van destabilisasie gedurende die 1980's het die streek as geheel op beide ekonomiese en politieke vlak enorme skade laat ly. Die Suid-Afrikaanse Regering het dié staat se ekonomiese verhoudinge met SAOG-lidstate afgeskaal en het ekonomiese interaksie met state in veral die Ooste begin uitbrei. Ekonomiese verhoudinge is dus aangepas tot die nadeel van Suid-Afrika se buurstate.<sup>(17.)</sup> Volgens 'n beraming wat gedoen is deur die Verenigde Nasies se Ekonomiese Kommissie vir Afrika, het die nege lidstate van die voormalige Suider-Afrikaanse Ontwikkelings Koördineringsraad (SAOKR) 'n verlies gelykstaande aan \$62,45 biljoen, gely. Dié verlies is toegeskryf aan Suid-Afrika se ekonomiese en militêre agressie teenoor sy buurstate.<sup>(18.)</sup>

### 2.1.1 Suid-Afrikaanse handelsvennote

Gedurende die 1980's het Suid-Afrika hom onttrek uit 'n aantal regionale ekonomiese verhoudinge, maar groot hoeveelhede van sy buurstate se produkte aangekoop. Op daardie stadium, soos tans, was state, byvoorbeeld Zimbabwe, tot 'n groot mate afhanklik van die valuta wat hulle ontvang het deurdat Suid-Afrika van hulle produkte aangekoop het. Die Suid-Afrikaanse Regering het egter 'n meer onafhanklike en onbetrokke ekonomiese beleid teenoor sy buurstate begin volg. Van Suid-Afrika se nuut gevestigde handelsvennote (hoofsaaklik Westerse state en 'n aantal state in die Ooste) het tot 'n mindere mate gebruik gemaak van die hawens en spoorweë in byvoorbeeld Mosambiek (die gebruik van die hawe in Mosambiek het afgeneem tot minder as een tiende van die gebruik voor Mosambiek se onafhanklikheid). Die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste het ook 'n doelbewuste veldtog onderneem om handelsvennote in meer ekonomies ontwikkelde state te werf en die nuwe ekonomiese verhoudings is onafhanklik gehou van ander regionale vervoernetwerke. Die invoer van hidro-elektriese krag van Suid-Afrikaanse buurstate is stopgesit deur die sluiting van die Cabora Bassa waterskema en is daar tot 'n mindere mate gebruik gemaak van migrante arbeid vanaf state soos Mosambiek. Die gevolg was dat die getalle vreemdelingarbeiders in die mynbousektor drasties afgeneem het. Die afname van vreemdelingarbeiders was hoofsaaklik as gevolg van nuwe beleid wat deur die Suid-Afrikaanse Regering geïmplementeer is, in 'n poging om getalle vreemdelingarbeiders te verminder. Die gevolge van hierdie veranderinge het tot die vroeë 1990's 'n noemenswaardige invloed op regionale ekonomiese verhoudinge en

die ekonomiese van verskeie state in die streek, gehad. In 1995 het Suid-Afrika vyf keer meer goedere aan state in die streek (asook ander state) uitgevoer as wat die onderskeie state in die streek gesamentlik uitgevoer (na Suid-Afrika maar ook ander state), het.<sup>(19.)</sup>

### 2.1.2. Die Internasionale Monetêre Fonds (IMF)/WêRELBANK strukturele aanpassingsprogramme

Al die bovenoemde faktore het 'n negatiewe impak op die formele binnelandse diensverskaffingsektor van verskeie van Suid-Afrika se buurstate gehad. As gevolg van ekonomiese agteruitgang kon dié state nie voldoende werkgeleenthede aan hulle eie burgers verskaf nie. Dit het geleid tot toenemende migrasie (beide wettig en onwettig) na Suid-Afrika. Soos reeds genoem, was state soos byvoorbeeld Mosambiek en Zimbabwe tot 'n groot mate afhanklik van die buitenlandse valuta wat deur die kontrakarbeiders (werksaam in Suid-Afrika) verdien is en na hulle families in hulle onderskeie tuisstate teruggestuur is. Deur die nuwe, meer beperkende vreemdelingarbeidsbeleid wat deur die Suid-Afrikaanse Regering geïmplementeer is, is dié noodsaaklike bron van buitenlandse valuta tot 'n groot mate verminder. Die eerste reeks van die IMF/Wêrelbank gesubsidieerde strukturele aanpassingsprogramme het die ekonomiese van die state in die streek ook beïnvloed. Sedert die middel 1980's het die meeste van die SAOG-lidstate gevind dat hulle as gevolg van verskeie redes verplig was om die strukturele aanpassingsprogramme (SAP's) te implementeer. Deur die SAP's het die IMF en Wêrelbank gepoog om stabiliteit in beide die onderskeie state en die streek as geheel te verkry deur die navolging van die volgende riglyne: drastiese geldeenheid devaluasies; verkleining en aanpassing van staatsbegrotings; en die onttrekking van staatsubsidies.<sup>(20.)</sup>

Deur die implementering van die SAP's is ook gepoog om die rol van die regering in die bepaalde staat se ekonomie te verminder en beskikbare fondse vir privaatsektor entrepreneurskap te verhoog. In sommige gevalle het die programme tog gehelp om tot 'n mate ekonomiese groei teweeg te bring, maar dit was in baie gevalle ten koste van bestaande lewenstandaarde (veral in stedelike gebiede) en maatskaplike besteding (waar drastiese besnoeings gemaak is). Drastiese afnames in werkverskaffing in die openbare sektor het ook probleme veroorsaak en die

eindresultaat was 'n dramatiese toename in maatskaplike ongelykheid. Die klein stedelike elites het hulle lewenstandaarde sigbaar verbeter terwyl die grootste deel van die bevolking se armoede aanhou vererger het. Vir die inwoners van sulke state was die enigste alternatief om werkgeleenthede en 'n beter toekoms in 'n ander staat te gaan soek, al was dit ook op 'n onwettige wyse.<sup>(21.)</sup>

In die geval van Mosambiek het 'n steekproef aangedui dat 'n drastiese afname in die werkverskaffing van 590 produktiewe ondernemings - vanaf 149 000 in 1991 tot 137 000 in 1992, voorgekom het. Die 42 000 arbeiders wat in die Suid-Afrikaanse mynbousektor werksaam was gedurende daardie periode, was dus bykans een derde van die totale getal individue wat deur 590 ondernemings in Mosambiek in diens geneem kon gewees het. Die besnoeiing van uitgawes in Mosambiek se nasionale begroting het ook geleid tot 'n afname van indiensneming van individue in verskeie staatsdepartemente. Toenemende ekonomiese onstabiliteit in Mosambiek gedurende die 1980's en vroeë 1990's het gepaardgegaan met politieke onstabiliteit en onsekerheid. Beide die FRELIMO en RENAMO gewapende magte was gedurende daardie periode betrokke by 'n proses van demobilisasie wat duisende manlike burgers geraak het. Tydens die burgeroorlog het baie van hierdie soldate jare in die veld spandeer en aangesien vele van hierdie soldate op 'n baie jong ouderdom by RENAMO en FRELIMO aangesluit het, was hulle ná die burgeroorlog ongeletterd, onbekwaam of het hulle die vaardighede wat hulle vroeër gehad het, afgeleer. Met die beëindiging van die gewapende konflik moes dié mans weer werk soek in 'n staat met swak skoolonderrig, 'n uiters swak ekonomie en min werkgeleenthede. Vele van die voormalige soldate se enigste uitweg was ook om die Suid-Afrikaanse grens onwettig oor te steek met die hoop op werkgeleenthede en 'n beter toekoms.<sup>(22.)</sup>

### 2.1.3. Die migrante arbeidstelsel

Die groeiende aanvraag vir migrante arbeid in veral Suid-Afrika se mynbousektor het geleid tot die ontwikkeling van 'n uitgebreide migrante kontrakarbeidstelsel wat verskeie state in die streek betrek het. Buurstate, byvoorbeeld Mosambiek en Swaziland, se inwoners het gedien as beskikbare arbeidsbronne wat die Suid-Afrikaanse mynbousektor se eise vir goedkoop, ongeskoolde swart arbeid kon bevredig. Kontrakte is aan die vreemdelingarbeiders aangebied, wat hulle toegelaat

het om vir 'n periode wettig in Suid-Afrika te werk, maar hulle moes na die verstryking van die toegelate periode weer hulle kontrakte hernu. Die ekonomiese van verskeie buurstate (onder andere Mosambiek) het toenemend begin afhanklik raak van die migrante kontrakarbeidstelsel wat hulle voorsien het van buitelandse valuta en beskikbare werkgeleenthede wat hulle nie in hulle eie state aan hulle burgers kon bied nie.<sup>(23.)</sup>

Gedurende die periode 1980 tot ongeveer 1982 het migrante arbeid 'n merkbare rol in die Suid-Afrikaanse ekonomie begin speel. Gedurende dié tydperk het 'n konstante aanvraag vir goedkoop arbeid in verskeie sektore van die ekonomie ontstaan en voldoende goedkoop vreemdelingarbeid is op verskeie wyses deur die Suid-Afrikaanse Regering en die privaatsektor verseker. Eerstens het die regering in 'n poging om te verseker dat goedkoop, beskikbare arbeid altyd maklik bekomaar sal wees, spesiale reserve aangewys waarheen swart gemeenskappe gedwing is om te verhuis. Tweedens het werkpermitte wat aan vreemdelingarbeiders uitgereik is, 'n gebied gespesifiseer waarin die arbeider toegelaat is om te werk. In sommige van dié gebiede het armoede enoorbevolking egter daartoe geleid dat sekere vreemdelingarbeiders hulle werkpermitvoorwaardes verbreek deur werk te gaan soek in "wit" gemeenskappe. Derdens is verskeie tipes belasting deur die koloniale owerhede in Suid-Afrika se buurstate ingestel. Suid-Afrika was een van die min state waar burgers van ander state (deur middel van die bestaande migrante arbeidstelsel) genoeg geld kon verdien om die belasting in hulle tuisstate te betaal. Laasgenoemde was een van die hoofredes vir die ontstaan van die toenemende migrasie van arbeiders na Suid-Afrika.<sup>(24.)</sup>

'n Faktor wat bogenoemde verskynsel verder aangemoedig het, was die diversifikasie van die Suid-Afrikaanse ekonomie gedurende die 1980's. Die gevolg van die diversifikasie van die Suid-Afrikaanse ekonomie was die snelle ontwikkeling en uitbreiding van werkgeleenthede wat die produksiesektore sowel as die openbare en private konstruksiemaatskappye aan individue kon bied, insluitende individue uit buurstate wat bereid was om vir 'n minimale bedrag te werk. Terwyl die skerp styging in die arbeidsaanvraag 'n verhoging in loonvlakke aan swart arbeiders veroorsaak het, het teenstrydigheid tussen loonvlakke van die industriële en mynbousektore, ontstaan. Die Kamer van Mynwese se reaksie op die toenemende

teenstrydigheid was om dié sektor se werwing van swart, onbekwame arbeiders vanaf state buite Suid-Afrika te intensifiseer, eerder as om met die sekondêre en tersiêre sektore binne Suid-Afrika te kompeteer vir swart arbeiders.<sup>(25.)</sup>

Vanaf die vroeë 1980's het bepaalde veranderinge in die Suid-Afrikaanse ekonomie en beleid egter die migrante kontrakarbeidstelsel negatief begin beïnvloed. Meer klem is geplaas op die werwing van geskoolde en bekwame arbeid eerder as ongeskoolde arbeid. Vreemdelingarbeiders vanaf buurstate binne Suid-Afrika is verkies bo arbeiders uit Suid-Afrikaanse buurstate.<sup>(26.)</sup> Met die vervanging van die *Wet op Vreemdelingbeheer van 1986* is die kontrole oor die beweging van swart Suid-Afrikaanse burgers binne Suid-Afrika laat vaar. As gevolg hiervan kon swart persone vrylik binne Suid-Afrika rondbeweeg op soek na werk, en veral mynbou maatskappye het gehoop dat meer swart arbeiders in die omgewing van die myne sou kom woon, om sodoende 'n meer stabiele en bekwame arbeidsmag (as dié van buurstate) tot hulle beskikking te hê.<sup>(27.)</sup> Die neiging van veral mynbou maatskappye om meer van Suid-Afrikaanse werkers, en werkers uit tuislande binne Suid-Afrika gebruik te maak, het geleid tot 'n drastiese afname in die getal vreemdelingarbeiders in die Suid-Afrikaanse mynbousektor. Die getalle vreemdelingarbeiders het soos volg afgeneem: 606 000 werkers in 1951; 587 000 in 1960; 490 000 in 1970; 211 247 in 1986; tot 165 825 gedurende 1995.<sup>(28.)</sup>

Sedert die 1980's het die aantal vreemdelinge wat gepoog het om Suid-Afrika onwettig binne te kom, toenemend vermeerder. Die vraag ontstaan of die sluiting en afskaling van die wettige metodes van migrasie vir vreemdelingarbeiders (wat dikwels onbekwaam en ongeletterd was) vanaf veral state in suidelike Afrika, nie dalk geleid het tot die verhoging van onwettige migrasie van ongeskoolde arbeid na Suid-Afrika nie. Die meer stabiele Suid-Afrikaanse ekonomie en die gevolglike groter beskikbaarheid van werkgeleenthede, in veral die mynbou- en landbousektore het aan burgers uit veral Mosambiek, Namibië en Angola die nodige aansporing gegee om onwettig na Suid-Afrika te migreer.<sup>(29.)</sup>

Die tendens gedurende die middel van die tagtigerjare om meer bekwame Suid-Afrikaanse werkers in diens te neem, eerder as ongeskoolde vreemdelingarbeiders, het vreemdelingarbeiders uit buurstate aangespoor om Suid-Afrika onwettig binne te

kom op soek na werk. Buurstate se afhanklikheid van waardevolle valuta wat werkers verdien het deur in Suid-Afrika te werk, was slegs een van die faktore wat bygedra het tot die groeiende getalle onwettige vreemdelinge gedurende die laat 1980's en vroeë 1990's.

## 2.2. Politieke faktore

Politieke of etniese geweld binne 'n staat is geneig om onwettige migrasie te bevorder. In suidelike Afrika was die interne konflik in beide Angola en Mosambiek tot 'n groot mate verantwoordelik vir onwettige migrasie na Suid-Afrika in beide die 1980's en die 1990's. Dit is nodig om te noem dat die individue wat na Suid-Afrika gevlug het as gevolg van burgeroorloë en gewelddadige konflik in hulle eie state, nie as vlugtelinge deur die Suid-Afrikaanse regering erken is nie, maar as onwettige vreemdelinge. Volgens die Suid-Afrikaanse regering het dié individue nie gevlug as gevolg van konflik in hulle tuisstaat nie, maar eerder as gevolg van ekonomiese redes en het die moontlikheid bestaan dat amptelike vlugtelingsstatus misbruik sou word en werkgeleenthede van Suid-Afrikaanse burgers weggeneem sou word. Minnaar stel in hierdie verband dat..."At the time, while legislation dealing with aliens did exist, the government of the time was reluctant or 'disinclined' to allow into the country refugees from neighbouring black states. Because of this disinclination (the government felt obliged to provide jobs for South African citizens first), aliens did not report themselves as refugees for fear of being summarily deported. In addition, since South Africa was not a signatory to the *United Nations Convention on Refugees* nor the *OAU Convention*, it was not obliged to give Mozambican fugitives refugee status (although the broad principles of granting refugee status were adhered to). The South African government was also sensitive to allowing a UN or UNHCR presence in South Africa, viewing such a presence as an abrogation of its national sovereignty."<sup>(30.)</sup>

Etniese of interne konflik binne 'n bepaalde staat het gewoonlik 'n dramatiese invloed op die lewenswyse en lewenstandaarde van die burgers van daardie staat. In 1990 is beraam dat tussen 600 000 en 1 000 000 individue in Mosambiek dood is en 'n verdere drie miljoen uit hulle dorpe en/of huise gedryf is as gevolg van interne konflik.<sup>(31.)</sup> Gedurende 1992 het groot getalle Mosambiekers na Suid-Afrika gestroom as gevolg van die gewapende konflik in Mosambiek. Mosambiekse vlugtelinge het

hulself by Kangwane as vlugtelinge laat registreer, maar vele het wel probeer om vanaf die 34 verskillende vlugtelingskampe in Kangwane na die Johannesburg-area te kom op soek na werkgeleenthede. Gedurende Oktober 1992 is 'n vredesooreenkoms tussen RENAMO en FRELIMO onderteken. Dié ooreenkoms en gevvolglike vrede in Mosambiek het egter nie die toenemende getalle onwettige vreemdelinge wat na Suid-Afrika gestroom het, verminder nie. 'n Enorme tekort aan werkgeleenthede in Mosambiek, as gevolg van die ineenstorting van infrastrukture, het individue toenemend motiveer om die grens na Suid-Afrika onwettig oor te steek op soek na moontlike werkgeleenthede en 'n beter lewe.<sup>(32.)</sup>

Soos reeds genoem, het die Suid-Afrikaanse Regering voor 1993 nie die groot getalle Mosambiekse burgers in Suid-Afrika as vlugtelinge erken nie, maar wel as onwettige vreemdelinge beskou. Op 6 September 1993 het die Suid-Afrikaanse Regering, die Mosambiekse Regering en die Verenigde Nasies se Hoë Kommissaris vir Vlugtelinge (VNHKV) 'n ooreenkoms onderteken waarin ooreengekom is dat vlugtelingsstatus aan die meer as 300 000 Mosambiekers wat in daardie stadium in Suid-Afrika woonagtig was (wat vanaf Mosambiek, Gazankulu en Kangwane na Suid-Afrika migreer het), gegee sou word. Dit het egter slegs gegeld vir Mosambiekse burgers wat Suid-Afrika tussen 1985 en 1992 binnegekom het, en die individue moes hulself vrywillig vir repatriasie aanmeld. Die afsluitdatum vir aanmelding was Maart 1995.<sup>(33.)</sup>

Met die ondertekening van die vredesooreenkoms tussen RENAMO en FRELIMO in Mosambiek, het die VNHKV begin met die grootskaalse repatriasie van Mosambiekse burgers uit Suid-Afrika. Van die bykans 120 000 Mosambiekse vlugtelinge wat in daardie stadium in Suid-Afrika geregistreer was (individue wat hulself voor die Maart 1995 afsluitdatum as Mosambiekse vlugtelinge aangemeld het), is slegs 32 000 amptelik gedurende 1994 en tot en met 31 Maart 1995 met die beëindiging van die VNHKV se repatriasie programme, gerepatrieer. 'n Geraamde getal van sowat 70 000 tot 90 000 Mosambiekse burgers is nie gerepatrieer nie. Vir sulke individue was dit beter om in Suid-Afrika aan te bly en onwettig hier te werk as om na 'n staat terug te keer wat in puin gelê is as gevolg van 'n oorlog.<sup>(34.)</sup>

Ook in Angola was die oorlog verantwoordelik vir grootskaalse materiële- en lewensverlies. Volgens 'n Verenigde Nasies verslag wat in 1992 uitgereik is, het 'n

beraamde getal van 1,4 miljoen Anglolese burgers (uit 'n bevolking van tien miljoen) materiële verlies, in die vorm van vernietiging van oeste en huise (en die gevoglike verlies aan werkgeleenthede) en persoonlike verlies, in die vorm van die dood van familielede en vriende, as 'n direkte gevolg van die burgeroorlog in die staat, gely. Van hierdie 1,4 miljoen was bykans almal potensiële onwettige vreemdelinge.<sup>(35.)</sup>

Die April 1994 verkiesing in Suid-Afrika het geleei tot die opening, beide op politieke en ekonomiese vlak, van internasionale markte vir Suid-Afrika, en dit was 'n bepalende faktor in die toenemende getalle migrante (beide wettig en onwettig) in Suid-Afrika. Die getalle onwettige vreemdelinge uit Mosambiek en Zimbabwe het toenemend vermeerder na die verkiesing ten spyte van polities-stabiele omstandighede en voortdurende repatriasie programme wat deur die VNHKV, wat veral in Mosambiek geïmplementeer is.<sup>(36.)</sup> Met die vooruitsig van 'n nuwe regering in Suid-Afrika is verskeie politieke organisasies soos die African National Congress (ANC), in die vroeë 1990's ontban. Met die ontbanning van die organisasies het vele individue wat vir jare in die RSA verbied is, weer toegelaat om Suid-Afrika binne te kom en vrye politieke aktiwiteite is nie meer beperk nie. Politieke vryheid kan vir 'n persoon geweldig belangrik wees, veral as dié tipe vryheid nie in sy eie staat bestaan nie. Die relatiewe vreedsame oorgang na 'n meerderheidsregering na die 1994 verkiesings, het ook die persepsie laat ontstaan dat werkgeleenthede in Suid-Afrika meer volop is as in ander state. Beloftes van diensverskaffing en ontwikkeling op alle terreine (hoofsaaklik deur middel van die Heropbou en Ontwikkelingsprogram), deur politieke leiers in Suid-Afrika, het verhoogde verwagtinge onder Suid-Afrikaanse burgers maar ook onder burgers van ander state, geskep. Dié verwagtinge was dikwels 'n belangrike faktor in die onwettige migrasie van individue na Suid-Afrika.<sup>(37.)</sup>

## 2.3. Sosio-kulturele faktore

In Afrika word bande met 'n spesifieke stam of stamgroep verkies bo die bande van burgerskap in 'n bepaalde staat. Dié voorkeur het as 'n fasiliterende faktor in die aanmoediging van onwettige migrasie na Suid-Afrika in die 1980's en die 1990's, gedien. Een rede vir die hoë konsentrasie Mosambiekse burgers in Gazankulu gedurende die 1980's, was dat dié Mosambiekers Shangaans was en dus 'n kulturele ooreenkoms met die burgers van Gazankulu gedeel het. Onwettige vreemdelinge glo

dikwels dat hulle hulp van hulle stamlede aan die Suid-Afrikaanse kant van die grens sal ontvang as hulle daar arriveer.<sup>(38.)</sup>

Dieselde oorwegings geld steeds. Omdat die aantal onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika op miljoene geraam word, bestaan die moontlikheid dat 'n persoon wat van plan is om onwettig na Suid-Afrika te migrer, familie, vriende of lede van sy/haar stam in Suid-Afrika ken, en op hulle staatmaak om aan hom/haar huisvesting en voedsel te verskaf, indien so 'n persoon daarin sou slaag om Suid-Afrika onwettig binne te kom.<sup>(39.)</sup>

## 2.4. Presedent

Sommige kundiges beweer dat presedent 'n belangrike rol in wettige, asook onwettige migrasie speel. Korner stel dit dat: "Once migration has been routine, as it has been in most of the countries concerned [traditionally receiving countries], relevant information is more or less common knowledge. The fact that migration paths and procedures have been 'run-in' also makes the risk less-daunting. Migration may then become a mass phenomenon."<sup>(40.)</sup>

As 'n persoon bewus is van 'n vriend of familielede wat daarin geslaag het om Suid-Afrika onwettig binne te kom, en ook van plan is om dit te doen, kan so 'n persoon dus waardevolle en bruikbare inligting bekom om sy/haar poging suksesvol te maak. Solomon hou die volgende geval voor as bewys: "George, a Mozambican residing illegally in South Africa, admitted that his cousin's successful negotiation of the obstacles to emigration - including an electric fence and South African National Defence Force (SANDF) patrols - gave him the necessary incentive to emigrate as well. He also knew that upon arrival his cousin and friends would provide him with food and shelter while he sought employment."<sup>(41.)</sup>

Individue wat van plan is om onwettig te migrer word dus aangemoedig om tot die daad oor te gaan as 'n vriend en/of familielid se poging suksesvol was, hetsy as "informele onwettige vreemdeling" of as "georganiseerde onwettige vreemdeling".

## 2.5. Omgewingsfaktore

Ongunstige omgewingsfaktore het oor die afgelope paar jaar 'n belangrike bydrae gelewer tot die groeiende getalle onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika. "Droughts, floods, earthquakes, and crop failures - all tend to induce people to leave the land in search of the basic necessities in urban areas or in a new country."<sup>(42.)</sup>

Angola is 'n goeie voorbeeld van 'n staat waar negatiewe omgewingsfaktore aanleiding gee tot toenemende getalle onwettige vreemdelinge in onder andere Suid-Afrika. Gedurende 1991 het swak reënval in die sentrale en suidelike provinsies van Angola (wat saamgeval het met jare van interne konflik in dié staat) veroorsaak dat 1,9 miljoen burgers hongersnood in die gesig gestaar het. Omdat die sentrale dele van die land die ergste deur die droogte getref is, het duisende burgers wat in dié gebiede woonagtig was na die grensgebiede getrek met die hoop op beter omstandighede. Verswakte infrastrukture, volgehoue droogtes en toenemende werkloosheid het egter veroorsaak dat groot getalle Angolese burgers onwettig na Suid-Afrikaanse migrer het op soek na beter werkgeleenthede en 'n beter lewe.<sup>(43.)</sup>

Gedurende Januarie en Februarie 1997 het abnormale hoë reënval syfers in Mosambiek, maar ook in Zimbabwe en Botswana, gelei tot die ergste vloede wat dié state in die afgelope 20 jaar ondervind het. As gevolg van die vloede, is meer as 7 300 huise en 79 520 hektaar gesaaide oeste oorstrom en is 78 mense dood. Die feit dat vele Mosambiekse burgers se oeste as gevolg van die vloede oorstrom het, het 'n groot invloed gehad op besluite om onwettig na Suid-Afrika te migrer op soek na werk.<sup>(44.)</sup>

Verskeie faktore dra dus by tot die toenemende getalle onwettige vreemdelinge wat na Suid-Afrika migrer het, en steeds onwettig migrer. Twee faktore wat uitgesonder kan word as die belangrikste, is ekonomiese en politieke faktore. Volgehoue ekonomiese en politieke onstabilitet in Suid-Afrika se buurstate het 'n noemenswaardige rol gespeel in toenemende getalle vreemdelinge wat onwettig na Suid-Afrika migrer.

In die volgende onderafdeling word die verskeie wyses waarop onwettige

vreemdelinge Suid-Afrika binnekomb; wyses waarop hulle hul teenwoordigheid in Suid-Afrika probeer verbloem; en die beraamde omvang van die onwettige vreemdelingprobleem, bespreek.

### 3. Wyses van binnekoms, wyses van vestiging en die omvang van die onwettige vreemdelingprobleem

Soos reeds aangedui, is dit belangrik om te onderskei tussen individue wat Suid-Afrika op 'n onwettige wyse binnekom (deur onwettig oor die grens te beweeg of gebruik te maak van valse dokumente) en individue wat Suid-Afrika wettig binnekom, maar dan die voorwaardes van sy/haar visum of tydelike werkpermit verbreek en onwettig in Suid-Afrika aanbly. Aangesien daar in die volgende hoofstukke na die uitsetting en deportasie van onwettige vreemdelinge verwys word, is dit nodig om dié onderskeid aan te toon. Uitsetting is die proses waarmee 'n individu wat 'n staat op onwettige wyse binnegekom het of wie se tydelike verblyf- en of werkpermit verval het, na sy/haar tuisstaat teruggestuur word. Deportasie is die proses waarmee 'n individu van die land waar hy/sy 'n wettige inwoner is, na sy/haar tuisstaat teruggestuur word indien sy/haar teenwoordigheid in die bepaalde staat as ongewens gesien word, of indien hy/sy 'n misdaad pleeg. Die persoon ontvang 'n boete of vonnis in die hof en word nie toegelaat om die land vanwaar hy/sy gedeporteer word, weer binne te kom nie. In albei gevalle is toestemming van die Minister, in die vorm van 'n lasbrief, nodig voordat persone uit Suid-Afrika verwyder word. 'n Onwettige vreemdeling kan ook op bevel van die Hof gedeporteer word.<sup>(45.)</sup>

In die volgende onderafdeling word wyses van beide binnekoms en vestiging asook die beraamde omvang van die onwettige vreemdelingprobleem in Suid-Afrika, bespreek.

#### 3.1. Die tydperk 1980-1990

Die vroeë 1980's is hoofsaaklik gekenmerk deur die grootskaalse gebruik van migrante arbeid in veral die Suid-Afrikaanse mynbousektor, maar die gebruik van hierdie tipe arbeid het gedurende die laat 1980's, dramaties afgeneem. 'n Groot gedeelte van die vreemdelingarbeiders was egter teen die laat 1980's al tot 'n groot

mate afhanklik van die valuta wat hulle verdien het deur in Suid-Afrika te werk en gewoond aan die verskeie werkgeleenthede wat bestaan het. Hierdie was egter, soos reeds bespreek, slegs een van verskeie faktore wat aanleiding gegee het tot die toenemende getalle vreemdelinge wat onwettig na Suid-Afrika migreer het.

In dié onderafdeling word die wyses van binnekoms en vestiging, sowel as die beraamde omvang van die onwettige vreemdelingprobleem in Suid-Afrika gedurende die periode 1980-1990, bespreek.

### 3.1.1. Wyses van binnekoms

Ten spyte van verskeie pogings deur die Suid-Afrikaanse Regering, byvoorbeeld die oprig en verlenging van die Norex-heining om onwettige vreemdelinge se pogings om Suid-Afrika onwettig binne te kom te stuit, het getalle toegeneem. In die volgende gedeelte word die algemene wyses van binnekoms van onwettige vreemdelinge gedurende die periode 1980-1990, bespreek.

#### a. Vervalsing van dokumente

Die vervalsing van Suid-Afrikaanse identiteitsdokumente is een van die grootste probleme wat die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika, betref. Die vooruitsig van beter lewensomstandighede, beter werkgeleenthede en hoër lone het gedurende die vroeë 1980's huisende individue uit veral Mosambiek na Suid-Afrika laat stroom. 'n Groot persentasie van die onwettige vreemdelinge het van so ver as Malawi na Suid-Afrika migreer met die hoop op moontlike werkgeleenthede en 'n beter toekoms.<sup>(46.)</sup>

Die vervalsing van nasionale identiteitsdokumente, paspoorte en tydelike werkpermitte het vanaf 1982 kommerwekkend begin toeneem. Vlugtelinge en onwettige vreemdelinge wat gedurende 1982 as gevolg van hierdie oortreding gearresteer is, het aan lede van die polisie verklaar dat individue wat wel daarin slaag om onwettig oor die Suid-Afrikaanse grens te beweeg, reguit Bophuthatswana toe vlug omdat vervalste paspoorte daar maklik bekombaar was. Amptenare in Bophuthatswana kon met soveel as R30 omgekoop word om paspoorte onwettig uit-

te reik. Met só 'n paspoort kon 'n vlugteling of onwettige vreemdeling Suid-Afrika maklik binnekom en akkommodasie en werk bekom. Dié individue het Suid-Afrika dus onwettig binnegekom deur gebruik te maak van vervalste dokumente.<sup>(47.)</sup>

b. **Porositeit van Suid-Afrikaanse grense**

Gedurende die periode 1980-1990 het die grootste aantal onwettige vreemdelinge wat na Suid-Afrika migrer het, dit gedoen deur onwettig oor die grens te beweeg sonder enige dokumentasie. Die lengte van die grens, oneffektiewe kontrole by sommige grensposte en die feit dat die grens in sommige gebiede slegs aangedui is deur 'n rivier, het dit vir onwettige vreemdelinge maklik gemaak om die grens onwettig oor te steek. Voor die oprigting van die geëlektrifiseerde heining (Norex-heining), was die oorsteek van die grens in die noordelike gedeelte van Suid-Afrika deur veral Zimbabweense en Mosambiekse onwettige vreemdelinge, maklik. Gedurende Maart 1982 is berig dat onwettige vreemdelinge by die Derdepoort-grenspos, sowat 100 kilometer vanaf Thabazimbi, byna 'vrye toegang' tot Suid-Afrika gehad het deur bloot die vlak Maricorivier oor te steek en dan oor die grensraad te klim.<sup>(48.)</sup>

c. **Die geëlektrifiseerde (Norex) heining**

Vanaf 1987 het die burgeroorlog in Mosambiek vererger en veroorsaak dat vele Mosambiekse burgers na Suid-Afrika gevlug het. Terselfdertyd het interne konflik en hongersnood Zimbabweense burgers na Suid-Afrika begin dwing. Die Suid-Afrikaanse Regering het op die toenemende getalle onwettige vreemdelinge gereageer deur die bestaande geëlektrifiseerde grensraad aan Suid-Afrika se noordelike grens, te verleng. Dié heining is gedurende 1985 opgerig in 'n poging om onwettige vreemdelinge uit Zimbabwe te stuit, maar is teen 1987 deur die regering as oneffektief beskou omdat die heining so dikwels deur onwettige vreemdelinge geknip is dat permanente patrollies van SAW-personeel nodig was vir die instandhouding en reparasie daarvan.<sup>(49.)</sup> Gedurende 1988 het 'n Suid-Afrikaanse immigrasiebeampte verklaar dat: "...more than 2 000 Zimbabweans had succeeded in entering the Transvaal illegally, despite the 70 km fence built at a cost of more than R20 million."<sup>(50.)</sup>

Onwettige vreemdelinge het dus van verskeie metodes gebruik gemaak om Suid-Afrika onwettig binne te kom. Vele het Suid-Afrika onwettig binnegekom deur middel van vervalste dokumentasie maar die meerderheid onwettige vreemdelinge het die grens onwettig oorgesteek.

### **3.1.2. Wyses van vestiging**

Burgers van ander state het Suid-Afrika dikwels wettig binnegekom, maar dan onwettig in Suid-Afrika aangebly deur die voorwaardes van sy/haar visum of werkpermit te verbreek. Vervalste identiteitsdokumente is ook soms teen groot bedrae aan sulke individue verkoop. Hierdie tipe vreemdeling het dus van verskeie metodes gebruik gemaak om hulle verblyf in Suid-Afrika te faciliteer.

#### **a. Die koop van ouers**

Dit het dikwels gebeur dat plaaslike swart burgers van die onwettige vreemdelinge versteek of selfs probeer het om vir hulle Suid-Afrikaanse burgerskap te bekom. 'n Woordvoerder van die polisie in Oos-Transvaal het dit gestel dat: "Dit gebeur dikwels dat die Mosambiekers vir hulle Suid-Afrikaanse ouers 'koop' wat dan hoog en laag sweer dat die vreemdeling hul kind is." Op hierdie manier kon die "ouers" net getuig dat "die kind" vanaf geboorte nie geregistreer is nie, en kon die onwettige vreemdeling vir Suid-Afrikaanse burgerskap, gekwalifiseer.<sup>(51.)</sup>

#### **b. Die verbreking van voorwaardes van visums en tydelike werkpermitte**

Sommige individue het 'n ander metode gebruik om onwettig in Suid-Afrika aan te bly. Volgens bestaande beheermaatreëls gedurende daardie periode, moes vreemdelingarbeiders uit buurstate op 'n gereelde basis hulle werkpermitte laat hernu. Gedurende 1982 het die Kommissaris van Departemente Samewerking en Ontwikkeling in Oos-Transvaal dit gestel dat daar ongeveer 12 000 werkers uit Mosambiek in Oos-Transvaal was, maar dat hulle voor die einde van Desember (1982) na Mosambiek moes teruggaan om hulle werkpermitte te hernu. Vele van die vreemdelingarbeiders wat gedurende 1980-1990 aan die vereistes van hernuwing van tydelike werkpermitte moes voldoen, het onwettig in Suid-Afrika aangebly uit vrees

dat hulle werkpermitte nie meer hernu sou word nie, en hulle nie weer toegelaat sou word om in Suid-Afrika te werk nie. In baie gevalle het individue Suid-Afrika as toeriste binnegekom, maar dan langer aangebly as die toegelate periode wat op die toeriste visums gespesifiseer is. Dié tipe onwettige vreemdelinge kom Suid-Afrika op 'n wettige wyse binne, maar bly dan onwettig in Suid-Afrika aan.<sup>(52.)</sup> Dit was vir onwettige vreemdelinge uiters belangrik om in Suid-Afrika te bly en hulle sou bykans enigets probeer om hulle onwettige teenwoordigheid te verbloem of te wettig, eerder as om terug te gaan na hulle eie state.

### 3.1.3. Die omvang van die onwettige vreemdelingprobleem

Soos tans die geval is, was dit reeds gedurende die periode 1980-1990 moeilik om 'n korrekte raming van die werklike getal onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika te kry. Een aspek wat sake bemoeilik het, was die feit dat die onderskeid tussen onwettige vreemdelinge en vlugtelinge gedurende dié periode nog nie aan almal duidelik was nie en is onwettige vreemdelinge telkens vir vlugtelinge aangesien. Een manier waardeur 'n aanduiding van moontlike getalle verkry kan word, is om die aantal uitsettings, deportasies en inhegtenisnemings van onwettige vreemdelinge, in ag te neem.

In die periode 1980-1990 is die groot getalle onwettige vreemdelinge uit veral Mosambiek as 'n groot probleem gesien. Gedurende Maart 1987 het die Suid-Afrikaanse Minister van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, dr Willie van Niekerk, dit gestel dat daar gedurende 1986 sowat 19 081 Mosambiekse burgers alleen uit Suid-Afrika verwyder is.<sup>(53.)</sup> Vanaf 1987 het die gewapende konflik in Mosambiek vererger en het die getalle onwettige vreemdelinge wat na Suid-Afrika migreer het, drasties toegeneem. Gedurende die eerste drie maande van 1989, is 8 000 onwettige vreemdelinge uit Mosambiek deur die SAW en Suid- Afrikaanse Polisie (SAP) aangekeer, en na Mosambiek verwyder.<sup>(54.)</sup>

Die Suid-Afrikaanse Minister van Binnelandse Sake, J Botha, het gedurende April en Mei 1989 in die Parlement op vrae in verband met onwettige vreemdelinge gereageer deur te verklaar dat 44 225 onwettige vreemdelinge gedurende 1988 na hulle eie state verwyder is. Van dié getal was slegs 14 persone van state buite Afrika, afkomstig.<sup>(55.)</sup>

Die statistiek van getalle onwettige vreemdelinge wat vanaf 1988-1990 uit Suid-Afrika verwyder is, is soos volg:<sup>(56.)</sup>

Tabel II

<b>UITSETTINGS VAN ONWETTIGE VREEMDELINGE UIT SUID-AFRIKA:</b>				
<b>1988 - 1990</b>				
<b>STATE</b>	<b>1988</b>	<b>1989</b>	<b>1990</b>	<b>TOTAAL</b>
Angola	-	-	-	
Botswana	757	843	596	2 196
Lesotho	4 400	4 728	3 832	1 296
Malawi	248	110	78	436
Mosambiek	33 446	38 758	42 330	114 534
Swaziland	1 839	1 260	1 225	4 324
Zimbabwe	3 527	5 817	5 363	14 707
Ander state	8	9	11	28
<b>TOTAAL</b>	<b>44 225</b>	<b>51 525</b>	<b>53 435</b>	<b>149 185</b>

Volgens die Suid-Afrikaanse Jaarboek is die totale getal onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika gedurende 1988 op meer as 1,2 miljoen geraam.<sup>(57.)</sup> Soos tans die geval is die meeste van dié individue vanaf Mosambiek afkomstig. Gedurende Oktober 1991 is ongeveer 3 000 onwettige vreemdelinge per maand in die omgewing van Komatipoort deur SAW-lede aangekeer, en deur die Ressano Garcia grenspos na Mosambiek verwyder. Dié maatreël het egter 'n probleem veroorsaak. Onwettige vreemdelinge wat verder noord, naby die Pafuri-hek van die Kruger Wildtuin aangekeer is, kon nie deur die Ressano Garcia grenspos uitgesit word nie. Die rede was dat sulke individue nie in staat was om van die Ressano Garcia grenspos na hulle families of huise wat honderde kilometers noord van die grenspos geleë was, terug te keer nie. Die risiko was vir sulke individue te groot omdat die roete daarheen geaffekteer is deur 'n burgeroorlog en landmyne was algemeen. Die gevolg hiervan

was die ontwikkeling van 'n informele nedersetting naby die Ressano Garcia grenspos waaruit onwettige vreemdelinge daagliks probeer het om die grens na Suid-Afrika onwettig oor te steek, sonder dat die SAW-patrollies hulle gewaar.<sup>(58.)</sup>

'n Ander oorweging wat gebruik kan word as aanduiding van die aantal onwettige vreemdelinge binne Suid-Afrika, is om die getalle onwettige vreemdelinge wat probeer het om die grens onwettig oor te steek, in ag te neem. Teen die einde van 1989 is geraam dat sowat 500 onwettige vreemdelinge die geëlektrifiseerde heining per maand oorgestreek het, en volgens die SAW is 89 onwettige vreemdelinge vanaf die aansluiting van die heining in 1986 tot November 1989, doodgeskot en 12 onwettige vreemdelinge is in Desember 1989, op dieselfde wyse dood.<sup>(59.)</sup>

Dit is duidelik dat aantal onwettige vreemdelinge vanaf 1980-1990 dramaties toegeneem het, ten spyte van beheermaatreëls soos die Norex-heining. Alhoewel presedent, omgewings - en sosio-kulturele faktore 'n groot rol gespeel het in die toename van onwettige migrasie na Suid-Afrika, was die beskikbaarheid van werkgeleenthede in veral die landbou- en mynbousektore in die vroeë 1980's; die migrante arbeidstelsel; en die drastiese vermindering in die gebruik van migrante arbeid, belangrike faktore wat gedurende dié periode 'n groot rol gespeel het in die toename in onwettige migrasie na Suid-Afrika.

Onwettige vreemdelinge het van verskeie metodes gebruik gemaak om Suid-Afrika onwettig binne te kom. Die meeste onwettige vreemdelinge het egter die feit dat grensbeheer in verskeie gebiede uiters gebrekkig was, misbruik en die grens in dié gebiede onwettig oorgestreek. Dit is duidelik dat onwettige vreemdelinge enige metode sou gebruik om van die haglike omstandighede, interne konflik, en armoede in hulle eie state te ontsnap en beter lewensomstandighede en werkgeleenthede in Suid-Afrika te soek.

### 3.2. Die na-1990 tydperk

Gedurende die tydperk 1991 tot einde 1997 het die getalle vreemdelingarbeiders werksaam in veral die Suid-Afrikaanse mynbousektor afgeneem, maar die getalle individue wat Suid-Afrika op onwettige wyses binnekomm en werkgeleenthede binne

veral stedelike gebiede gaan soek, het begin toeneem. Soos reeds genoem, is die vorige periode (1980-1990), oorheers deur die gewelddadige konflik in Mosambiek. Dié konflik was verantwoordelik vir 'n groot aantal onwettige vreemdelinge wat na Suid-Afrika migrer het op soek na werkgeleenthede. Dié volgehoue konflik in Mosambiek asook in Angola, het veroorsaak dat byna geen infrastruktuur bestaan het waarop die burgers van die state kon steun nie, en ekonomiese wat bykans geen werkgeleenthede of vooruitgang vir hulle eie burgers kon bied nie. Groot getalle vreemdelinge op soek na werkgeleenthede en 'n beter lewe, migrer tans steeds onwettig na Suid-Afrika.

### 3.2.1. Wyses van binnekoms

#### a. Hawes en lughawes

Die getalle onwettige vreemdelinge wat Suid-Afrika binnekom deur gebruik te maak van die gebrekkige beheermaatreëls wat by hawes soos Durban en Richardsbaai en lughawes soos Lanseria bestaan, neem jaarliks toe. Gedurende 1996 is dit gestel dat dit vir onwettige vreemdelinge maklik is om Suid-Afrika onwettig binne te kom as gevolg van die swak kontrole en sekuriteitsprosedures. Volgens die Suid-Afrikaanse Adjunk-Kommissaris van Doeane en Aksyns, is lughawes soos Lanseria, sagte teikens vir misdadigers en onwettige vreemdelinge omdat sulke persone maklik toegang tot Suid-Afrika kan kry. Teen 1996 het geen moderne toerusting en tegnologie om die opsporing van onwettige goedere en persone te vergemaklik of te verseker, by dié klein lughawes bestaan nie.<sup>(60.)</sup>

Die algemene bestuurder van King and Sons (skeepsagente by die hawe in Durban), Nigel Sergeant, stel dit dat die getalle onwettige vreemdelinge wat gebruik maak van swak beheermaatreëls by hawes om Suid-Afrika onwettig binne te kom, dramaties toegeneem het. Volgens hom het die aantal onwettige vreemdelinge wat hulself op skepe versteek, maar ontdek word voordat die hawe bereik word tot soveel as 25 per maand (gedurende 1997), toegeneem. Hy stel dit ook dat: "Security is non-existent at Maydon Warf. The issue of stowaways cannot be sorted out until this issue is addressed."<sup>(61.)</sup>

## b. Vervalsing van dokumente

Onwettige vreemdelinge het dikwels van vervalste dokumentasie gebruik gemaak om Suid-Afrika binne te kom en verskeie metodes is gebruik om dokumentasie te vervals. Dit is gevind dat Nigeriërs, Zimbabwe burgers in Zimbabwe dikwels betaal het om vir hulle Suid-Afrikaanse visums op onwettige wyse te bekom. Alhoewel die uitreiking van visums by die Suid-Afrikaanse Hoë Kommissaris in Harare en Maputo ten volle gerekenariseerd is (omdat die volume Suid-Afrikaanse visums wat per jaar by dié twee kantore uitgereik word, so groot is) kom metodes om dokumente te vervals, wel voor. In 'n poging om dié valse dokumente eg te laat lyk, is die visum ('n kleefstrook met 'n kode op, in die paspoort wat gestempel is) uit die Zimbabwees paspoort gehaal en in die Nigeriese paspoort geplak. Rekenaaroordragte van uitgereikte visums is twee keer per dag na die Departement van Binnelandse Sake in Pretoria gestuur, waarna die inligting weer na Beit Brug grenspos gestuur is. Die Nigeriese burgers (met die vervalste visums) het eenvoudig net gesorg dat hulle die volgendeoggend eerste in die ry by die grenspos was, het die visum aan die immigrasiebeampte getoon en direk deur die grenspos gegaan, voordat die inligting vanaf Pretoria deurgestuur kon word. Die immigrasiebeampte kon dus nie besonderhede bevestig met inligting wat per rekenaar deurgestuur was nie.<sup>(62.)</sup> Die volgende tabel gee 'n opsomming van statistiek van beslaglegging deur die SAPD, op vals dokumentasie in Suid-Afrika, gedurende 1994 en 1995.<sup>(63.)</sup>

Tabel III

Statistiek oor beslaglegging: 'n vergelyking tussen 1994 en 1995		
ITEMS	1994	1995
SA paspoorte - blanko	547	187
SA paspoorte - op onwettige wyse bekom	1 181	135
SA paspoorte - vervals	12	32
Vervalste permitte	953	322
SA identiteitsdokumente	231	500
Vervalste geboorte/huweliksertifikate	96	2 000
<b>TOTAAL</b>	<b>3 020</b>	<b>3 176</b>

Gedurende 1996 het die interne opsporingseenhede van die SAPD meer georganiseerd begin raak, en gevvolglik het die aantal arrestasies vir die besit van vals dokumente ook toegeneem. In Durban het die aantal arrestasies vir die onwettige besit van vervalste Suid-Afrikaanse identiteitsdokumente toegeneem van slegs een in November 1994 en twee in Desember 1994, tot 45 vir die periode Januarie tot April 1995.<sup>(64.)</sup> Die omvang van die betrokkenheid van onwettige vreemdelinge by die vervalsing van dokumente word in meer besonderhede in die volgende hoofstuk bespreek.

### c. Porositeit van grense

Soos in die vorige periode wat bespreek is (1980-1990), kom die grootste getal onwettige vreemdelinge Suid-Afrika binne deur oor die grens te beweeg sonder enige dokumentasie. Dié onwettige vreemdelinge val in die "informele onwettige vreemdelinge" kategorie, en kom hoofsaaklik van state in suidelike Afrika.<sup>(65.)</sup>

Die lengte van die Suid-Afrikaanse grens is ongeveer 7 000 kilometer, en die grens word gedeel met ses SAOG-lidstate. Wat die gedeelte van die Suid-Afrikaanse grens met Mosambiek betref, probeer onwettige vreemdelinge tot 'n mindere mate oor die grens in hierdie gebied oor te steek as gevolg van die geëlektrifiseerde heining en die gevare in die Nasionale Kruger Wildtuin. Alhoewel dié gedeelte van die grens deur onwettige vreemdelinge vermy word, is die oorsteek van die grens suidwaarts (vanaf Komatipoort tot Namaacha in Mpumalanga) veel makliker.<sup>(66.)</sup>

Soos reeds genoem, is 'n 137 kilometer lange geëlektrifiseerde heining langs die grens met Zimbabwe gedurende 1986 opgerig, maar word deur die Suid-Afrikaanse Regering as oneffektief beskou omdat die grens so dikwels deur onwettige vreemdelinge geknip word dat permanente patrollies van Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW)-lede nodig is vir die herstel van die draad.<sup>(67.)</sup> Groot dele van die 250 kilometer lange grens tussen Swaziland en Suid-Afrika en die 1 000 kilometer lange grensdraad tussen Botswana en Suid-Afrika, is steeds onbewaak wat dit vir onwettige vreemdelinge maklik maak om die grens oor te steek. Veelvuldige voetpaadjies vanaf Mosambiek deur Swaziland en vanaf Zimbabwe deur Botswana, getuig van onwettige vreemdelinge se gewoonte om swak bewaakte dele van die

Suid-Afrikaanse grens onwettig oor te steek. Langs die 60 kilometer lange grens van die suidelike deel van Mosambiek en KwaZulu-Natal, is ongeveer 80 duidelik gedefinieerde voetpaadjies getel. Die maklike toegang wat "informele onwettige vreemdelinge" by hierdie gedeeltes van die grens tot Suid-Afrika kan verkry, is bykans onbeperk en onkontroleerbaar.<sup>(68.)</sup>

Grensdrade, waarvan sommiges geëlektrifiseerd is soos die Norex-heining, bemoeilik onwettige vreemdelinge se pogings om die grens onwettig oor te steek, maar is nie altyd effektief nie. By ander dele van die grens soos byvoorbeeld dié gedeelte naby Komatipoort waar die treinspoor die grens tussen Suid-Afrika en Mosambiek kruis, en aan die walle van die Krokodilrivier, word die grens nie eers deur 'n heining aangedui nie en word die grens daagliks deur Mosambiekers en ander persone te voet oorgesteek.<sup>(69.)</sup>

Alhoewel die grens deur SANW-lede gepatroleer word, slaag 'n groot aantal onwettige vreemdelinge daarin om die grens oor te steek. Op 4 Junie 1996 is dit in die Suid-Afrikaanse Parlement gestel dat: "Beit Bridge, which links the Northern Province with Zimbabwe, is one of our least secure borders. The SA National Defence Force estimates that so far this year there have been 16 279 illegal border jumpers."<sup>(70.)</sup> In 'n demonstrasie het 'n onwettige vreemdeling daarin geslaag om die grens binne een minuut en 17 sekondes oor te steek waarin twee wildheinings van agt voet elk en drie stelle vlymskerp rol draad (wat in 'n piramidevorm gepak is) oorgesteek moes word. Dit is gestel dat 'n onwettige vreemdeling wat die grens gereeld op dié wyse oorsteek dit onder 40 sekondes sou kon doen.<sup>(71.)</sup>

Een spesifieke onwettige vreemdeling is al soveel as 28 keer binne 'n periode van ses maande aangekeer vir die onwettige oorsteek van die grens. Een rede hiervoor is dat die onwettige vreemdelinge wat in die Komatipoort-area gevang word, dieselfde middag na die aanhoudingselle by Macadamia geneem word en dan oorhandig word aan amptenare van die Departement van Binnelandse Sake. Nadat vingerafdrukke geneem is en 'n magtigingsbrief uitgereik is vir die uitsetting van die onwettige vreemdeling, word die individu aan die Mosambiekse owerhede by die Lebombo (Komatipoort) grenspos by Ressano Garcia, oorhandig. Vele van die onwettige vreemdelinge wag dan net tot donker voordat hulle weer probeer om die grens oor te

steek.<sup>(72.)</sup>

Volgens die SANW se beramings word die grens elke tien minute deur 'n onwettige vreemdeling oorgesteeke,<sup>(73.)</sup> maar die grenspatrolerende SANW-lede beraam dat slegs een uit elke vier van dié onwettige vreemdelinge aangekeer word. Nadat die onwettige vreemdelinge daarin geslaag het om die grens onwettig oor te steek, werk hulle òf vir 'n tyd op nabijgeleë plekke om genoeg vervoergeld bymekaar te maak na Gauteng, òf as hulle reeds geld het maak hulle gebruik van minibus-taxi's na veral Johannesburg. Kostes van vervoer wissel vanaf R20 tot soveel as R100, afhangende van die vermoë van die onwettige vreemdeling om te betaal.<sup>(74.)</sup>

Die geëlektrifiseerde heining langs dele van die grense met Zimbabwe, Mosambiek en Botswana is vanaf 1990 op 'n nie-dodelike modus gestel om te verhoed dat persone wat onwettig oor die heining probeer beweeg, doodgeskok word. Die getalle onwettige vreemdelinge wat die land binnekomm deur oor die heining te klim, of die grensdrade te knip, het egter tot so 'n mate toegeneem dat die voormalige Suid-Afrikaanse Minister van Verdediging, Mnr Joe Modise, op 5 Mei 1997 gewaarsku het dat indien dié getalle steeds toeneem, dit oorweeg sal moet word of die heining weer na 'n dodelike modus oorgeskakel sal moet word.<sup>(75.)</sup>

'n Groot probleem is dus die gemak waarmee onwettige vreemdelinge daarin slaag om Suid-Afrika binne te kom of dokumente in die hande kan kry of vervalste dokumente kan koop sodra hulle in Suid-Afrika is. Die tekort aan mannekrag vir effektiewe grensbeheer, is veral 'n groot probleem.

### 3.2.2 Wyses van vestiging

Soos ook in die vorige periode bespreek is, gebruik individue verskeie metodes om onwettig in Suid-Afrika aan te bly. Anders as onwettige vreemdelinge wat Suid-Afrika op onwettig wyse binnekomm (met of sonder vervalste dokumentasie), kom dié individue Suid-Afrika wettig binne, maar oortree byvoorbeeld dan die voorwaardes van tydelike werk- en/of verblyfpermitte in 'n poging om onwettig in Suid-Afrika aan te bly.

## 2. Vervalste dokumentasie

Individue maak dikwels van enige moontlike metode gebruik om hulle onwettige teenwoordigheid in die land te verbloem. Een voorbeeld hiervan is om 'n vervalste identiteitsdokument te bekom of soms word die gebrek aan bewys van registrasie van geboorte as verskoning gebruik om 'n identiteitsdokument te bekom. In ander gevalle gaan die onwettige vreemdeling saam met 'n gewillige Suid-Afrikaner na die kantore van die Departement van Binnelandse Sake en doen aansoek om 'n identiteitsdokument. Die nodige vingerafdrukke word gegee (deur die wettige burger), maar sodra die foto geneem word, word die beeld van die onwettige vreemdeling afgeneem.<sup>(76.)</sup> In ander gevalle word die hulp van 'n plaaslike, simpatieke stamhoof ingeroep om te bekragtig dat hy/sy (die onwettige vreemdeling), sy/haar hele lewe lank in die bepaalde gebied gewoon het. Met so 'n beëdigde verklaring kwalifiseer die persoon vir 'n bewys van laat registrasie van geboorte, waarna 'n identiteitsdokument aan die persoon uitgereik word.<sup>(77.)</sup>

Gesteelde identiteitsdokumente en paspoorte is ook 'n groot probleem. Die foto in die dokument word dikwels vervang met dié van die onwettige vreemdeling. Gedurende 1994 is 'n versending van sowat 2 000 blando Suid-Afrikaanse paspoorte op pad na Oos-Transvaal, en 25 identiteitsboekies op pad na Durban, van die Departement van Binnelandse Sake gesteel. 'n Aantal van dié paspoorte en identiteitsboekies is intussen in Johannesburg opgespoor waar dit aan onwettige vreemdelinge verkoop is vir tot soveel as R20 000 elk.<sup>(78.)</sup> Gedurende 1995 het die polisie se Onwettige Migrante Ondersoek Eenheid beslag gelê op 187 paspoorte met 'n swartmarkwaarde van nagenoeg R5,5 miljoen, en 500 identiteitsdokumente met 'n swartmarkwaarde van R2,3 miljoen.<sup>(79.)</sup>

Gedurende 1996 is 111 onwettige vreemdelinge gearresteer omdat hulle in die besit was van vervalste dokumente of dokumente wat verstryk het en 16 individue is gearresteer omdat hulle óf aan onwettige vreemdelinge huisvesting verskaf het óf onwettige vreemdelinge in diens geneem het.<sup>(80.)</sup> Lottering van die Gautengse polisie-eenheid wat met onwettige vreemdelinge gemoeid is, wys daarop dat onwettige vreemdelinge dikwels groot somme geld betaal vir vervalste paspoorte en die vervalsing is soms so goed gedoen dat selfs die Polisie in baie gevalle nie kan sien dit

is vervals nie.<sup>(81.)</sup> Die omvang van die betrokkenheid van onwettige vreemdelinge by die gebruik van vals dokumentasie, word in meer detail in die volgende hoofstuk bespreek.

b. **Gerieflikheidshuwelike**

Sommige onwettige vreemdelinge gebruik egter ook ander metodes om hulle onwettige verblyf in Suid-Afrika te faciliteer. Gerieflikheidshuwelike is een so 'n metode. Sodra die onwettige vreemdeling daarin geslaag het om die land binne te kom, probeer hy/sy om sy/haar teenwoordigheid in Suid-Afrika te wettig deur in die huwelik te tree met 'n Suid-Afrikaanse burger. Ander probeer weer so gou as moontlik om met 'n Suid-Afrikaanse vrou te trou met die hoop dat kinders gou uit die huwelik gebore sal word, en dié persoon dan moontlik burgerskapstatus sal ontvang. Deur kinders en/of 'n vrou in Suid-Afrika te hê, kan die onwettige vreemdeling pleit om nie uitgesit te word nie omdat hy/sy in so 'n geval "afhanklikes" in die land sou moes agterlaat. Dié persone hoop dan dat hulle toegelaat sal word om in die RSA aan te bly, aangesien die afhanklikes andersins die verantwoordelikheid van die Suid-Afrikaanse belastingbetalers sou word.<sup>(82.)</sup>

c. **Die verbreking van voorwaardes van visums en tydelike werkpermitte**

Groot getalle vreemdelingarbeiders is op 'n wettige kontrakbasis in die Suid-Afrikaanse myne en ander industrieë werksaam. Van dié vreemdelingarbeiders keer nie na hulle state terug nadat die toegelate periode, wat op hulle arbeidskontrakte gespesifiseer is, verstryk het nie. Net voor die verstryking van hulle arbeidskontrakte, gaan dié individue gewoonlik na informele nedersettings en verdwyn tussen die duisende inwoners. In die Welkom-area het die SAPD gevind dat geen maatreëls bestaan om te kontroleer of vreemdelingarbeiders wie se kontrakte verstryk het of afgedank is, wel na hulle eie state terugkeer nie. Informele nedersettings in die Welkom-area het tot 1996 geweldig uitgebrei (en brei vandag steeds uit) en 'n groot gedeelte van die inwoners was vreemdelingarbeiders wat in diens van een van die myne in die omgewing was.<sup>(83.)</sup> Dit gebeur soms dat sodra dié individue se arbeidskontrakte verstryk, hulle werk soek in ander sektore en dikwels in diens geneem word as kokke of kelners in restaurante omdat hulle bereid is om teen laer

lone as Suid-Afrikaanse burgers te werk.<sup>(84.)</sup>

### 3.2.3. Omvang van die onwettige vreemdelingprobleem

Een van die mees omstrede kwessies rakende die onwettige vreemdelingprobleem in Suid-Afrika is die kontroversie wat bestaan oor die beraming van getalle onwettige vreemdelinge. Die basis vir enige beramings van onwettige migrasie na Suid-Afrika, is dikwels onduidelik. In die 1988/89 Suid-Afrikaanse Jaarboek is geraam dat 1,2 miljoen individue onwettig in Suid-Afrika woon. In die 1989/90 Jaarboek is die raming herhaal, maar met die byvoeging "moontlik meer". Sedertdien het jaarlikse ramings verhoog tot twee miljoen in 1991, 2,5 miljoen in 1992, drie miljoen in 1993 en selfs so hoog as vyf miljoen in 1994.<sup>(85.)</sup> Die raming van twee miljoen is vir 'n paar jaar na 1992, (ook deur die nuut-aangestelde minister van Binnelandse Sake, Dr Buthelezi gedurende die eerste twee maande na sy aanstelling in 1994) en die media as die algemeen aanvaarde en mees akkurate opsomming van die situasie gebruik.<sup>(86.)</sup>

Nà 'n uitspraak van die Nasionale Party (NP) se hoofsweep in die Gautengse Wetgewende Raad, Derek Christophers (gedurende November 1994) het die syfer egter verander na drie miljoen. Volgens Christophers was daar soveel as drie miljoen onwettige vreemdelinge gedurende daardie tydperk in Suid-Afrika, waarvan 1 200 die Gauteng-area maandeliks binnegekom het.<sup>(87.)</sup> Die SAP het gedurende 1994 beraam dat daar tussen twee miljoen en 3,5 miljoen (vyf tot agt persent van die totale Suid-Afrikaanse bevolking) onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika was en dat een uit elke vyf individue in informele plakkerswoonbuurte in Gauteng, 'n onwettige vreemdeling is.<sup>(88.)</sup>

In 'n poging om 'n meer korrek en bruikbare beraming te maak, het die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) se Sentrum vir Sosio-Politieke Analise gedurende Desember 1994 tot Junie 1995, landswye deur-tot-deur opnames gedoen waarin sowat 2 250 kandidate betrek is. Respondente is gevra om individue wat nie Suid-Afrikaanse burgers is nie en rondom hulle woon, te identifiseer en die eindtotaal is beraam op vyf tot agt miljoen individue. Gauteng het die hoogste getal gehad naamlik 3,1 miljoen, en KwaZulu-Natal het gevolg met 1,6 miljoen. Die RGN se getal van agt miljoen het egter nie net op onwettige vreemdelinge gedui nie, maar ook op

individue wat nie Suid-Afrikaanse burgers is nie, maar vir permanente verblyfstatus gekwalifiseer het. Die media het egter met die uitreiking van die RGN se verslag dié aspek geïgnoreer en die agt miljoen is aanvaar as die werklike getal onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika. Sonder individue wat vir permanente of tydelike verblyfstatus gekwalifiseer het, is die getal onwettige vreemdelinge op tussen 2,5 miljoen en 4,1 miljoen individue geraam.<sup>(89.)</sup>

Volgens analiste is ongeveer 50 persent van alle individue wat hulle in Suid-Afrika bevind, maar nie Suid-Afrikaanse burgers is nie, onwettige vreemdelinge. Dié groep sluit individue met vervalste dokumente (geboortesertifikate, identiteitsdokumente en paspoorte); verstrykte toeriste visums of permanente verblyf/werkpermitte; of individue wat Suid-Afrika binnegekom het deur landsgrense onwettig oor te steek, in. As al die bogenoemde veronderstellings saamgevat word, kan aanvaar word dat daar teen einde 1995, tussen 2,5 miljoen en 4,1 miljoen onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika was.<sup>(90.)</sup> Dit is egter nodig om in gedagte te hou dat dié getal nie as 100 persent korrek beskou kan word nie. Dit sou prakties onmoontlik wees om al die onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika te identifiseer aangesien hulle vir ooglopende redes huiwerig is om na vore te kom, en omdat verskillende omskrywings van onwettige vreemdelinge gebruik word. Afhangende van die definisie wat gekies en toegepas word sal die geraamde getal wissel.<sup>(91.)</sup>

Teen die einde van 1996 was die algemeen aanvaarde beraming van onwettige vreemdelinge in Gauteng tussen 200 000 en 350 000 individue. Dié beraming sluit egter nie persone in wat die voorwaardes van hulle tydelike werk en/of verblyfpermitte, oortree het nie.<sup>(92.)</sup> Individue wat die voorwaardes van hulle tydelike werk en toeristepermisse asook visums oortree en onwettig in Suid-Afrika aanbly, neem kommerwekkend toe. Dit is belangrik om te noem dat 'n onderskeid gemaak word tussen individue wat Suid-Afrika wettig binnekomaan dan die voorwaardes van hulle tydelike werk en toeristepermisse asook visums oortree en van plan is om vir 'n lang periode in Suid-Afrika aan te bly; en individue wat Suid-Afrika op dieselfde wyse binnekomaan, maar van plan is om vir slegs 'n paar maande of weke in Suid-Afrika aan te bly. Tussen die begin van 1989 en Junie 1995, het sowat 724 897 individue wat Suid-Afrika besoek het, die voorwaardes rakende hulle tydelike werk en toeristepermisse oortree. Die grootste aantal van hierdie groep was burgers van

Lesotho (229 69 individue).<sup>(93.)</sup>

Volgens beramings het sowat 128 000 individue gedurende 1995 onwettig in Suid-Afrika aangebly en dié syfer het tot 170 000 gedurende die eerste drie maande van 1997, toegeneem. Veral burgers van Lesotho en Zimbabwe maak hulself skuldig aan hierdie oortreding. Die onwettige vreemdelinge wat Suid-Afrika voor 1996 binnegekom het, met die idee om vir 'n lang tydperk in Suid-Afrika aan te bly, word op 425 000 beraam, en dié individue wat Suid-Afrika gedurende dieselfde periode binnegekom het met die plan om slegs vir 'n kort tydperk in Suid-Afrika te woon en werk, word op 233 000 beraam.<sup>(94.)</sup> Gedurende Mei 1998 het die Minister van Binnelandse Sake, Dr Buthelezi, die geraamde getal van tussen 2,5 miljoen en 4,1 miljoen onwettige vreemdelinge (soos bereken deur die RGN) as verwysing gebruik om die onwettige vreemdelingprobleem, te staaf. "The matter remains a concern, and the co-operation of all institutions and the public is necessary to manage this situation, which is of national importance."<sup>(95.)</sup>

'n Ander metode om 'n aanduiding te kry van die getal onwettige vreemdelinge binne Suid-Afrika, is om die aangetekende uitsettingstatistiek van die afgelope aantal jare met mekaar te vergelyk. Die Departement van Binnelandse Sake se rekords toon aan dat 80 926 Mosambiekers gedurende 1993, en 28 696 gedurende die eerste ses maande van 1994, uit Suid-Afrika gesit is. Gedurende 1993, is 'n totaal van 96 511 burgers van verskeie Afrikastate uit Suid-Afrika gesit, en 36 264 gedurende die eerste ses maande van 1994. Volgens berigte is tussen 50 en 100 onwettige vreemdelinge uit Nigerië, Rwanda, Uganda, Somalië en ander Afrikastate gedurende 1994, daagliks deur spesiale taakmag-lede gearresteer. Die meeste van bogenoemde individue het Suid-Afrika onwettig in die omgewing van die Beit Brug grenspos betree. Dit moet in gedagte gehou word dat arrestasies en uitsettings nie beperk was of is tot onwettige vreemdelinge uit Afrikastate nie, maar die getalle uit Afrikastate is by verre die grootste.<sup>(96.)</sup>

Die uitsettingstatistiek vir die jare 1991-1997 toon aan dat uitsettings, veral sedert 1995 toegeneem het.<sup>(97.)</sup>

Tabel IV

1991	1992	1993	1994	1995	1996	1997
61345	82575	96600	90692	157084	180713	176351

Dit is ook gedurende 1997 berig dat 1400 onwettige vreemdelinge weekliks uit Suid-Afrika gesit word. Sulke individue word by die Lindela Sentrum in Krugersdorp aangehou.<sup>(98.)</sup> Uitsettingstatistiek kan 'n aanduiding van die aantal onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika gee, maar dit is belangrik om in gedagte te hou dat daar nie noodwendig 'n definitiewe verband bestaan tussen die getalle uitsettings en die werklike getalle onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika is nie. Die redes hiervoor is dat die statistiek deels die fokus van polisiëring, en die gebruik van hulpbronne vir die arrestering en die uitsetting van die onwettige vreemdelinge, reflekteer. In baie gevalle word tydens die vertolking van die statistiek nie in gedagte gehou dat 'n aantal van die onwettige vreemdelinge meer as een keer per jaar gearresteer en uitgesit word nie.<sup>(99.)</sup>

Ten spyte van die mate van onbetroubaarheid van statistiek, word dit relatief algemeen aanvaar dat die getalle onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika oor die afgelope paar jaar bly toeneem het. Soos vroeër in dié hoofstuk bespreek, kan verskeie faktore as oorsaak dien vir die toenemende getalle onwettige vreemdelinge. Die verswakkning van grensbeheer en die volgehoudende maatskaplike en ekonomiese krisisse in die onwettige vreemdelinge se state van oorsprong, dien as die twee primêre oorsake van onwettige migrasie na Suid-Afrika.

#### 4. SAMEVATTING

Soos uit hierdie hoofstuk afgelei kan word, bestaan vele beramings van verskeie instansies oor wat die werklike getal onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika is. Ten spyte van al dié beramings, is die werklike omvang van onwettige migrasie na Suid-Afrika, onbekend. Die algemene beskouing skyn egter te wees dat die getalle vreemdelinge wat jaarliks onwettig na Suid-Afrika migreer, toeneem. Die oorsake

word toegeskryf aan faktore soos die afname in effektiewe grensbeheer na 1990; sosio-kulturele faktore; omgewingsfaktore; en presedent. Die twee faktore wat gesien word as die grootste oorsaak van toenemende getalle onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika, is politieke en ekonomiese faktore. Die ekonomiese vraagstukke in state soos byvoorbeeld Mosambiek en Zimbabwe en die gevvolglike stygende werkloosheid, is een van die belangrike oorsake van onwettige immigrasie na Suid-Afrika. Dié individue sien Suid-Afrika dikwels as 'n toevlug, waar werkgeleenthede meer beskikbaar en skoolonderrig en mediese dienste gratis beskikbaar is.

Die volgehoue ekonomiese en politieke onstabilitet (en gevvolglike werkloosheid en armoede) in sekere van Suid-Afrika se buurstate, het 'n definitiewe invloed op individue se behoeftes om beter lewenstandaarde en werkgeleenthede in Suid-Afrika te kom soek. Volgens Minnaar en Hough (1996) het onwettige vreemdelinge vanaf Mosambiek en Zimbabwe in onderhoude (gedurende Januarie-Junie 1995) bevestig dat die hoofrede vir hulle koms na Suid-Afrika, was dat bykans geen werkgeleenthede in hulle eie state bestaan nie en hulle dan na Suid-Afrika kom op soek na werk. Vele van die vreemdelinge wat onwettig in Suid-Afrika werksaam is, se families in hulle eie tuisstate is ook afhanklik van die inkomste wat die onwettige vreemdelinge verdien. Die realiteit van hongersnood en gebrek as gevolg daarvan, dwing individue om ten spyte van al die risiko's, na Suid-Afrika te migreer.

Sedert die 1980's het vele state in suidelike Afrika ekonomiese, politieke en maatskaplike krisisse ondervind. Suid-Afrika se buurstate se haglike posisies is vererger deur Suid-Afrika se beleid van destabilisasie van buurstate. Strukturele aanpassingsprogramme wat in sommige van die state geïmplementeer is, het op die korttermyn werkgeleenthede in beide die openbare en die privaatsektor verminder. Boonop was verskeie buurstate tot 'n groot mate afhanklik van inkomstes wat uit hulle betrokkenheid in die suidelike Afrikaanse ekonomie, waarin Suid-Afrika 'n hoofrol gespeel het, voortgespruit het.

Die afskaling van Suid-Afrika se ekonomiese verhoudinge met verskeie van sy buurstate, wat die migrante kontrakarbeidstelsel ingesluit het, het dié state ekonomies meer onstabiel gemaak, veral omdat hulle tot 'n groot mate afhanklik was van die valuta wat vreemdelingarbeiders na hulle tuisstate teruggebring het. Uit

laasgenoemde kan afgelei word dat 'n noue verband tussen onwettige migrasie na Suid-Afrika en ander vorme van migrasie in die streek bestaan, veral die groot afname van migrante kontrakarbeiders werksaam in Suid-Afrikaanse myne en die landbousektor.

Nadat die Suid-Afrikaanse Kamer van Mynwese gedurende die 1970's en vroeë 1980's opgehou het om op groot skaal van vreemdelingarbeiders gebruik te maak, het die getalle onwettige vreemdelinge na Suid-Afrika dramaties toegeneem. Soos reeds in dié hoofstuk genoem, ontstaan die vraag of die drastiese afname in die gebruik van vreemdelingarbeiders nie dalk gelei het tot die groot invloei van onwettige vreemdelinge nie.

In die volgende hoofstuk word die invloed en implikasies van die teenwoordigheid van toenemende getalle onwettige vreemdelinge op maatskaplike, ekonomiese en politieke terreine in Suid-Afrika, bespreek. In dié hoofstuk word ook gekyk na waarheen onwettige vreemdelinge gaan sodra hulle daarin geslaag het om Suid-Afrika onwettig binne te kom of onwettig in Suid-Afrika aan te bly.

## VERWYSINGS

1. Hough, M, 1996, *Illegal Aliens/Migrants in South Africa: Causes and Facilitating Factors*, in Minnaar, A and Hough, M (eds), Who goes there: perspectives on clandestine migration and illegal aliens in southern Africa, HSRC Publishers, Pretoria, 1996, p 15.
2. RSA, *Wet op Vreemdelingbeheer, no 96 van 1991*.
3. RSA, *Department of Home Affairs: "Illegal movement of people/illegal aliens"*, Paper presented at an IDP Round Table Discussion, Pretoria, 25 November 1994, p 1-2.
4. "The impact of illegal aliens on safety and security in South Africa", Edited version of an address by Col Brian van Niekerk, National Co-ordinator, Border Control and Policing, SA Police Service, at a Conference with the theme *Security '95*, presented by the Institute for Strategic Studies and the Security Association of South Africa (N Tvl Branch) at the University of Pretoria on 8 June 1995, *ISSUP Bulletin*, 1995, no 7, p 2.
5. *Ibid.*
6. *Ibid*, p 3.
7. *Beeld* (Johannesburg), 1997/01/15.
8. Minnaar, A, 1996, *"Illegals in South Africa: Historical Overview"*, in Minnaar, A and Hough, M (eds), Causes, extent and impact of clandestine migration in selected southern African countries with specific reference to South Africa, Centre for Sociopolitical Analysis, Human Sciences Research Council and Institute for Strategic Studies, University of Pretoria, p 107.
9. *Ibid*, p 108.
10. *Ibid*, p 109.
11. *Die Burger* (Kaapstad), 1987/03/28.
12. *Pretoria News* (Pretoria), 1989/10/16.
13. Minnaar, *"Illegals in South Africa: Historical Overview"*, in Causes, extent and impact of clandestine migration..., op cit, p 108.
14. *Ibid.*
15. Davies, R and Head, J, 1995, "The Future of Mine Migrancy in the Context of Broader Trends in Migration in Southern Africa", *Journal of Southern African Studies*, vol 21, no 3, p 446.

16. *Ibid*, p 445.
17. *Ibid*, p 446.
18. Cohen, R, 1996, "International Migration: Southern Africa in global perspective", Background research paper prepared for the Green Paper on International Migration, p 2.
19. Davies, *op cit*, p 446.
20. *Ibid*.
21. *Ibid*.
22. *Ibid*, p 447.
23. Solomon, H, 1996, "Strategic Perspectives on Illegal Immigration into South Africa", *African Security Review*, vol 5, no 4, p 8.
24. Oosthuizen, K, 1996, "Patterns of Migration in Southern Africa, with special reference to South Africa", Centre for Population Studies, University of Pretoria, p 2.
25. *Ibid*.
26. Miller, M J and Castles, S, 1993, *The Age of Migration*, Guilford Press, New York, p 144.
27. Ricca, S, 1989, *International Migration in Africa*, International Labour Office, Geneva, p 159.
28. Solomon, *op cit*, p 7.
29. *Ibid*.
30. Minnaar, "Illegals in South Africa: Historical Overview", in Causes, extent and impact of clandestine migration..., *op cit*, p 113.
31. Solomon, *op cit*, p 8.
32. Minnaar, "Illegals in South Africa: Historical Overview", in Causes, extent and impact of clandestine migration..., *op cit*, p 113.
33. *Ibid*, p 114.
34. *Ibid*, p 115.
35. Solomon, *op cit*, p 9.
36. Minnaar, "Illegals in South Africa: Historical Overview", Causes, extent and impact of clandestine migration..., *op cit*, p 114.
37. Minnaar, "Increase in illegals in South Africa and methods of entry", in Causes, extent and impact of clandestine migration..., *op cit*, p 124.
38. Solomon, *op cit*, p 4.

39. *Ibid.*
40. *Ibid*, p 5.
41. *Ibid.*
42. "Migration: the status quo and prospects for Southern Africa", 1993, *ISSUP Bulletin*, no 5, p 3.
43. Solomon, *op cit*, p 6.
44. "Severe floods in central provinces", 1997, *Mosambique File*, no 248, p 15.
45. RSA: *Wet op Vreemdelingbeheer*, no 96 van 1991, artikel 45, artikel 46 en artikel 47.
46. Oosthuizen, *op cit*, p 2.
47. *Rapport* (Johannesburg), 1982/08/21.
48. *Ibid.*
49. *Sunday Express* (Johannesburg), 1985/01/24.
50. *The Cape Times* (Kaapstad), 1988/11/16.
51. *Die Transvaler* (Johannesburg), 1982/12/03.
52. Oosthuizen, *op cit*, p 2.
53. *Die Burger* (Kaapstad), 1987/03/28.
54. *Race Relations Survey 1989-1990*, 1990, South African Institute of Race relations, Johannesburg, p 41.
55. Crush, J, 1997, "Covert operations: Clandestine migration, temporary work and immigration policy in South Africa", *Migration Policy Series*, Institute for Democracy in South Africa, p 21.
56. *Ibid.*
57. *Die Suid-Afrikaanse Jaarboek 1988-1989*, 1989, Bureau for Information, Johannesburg, p 85.
58. Minnaar, "*Illegals in South Africa: Historical Overview*", in Causes, extent and impact of clandestine migration..., *op cit*, p 109.
59. *The Citizen* (Johannesburg), 1988/11/13.
60. Minnaar, "*Increase in Illegals in South Africa and methods of entry*", in Causes, extent and impact of clandestine migration..., *op cit*, p 151.
61. *Business Report* (Johannesburg), 1997/10/14.
62. Minnaar, "*Increase in Illegals in South Africa and methods of entry*", in Causes, extent and impact of clandestine migration..., *op cit*, p 157.

63. SAPD: *Report on the incidence of serious crime during 1995*, April 1996, Quarterly Report Compiled by the Crime research component of the National Crime Information Management Centre {NCIMC}, no 1, p 45.
64. Minnaar, "*Increase in illegals in South Africa and methods of entry*", in Causes, extent and impact of clandestine migration..., *op cit*, p 158.
65. Crush, *op cit*, p 18.
66. *Ibid.*
67. *Sunday Express* (Johannesburg), 1985/01/24.
68. Crush, *op cit*, p 20.
69. Minnaar, "*Increase in Illegals in South Africa and methods of entry*", in Causes, extent and impact of clandestine migration..., *op cit*, p 141.
70. RSA: *Debates of the National Assembly* (Hansard), 3-7 June 1996, no 8, column 2163.
71. Minnaar, "*Increase in Illegals in South Africa and methods of entry*", in Causes, extent and impact of clandestine migration..., *op cit*, p 144.
72. *Ibid.*
73. *Business Day* (Johannesburg), 1997/06/30.
74. Minnaar, "*Increase in Illegals in South Africa and methods of entry*", in Causes, extent and impact of clandestine migration..., *op cit*, p 145.
75. *The Star* (Johannesburg), 1997/01/09.
76. Minnaar, "*Increase in Illegals in South Africa and methods of entry*", in Causes, extent and impact of clandestine migration..., *op cit*, p 153.
77. Minnaar, "*Increase in illegals in South Africa and methods of entry*", in Causes, extent and impact of clandestine migration..., *op cit*, p 136.
78. *The Star* (Johannesburg), 1997/01/09.
79. *Beeld* (Johannesburg), 1997/01/15.
80. Minnaar, "*Increase in Illegals in South Africa and methods of entry*", in Causes, extent and impact of clandestine migration..., *op cit*, p 154.
81. SAPD: *Reports on the incidence of serious crime during 1995*, *op cit*, p 45.
82. Minnaar, "*Increase in Illegals in South Africa and methods of entry*", in Causes, extent and impact of clandestine migration..., *op cit*, p 139.
83. Minnaar, "*Increase in Illegals in South Africa and methods of entry*", in Causes, extent and impact of clandestine migration..., *op cit*, p 135.

84. *Ibid.*
85. Minnaar, "Increase in Illegals in South Africa and methods of entry", in Causes, extent and impact of clandestine migration..., *op cit*, p 126.
86. *Ibid.*
87. *Ibid.*
88. *Ibid.*
89. *Ibid.*, p 127.
90. *Ibid.*
91. RSA: *Draft Green Paper on International Migration 1997*, *Government Gazette*, vol 383, no 18033, 30 Mei 1997, p 27.
92. Minnaar, "Increase in Illegals in South Africa and methods of entry", Causes, extent and impact of clandestine migration..., *op cit*, p 127.
93. *Ibid.*
94. RSA: *Draft Green Paper on International Migration 1997*, *op cit*, p 29.
95. RSA: *Debates of the National Assembly* (Hansard), 14 May, 1998, no 7, column 2357.
96. Reitzes, M, "Alien Issues", 1994, *Indicator SA*, vol 12, no 1, p 7.
97. Hough, M, 1995, "Illegal aliens in Southern Africa: causes and facilitating factors", *Strategic Review*, vol XVII, no 1, p 13; *South African Survey - 1996/1997*, 1997, South African Institute of Race Relations, Johannesburg, p 48, en RSA: *Debates of the National Assembly* (Hansard), 14 May, 1998, no 7, column 2357.
98. *The Star* (Johannesburg), 1997/07/21.
99. Crush, *op cit*, p 21.

## HOOFTUK 4: DIE GEVOLGE VAN DIE TEENWOORDIGHEID VAN ONWETTIGE VREEMDELINGE IN SUID-AFRIKA

Die doel van hierdie hoofstuk is om die invloed van onwettige vreemdelinge op verskeie terreine soos die ekonomie, maatskaplike en mediese dienste, misdaad en toekomstige verkiesings in Suid-Afrika, te bepaal.

In die eerste gedeelte van dié hoofstuk word die invloed van onwettige vreemdelinge op misdaad in Suid-Afrika bespreek, en daar word gekyk na die omvang van onwettige vreemdelinge se betrokkenheid by misdaad en die tipes misdade waarby onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika betrokke is.

In die gedeelte waar die ekonomiese implikasies van onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika bespreek word, word onder andere gekyk na die geraamde koste van onwettige vreemdelinge vir die ekonomie, insluitende kostes wat aangegaan moet word vir die uitsetting en deportasie van onwettige vreemdelinge sowel as die invloed van die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge op die beskikbaarheid van werkgeleenthede in Suid-Afrika. In die daaropvolgende afdeling word die implikasies van die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge vir die lewering van maatskaplike dienste binne Suid-Afrika, bespreek.

Die laaste gedeelte van dié hoofstuk handel oor die implikasies van die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge vir die Suid-Afrikaanse politiek en word die omvang van xenofobie teenoor onwettige vreemdelinge en die moontlike invloed van onwettige vreemdelinge op toekomstige verkiesings, bespreek.

### 1. Onwettige vreemdelinge en misdaad in Suid-Afrika

Gedurende die afgelope tydperk is onwettige vreemdelinge en die implikasies van hulle teenwoordigheid vir verskeie sektore in die RSA, in 'n meer ernstige lig beskou. Onwettige vreemdelinge is soms betrokke by die pleeg van verskeie misdade en word ook dikwels as gevolg van hulle kwesbare posisie in Suid-Afrika deur beide werkgewers wat dié individue wel in diens neem, sowel as deur misdadigers, misbruik.

## 1.1 Onwettige vreemdelinge as "slagoffers"

Die uitbuiting van onwettige vreemdelinge deur beide misdadigers en werkgewers kom algemeen voor. Sommige werkgewers verkies om onwettige vreemdelinge eerder as wettige arbeiders in diens te neem omdat dié individue dikwels bereid is om vir laer lone en in swak omstandighede te werk. Sulke werkgewers betaal aan onwettige vreemdelinge minimum lone, dreig dikwels om hulle by die owerhede aan te gee en laat hulle in uiters swak omstandighede werk. Omdat onwettige vreemdelinge dikwels gefrustreerd raak om die slagoffers van uitbuiting deur werkgewers en die teiken van klopjagte deur die SAPD te wees, kom aanduidings voor dat dié individue meer waaksam en versigtig optree om nie gevang of gearresteer te word nie as gevolg van hulle vrees vir deportasie of uitsetting.<sup>(1.)</sup>

Volgens bevindings van 'n studie oor die Winterveld, is dit duidelik dat 'n persepsie onder kriminele, werkgewers en selfs die SAPD bestaan dat onwettige vreemdelinge sagte teikens vir misbruik en kriminele aktiwiteite is. Verskeie proefpersone (onwettige vreemdelinge betrokke by die studie) het getuig dat plaaslike inwoners van hulle besittings steel met die wete dat die onwettige vreemdelinge nie die misdaad by die SAPD sal rapporteer nie omdat hulle bang is vir inhegtenismeming en gevolglike deportasie of uitsetting.<sup>(2.)</sup> Volgens Reitzes en Bam voel onwettige vreemdelinge soos volg oor die situasie: "They would respond to raids by 'going back to the bush'. They said Mozambicans have readily access to weapons and were good soldiers and noted that immigrants had ambushed the army and police in Orange Farm. They warned of similar action which 'will be more severe because we want to inflict as much damage to deter them from harassing us'."<sup>(3.)</sup>

Volgens Reitzes word die probleem vererger deur 'n algemene aanvaarding (deur 'n groot gedeelte van die Suid-Afrikaanse publiek en politici) dat 'n noue verband tussen onwettige vreemdelinge en misdaad bestaan. "The categories of illegal and criminal are often conflated. There is little doubt that international crime syndicates are increasingly penetrating South Africa. However, members of such syndicates are often illegal because they are criminals, and do not wish to have their presence here documented.

Thus, many foreign criminals are illegal. However, it does not therefore follow that all illegal or undocumented immigrants and migrants are criminals."<sup>(4.)</sup>

Onwettige vreemdelinge is dus dikwels maklike teikens vir misdadigers of individue wat onwettige vreemdelinge misbruik as gevolg van hulle kwesbare posisie in die RSA.

## 1.2 Onwettige vreemdelinge as misdadigers

Alhoewel dit nie algemeen aanvaar kan word dat alle onwettige vreemdelinge misdadigers is nie, kan onwettige vreemdelinge nie net as slagoffers beskou word nie. In baie gevalle is onwettige vreemdelinge oortreders van die geregt. Die verhouding tussen misdaad en onwettige vreemdelinge is 'n verskynsel wat in alle state wat 'n onwettige vreemdelingprobleem het, voorkom. Gedurende 1992 was onwettige vreemdelinge verantwoordelik vir die pleeg van 530 misdade in Rusland. Teen 1994 het die getal gestyg tot 15 000. Dié misdade wissel van motordiefstal tot gewapende roof. In Pole is 63 persent van alle misdade gedurende 1994, deur burgers van die voormalige Sowjet-Unie (alhoewel nie almal onwettige vreemdelinge) gepleeg.<sup>(5.)</sup>

Die feit dat onwettige vreemdelinge dikwels deur hulle werkgewers misbruik word en die feit dat werkgeleenthede in Suid-Afrika skaars is, dwing onwettige vreemdelinge onder ander, in bepaalde gevalle tot die pleeg van 'n misdaad om 'n bestaan te kan maak. In sekere gevalle is dit vir onwettige vreemdelinge meer winsgewend om by misdaad betrokke te wees as om vir 'n werkgewer te werk wat die minimum lone betaal en/of waar die onwettige vreemdeling in swak omstandighede moet werk.<sup>(6.)</sup> Dit is in dié verband deur Matthee, gestel dat: "Many illegal immigrants turn to crime as a means of supporting themselves. This ranges from people smuggling arms to syndicates who raid our precious coastal resources."<sup>(7.)</sup> Die betrokkenheid van onwettige vreemdelinge by misdaad is ook deur die Minister van Binnelandse sake, Dr Buthelezi, bevestig. "We (the Department of Home Affairs) are receiving increasing reports of positive correlations between illegal migration and crimes like prostitution, drug abuse, money laundering, sale of counterfeit goods, illegal movement of arms and car hijacking. This shows the obvious link between migration and security matters."<sup>(8.)</sup>

Die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika is opsigself 'n oortreding. Dit is dus vir sulke individue maklik om van 'n minder ernstige misdaad (waaraan hy/sy reeds skuldig is deur onwettig in Suid-Afrika te wees) na meer ernstige kriminele oortredings oor te gaan om geld te verdien. As 'n onwettige vreemdeling byvoorbeeld reeds 'n bestaan voer deur te smous en dagga te verkoop vir geld, sal die verkoop en smokkel van meer ernstige dwelms soos kokaïne, groter risiko's inhoud, maar tog meer winsgewend wees. Dit sal dus vir so 'n individu sin maak om die meer ernstige misdaad te pleeg aangesien hy/sy meer geld daarmee sou kon verdien.<sup>(9.)</sup>

Dit kan dus nie as algemeen aanvaar word dat alle onwettige vreemdelinge by misdaad betrokke is nie, en onwettige vreemdelinge kan óf as oortreders van die wet óf as maklike teikens vir uitbuiting gesien word. Vervolgens word die omvang van onwettige vreemdelinge se betrokkenheid by misdaad en die tipes misdade waarby hulle in Suid-Afrika betrokke is, bespreek.

### 1.3 Omvang van onwettige vreemdelinge se betrokkenheid by misdaad

Om die betrokkenheid van onwettige vreemdelinge by misdaad en dié individue se bydrae daar toe akkuraat te bepaal, is 'n moeilike taak. Een rede hiervoor is dat die werklike getal onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika as gevolg van verskeie redes, nie bepaal kan word en nie bekend is nie. 'n Ander rede is dat 'n groot persentasie van misdaad wat in Suid-Afrika gepleeg word, nie gerapporteer word nie. Ten spyte hiervan, kan van bestaande statistiek afgelei word dat onwettige vreemdelinge wel 'n negatiewe invloed op die voorkoms en eskalering van misdaad in Suid-Afrika het.<sup>(10.)</sup>

Gedurende 1993 is 4 969 onwettige vreemdelinge in verband met die pleeg van 'n ernstige misdaad (verkragting, moord, diefstal, gewapende roof ensovoorts), gearresteer. Dié gegewe syfer verteenwoordig 5,2 persent van die totale aantal onwettige vreemdelinge wat gedurende dié jaar uit Suid-Afrika gesit is, maar 11,2 persent van die aantal onwettige vreemdelinge wat as gevolg van hulle onwettige teenwoordigheid in Suid-Afrika, deur die SAP gearresteer is. Gedurende dieselfde jaar is die balans van die onwettige vreemdelinge, 44 367, gearresteer deur óf die Departement van Binnelandse

Sake, óf deur lede van die SAW.<sup>(11.)</sup> Gedurende 1994 is 12 403 onwettige vreemdelinge vir die pleeg van 'n ernstige misdaad gearresteer. Van dié gegewe getal, was 7 999 van Mosambiek, 2 064 van Zimbabwe en 1 118 van Lesotho. Die totale getal het 13,8 persent van die totale aantal onwettige vreemdelinge wat gedurende 1994 uit Suid-Afrika gesit is verteenwoordig, maar terselfdertyd 27,7 persent van die individue wat gedurende dieselfde jaar deur die SAP gearresteer is - 'n getal van 45 667. Statistiek dui 'n toename van 41 persent in die aantal misdaadvorvalle waarby onwettige vreemdelinge vanaf 1993 tot 1994, betrokke was,<sup>(12.)</sup>

Deportasie statistiek gee ook 'n aanduiding van onwettige vreemdelinge se betrokkenheid by misdaad:

Tabel V

DEPORTASIES VAN ONWETTIGE VREEMDELINGE VANAF 1991 - 1997:						
1991	1992	1993	1994	1995	1996	1997
253	112	* 683	* 215	* 648	* 580	* 851

\* - Dui die aantal deportasies aan wat deur die hof beveel is, omdat sommige onwettige vreemdelinge eers hulle vonnisse moet uitdien voordat deportasies uitgevoer kan word. Bogenoemde persone is gearresteer weens hulle betrokkenheid by verskillende tipes misdade en hofbevele is daarvolgens uitgereik.<sup>(13.)</sup>

Volgens berekening het die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge by ernstige misdade vanaf 1993 tot 1994, met 41 persent toegeneem.<sup>(14.)</sup> Volgens statistiek van die SAPD, was 152 vreemdelinge (beide wettig en onwettig) tussen Januarie en November 1995, by kommersiële misdaad betrokke en moes die Suid-Afrikaanse Regering as gevolg hiervan, meer as R517 986 870 aan onder andere arrestasies en aanhoudings van dié individue, spandeer. As 'n persentasie van die totale misdaadsyfer, toon dié statistiek aan dat onwettige vreemdelinge gedurende 1995 by 19,6 persent van die totale aantal voorvalle van kommersiële misdade in Suid-Afrika betrokke was.<sup>(15.)</sup> Aan die einde van 1996 is meer as 3 000 onwettige vreemdelinge in die Sandton-gebied deur lede van die

SAPD gearresteer. Die gevolg was dat misdaadvoorvalle in dié gebied drasties gedaal en huisinbrake met meer as 70 persent afgeneem het. Die groot aantal huisinbrake in dié gebied is deur die plaaslike polisie toegeskryf aan die feit dat konstruksiemaatskappye talle onwettige vreemdelinge in Sandton in diens neem, vir bouwerk in woongebiede.<sup>(16.)</sup> Gedurende September 1997 het die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge by misdaad weereens na vore getree met die arrestasie van verskeie onwettige vreemdelinge deur die SAPD in Johannesburg, vir onder andere moord, gewapende roof, die onwettige besit van vuurwapens, diefstal en motordiefstal.<sup>(17.)</sup> Vervolgens, word die tipiese misdade waarby onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika betrokke is, in meer besonderhede bespreek.

#### 1.4 Tipiese misdade waarby onwettige vreemdelinge betrokke is

As gekyk word na die betrokkenheid van onwettige vreemdelinge by misdaad in die onderskeie streke in Suid-Afrika, word dit duidelik dat hulle in sommige streke meer by misdaadvoorvalle betrokke is as in ander. Gedurende 1994 is 19 708 onwettige vreemdelinge uit die Mpumalanga provinsie gesit. Van dié 19 708 is 2 191 (11,15 persent) aangekla weens die pleeg van 'n misdaad. In Gauteng, is 5 830 uit 15 692 onwettige vreemdelinge, wat gedurende 1994 uit die provinsie gesit is, aangekla vir die pleeg van een of meer ernstige misdade. Onwettige vreemdelinge van bepaalde nasionaliteite is deur die SAPD geïdentifiseer om meer by bepaalde kriminele aktiwiteite betrokke te wees as ander, byvoorbeeld:

- a) onwettige vreemdelinge uit Nigerië, word dikwels geassosieer met die smokkel van dwelms (veral kokaïne);
- b) onwettige vreemdelinge uit die voormalige Zaïre word geassosieer met die smokkel van diamante;
- c) onwettige vreemdelinge uit Oosterse state byvoorbeeld Sjina en Taiwan, word dikwels geassosieer met die smokkel van perlemoen en kreef; en
- d) onwettige vreemdelinge uit Mosambiek en Angola word geassosieer met die smokkel van wapens.<sup>(18.)</sup>

Sulke stereotipering kan onregverdig teenoor individue wees wat wel aan 'n bepaalde nasionaliteit behoort maar nie betrokke is by enige of van die bepaalde misdade nie. Tog het die persepsie ontstaan dat sekere nasionaliteite meer intensief betrokke is by sekere kriminele aktiwiteite, eerder as by ander.<sup>(19.)</sup>

Onwettige vreemdelinge wat wel by misdaad betrokke is, is betrokke by 'n groot verskeidenheid van misdade. Een hiervan is die onwettige handel in verskeie goedere na en van Suid-Afrika.

#### ***1.4.1 Onwettige handel***

As gevolg van onvoldoende kontrole by Suid-Afrikaanse hawes en lughawes en met Suid-Afrika se hertoetrede tot die internasionale mark (na die 1994 verkiesings), het misdaadsindikate vinnig die geredelikheid waarmee beide gesmokkelde goedere en onwettige vreemdelinge sonder die nodige identiteitsdokumente, die land ingebring kon word, begin misbruik. Suid-Afrikaanse doeane en aksynsbeamptes erken dat die mannekrag wat benodig word vir die effektiewe kontrolering en inspeksie van goedere en individue wat die land binnekom en verlaat by hawes en lughawes, onvoldoende. Onreëlmatighede in dokumentasie en die gebreklike insameling van invoerbelasting het die effektiewe kontrolering van grensposte begin beperk.<sup>(20.)</sup>

Gevalle kom voor waar doeane en aksynsbeamptes by grensposte, vraglyste wat aan hulle gegee word as korrek aanvaar en die besending nie geïnspekteer word nie. Internasionale dwelmsindikate wat dit toenemend moeilik vind om toegang tot die Amerikaanse en Europese markte te vind, gebruik Suid-Afrika dan as deurgangspunt vir onder meer die internasionale smokkel van dwelms. Dit is nodig om in gedagte te hou dat nie alle goedere wat Suid-Afrika ingesmokkel word, deur die grensposte gebring word nie, maar dat 'n groot gedeelte van die goedere oor die grens (byvoorbeeld in die omgewing van riviere of waar geen grensheining bestaan nie), ingesmokkel word.<sup>(21.)</sup>

#### 1.4.1.1 Dwelms

Die smokkel van dwelms na Suid-Afrika hou ernstige implikasies vir veral die algemene gesondheid van Suid-Afrikaanse burgers in. Dwelmverslawwing onder Suid-Afrikaanse burgers neem kommerwekkend toe. Een van die redes is dat dwelms teen 'n bekostigbare prys verkoop word. In 'n plaaslike koerantberig is dit gestel dat in Hillbrow byvoorbeeld enige dwelm van *Swazi Grass* (dagga) tot *crack* gekoop kan word. Die pryse waarteen dié dwelms gekoop kon word het van R40 tot R150, gewissel.<sup>(22.)</sup>

Terselfdertyd, neem ook die bekendheid en beskikbaarheid van die onderskeie dwelms toe. Verslawwing aan dwelms verlaag uiteindelik individuele produktiwiteit; verhoog gesondheids- en maatskaplike kostes wat deur die staat aangegaan moet word; veroorsaak 'n skerp toename in dwelmverwante misdade; en die versnelde verspreiding van die MIV-virus en VIGS deur besmette naalde wat deur verslaafdes gedeel word, neem ook toe.<sup>(23.)</sup>

Volgens die SAPD word die smokkel van dwelms (spesifiek die onwettige handel in kokaïne) gedomineer en gemonopoliseer deur onwettige vreemdelinge uit Nigerië. Gedurende Oktober 1994 is vyf Nigeriërs in Johannesburg in hegtenis geneem op aanklagte van dwelmsmokkel. Dié vyf individue was almal onwettige vreemdelinge en was in besit van 13 kilogram kokaïne met 'n markwaarde van meer as R5 miljoen.<sup>(24.)</sup>

Internasionale dwelmsindikate gebruik swak bestuurde kushawens en lughawes vir die vervoer van heroïene van veral Asië na die VSA en kokaïne van Latyns-Amerikaanse state na Europese state. Sulke sindikate bring dus dwelms na Suid-Afrika (waar toegang tot die land maklik bekom kan word), vanwaar die dwelms na Europese en Suid-Afrikaanse state gesmokkel word. Volgens 'n verslag van die Internasionale Dwelm Beheerraad (IDB) gebruik georganiseerde misdaadsindikate Afrika en Suid-Afrika toenemend as deurgangspunt na ander dele van die wêreld. Die rede is hoofsaaklik state in Afrika en Suid-Afrika se swak grens- en hawebeheer.<sup>(25.)</sup>

#### 1.4.1.2 Wapens

Die smokkel van wapens in suidelike Afrika maar veral na Suid-Afrika, word as 'n groot probleem gesien. In hierdie verband is gestel dat: "There is little doubt that the large number and easy accessibility of firearms contributes to the high levels of criminal violence in South Africa. A key issue is the ease with which potential criminals can acquire firearms. The availability of firearms is reflected in the numbers of licensed guns as well as in estimates of the numbers of illegal weapons in circulation in South Africa. The latter are clearly linked to the history of military conflict in the subcontinent."<sup>(26.)</sup>

Die langdurige konflik in verskeie state in suidelike Afrika soos Angola en Mosambiek, en die onvolledige demobilisasie van gewapende magte in daardie state of die feit dat demobilisasie en ontwapening in baie gevalle teen 'n baie stadige tempo geskied het, het veroorsaak dat wapens in dié state, steeds volop is. Omdat dié state se ekonomiese gedurende die 1980's en vroeë 1990's onstabiel was en onvoldoende groei toon, is die onderskeie regerings nie in staat om werkgeleenthede aan soldate wat vir jare betrokke was in 'n oorlog en in die meeste gevalle ongeskoold en onbekwaam is, te verskaf nie. Die enigste uitweg vir sulke individue is dikwels om die grens onwettig oor te steek en werk in Suid-Afrika te soek. In baie gevalle word wapens saamgebring om onwettig in Suid-Afrika verkoop te word. Onwettige vreemdelinge is dus dikwels betrokke by die smokkel van wapens vanaf hulle eie state na Suid-Afrika en dra sodoende by tot die geweldige toename in kleinwapenproliferasie in beide Suid-Afrika en die suidelike Afrikaanse streek as geheel. Gedurende 1994 het die SANW beslag gelê op 103 AK-47's en 30 pistole in die besit van onwettige vreemdelinge wat probeer het om die grens naby Komatipoort oor te steek. Volgens die SANW was tussen 60 persent en 75 persent van die onwettige vreemdelinge wat Suid-Afrika gedurende 1996 binnegekom het, gewapen.<sup>(27.)</sup>

Volgens die 1995 jaarverslag van die SANW is ongeveer 2 000 grenspatrolerende soldate teen 'n koste van ongeveer R47,1 miljoen, in grensgebiede ontplooい. Gedurende daardie jaar is 15 216 onwettige vreemdelinge wat probeer het om die grens onwettig oor te steek aangekeer en in dié proses is beslag gelê op 1 872 onwettig wapens.

waarvan 235 AK-47's was.<sup>(28.)</sup> Volgens die 1996 verslag is 36 300 individue wat probeer het om die grens onwettig oor te steek gearresteer en in dié proses is op 1 922 onwettige wapens, beslag gelê.<sup>(29.)</sup> In hierdie verband stel Oosthuyzen dit dat: "The historical concentration of border security personnel and facilities on the northern and eastern borders, provides for limited policing of weapons flowing from Angola. Given this weakness and the limitations of the Namibians to prevent the flow of weapons through their country, it would appear that South Africa can expect a greater number of small arms to enter the country from Angola than has been the case from Mozambique. An increase in proliferation which South Africa cannot afford."<sup>(30.)</sup>

Burgers van Oosterse state word ook dikwels geassosieer met die onwettige smokkel van wapens, na en van Suid-Afrika. Gedurende 1996 is 'n Sjinese sindikaat betrokke by die grootskaalse smokkel van wapens vanaf Suid-Afrika na Sjina, Taiwan en Japan, deur die SAPD oopgevlek. As gevolg van die gunstige wisselkoers van die onderskeie state waarheen die wapens gesmokkel is teenoor die wisselkoers van die Rand en die beskikbaarheid van wapens (veral kleinkaliber wapens) in Suid-Afrika, het dit vir sulke sindikaatgroepe al hoe meer winsgewend geword om wapens soos pistole, rewolwers en gewere (veral Z88's en Makarov pistole) in Suid-Afrika te bekom, en dit na die buiteland te smokkel. 'n Ander rede vir die smokkel van wapens uit Suid-Afrika is die streng wapenwetgewing in state soos Japan.<sup>(31.)</sup>

Die onwettige smokkel van wapens na Suid-Afrika kan ernstige veiligheidssimplikasies inhoud. As onwettige vreemdelinge aanhou om wapens onwettig die land in te bring, of die hoeveelheid wapens wat ingebring word neem dramaties toe, kan die proliferasie van wapens tot gevolg hê dat etniese verskille oorgaan tot etniese konflik en politieke verskille oorgaan tot politieke konflik en geweld in Suid-Afrika. Boonop het gewapende aanvalle gedurende die afgelope paar jaar in Suid-Afrika, dramaties toegeneem. Tussen 1988 en 1993 het moorde met 50 persent en gewapende diefstal met 109 persent, toegeneem. Gedurende 1992 is 500 persone gedood, en 575 gewond in 650 voorvalle waarin AK-47's gebruik is. Dieselfde tipe wapen is gebruik in 165 diefstalle met 'n 61 persent verhoging oor die 1991 syfers.<sup>(32.)</sup> Gedurende 1996 was die aantal voorvalle van beide moord met 'n vuurwapen en gewapende diefstal, steeds kommerwekkend. Statistiek toon aan dat 51 415 voorvalle van gewapende diefstal en 11 129 moorde

gedurende daardie jaar met behulp van vuurwapens, gepleeg is.<sup>(33.)</sup>

Alhoewel onwettige vreemdelinge nie alleen verantwoordelik gehou kan word vir die onwettige smokkel van wapens na Suid-Afrika en die pleeg van verskeie misdade daarmee nie, kan dié situasie ernstige probleme vir Suid-Afrika inhou.

#### **1.4.1.3      Voertuie**

Swak grensbeheer is ook verantwoordelik vir die relatief maklike manier waarop gesterelde voertuie uit Suid-Afrika gesmokkel kan word. Dit word vermoed dat in 'n groot aantal van hierdie gevalle, onwettige vreemdelinge die bestuurders van die voertuie is. Op dié wyse kan 'n onwettige vreemdeling geld maak en op 'n gereelde basis na sy/haar familie in sy/haar eie staat terugkeer. Gedurende Mei 1995 is 21 lede van 'n internasionale motordiefstalsindikaat deur die SAP in KwaZulu-Natal gearresteer. Sewe lede van dié sindikaat was onwettige vreemdelinge uit Mosambiek wat al 'n geruime tyd by gevalle van motordiefstal in Suid-Afrika, betrokke was. 'n Aantal voertuie is later naby die KwaZulu-Natal en Mosambiek grens in ruigtes gevind. Die plan was om die voertuie in die nabijheid van die grens te versteek en op 'n gekose nag met die voertuie oor die grens te ry. Die grens kon maklik op verskeie plekke oorgesteek word omdat daar op plekke geen grenscheining was nie en die plat grasbedekte terrein het die operasie vergemaklik.<sup>(34.)</sup>

#### **1.4.1.4      Ander goedere**

Lede van verskeie sindikate (waarvan sommige onwettige vreemdelinge) is gedurende 1995 deur lede van die voormalige SAP en SAPD, gearresteer. Een van dié sindikaatgroepe, waarvan die meeste Sjinese burgers was, het perlemoen en ivoor van Midrand na Sjina gesmokkel. Drie Sjinese burgers, twee Zimbabweburgers en een Suid-Afrikaner is gearresteer. Die SAPD het gevind dat alhoewel dié sindikaat meestal van plaaslike arbeid gebruik maak, die individue wat die operasies beplan en beheer, vreemdelinge is, in sommige gevalle wettig en in ander onwettig.<sup>(35.)</sup> Volgens die SAPD is die toestroming van groot getalle onwettige vreemdelinge uit Sjina en die groot aantal Sjinese burgers wat om Suid-Afrikaanse burgerskap aansoek doen, 'n "wesenlike rede

tot kommer". Vanaf 1996 tot 1998 is meer as 50 verdagtes (waarvan 23 uit Sjina en 13 vanaf Thailand) deur 'n spesiale ondersoekspan van die SAPD wat die bedrywighede van die Chinese Triad (die grootste Sjinese misdaadsindikaat in Suid-Afrika) in die Wes-Kaap intensief ondersoek, in hegtenis geneem. Beslag is gelê op onder meer 5 357 kilogram ontskulpte, 630 kilogram gedroogte en 1 296 blikkies perlemoen.<sup>(36.)</sup>

Gedurende Januarie 1997 is vier mans deur die SAPD se Bedreigde Spesies Ondersoek Eenheid in hegtenis geneem vir die onwettige besit van 'n renosterhoring. Twee van die individue betrokke by die misdaad was onwettige vreemdelinge, een uit Zimbabwe en een uit Negerië. Die SAPD het vermoed dat dié misdadigers betrokke was by 'n internasionale misdaadsindikaat.<sup>(37.)</sup>

#### **1.4.2 Ander tipes misdade**

Ander tipes misdade waarby onwettige vreemdelinge ook soms betrokke is, word vervolgens bespreek.

##### **1.4.2.1 Pensioen en welsynsbedrog en die vervalsing van dokumente**

Pensioen- en welsynsbedrog wat deur burgers van naburige state gepleeg word, is ook tot 'n kommerwekkende mate aan die toeneem. Die individue kom Suid-Afrika binne met hulle onderskeie tuisstate se paspoorte, maar bekom dan 'n vervalste Suid-Afrikaanse identiteitsdokument. Met dié vervalste dokument doen die individue aansoek om pensioen deur 'n fiktiewe Suid-Afrikaanse adres te verskaf. Gedurende 1995 het immigrasiebeamtes by beide die Pekabrug (Ficksburg) en Siphapha's Hek grensposte 'n drastiese toename in grensverkeer opgemerk. Dié toename het veral voorgekom net voor die einde van elke maand (wanneer pensioene gewoonlik uitbetaal word) en het hoofsaaklik bestaan uit ouer persone.<sup>(38.)</sup>

Tydens 'n ondersoek geloods deur die Departement van Begroting en Welsyn in Bloemfontein, is gevind dat burgers uit Lesotho wat onwettig om pensioen aansoek doen, woonadresse in veral öf Botshabelo öf Thaba Nchu, in die voormalige Bophutatswana, verskaf. Slegs na die April 1994 verkiesings en die herinlywing van

daardie areas in Suid-Afrika, was inspekteure van die Departement van Pensioen in staat om 'n ondersoek in daardie dorpsgebiede te loods. In die begin van 1993, in 'n periode van drie maande, het amptenare gevind dat in Botshabelo alleen daar meer as 1 000 gevalle voorgekom het waar geen pensionaris by die gegewe adres woonagtig was nie, of dat die pensionaris slegs by die gegewe adres gevind kon word tydens dae wat pensioene uitbetaal word. As in ag geneem word dat 'n gemiddelde bedrag van R400 per maand aan sulke individue uitbetaal is, word beraam dat die jaarlikse koste van bedrog wat gedurende 1993, 1994 en 1995 gepleeg is, miljoene rande beloop het.<sup>(39.)</sup>

Grootskaalse bedrog op terreine soos maatskaplike welsyn, vind ook gereeld plaas. Jong meisies (oor die ouderdom van 18 jaar) wat as onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika woon, gaan na naburige state en "huur" of "koop" twee of drie jong kinders. Met die besoek van 'n maatskaplike werker aan landelike gebiede word van hom/haar vereis om die besoek en die verslag binne 'n periode van 30 dae af te handel. Gevalle van jong vroue met twee of meer kinders sonder enige werk word gewoonlik as 'n welsynsgeval aangemeld, en dié vrou ontvang dan 'n welsynstoelaag. Die kinders wat dan van buurstate "geleen" is word dan teruggeneem na hulle eie ouers.<sup>(40.)</sup>

Beide die pensioen en die maatskaplike welsynswetgewing maak vir dieakkumulasie van pensioen en welsynsbetalings (vir verskillende redes byvoorbeeld hospitalisasie en siektes) vir 'n maksimum van drie maande, voorsiening. Gevolglik onderneem die onwettige pensionarisse en die "maatskaplike welsynskinders" elke drie maande die tog oor die grens. Hierdie persone kom Suid-Afrika op 'n wettige wyse binne deur gebruik te maak van hulle eie state se paspoorte, maar gebruik dan 'n vervalste Suid-Afrikaanse identiteitsdokument of Suid-Afrikaanse "moeder" om hulle pensioen of welsynsbetalings te ontvang.<sup>(41.)</sup>

'n Groot verskeidenheid vervalste identiteitsdokumente en ander dokumente word deur onwettige vreemdelinge gebruik om Suid-Afrika binne te kom, of om hulle onwettige teenwoordigheid binne Suid-Afrika te verbloem. Dié dokumente sluit, onder andere, geboortesertifikate, skool- en kerksertifikate, bankstate, werksaanbiedinge, voormalige TBVC-burgerskapsertifikate, visums, werkpermitte, permanente verblyfsertifikate, Suid-Afrikaanse identiteitsdokumente, en Suid-Afrikaanse paspoorte, in.<sup>(42.)</sup>

Gedurende September 1994 is verskeie Nigeriese burgers deur Amerikaanse immigrasiebeamptes aangekeer vir die besit van gesteelde Suid-Afrikaanse paspoorte. Gedurende dieselfde jaar is 142 Negeriërs met gesteelde Suid-Afrikaanse paspoorte in hulle besit, deur INTERPOL aangekeer. Hierdie individue is oorspronklik aangekeer as gevolg van hulle betrokkenheid by 'n verskeidenheid van kriminele aktiwiteite.<sup>(43.)</sup> Volgens die SAPD is Negeriërs meesters op die gebied van vervalsing van dokumente. Gedurende een maand in 1997 is 250 Nigeriese burgers met vervalste Liberiese identiteitsdokumente deur die SAPD in hegtenis geneem.<sup>(44.)</sup>

Dié vervalste of gesteelde dokumente word dikwels gebruik om ander misdade byvoorbeeld die gebruik van vervalste name om bankrekeninge mee te open, te pleeg en die gebruik van vervalste dokumente deur onwettige vreemdelinge is deur die SAPD verbind met die smokkel van ivoor, renoster horings, dwelms, vuurwapens en voertuie. Vals identifikasie en reisdokumente speel oor die algemeen 'n groot rol in hierdie tipe misdaad.<sup>(45.)</sup>

#### 1.4.2.2 *Prostitusie*

Onwettige vreemdelinge is ook dikwels betrokke by prostitutie. Die "invoer" van jong meisies vir dié doel het sedert 1994 dramaties toegeneem. Prostitusie sindikate betaal vir die jong prostitute se vliegkaartjies na Suid-Afrika, voorsien akkommodasie en in sommige gevalle, word die meisie se familie betaal. Sulke jong meisies word die land gewoonlik ingebring met 'n toeriste visum (wat vir 'n periode van drie maande geldig is) maar bly onwettig in Suid-Afrika aan nadat die voorgeskrewe verblyfperiode van die visum verstryk het. Sulke prostitute is veral kwesbaar vir eksplotasie deur die persone wat hulle in diens neem. Hulle bevind hulself in 'n vreemde land en ontvang 'n swak salaris. Soms is al vergoeding wat aan die prostitute gegee word, voedsel en verblyf en boonop word hulle paspoorte dikwels met aankoms aan die eienaar van die bordeel oorhandig om te verhoed dat die prostitute Suid-Afrika sal probeer verlaat. Na klopjagte op van die bordele deur die SAPD, is gevind dat 'n groot aantal van dié prostitute MIV positief was.<sup>(46.)</sup>

Die benarde situasie waarin onwettige vreemdelinge hulself bevind, dwing hulle dikwels

tot die pleeg van 'n misdaad. In gevalle waar die onwettige vreemdelinge nie werk kan kry en dus nie skuiling of voedsel kan bekostig nie, is misdaad soms die enigste uitweg. Onwettige vreemdelinge word dikwels deur swendelaars en misdaadsindikate misbruik en uitgebuit as gevolg van hulle onwettige teenwoordigheid in die land. As onwettige vreemdelinge kan dié individue nie op regte staatmaak wat gewoonlik aan burgers van 'n staat gegee word nie. Weens die moontlikheid van deportasie en uitsetting, is onwettige vreemdelinge dikwels huiwerig om misdade teen hulle aan die owerhede te rapporteer en sien misdadigers dié individue as "sagte teikens" wat maklik uitgebuit kan word.

Ten spye hiervan word die betrokkenheid van onwettige vreemdelinge by misdade soos die smokkel van dwelms en wapens deur statistiek bevestig en dra onwettige vreemdelinge as beide slagoffers en as oortreders van wette tot die misdaadsyfer in Suid-Afrika, by.

## 2. Onwettige vreemdelinge en die Suid-Afrikaanse ekonomie

Migrasie van groot groepe persone hou ernstige ekonomiese implikasies vir beide die staat vanwaar die vreemdelinge kom, en die staat waarheen die vreemdelinge migreer, in. Dié implikasies word vervolgens bespreek.

### 2.1 Implikasies van die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge vir die Suid-Afrikaanse ekonomie

Die ekonomiese implikasies wat in die "ontvangende staat" (Suid-Afrika) manifesteer as gevolg van grootskaalse migrasie, word in hierdie onderafdeling bespreek. Die grootste getal onwettige vreemdelinge wat na Suid-Afrika migreer of onwettig in Suid-Afrika aanbly, kom hoofsaaklik van state in Afrika byvoorbeeld Namibië, Zimbabwe, Mosambiek en Botswana. Onwettige vreemdelinge wat vanaf dié state na Suid-Afrika migreer, het oor die afgelope paar jaar dramaties toegeneem. Die "sturende state" ondervind as gevolg van dié migrasie 'n mate van ekonomiese verligting omdat minder druk op veral gesondheids- en maatskaplike dienste geplaas word. Duisende families in dié armer state

is afhanklik van die stuur van geld deur migrante (beide wettig en onwettig) wat in Suid-Afrika werksaam is en individuele huishoudings verdien tot soveel as 40 persent van hulle inkomste op dié wyse.<sup>(47.)</sup>

Die "ontvangende staat" aan die ander kant, ondervind egter min positiewe gevolge. Een rede is dat 'n groot gedeelte van die onwettige vreemdelinge wat na Suid-Afrika migreer, ongeletterd is en dus nie 'n produktiewe bydra tot die ekonomie kan maak nie. Die feit dat onwettige vreemdelinge bereid is om vir laer lone te werk, het dikwels 'n verlaging in loonvlakke tot gevolg en veroorsaak dat minder werkgeleenthede vir Suid-Afrikaanse burgers beskikbaar is. 'n Ander rede is dat kostes wat deur 'n regering aangegaan word vir skoolonderrig en mediese dienste 'n swaar las op so 'n ontvangende staat se ekonomie plaas. In dié oopsig is Suid-Afrika geen uitsondering nie.<sup>(48.)</sup>

Gedurende die afgelope tyd het die Suid-Afrikaanse Regering 'n strenger en meer beperkende houding teenoor onwettige vreemdelinge begin inneem. 'n Aspek wat veral na vore tree is die feit dat hoe meer onwettige vreemdelinge wat bereid is om in uiters swak omstandighede en vir minder geld as wettige burgers te werk Suid-Afrika binnekomm, hoe minder werkgeleenthede sal vir Suid-Afrikaanse burgers beskikbaar wees.<sup>(49.)</sup> In dié verband is dit gestel dat: "The illegal alien problem has some very destructive effects on South African society. Firstly, because these illegal immigrants are generally willing to work for very low wages, they deprive South African citizens of opportunities for employment."<sup>(50.)</sup>

Volgens die Suid-Afrikaanse Adjunk-minister van Finansies, Gill Marcus, was die indiensneming in die Suid-Afrikaanse informele sektor gedurende einde 1995, beraam op 11 persent van die totale arbeidsmag en was 33 persent van die totale Suid-Afrikaanse bevolking, werkloos, dit wil sê 4,656 miljoen werklose burgers.<sup>(51.)</sup> In die 1996 *Bevolkingswitskrif* word die werkloosheidsyfer (vir 1996) op 40 persent geraam - 'n toename van sewe persent.<sup>(52.)</sup> Die feit dat onwettige vreemdelinge in diens geneem word terwyl so baie van Suid-Afrika se eie burgers werkloos is, is dus ekonomies negatief. In 'n poging om die probleem op te los, het die Suid-Afrikaanse Minister van Binnelandse Sake, Dr Buthelezi, in 'n persverklaring 'n beroep op die privaatsktor gedoen om hulle ondersteuning vir die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP) te

demonstreer deur vakante poste met Suid-Afrikaanse burgers te vul, in stede daarvan om onwettige vreemdelinge in diens te neem.<sup>(53.)</sup> "With unemployment running at above 34 percent and millions of illegals making a living in South Africa, it can be postulated that if all the illegal aliens were removed, the unemployment problem will be closer to a solution."<sup>(54.)</sup>

Werkgewers het egter in sommige gevalle 'n ander mening oor die kwessie van indiensneming van onwettige vreemdelinge. In een geval is 'n boer in die omgewing van die Limpoporivier beboet vir die indiensneming van enkele onwettige vreemdelinge op sy plaas. Volgens hom sal verskeie boere in die streek bankrot speel as hulle daarvan weerhou word om onwettige Zimbabwe arbeiders, wat bereid is om vir tot soveel as R250 per maand te werk, op die plase in diens te neem. Dit plaas die Suid-Afrikaanse Regering in 'n onbenydenswaardige posisie. Aan die een kant is dit die Suid-Afrikaanse Regering se beleid om die instroming van onwettige vreemdelinge van ander state na Suid-Afrika te verminder, en sodoende werkgeleenthede vir Suid-Afrikaanse burgers te skep en te verseker. As die Suid-Afrikaanse Regering egter 'n beleid van boetes aan werkgewers van onwettige vreemdelinge en uitsettings van onwettige vreemdelinge wat in 'n onwettige werk situasie gevang word, streng navolg, ontstaan die risiko dat vele maatskappye en organisasies groot finansiële verliese sal ondervind. As dit gebeur sal verdere finansiële druk op die ekonomie sowel as die regering geplaas word. 'n Sekere mate van buigbaarheid is dus nodig in die implementering en toepassing van die *Wet op Vreemdelingbeheer, no 96 van 1991*. Aan boere word nou tydelike werkpermitte uitgereik as vreemdelingarbeiders in diens geneem word. Volgens die Departement van Binnelandse Sake is dit wel nodig om die permitte uit te reik as erkenning van die *de facto* arbeidsituasie op plase in die grens areas.<sup>(55.)</sup>

Volgens Reitzes is die redenasie dat onwettige vreemdelinge deels verantwoordelik is vir die feit dat Suid-Afrikaanse burgers werkloos is, egter onwaar en meer navorsing is nodig om te bevestig dat werkgewers onwettige vreemdelinge slegs in diens neem omdat hulle onder die indruk is dat onwettige vreemdelinge maklik misbruik kan word. Reitzes stel dit dat die volgende faktore 'n invloed kan hê op die indiensneming van onwettige vreemdelinge eerder as plaaslike werkers:

- a) die struktuur en behoefte van sekere sektore: die landbousektor byvoorbeeld, vereis oor die algemeen seisoenale arbeid en die konstruksiesektor vereis korttermyn kontrakwerkers (omstandighede waarin vele plaaslike arbeiders nie bereid is om in te werk nie, omdat hulle vaste aanstellings verkies wat werk dwarsdeur die jaar waarborg);
- b) die werksamstandighede in bepaalde sektore: plaaslike arbeiders verkies dikwels die opsie van eie behuising in nabygeleë plakkerskampe, eerder as behuising deur boere op plase verskaf (behuising wat deur boere op plase verskaf word gee onwettige vreemdelinge die geleentheid vir werk met behuising, wat hulle in ander omstandighede moeilik sou kon bekom); en
- c) die beskikbaarheid van plaaslike arbeiders vir bepaalde poste: 'n persepsie onder immigrante en sekere werkgewers bestaan dat Suid-Afrikaanse werkers nie bereid is om bepaalde werk te doen nie omdat hulle dié tipe werk as minderwaardig en "benede" hulself beskou.<sup>(56.)</sup>

Die Congress of South African Trade Unions (COSATU) is ook van mening dat onwettige vreemdelinge nie alleen verantwoordelik gehou kan word vir die stygende vlak van werkloosheid in Suid-Afrika nie. COSATU se simpatieke houding teenoor onwettige vreemdelinge het duidelik na vore getree tydens dié vakbond se kongres gedurende September 1994, waartydens 'n beroep op die Suid-Afrikaanse Regering gedoen is om die HOP program se visie te verbreed sodat die suidelike Afrikaanse streek as geheel daarby kon baat. Dié beroep het die opvoeding en opleiding van onwettige vreemdelinge asook die integrasie van hierdie individue in die Suid-Afrikaanse plaaslike gemeenskappe, ingesluit.<sup>(57.)</sup> "The demon is not illegal immigration, it is xenophobia and racism. Home Affairs persists in the use of the term 'aliens' to describe people from our neighbouring states, people intricately bound with the destiny of South Africa, people who are, if anything, owed reparation for apartheid crimes."<sup>(58.)</sup>

Volgens onwettige vreemdelinge, is dit in baie gevalle plaaslike arbeiders wat nie bereid is om in bepaalde omstandighede te werk nie en die werkewer se enigste uitweg is dan om individue in diens te neem wat bereid is om die werk te doen.<sup>(59.)</sup>

Die indiensneming van onwettige vreemdelinge in verskeie sektore word dus deur

sommige as 'n groot vraagstuk gesien. Vervolgens, word die sektore waarin onwettige vreemdelinge gewoonlik in staat is om werk te bekom en die moontlike invloed van onwettige vreemdelinge op dié sektore, bespreek.

## 2.2 Betrokkenheid van onwettige vreemdelinge in die onderskeie sektore

'n Verslag deur Toolo en Bethlehem, het die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge in verskeie dele van die Suid-Afrikaanse ekonomie bevestig en is onwettige vreemdelinge hiervolgens, in veral die landbousektor, hotel- en restaurantbedryf, konstruksiemaatskappye, die huishoudelike sektor en informele handelsektor, werkzaam. Sedert die vroeë 1980's was die landbousektor 'n goeie bron van werkgeleenthede vir onwettige vreemdelinge. Groot getalle onwettige vreemdelinge, hoofsaaklik afkomstig van Mosambiek en Zimbabwe, werk op plase in Mpumalanga en suikerplantasies in die noorde van KwaZulu-Natal. Op verskeie grensplase in Mpumalanga, word op groot skaal van onwettige vreemdelingarbeid gebruik gemaak, juis omdat onwettige vreemdelinge bereid is om vir 'n minimale loon te werk. Gedurende 1995 is vasgestel dat tot 200 onwettige vreemdelinge op sommige plase werkzaam is, en op ander tot soveel as 1 000 (waarvan die meeste afkomstig uit Mosambiek).<sup>(60)</sup> Anders as plaaslike arbeiders, is onwettige vreemdelinge wat op plase in diens geneem is, meestal bereid om van akkommodasie op plase wat deur die boere verskaf word, gebruik te maak.<sup>(61)</sup>

Plaaslike arbeiders verkies dikwels om in hulle eie huise in die nabygeleë, voormalige tuislande byvoorbeeld Kangwane te woon, eerder as op die plase. As 'n boer 'n plaaslike arbeider in diens neem, moet hy dus nog addisionele vervoerkoste vir sy werkers betaal. Laasgenoemde en die feit dat die onwettige vreemdelinge dikwels bereid is om teen 'n minimale loon te werk, is een van die redes hoekom boere eerder van onwettige vreemdelingarbeid as van plaaslike arbeid gebruik maak. Boere word egter deur wetgewing verplig om 'n vreemdelingarbeider te regstreer sodra so 'n individu in diens geneem word. Indien 'n boer se aansoek om registrasie goedgekeur word, word 'n geldige permit aan so 'n werker gegee en koste van registrasie beloop ongeveer R100. 'n Probleem wat egter telkens voorkom is dat boere die registrasie van vreemdelingarbeiders tot so lank as ses maande uitstel om seker te maak dat die arbeider

hardwerkend is en of die vreemdelingarbeider op die plaas sal aanbly vir die periode soos op die permit aangedui.<sup>(62.)</sup>

Volgens the South African Agricultural and Plantations and Allied Workers Union (SAAPAWU) is die onwettige vreemdelingarbeiders uit veral Mosambiek, bereid om in swakker omstandighede as plaaslike werkers, te werk. Op sommige please was die lone teen 1997 tot so min as R80 per maand (minder as die minimum lone in Mosambiek) en op ander word werkers net van kos en verblyf voorsien.<sup>(63.)</sup>

Die Mosambiekse Arbeidskantore beraam dat ongeveer 20 000 Mosambiekse arbeiders op please in Mpumalanga werkzaam is, terwyl boere in die Noordelike Provinse se grensgebiede van 'n beraamde 7 000 tot 8 000 Zimbabweanse arbeiders op please gebruik maak. 'n Groot persentasie van sulke arbeiders gebruik egter die werkgeleenthede op please slegs om genoeg geld te verdien om na die groot stede, byvoorbeeld Johannesburg, te gaan. Vele onwettige vreemdelinge glo dat eindeloze werkgeleenthede, in dié gebied bestaan.<sup>(64.)</sup> "Gauteng is a popular choice for many illegal immigrants. Yet it does not share any border with a foreign country. Illegal immigrants disappear into the human maze of Johannesburg's settlements and surrounding areas."<sup>(65.)</sup> Werkers wat wel op please deur boere geregistreer is en die plaas daarna verlaat, word volgens wetgewing (die *Wet op Vreemdelingbeheer, no 96 van 1991*) as 'n onwettige vreemdeling, beskou.

Volgens die South African Commercial, Catering and Allied Workers Union (SACCAWU), het die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge in die hotel- en restaurant bedryf gedurende die laaste paar jaar, toegeneem. Dié verhoogde teenwoordigheid is bevestig deur ampsdraers van die Tea Room and Restaurant Industrial Council. Volgens dié ampsdraers is die meeste van die onwettige vreemdelinge afkomstig van Zimbabwe en Mosambiek, en word dikwels in die plek van Suid-Afrikaanse burgers aangestel omdat hulle bereid is om teen laer lone te werk. 'n Voorbeeld hiervan is die Cafe Zurich in Hillbrow. Twintig Suid-Afrikaanse werkers is deur die eienaar afgedank en vervang deur twintig onwettige vreemdelinge uit die voormalige Zaïre, omdat dié individue bereid was om vir fooitjies alleen te werk.<sup>(66.)</sup>

In die konstruksiesektor het die aantal onwettige vreemdelinge ook toegeneem. Volgens

die Construction and Allied Workers Union (CAWU) word groot getalle onwettige vreemdelinge deur veral sub-kontrakteurs in diens geneem. Die aantal sub-kontrakteurs het gedurende die afgelope paar jaar geweldig toegeneem en verskaf ongeveer 80 persent van alle werkgeleenthede in die behuising en konstruksie bedryf. Onwettige vreemdelinge word dikwels deur dié werkgewers misbruik en gevallen is al aangemeld waar onwettige vreemdelinge vir so min as R80 per week, in diens geneem word.<sup>(67.)</sup>

'n Soortgelyke situasie bestaan in die huishoudelike sektor. Volgens die South African Domestic Workers Union (SADWU), het die getalle onwettige vreemdelinge uit veral Malawi en Zimbabwe, in dié sektor geweldig toegeneem en omdat dié individue, soos in die meeste van die ander sektore, bereid is om vir minder geld te werk en huiwerig is om by vakbonde aan te sluit, verkies werkgewers onwettige vreemdelinge bo Suid-Afrikaanse burgers.<sup>(68.)</sup>

Dit kan dus afgelei word dat onwettige vreemdelinge nie noodwendig in diens geneem word op grond van hulle vaardighede nie, maar hoofsaaklik omdat hulle bereid is om teen laer lone en onder swak omstandighede te werk en omdat onwettige vreemdelinge dikwels gekant is teen vakbonde (hoofsaaklik omdat hulle bang is dat deur by 'n vakbond aan te sluit, die owerhede hulle sal kan opspoor).<sup>(69.)</sup>

Sommiges redeneer dat die groot getal onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika buitengewone ekonomiese druk op die owerheid plaas en terselfdertyd die kapasiteit om die nodige dienste aan Suid-Afrikaanse burgers te lewer, verlaag. Volgens hulle het die teenwoordigheid van toenemende getalle onwettige vreemdelinge veral 'n nadelige effek op die sosio-ekonomiese opheffing van Suid-Afrikaanse burgers.

## **2.3 Die invloed van onwettige vreemdelinge op die sosio-ekonomiese opheffing van Suid-Afrikaanse burgers**

Soos reeds genoem, is 'n groot aantal van die onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika dikwels nie in staat om 'n positiewe bydrae tot die Suid-Afrikaanse ekonomie te maak nie en moet die regering addisionele kostes aangaan om mediese dienste (aan onwettige

vreemdelinge) en skoolonderrig (aan onwettige vreemdelinge se kinders), te verskaf. Volgens beramings het onwettige vreemdelinge tydens 1993 'n addisionele las van ongeveer R165 miljoen op die Suid-Afrikaanse ekonomie geplaas. Dit is ook al beraam dat die Suid-Afrikaanse Regering jaarliks ongeveer R400 aan elke onwettige vreemdeling bestee en diensverskaffing aan onwettige vreemdelinge binne Suid-Afrika het die belastingbetaler vanaf 1991 tot 1996, R5 biljoen gekos. Dié bedrag spruit onder andere voort uit eise en verwagtinge vir behuising, gesondheidsdienste en polisiëring. Sulke kostes het vrese laat ontstaan dat die addisionele eise wat op dié manier aan die HOP gestel word, uiteindelik sou lei tot die program se ondergang.<sup>(70)</sup>

Volgens Abraham, het die staat gedurende 1994 meer as R210 miljoen spandeer om behuising, skoolonderrig, polisiëring en mediese dienste aan slegs onwettige vreemdelinge uit Mosambiek te verskaf. Mosambiekse onwettige vreemdelinge is gedurende 1995 op tussen 500 000 en twee miljoen individue beraam. Dié bedrag wat op die onwettige vreemdelinge uit Mosambiek spandeer is, beslaan meer as een tiende van die totale bedrag wat vir die HOP program begroot is.<sup>(71)</sup> In dié verband het die Suid-Afrikaanse Minister van Binnelandse Sake, Dr Buthelezi, dit gestel dat: "The matter of illegal aliens remains high on the agenda of my department. With an illegal alien population estimated at between 2,5 million and 5 million, it is obvious that the socio-economic resources of the country, which are under severe strain as it is, are being further burdened by the presence of illegal aliens. The cost implications becomes even clearer when one makes a calculation suggesting that if every illegal costs our infrastructure say R1 000 per annum, then multiplied by whatever number one may wish, it becomes obvious that the cost runs into billions of rands per year."<sup>(72)</sup>

'n Nuwe makro-ekonomiese strategie, naamlik die Growth, Employment and Redistribution Programme (Gear), is gedurende 1996 deur die Departement van Finansies bekend gestel. Volgens die Departement is dié program: "A strategy for rebuilding and restructuring the economy in keeping with the goals set in the Reconstruction and Development Programme (RDP). In the context of this integrated economic strategy, we can successfully confront the related challenges of meeting basic needs, developing human resources, increasing participation in the democratic institutions of civil society and implementing the RDP in all its facets."<sup>(73)</sup>

Die volgende dien as Gear se steunpilare:

- a) 'n kompeterende, vinnig groeiende ekonomie waarin genoeg werkgeleenthede vir almal op soek na werk, geskep sal word;
- b) 'n herverspreiding van inkomste en geleenthede te gunste van die armes;
- c) 'n gemeenskap waarin goeie gesondheid, skoolonderrig en ander dienste aan almal beskikbaar sal wees; en
- d) 'n omgewing waarin wonings veilig en werkplekke produktief sal wees.<sup>(74.)</sup>

Dit is gedurende April 1997 in die Parlement gestel dat: "The interests of South African citizens must receive the highest priority. Job opportunities, access to State aid programmes, housing, welfare, education and many more such services need to be protected, in the first instance, for the citizens of this country."<sup>(75.)</sup> Geld wat dus op onwettige vreemdelinge spandeer word, beïnvloed die implementering van programme byvoorbeeld HOP en GEAR. Die effek van onwettige vreemdelinge op die sukses van die HOP en GEAR, word dikwels as die rede vir strenger maatreëls teen onwettige vreemdelinge, gesien.

Om die invloed van onwettige vreemdelinge op die Suid-Afrikaanse ekonomie volledig te bespreek, is dit nodig dat die beraamde ekonomiese implikasies en die kostes wat deur die Suid-Afrikaanse Regering aangegaan moet word om die onwettige vreemdelinge te arresteer, aan te hou, te verwyder en ander verwante kostes, in gedagte gehou moet word.

## 2.4 Kostes verbonde aan die uitsetting en deportasie van onwettige vreemdelinge

Sedert 1990 het die deportasie (na 54 state) en die uitsetting (na 102 state) van onwettige vreemdelinge en daarmee gepaardgaande die uitgawes wat deur die Suid-Afrikaanse Regering aangegaan moes word, dramaties toegeneem. "Financial resources used for tracing illegal immigrants, keeping them in holding facilities and repatriating them are an onerous strain on the country."<sup>(76.)</sup> Die opsporing, aanhouding, uitsetting en

deportering van onwettige vreemdelinge kos die staat miljoene rande per jaar. Kostes wat deur die Departement van Binnelandse Sake aangegaan word vir die deportering en uitsetting van onwettige vreemdelinge, kan in direkte en indirekte kostes, verdeel word. Direkte kostes sluit vervoerkostes (byvoorbeeld trein- en vliegkaartjies na die onwettige vreemdeling se tuisstaat), en voedsel en behuising wat tydens aanhouding aan onwettige vreemdelinge gegee word, in. Indirekte kostes behels uitgawes soos die handhawing van mannekrag en lone tydens die proses van aanhouding, deportasie of uitsetting. Die onderskeie direkte en indirekte kostes betrokke by die deportasie en uitsetting van onwettige vreemdelinge kan, afhangende van verskeie faktore, verskil.

In die geval van die deportasie van 'n onwettige vreemdeling is die indirekte koste meer as in die geval van uitsetting, omdat die onwettige vreemdeling dikwels vir lang periodes moet wag voordat hy/sy in die hof verskyn om verhoor te word. In dié tydperk kan direkte kostes soos voedsel vir die onwettige vreemdeling en kostes wat aangegaan moet word vir die aanhouding van die onwettige vreemdeling, ook toeneem. Die direkte vervoerkoste wat aangegaan moet word vir die uitsetting van onwettige vreemdelinge, verskil van streek tot streek. In Mpumalanga het die uitsettings van onwettige vreemdelinge uit Mosambiek deur die Lebombo-grenspos gedurende 1995, sowat R20 (per individu), gekos. Vanaf KwaZulu-Natal is onwettige vreemdelinge per vragmotor na Nelspruit vervoer en by die Ressano Garcia-grenspos teen 'n koste van R40 per individu, aan Mosambiek oorhandig. Onwettige vreemdelinge wat in Gauteng aangekeer is (waarvan die grootste aantal Mosambiekse en Zimbawiese onwettige vreemdelinge is), is per trein teen 'n koste van R45 per kop, na Nelspruit vervoer en vandaar na hulle eie state teruggestuur. Kostes betrokke by die uitsetting van onwettige vreemdelinge, afkomstig vanaf vergeleë state kan vanaf R1 000 per persoon (na state byvoorbeeld Tanzanië en Malawië) tot soveel as R8 000 per persoon (na Oos-Europese en Midde-Oosterse state), beloop.<sup>(77)</sup>

Volgens die Minister van Binnelandse Sake spandeer die Suid-Afrikaanse Regering ongeveer R210 miljoen per jaar (direkte en indirekte kostes ingesluit) aan die deportasie en uitsetting van onwettige vreemdelinge.<sup>(78)</sup> Volgens die Departement van Buitelandse Sake was die totale koste van deportasie en uitsetting van onwettige vreemdelinge vanaf 1 April 1997 tot 6 Maart 1998, R58 091 166 miljoen. Van dié bedrag is R6 129 598

miljoen spandeer aan die vervoer van onwettige vreemdelinge tydens uitsetting of deportasie en R51 961 568 aan indirekte kostes soos mannekrag.<sup>(79.)</sup>

Volgens die SANW is die koste betrokke by elke onwettige vreemdeling wat by die grens aangekeer word, R4 000 of selfs meer. Dié bedrag van R4 000 sluit die volgende in:

- a) koste vir die handhawing van mannekrag en toerusting wat nodig is om die grens te patroolleer (kostes om infrastrukture te onderhou, administrasiekostes en uitsettingskostes); en
- b) koste wat aangegaan moet word vir die betaling van SAPD-personeel, SANW-personeel en immigrasiebeamtes; en tyd spandeer deur die personeel om onwettige vreemdelinge te prosesseer.<sup>(80.)</sup>

Die arrestasie, deportasie en uitsetting van onwettige vreemdelinge kos die regering dus jaarliks groot bedrae geld. Die feit dat die getalle onwettige vreemdelinge wat Suid-Afrika onwettig binnekom of onwettig in Suid-Afrika aanbly jaarliks toeneem, beklemtoon die feit dat indien die regering nie drastiese maatreëls implementeer om die geweldige invloei van onwettige vreemdelinge te stuit nie, die enorme bedrae wat jaarliks aan onwettige vreemdelinge spandeer word, verder mag verhoog.

### **3. Maatskaplike implikasies van die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika**

Die persepsie wat bestaan oor die implikasies van die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge vir gesondheids- en maatskaplike dienste in Suid-Afrika, het gedurende Augustus 1995 duidelik na vore getree tydens 'n navorsingsprojek in die Thabong-nedersetting naby Welkom. Verskeie inwoners het hulle kommer uitgespreek oor die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge in dié informele nedersetting. Sommige van die onwettige inwoners was vanaf state sover as Zambië afkomstig op soek na werkgeleenthede en beter lewensomstandighede. Volgens die inwoners, was die onwettige vreemdelinge onbekwaam, ongeskoold, vuil en het die verspreiding van siektes (veral seksueel-oordraagbare siektes byvoorbeeld die MIV-virus), veroorsaak.<sup>(81.)</sup>

### 3.1 Gesondheid

Ten einde die invloed van onwettige vreemdelinge op maatskaplike gebied in Suid-Afrika te evalueer, is dit nodig om die maatskaplike milieу van die suidelike Afrikaanse streek as geheel, in ag te neem. 'n Belangrike aspek is die beskikbaarheid van noodsaaklike dienste (byvoorbeeld mediese dienste) in beide Suid-Afrika en sy buurstate.

#### 3.1.1 Siektes

Die dramatiese verspreiding van die MIV-virus en ander siektes in Afrika en meer spesifiek suidelike Afrika hou uiteindelik verband met die hoë voorkoms van armoede en die onvoldoende beskikbaarheid van mediese dienste in dié streek. Judith Head stel dit soos volg: "Poverty is ubiquitous in Southern Africa. In many countries of the region large numbers of people regularly do not get enough to eat. In addition, to malnutrition; tuberculosis, bilharzia, malaria and measles are all common. All these diseases weaken the immune system and leave the individual more vulnerable to subsequent infection. It is plausible that if two people are exposed to HIV infection, the person with a compromised immune system will be more vulnerable than the person who is well fed and healthy."<sup>(82.)</sup>

Verskillende sienings bestaan rakende onwettige vreemdelinge se bydrae tot die verspreiding van siektes en/of virusse in Suid-Afrika. Sommige is van mening dat meeste van die vreemdelinge wat Suid-Afrika binnekomm, draers van oordraagbare siektes, is. "As far as our health services are concerned, these aliens quietly place an unbearable burden on available facilities. In addition they also create an unacceptable health risk to the citizens of South Africa, because they are not vaccinated against dangerous diseases. Furthermore, a very large percentage of these people are already HIV positive or already have AIDS in an advanced stage."<sup>(83.)</sup> Ander is egter van mening dat onwettige vreemdelinge nie verantwoordelik is vir die verspreiding van oordraagbare siektes (byvoorbeeld MIV), nie. "It is not true that some of the ills that South Africa is suffering, in relation to migration, are created by people who have returned from exile and those who come from the neighbouring states. We know that the first person to die of AIDS

was an American actor called Hudson, a white American"<sup>(84.)</sup>

Melod, 15

Dit is belangrik om te noem dat nie alle onwettige vreemdelinge wat in Suid-Afrika woon of Suid-Afrika onwettig binnekom, draers van siektes en virusse is nie. 'n Gebrek aan effektiewe mediese dienste en higiëne in buurstate en ondervoeding is egter dikwels die oorsaak van vele siektes waaraan individue van buurstate ly. Hulle ondervoede liggame besit min weerstand teen siektes soos geelkoors, cholera, tuberkulose en die MIV-virus. As sulke individue Suid-Afrika dan onwettig binnekom, word dié siektes ook oor grense saamgebring. Die oorgrote meerderheid van die onwettige vreemdelinge wat Suid-Afrika binnekom, arriveer in 'n algemene toestand van swak gesondheid en is tot 'n groot mate ondervoed.<sup>(85.)</sup> Swak gesondheidsomstandighede en 'n gebrek aan beskikbare mediese dienste in Suid-Afrika se buurstate is dus soms die oorsaak dat onwettige vreemdelinge wel draers van virusse en siektes is. Volgens Head sal meer individue in Afrika en Suid-Afrika die MIV-virus en ander siektes opdoen as individue in Noord-Amerikaanse en Europese state omdat laasgenoemde burgers beter gevoed en oor die algemeen meer gesond is. Gevolglik gaan onwettige vreemdelinge na Suid-Afrikaanse klinieke en hospitale, indien hulle mediese aandag verlang. Aangesien onwettige vreemdelinge egter soms uit konflikgeteisterde gebiede kom, armoedig en ondervoed is, benodig hulle dikwels meer intensiewe mediese aandag as plaaslike burgers.<sup>(86.)</sup>

'n Belangrike negatiewe gevolg van die verspreiding van die MIV-virus en VIGS is dat potensieel aktiewe dele van die samelewing en 'n belangrike deel van die arbeidsmag onbevoeg word om te werk. Vele gesinne en families word sonder 'n broodwinner gelaat wat verder bydra tot armoede en ondervoeding. VIGS verswak die ekonomiese deurdat fondse op addisionele mediese dienste en navorsing in stede van ekonomiese produktiewe sektore, spandeer word. Gevolglik verminder hulpbronne wat andersins beskikbaar sou wees vir gemeenskapsopbouende aktiwiteite soos onderrig en landbounavorsing.<sup>(87.)</sup> VIGS het ook 'n "stoot" effek tot gevolg. Onwettige vreemdelinge migreer dikwels van een plek na die ander op soek na werk. In dié proses word nie net VIGS nie, maar ook ander siektes van die een gebied na die ander versprei.<sup>(88.)</sup>

Vanaf 1995 is gevalle van malaria en cloroquine weerstand, in Mpumalanga, geassosieer met die migrasie van onwettige vreemdelinge vanaf Mosambiek na Suid-Afrika. Die

verband tussen onwettige migrasie en epidemies het in die Nsanje-streek in Malawi, 15 kilometer vanaf die grens, ontstaan. Migrasie heen-en-weer oor die grens, het veroorsaak dat cholera, die MIV-virus en tuberkulose-gevalle bykans in dieselfde mate aan beide kante van die grens voorgekom en toegeneem het. "Factors which tend to be associated with sudden increases in HIV-infection rates include high migration rates and the presence of major travel routes and borders."<sup>(89.)</sup>

Omdat gesondheidsmaatreëls wat die voorkoming en verspreiding van bovenoemde en ander oordraagbare siektes verhoed, bykans nie meer in Afrikastate bestaan nie, vind verspreiding veral plaas langs dié roetes wat deur onwettige vreemdelinge gebruik word om te migrer, insluitende dié roetes na Suid-Afrika. Gevolglik word geweldige druk op plaaslike sowel as nasionale gesondheidsdienste geplaas.<sup>(90.)</sup>

### **3.1.2 Die gebruik van Suid-Afrikaanse klinieke deur onwettige vreemdelinge**

Klinieke in die Thabong-nedersetting is deur die Suid-Afrikaanse Regering opgerig met die doel om beter gesondheidsdienste aan Suid-Afrikaanse burgers te lewer. Dié klinieke was gedurende 1995 egter al so oorvol van onwettige vreemdelinge dat geen behoorlike mediese versorging aan of onwettige vreemdelinge of plaaslike inwoners gegee kon word nie. Plaaslike inwoners was tot so 'n mate ontevrede oor die teenwoordigheid van die onwettige vreemdelinge en die sorg wat hulle by die klinieke ontvang het, dat van die kliniek se personeel met geweld gedreig is indien verdere mediese sorg aan die onwettige vreemdelinge gegee sou word.<sup>(91.)</sup>

Dokters en verpleegsters van die H.F. Verwoerd en Ga-Rankuwa Hospitale in Pretoria, Baragwanath Hospitaal in Soweto en die Hillbrow Hospitaal in Johannesburg gedurende 1995 verklaar dat: "Staatshospitale bars uit hul nate met MIV-besmette pasiënte en mense wat van veral Suid-Afrika se buurstate hierheen stroom vir gratis behandeling, terwyl tersiêre mediese dienste weens 'n tekort aan geld afgeskaal word. Byna elke swanger vrou in Afrika weet dat sy hier gratis mediese sorg kan kry. En dit kos oneindig baie geld."<sup>(92.)</sup> Klinieke in Kangwane en Gazankulu het aan die begin van 1996, dieselfde probleem ondervind. Dié klinieke is gestig om aan die mediese behoeftes van Suid-Afrikaanse burgers te voorsien, maar groot getalle onwettige vreemdelinge gaan na dié

klinieke in die hoop om mediese dienste te ontvang wat nie in hulle eie state beskikbaar is nie. Dié dienste kan egter nie suksesvol gelewer word as gevolg van die druk wat deur groot getalle onwettige vreemdelinge uit veral Mosambiek daarop geplaas word.<sup>(93.)</sup>

Dit is bykans onmoontlik om 'n presiese beraming van bedrae wat die Suid-Afrikaanse Regering jaarliks aan maatskaplike dienste vir onwettige vreemdelinge spandeer, te maak. Tog is dit duidelik dat koste wel aangegaan word. In die omgewing van die Swaziland en Lesotho grense, maak onwettige vreemdelinge van klinieke aan die Suid-Afrikaanse kant van die grens gebruik in geval van siekte of ongelukke. Suid-Afrikaanse migrasiebeamptes by die Sani-Pas grenspos aan die Lesotho/KwaZulu-Natal grens, het gedurende 1995 gerapporteer dat burgers van Lesotho van nabygeleë Suid-Afrikaanse klinieke gebruik maak. Sulke individue steek die grens oor deur gebruik te maak van Lesotho paspoorte en by die klinieke word ook geen verdere bewyse gevra voordat mediese sorg aan die individue voorsien word nie. Op dié manier kwalifiseer die meeste individue vir gratis mediese dienste en medisyne.<sup>(94.)</sup>

### 3.2 Skoolonderrig

Die kinders van onwettige vreemdelinge maak ook dikwels van skoolfasiliteite wat deur die staat gesubsidieer word, gebruik. 'n Lid van die Gautengse Wetgewende Raad, Annalize van Wyk, het gedurende Junie 1996 dit gestel dat die Gautengse provinsiale Regering jaarliks meer as R208 miljoen spandeer op die skoolonderrig van 80 000 tot 100 000 onwettige vreemdelinge. Omdat dit nie van die kinders verwag word om bewys van ouers se nasionaliteit te gee nie is dit, ten koste van die belastingbetalers, vir onwettige vreemdelinge maklik om die kinders na Suid-Afrikaanse skole te stuur.<sup>(95.)</sup> Langs die Swaziland en Lesotho grense, word busse vol skool kinders daagliks oor die grens vervoer om Suid-Afrikaanse skole by te woon.<sup>(96.)</sup> Mediese dienste en skoolonderrig word dus dikwels aan onwettige vreemdelinge deur die Suid-Afrikaanse Regering verskaf, sonder dat enige koste deur die onwettige vreemdelinge aangegaan moet word.

In hierdie verband is dit gedurende 1997 gestel dat: "The amount of money which is wasted on the health of illegal immigrants should receive urgent attention."<sup>(97.)</sup> In 'n

poging om die probleem aan te spreek, het Dr Buthelezi 'n beroep op verskeie Departemente soos Welsyn, Behuising en Maatskaplike dienste gedoen om bewyse van identiteit te versoek voordat sekere dienste aan individue gelewer word. Volgens hom, is dié maatreëls nodig "...to ensure that services are focused on our own people, or on those who have been granted permanent residence."<sup>(98.)</sup>

Bestaande beramings, soos reeds genoem, toon aan dat die voorsiening van gesondheidsdienste, skoolonderrig, elektrisiteit, water en behuisingsdienste die staat gedurende 1995, reeds R400 vir elke burger gekos het. As dié bedrag vermenigvuldig word met 'n onwettige vreemdelinggetal van 2,5 miljoen, soos gedurende 1995 beraam, word dit duidelik dat individue wat hulself onwettig in Suid-Afrika bevind, die belastingbetalers miljoene rande per jaar kos.<sup>(99.)</sup> As ook in ag geneem word dat 70 persent van die Suid-Afrikaanse bevolking op 'n permanente basis van mediese dienste afhanklik is en dat slegs 30 persent daarvan vir mediese dienste gelewer kan betaal, hou dit ernstige implikasies in.<sup>(100.)</sup>

Dit is dus duidelik dat die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge 'n addisionele las op Suid-Afrikaanse burgers se toegang tot water, skoolopleiding, vervoer en basiese energiebronne soos vuurmaakhout en water, plaas. Dié las is groot in die plattelandse gebiede, maar op sy ergste in dig bewoonde plakkerswoongebiede naby stede. Groot getalle onwettige vreemdelinge stel onredelike eise vir die voorsiening van mediese, maatskaplike, en opvoedingsdienste, asook water en elektrisiteit. Die Suid-Afrikaanse ekonomie is die sterkste ekonomie in die streek, maar is nie instaat, veral in dié huidige fase van ontwikkeling, om sulke groot getalle individue wat nie Suid-Afrikaanse burgers is nie, met 'n tegemoetkomende "ope deur" beleid te absorbeer of te akkommodeer nie.<sup>(101.)</sup>

Benewens die ekonomiese en maatskaplike implikasies van die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge is daar ook bepaalde politieke implikasies.

## 4. Politieke implikasies van die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika

Negatiewe houdings van Suid-Afrikaanse burgers teenoor onwettige vreemdelinge, en die moontlike invloed van onwettige vreemdelinge op verkiesings binne Suid-Afrika, is van die belangrike politieke implikasies wat vervolgens bespreek sal word.

### 4.1 Onwettige vreemdelinge en xenofobie

Die invloed van onwettige vreemdelinge op verskeie terreine van die Suid-Afrikaanse samelewing kan ook gemerk word in die houdings van Suid-Afrikaanse burgers teenoor dié individue. Volgens sommige Suid-Afrikaanse burgers verhoed die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge dat die nodige dienste (byvoorbeeld water, elektrisiteit, mediese dienste en behuising) aan Suid-Afrikaanse burgers voorsien word, en word onwettige vreemdelinge in sommige streke aangespreek as amagrigamba (vreemdelinge wat nie hier hoort nie) en amakwerekwere (hulle wat in 'n vreemde taal praat, hulle wat ons nie verstaan nie). Tydens onderhoude wat deur 'n plaaslike Johannesburgse koerant gevoer is, het inwoners van Johannesburg die volgende oor onwettige vreemdelinge te sê gehad: "Charity begins at home. Our homeless never had the opportunity to own houses before. Now foreigners are coming to frustrate our chances. South Africans should be left alone for now to settle the problems they inherited from the old regime. If these people (illegal aliens) stay, I'm afraid the ambitious RDP is not going to see the light of day. We need to repair our country first and address the problems of housing, health care, electricity and education before we can look at helping foreigners."<sup>(102.)</sup>

Ander persone het onwettige vreemdelinge met misdaad, dwelms en VIGS geassosieer. Uitsprake soos die volgende word byvoorbeeld gemaak: "When will the government reinstate influx control? The sooner they do that the better. I now fear for the future of my children, who could get Aids."<sup>(103.)</sup>

Verskeie organisasies is ook van mening dat die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika, negatiewe implikasies inhou. Een so 'n organisasie is die

African Chamber of Hawkers & Independent Businessmen (ACHIB). Volgens die voorsitter van dié organisasie, mnr Lawrence Mavundla, ruineer onwettige vreemdelinge plaaslike smouse en straatverkopers omdat hulle 'n onregverdige voordeel het in die sin dat hulle gesteelde goedere of goedere wat onwettig ingevoer is (waarvoor geen invoerbelasting betaal is nie), verkoop. Volgens ACHIB, was daar gedurende 1995 meer as 500 000 onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika as smouse werksaam. Dié getal verteenwoordig meer as 40 persent van die informele handelaars in Suid-Afrika. Gedurende 1995 was daar in Johannesburg alleen 'n beraamde 15 000 smouse en volgens ACHIB was 2 000 van dié getal onwettige vreemdelinge.<sup>(104.)</sup>

Die negatiewe gevoel van burgers teenoor onwettige vreemdelinge gaan soms oor tot geweld. Gedurende Oktober 1994 het spanning tussen Xhosa vissers en Ovambos in die Imizamo Yethu informele nedersetting naby Houtbaai in die Kaap, tot geweld oorgegaan. Die Xhosas het die Ovambo's (waarvan baie verdenkte onwettige vreemdelinge) daarvan beskuldig dat hulle die Xhosas van werkgeleenthede beroof deur poste by vissersmaatskappye te aanvaar teen laer lone (vir so min as R30 per skof - bykans die helfte van die normale tarief). Sommige van die Ovambo's het die land binnegekom op inkomende vissersbote vanaf Namibië. Aangesien bykans geen doeane of immigrasiekontroles gedurende 1994 in Kaapstad se hawe bestaan het nie, kon die onwettige vreemdelinge sonder moeite van die vissersbote afstap en werk begin soek.<sup>(105.)</sup>

Gedurende Desember en Januarie 1995 het gewapende bendes in Alexandra 'n gesamentlike optrede teen onwettige vreemdelinge geloods in 'n poging om hulle uit die dorpsgebied te dryf. Onwettige vreemdelinge se besittings is uit hulle huise gegooi, sommiges s'n is selfs gesteel en van die onwettige vreemdelinge se huise is afgebrand. Ander onwettige vreemdelinge is op die dra-mars metode tot by die plaaslike polisie stasie vergesel, en plaaslike inwoners het daarop aangedring dat hulle onmiddellik verwyder word. Volgens die inwoners het die onwettige vreemdelinge werkgeleenthede van Suid-Afrikaanse burgers gesteel deur vir minder lone te werk en bereid was om onder swakker omstandighede te werk.<sup>(106.)</sup> 'n Ander voorbeeld is dié van Johannesburgse smouse wat gedurende September 1997 'n optog in die middestad van Johannesburg teen onwettige vreemdelinge wat ook goedere in die stad smous, geloods het. Dié optog

het gewelddadig geraak toe betogers begin om winkelvensters stukkend te slaan, vreemdelinge aan te rand en vreemdelingsmouse se goedere te steel. Volgens die verteenwoordiger van die Greater Johannesburg Hawker's Planning Committee was die plaaslike smouse van plan om alle smouse van ander state met geweld uit Johannesburg te dryf en het die onwettige vreemdelinge daarvan beskuldig, dat hulle verantwoordelik was vir die afname in besigheid wat deur die plaaslike smouse ondervind is. "They sell their goods cheaply and we cannot compete with them. This way our business is destroyed. And they also sell counterfeit goods."<sup>(107.)</sup>

Die toenemende xenofobiese gevoel teenoor onwettige vreemdelinge word bevestig deur 'n opname deur die RGN, wat gedurende 1994 en 1995 gedoen is. Volgens die opname van Oktober 1994 was 56 persent van Suid-Afrikaanse burgers van mening dat die regering strenger teen onwettige vreemdelinge moet optree. Teen Februarie 1995 het die persentasie tot 72 persent gestyg.<sup>(108.)</sup>

Gedurende 1996 het verdere opnames in dié verband getoon, dat die mate van xenofobie onder verskillende bevolkingsgroepe verskil.<sup>(109.)</sup>

Tabel VI

Swart			Gekleurd			Blanke			Asiër		
21%	56%	22%	5%	77%	18%	1%	93%	6%	14%	65%	21%
(1)	(2)	(3)	(1)	(2)	(3)	(1)	(2)	(3)	(1)	(2)	(3)

**Sleutel:**

- (1) - die toename van onwettige vreemdelinge is positief;
- (2) - die toename van onwettige vreemdelinge is negatief; en
- (3) - onseker of nie een van bogenoemde twee.<sup>(110.)</sup>

Volgens dié opname was ook bykans twee-derdes (65 persent) van die respondentie van mening dat die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge 'sleg' of 'baie sleg' vir Suid-Afrika is. Boonop was 80 persent van die respondentie ten gunste van die maatreëls wat deur die regering beplan word om die toenemende getalle onwettige vreemdelinge

te verminder, deur grensbeheer te versterk; 65 persent was ten gunste van uitsetting; en 73 persent was ten gunste van strafmaatreëls teen werkgewers wat onwettige vreemdelinge in diens neem. Dié opname gee 'n goeie aanduiding van die Suid-Afrikaanse publiek se gevoel oor die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika. Duidelik bestaan 'n hoë mate van xenofobie onder die publiek. Die houdings van verskeie van die onderskeie politieke partye in die RSA oor onwettige vreemdelinge sal in die volgende hoofstuk bespreek word.<sup>(111.)</sup>

## 4.2 Onwettige vreemdelinge se moontlike invloed op verkiesings in die RSA

Om die effek van onwettige vreemdelinge op toekomstige verkiesings te bepaal is dit nodig om die volgende in ag te neem.

'n Persoon moet in besit wees van 'n identiteitsdokument alvorens die persoon toegelaat word om te stem. 'n Identiteitsdokument bevestig 'n persoon se identiteit en duï 'n persoon se burgerskap en ouderdom aan. Deur die besit van 'n identiteitsdokument verseker die individu dat hy/sy die magtiging besit om 'n stembrief te ontvang en te stem. Gedurende 1993, net voor die 1994 verkiesings, het sowat 85 persent van alle potensiële stemgeregtigdes in Suid-Afrika identiteitsdokumente, besit. In enige demokrasie, soos Suid-Afrika, is dit noodsaaklik dat alle burgers die geleentheid gegee word om identiteitsdokumente te bekom. Sodoende sal aan alle burgers die geleentheid gegee word om te stem ten tye van 'n verkiesing.<sup>(112.)</sup>

Indien 'n persoon aansoek doen om 'n identiteitsdokument, word 'n deeglike ondersoek geloods waartydens die burgerskapstatus van beide die applikant en die applikant se ouers, ondersoek word. Soos reeds genoem, word identiteitsdokumente slegs aan Suid-Afrikaanse burgers en permanente inwoners uitgereik, en nie aan persone wat Suid-Afrika tydelik besoek nie. In die geval waar individue wel permanente inwoners van Suid-Afrika is, maar nie burgerskapstatus ontvang het nie, sal dié inligting in die identiteitsdokument aangetoon word en dié persoon sal nie toegelaat word om te stem nie.<sup>(113.)</sup>

Onwettige vreemdelinge poog dikwels om Suid-Afrikaanse identiteitsdokumente op oneerlike wyses te bekom. 'n Betroubare stelsel bestaan egter om die grootskaalse gebruik van vervalste identiteitsdokumente te verhoed. Vingerafdrukke van elke applikant word geneem en vergelyk met die vingerafdrukrekords van reeds uitgereikte identiteitsdokumente. Die metode verhoed 'n persoon om 'n tweede identiteitsdokument, onder 'n verskillende naam, uit te neem. Vingerafdrukke wat van 'n applikant geneem word, word ook vergelyk met vingerafdrukrekords van die Departement van Binnelandse Sake. Dié rekords bevat onder andere vingerafdrukke van kontrakarbeiders uit buurstate en onwettige vreemdelinge wat gedurende die afgelope paar jaar aangekeer en verwyder is. Teen 1993 het die Departement al ongeveer 27,5 miljoen stelle vingerafdrukke besit wat gebruik kon word om persone wat in die besit is van vervalste identiteitsdokumente, te identifiseer.<sup>(114.)</sup>

Die vele verskillende fisiese kenmerke van die Suid-Afrikaanse bevolking en die verskeidenheid kulture en tale binne Suid-Afrika, bemoeilik die identifiseringsproses van onwettige vreemdelinge. Hoe meer volledig die bevolkingsregister, hoe meer prakties uitvoerbaar die proses om die onwettige vreemdelingbevolking in Suid-Afrika te beheer, maar 'n tekort aan fondse en mannekrag bemoeilik die proses tot 'n groot mate.<sup>(115.)</sup>

Ten spyte van bogenoemde, het onwettige vreemdelinge, tot 'n mate, 'n invloed op die 1994 verkiesings gehad. Volgens 'n studie gedoen deur Reitzes en Bam het verskeie verteenwoordigers van politieke partye met die aanloop tot die 1994 verkiesings, immigrante (beide wettig en onwettig) se ondersteuning vir die onderskeie politieke partye gewerf, en hulle aangemoedig om identiteitsdokumente (hoofsaaklik tydelike identiteitsdokumente) in die hande te kry, wat hulle in staat sou stel om te stem. Gevolglik sien dié migrante (beide wettig en onwettig), wat gedurende die 1994 verkiesings gestem het, hulself as aanvaarde Suid-Afrikaanse burgers of permanente inwoners met gevestigde belang in die Suid-Afrikaanse staat, ekonomie en gemeenskap.<sup>(116.)</sup>

Sulke individue is ook van mening dat hulle daarop geregtig is om in daaropvolgende verkiesings te stem. "They now perceive attitudes to have hardened against them since the 1994 elections. Thus their expectations of South African citizenship have been

raised and frustrated in a relatively short time. This has eroded the credibility and legitimacy of immigration policy in particular, and the new government in general."<sup>(117.)</sup>

Gedurende die proses van die opstel van die nuwe Suid-Afrikaanse Grondwet na die 1994 verkiesings, het die vraag ontstaan oor die moontlike invloed van onwettige vreemdelinge op toekomstige verkiesings. Daar is selfs voorgestel dat onwettige vreemdelinge toegelaat moes word om aan verkiesings deel te neem. Wêreldwyd word dit egter as algemene gebruik aanvaar dat slegs die burgers van 'n staat die reg besit om aan die verkiesings deel te neem, en sodoende die politieke toekoms van die bepaalde staat te bepaal. Die vereiste dat 'n individu 'n burger van 'n bepaalde staat moet wees alvorens so 'n persoon mag stem, is dus nie uitsluitlik (uniek) aan Suid-Afrika nie. Soos ook in ander dele van die wêreld, moet hierdie vereiste gerespekteer en erken word.<sup>(118.)</sup>

Onwettige vreemdelinge is nie die enigste persone wat uitgesluit word in die verkiesingsprosesse van state nie. Individue wat 'n bepaalde staat tydelik besoek, of tydelik in 'n staat werksaam is, word ook nie toegelaat om aan verkiesings deel te neem nie. Dieselfde maatreël geld vir wettige immigrante wat nie Suid-Afrikaanse burgers word nie. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat geen verandering rakende bogenoemde maatreëls deur die Suid-Afrikaanse Regering beoog word, wat toekomstige verkiesings betref nie.<sup>(119.)</sup>

### **4.3. Interstaatlike wrywing**

In sommige gevalle kan die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge in 'n bepaalde staat tot konflik tussen die "sturende" en die "ontvangende" staat, lei. Die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika is soms die oorsaak van spanning tussen die Zimbabweense en Suid-Afrikaanse Regerings. Gedurende die afgelope paar jaar is duisende onwettige vreemdelinge uit Suid-Afrika verwyder en na hulle tuisstate, teruggestuur. Volgens die Zimbabweense Regering verhoog die grootskaalse uitsetting van onwettige vreemdelinge ekonomiese onstabilitet na die "sturende" staat (Zimbabwe) wat dan weer 'n hernude behoeftte laat ontstaan om te migrer. Alhoewel die Zimbabweense Minister van Binnelandse Sake alle Zimbabweense burgers vroeg in 1996

versoek het om Suid-Afrika nie onwettig binne te gaan nie, het die Zimbabweanse Adjunk-Minister van Nywerheid, Simon Moyo, 'n beroep op die Suid-Afrikaanse Regering gedoen om die tempo waarteen uitsetting plaasvind, te verminder.<sup>(120.)</sup> Volgens hom sou die voortdurende, grootskaalse uitsetting van onwettige vreemdelinge rampsspoedige implikasies vir Zimbabwe, waar meer as twee miljoen burgers werkloos is, inhoud.<sup>(121.)</sup>

Druk word ook uit ander state in die streek op Suid-Afrika uitgeoefen om uitsettings van onwettige vreemdelinge te verminder en stop te sit. Tydens 'n besoek het President Chissano van Mosambiek dit gestel dat vyandelike houdings teenoor onwettige vreemdelinge stopgesit moet word. Hy het dit ook gestel dat: "Our citizens know no boundaries. They regard themselves as an integral part of each of our countries. Therefore they do not feel like aliens."<sup>(122.)</sup> Gedurende Augustus 1997 het die plaaslike owerhede in die Moamba provinsie in Mosambiek ook hulle kommer uitgespreek oor die groot getalle en tempo waarteen uitsettings van onwettige vreemdelinge vanaf Suid-Afrika, plaasvind. Die administrateur van Moamba, Romao Muthisse, het byvoorbeeld verklaar dat: "These illegal immigrants that the South African government repatriates and leaves in Ressano Garcia, worsen the problems that affect the district." Probleme waarna verwys word is onder andere prostitusie, werkloosheid en rooftogte.<sup>(123.)</sup>

Volgehoue, grootskaalse uitsetting van onwettige vreemdelinge kan dus die verhoudings tussen Suid-Afrika en sy buurstate negatief beïnvloed en dit is duidelik dat sommige Suid-Afrikaanse burgers van siening is dat die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge verhoed dat nodige dienste (byvoorbeeld water, elektrisiteit, mediese dienste en behuising) aan Suid-Afrikaanse burgers voorsien word en dat onwettige vreemdelinge verantwoordelik is vir die groeiende werkloosheidsyfer in Suid-Afrika. In verskeie gevalle was dié negatiewe gevoel teenoor onwettige vreemdelinge so erg dat dit tot verskeie voorvalle van geweld geleid het. Dit is ook duidelik dat onwettige vreemdelinge 'n invloed op vorige en toekomstige verkiesings kan hê, en dat sommige individue (waaronder onwettige vreemdelinge) van mening is dat hulle geregtig is op stemreg binne Suid-Afrika, al voldoen hulle nie aan die wetlike vereistes wat gestel word nie.

## 5. SAMEVATTING

Soos uit dié hoofstuk blyk, het die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge tot 'n mindere of meerdere mate, 'n invloed op verskeie terreine van die Suid-Afrikaanse samelewing. Tog bestaan vrae en veronderstellings wat nog beantwoord moet word. Een daarvan is die werklike getal onwettige vreemdelinge binne Suid-Afrika. Alhoewel die verskillende beramings 'n aanduiding van getalle onwettige vreemdelinge binne Suid-Afrika gee, kan die werklike invloed van onwettige vreemdelinge op maatskaplike dienste, misdaad, toekomstige verkiesings en die ekonomie, slegs ten volle begryp word indien, onder andere, die werklike getal onwettige vreemdelinge, bekend is.

Aangesien werkgeleenthede in Suid-Afrika skaars is en onwettige vreemdelinge gevolelik dikwels nie werk kan kry, en dus nie skuiling of voedsel kan bekostig nie, pleeg onwettige vreemdelinge ook misdade om 'n bestaan te maak en hulself sodoende te kan onderhou. Boonop ontvang onwettige vreemdelinge dikwels die minimum lone vir werk wat aan hulle gebied word. Dit is dus in baie gevalle vir onwettige vreemdelinge meer winsgewend om by misdaad betrokke te wees as om vir 'n werkgewer te werk wat die minimum lone betaal en/of waar die onwettige vreemdeling in swak omstandighede moet werk. Dit is duidelik dat die benarde situasie waarin onwettige vreemdelinge hulself bevind, hulle soms dwing om 'n misdaad te pleeg. Die feit dat sommige onwettige vreemdelinge Suid-Afrika binnekomb spesifiek met die doel om misdaad te pleeg, moet egter ook in gedagte gehou word.

Die betrokkenheid van onwettige vreemdelinge by verskeie misdade soos die smokkel van dwelms en wapens is in bepaalde gevalle duidelik. Onwettige vreemdelinge dra dus as beide slagoffers en as oortreders van die wet tot die misdaadsyfer in Suid-Afrika, by. Alhoewel onwettige vreemdelinge nie alleen verantwoordelik gehou kan word vir die hoë misdaadsyfer in Suid-Afrika nie, kan die betrokkenheid van onwettige vreemdelinge by veral die smokkel van wapens na Suid-Afrika ernstige probleme vir Suid-Afrika inhoud.

Verskillende sienings bestaan in verband met die invloed van onwettige vreemdelinge op

die Suid-Afrikaanse ekonomie. Sommige is van mening dat aangesien onwettige vreemdelinge dikwels bereid is om vir laer lone en in swakker omstandighede te werk, hulle verantwoordelik is vir 'n verlaging in loonvlakte en veroorsaak dat minder werkgeleenthede vir Suid-Afrikaanse burgers beskikbaar is. Die indiensneming van onwettige vreemdelinge in verskeie sektore word dus as 'n baie groot probleem gesien. Volgens hierdie siening plaas die groot getal onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika buitengewone ekonomiese druk op die staat en verlaag terselfdertyd die regering se kapasiteit om die nodige dienste aan Suid-Afrikaanse burgers te lewer.

Ander redeneer egter dat die siening dat onwettige vreemdelinge tot 'n mate verantwoordelik is vir die feit dat Suid-Afrikaanse burgers werkloos is, onwaar is en dat meer navorsing nodig is om te bevestig dat werkgewers onwettige vreemdelinge slegs in diens neem omdat hulle onder die indruk is dat onwettige vreemdelinge maklik misbruik kan word. Volgens hulle is Suid-Afrikaanse burgers dikwels nie bereid om bepaalde werk te doen nie, en onwettige vreemdelinge word dan in dié posisies aangestel.

Dit is ook duidelik dat 'n groot gedeelte van die Suid-Afrikaanse publiek negatief is oor die teenwoordigheid van groot getalle onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika en in sommige gevalle het hierdie negatiewe gevoel oorgegaan tot geweld. Duidelik bestaan 'n hoë mate van xenofobie onder die publiek.

Die invloed van onwettige vreemdelinge op die bespreekte terreine skyn basies negatief te wees, en volgens statistiek skyn dit asof die getalle onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika bly toeneem. Die negatiewe invloed wat onwettige vreemdelinge op die verskeie terreine het, lewer grootskaalse probleme en uitdagings vir die Suid-Afrikaanse Regering, en die omvang van die probleem kan alleen verminder word as die oorsake daarvan ook meer effektief aangespreek kan word. Solank as wat die streek as geheel onder politieke onstabiliteit, ekonomiese agteruitgang en omgewingsdegradasie gebuk gaan, sal Suid-Afrika 'n gewilde bestemming vir individue op soek na 'n beter lewe en werksomstandighede bly; sal onwettige vreemdelinge toegang soek tot dienste soos skoolonderrig en mediese sorg; en sal onwettige vreemdelinge aanhou om 'n invloed op die misdaadsituasie in Suid-Afrika te hê.

Die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge het dus wel 'n invloed op verskeie, terreine in Suid-Afrika. In die volgende hoofstuk word die Suid-Afrikaanse Regering se beleid teenoor onwettige vreemdelinge en amptelike inisiatiewe deur die regering om die onwettige vreemdelingprobleem die hoof te bied, bespreek. Die nie-amptelike standpunte van bepaalde politieke partye in Suid-Afrika; nie-regeringsorganisasies (byvoorbeeld vakbonde en informele handelaars); Suid-Afrika se buurstate; asook die aanbevelings van die *Groenskrif op Internasionale Migrasie*, word ook kortliks bespreek.

## VERWYSINGS

1. Minnaar, A, 1996, "*Impact of Illegals on the Economy and on Crime in South Africa and Preventative Measures*", in Minnaar, A, and Hough, M (eds), Causes, extent and impact of clandestine migration in selected southern African countries with specific reference to South Africa, Centre for Sociopolitical Analysis, Human Sciences Research Council and Institute for Strategic Studies, University of Pretoria, p 212.
2. Reitzes, M, 1997, "*Undocumented migration: Dimensions and dilemmas*", Paper prepared for the Green Paper Task Group on International Migration, p 8.
3. Solomon, H, 1997, "Immigration and Security in South Africa", *Communication*, no 4, p 5.
4. Reitzes, *op cit*, p 3.
5. Solomon, *op cit*, p 5.
6. Minnaar, "*Impact of Illegals on the Economy and on Crime...*", in Causes, extent and impact of clandestine migration..., *op cit*, p 212.
7. RSA, *Debates of the National Assembly (Hansard)*, 9-11 Mei 1995, no 5, column 1152.
8. RSA, *Media Briefing by M Buthelezi*, Minister of Home Affairs, 12 February 1998, p 6.
9. Minnaar, "*Impact of Illegals on the Economy and on Crime...*", in Causes, extent and impact of clandestine migration..., *op cit*, p 212.
10. Solomon, *op cit*, p 5.
11. Minnaar, "*Impact of Illegals on the Economy and on Crime...*", in Causes, extent and impact of clandestine migration..., *op cit*, p 212.
12. Solomon, H, 1996, "Strategic perspectives on illegal immigration into South Africa", *African Security Review*, vol 5, no 4, p 10.
13. *Race Relations Survey 1992/1993*, 1993, South African Institute of Race Relations (SAIRR), Johannesburg, p 262; *Race Relations Survey 1993/1994*, 1994, SAIRR, Johannesburg, p 93; *Race Relations Survey 1995/1996*, 1996 SAIRR, Johannesburg, p 32; *Race Relations Survey 1996/1997*, 1997, SAIRR, Johannesburg, p 48 en inligting verkry van die Departement van Binnelandse Sake.

14. Solomon, "*Immigration and security in South Africa*", *op cit*, p 6.
15. *Ibid.*
16. *Beeld* (Johannesburg), 1997/01/15.
17. *The Star* (Johannesburg), 1997/10/10.
18. Minnaar, "*Impact of Illegals on the Economy and on Crime...*", in Causes, extent and impact of clandestine migration..., *op cit*, p 212.
19. *Ibid.*
20. *Ibid*, p 214.
21. *Ibid.*
22. *Beeld* (Johannesburg), 1997/02/23.
23. Solomon, "*Immigration and Security in South Africa*", *op cit*, p 6.
24. Minnaar, "*Impact of Illegals on the Economy and on Crime...*", in Causes, extent and impact of clandestine migration..., *op cit*, p 213.
25. *Ibid*, p 214.
26. RSA: *National Crime Prevention Strategy*, 1996, Document by an Inter-departmental Strategy Team consisting of the Department of Correctional Services, Defence, Intelligence, Justice, Safety and Security and Welfare, p 35.
27. Solomon, "*Immigration and Security in South Africa*", *op cit*, p 6.
28. *Beeld* (Johannesburg), 1997/01/15.
29. "The SANDF's role and contribution to the National Crime Prevention Strategy during 1996", 1997, *CSANDF Internal Communication Bulletin*, no 3, p 1.
30. Oosthuizen, G, "*Shooting the golden goose: small arms proliferation in Southern Africa*", Paper presented at a conference organised by SAIIA, the World Peace Foundation and the Institute for Defence Policy on War and Peace in Southern Africa, Jan Smuts House, Johannesburg, 4-6 August 1996, p 13.
31. Minnaar, "*Impact of Illegals on the Economy and on Crime...*", in Causes, extent and impact of clandestine migration..., *op cit*, p 214.
32. Solomon, "*Immigration and Security in South Africa*", *op cit*, p 6.
33. Inligting verkry vanaf die Suid-Afrikaanse Polisiediens, (Geïntegreerde Databasis).
34. Minnaar, "*Impact of Illegals on the Economy and on Crime...*", in Causes, extent and impact of clandestine migration..., *op cit*, p 215.
35. *Ibid.*
36. *Rapport* (Johannesburg), 1998/01/18.

37. *The Star* (Johannesburg), 1997/01/17.
38. Minnaar, "Impact of Illegals on the Economy and on Crime...", in Causes, extent and impact of clandestine migration..., *op cit*, p 210.
39. *Ibid.*
40. *Ibid*, p 211.
41. *Ibid.*
42. *Ibid*, p 216.
43. *Ibid*, p 213.
44. *Rapport* (Johannesburg), 1998/01/18.
45. Minnaar, "Impact of Illegals on the Economy and on Crime...", in Causes, extent and impact of clandestine migration..., *op cit*, p 216.
46. *Ibid*, p 213.
47. Solomon, H, 1994, "Migration in Southern Africa: a comparative perspective", *Africa Insight*, vol 24, no 1, p 65.
48. *Ibid.*
49. Solomon, H, 1996, "*Illegal immigrants in South Africa: Causes, conditions and strategies to cope with it*", in Deng, L A and Tjonneland, E N (eds), South Africa: Wealth, Poverty and Reconstruction, Chr. Michelsen Institute and Centre for South African Studies, University of the Western Cape, p 127.
50. RSA, *Debates of the National Assembly (Hansard)*, 11 May 1995, no 5, column 1152.
51. RSA, *Debates of the National Assembly (Hansard)*, 20-23 May 1996, no 6, column 1656.
52. RSA, *Draft White Paper for a Population Policy*, 1996, Proposed Population Policy and Strategies for South Africa, Ministry for Welfare and Population Development, Notice 1544 of 1996, p 11.
53. RSA, Press Release: Department of Home Affairs, *Dr Buthelezi on appointing alien employees*, 22 July 1996.
54. "After amnesty: the future of foreign migrants in South Africa", Keynote address by Dr Buthelezi, Minister of Home Affairs at the Southern African Migration Project's Conference, 20 June 1997, p 6.
55. Solomon, "*Illegal immigrants in South Africa...*", *op cit*, p 127.
56. Reitzes, *op cit*, p 6.

57. Minnaar, A, 1996, "Xenophobia and reasons for resentment", in Minnaar, A and Hough, M (eds), Who goes there?: Perspectives on clandestine migration and illegal aliens in southern Africa, HSRC Publishers Pretoria, p 200.
58. *The Argus* (Cape Town), 1996/01/16 and *Mail and Guardian* (Johannesburg), 1996/09/23.
59. Reitzes, *op cit*, p 6.
60. Minnaar, "Illegals in South Africa: Historical Overview", in Causes, extent and impact of clandestine migration..., *op cit*, p 117.
61. *Ibid.*
62. *Ibid*, p 118.
63. Crush, J, 1997, "Covert operations: Clandestine migration, temporary work and immigration policy in South Africa", *Migration Policy Series*, Institute for Democracy in Africa, p 17.
64. Minnaar, "Illegals in South Africa: Historical Overview", in Causes, extent and impact of clandestine migration..., *op cit*, p 118.
65. RSA, *Debates of the National Assembly* (Hansard), 7 June 1996, no 8, column 2164.
66. Solomon, "Strategic perspectives on illegal immigration into South Africa", *op cit*, p 11.
67. *Ibid.*
68. *Ibid.*
69. *Ibid.*
70. Minnaar, "Impact of Illegals on the Economy and on Crime...", in Causes, extent and impact of clandestine migration..., *op cit*, 211.
71. RSA, *Debates of the National Assembly (Hansard)*, 11 May 1995, no 5, column 1146.
72. RSA, *Debates of the National Assembly*, (Hansard), 18 April 1997, no 5, column 1243.
73. *Growth, Employment and Redistribution: a macroeconomic strategy*, <http://www.sacs.org.z...nce/home/macroeco.htm>, p 1.
74. *Ibid.*

A Research Review of the policies surrounding the issue of the free movement of people across borders with specific reference to southern Africa, and the particular effect thereof on South Africa

75. RSA, *Debates of the National Assembly (Hansard)*, 17 April 1997, no 5, column 1264.
76. RSA, *Media Briefing of die Minister of Home Affairs*, Dr Buthelezi, 12 February 1998, p 6.
77. Minnaar, "Impact of Illegals on the Economy and on Crime...", in Causes, extent and impact of clandestine migration..., *op cit*, p 209.
78. RSA: *Media Briefing of the Minister of Home Affairs*, Dr Buthelezi, 12 February 1998, p 6.
79. RSA: *Departement van Buitelandse Sake*, 1998/03/25.
80. Minnaar, "Impact of Illegals on the Economy and on Crime...", in Causes, extent and impact of clandestine migration..., *op cit*, p 209.
81. *A Research Review of the policies surrounding the issue of the free movement of people across borders with spesific reference to southern Africa, and the particular effect thereof on South Africa*, 1995, Centre for Sociopolitical Analysis, Human Sciences Research Council at the request of the Department of Home Affairs, Pretoria, p 44.
82. Solomon, H, 1995, "Illegal aliens in South Africa: causes, conditions and strategies to cope with it", Paper presented to IOM-UNFPA Symposium on migration, Pretoria, 22 August, p 10.
83. RSA, *Debates of the National Assembly (Hansard)*, 17 April 1997, no 5, column 1275.
84. *Ibid*, column 1297.
85. Solomon, "Strategic perspectives on illegal immigration into South Africa", *op cit*, p 9.
86. Solomon, "Illegal aliens in South Africa", *op cit*, p 10.
87. "Economic Impact of AIDS", 1997, *The Futurist*, vol 3, no 1, p 4.
88. "Migration: the status quo and prospects for southern Africa", 1993, *ISSUP Bulletin*, Instituut vir Strategiese Studies, no 5, p 8.
89. Galloway, M, 1997, "Seventh national HIV survey results released", *AIDS Bulletin*, vol 6, no 1, p 1-2.
90. Solomon, "Strategic perspectives on illegal immigration into South Africa", *op cit*, p 9.

91. *A Research Review of the Policies surrounding the issue of the free movement of people...*, op cit, p 44.
92. *Beeld* (Johannesburg), 1995/07/20.
93. RSA, *Press Release*, The Department of Home Affairs, 15 Februarie 1996, p 21.
94. Minnaar, "Impact of Illegals on the Economy and on Crime...", in Causes, extent and impact of clandestine migration..., op cit, p 209.
95. *South African Survey 1996-1997*, 1997, South African Institute of Race Relations, Johannesburg, p 45.
96. Minnaar, "Illegals in South Africa: Historical Overview", in Causes, extent and impact of clandestine migration..., op cit, p 117.
97. RSA, *Debates of the National Assembly (Hansard)*, 21-25 April 1997, no 6, column 2006.
98. RSA, *Debates of the National Assembly (Hansard)*, 18 April 1997, No 5, column 1244.
99. Minnaar, "Impact of Illegals on the Economy and on Crime...", in Causes, extent and impact of clandestine migration..., op cit, p 209.
100. RSA, *Debates of the National Assembly (Hansard)*, 21-25 April 1997, no 6, column 2013.
101. Minnaar, "Impact of Illegals on the Economy and on Crime...", in Causes, extent and impact of clandestine migration..., op cit, p 209.
102. "Migration to South Africa: problems, issues, and possible approaches for organised labour", 1994, Research report commissioned by Cosatu, National Labour and Economic Development Institute, p 24.
103. *Ibid.*
104. Minnaar, A and Wentzel, M, 1995, "Illegal immigrants: the great unwanted or desirable citizens", *Information Update*, Centre for Socio-political analysis, Human Sciences Research Council, vol 5 , no 2, p 2.
105. *Ibid*, p 3.
106. *Ibid.*
107. *The Star* (Johannesburg), 1997/08/14.
108. Solomon, "Strategic Perspectives on illegal immigration into South Africa", op cit, p 11.
109. Scutte C, Shaw, M and Solomon, H, 1997, "Public attitudes regarding

undocumented migration and policing/crime", *African Security Review*, vol 6, no 4, p 6 and p 9.

110. *Ibid.*
111. *Ibid*, p 9.
112. ISSUP Bulletin, *op cit*, p 11.
113. *Ibid.*
114. *Ibid*, p 12.
115. *Ibid.*
116. Reitzes, *op cit*, p 9.
117. *Ibid.*
118. ISSUP Bulletin, *op cit*, p 11.
119. *Ibid.*
120. Hough, M, 1995, "Illegal aliens in South Africa: Causes and facilitating factors", *Strategic Review*, vol XVII, no 1, p 16.
121. Solomon, "Illegal aliens in South Africa", *op cit*, p 16.
122. Hough, *op cit*, p 16.
123. Mozambique News Agency, 1997, *AIM Reports*, no 116, p 4.

## HOOFSTUK 5: BELEID VAN DIE SUID-AFRIKAANSE REGERING, EN STANDPUNTE VAN POLITIEKE PARTYE, BELANGEGROEPE EN SEKERE BUURSTATE BETREFFENDE ONWETTIGE VREEMDELINGE.

Dié hoofstuk het ten doel om die amptelike Suid-Afrikaanse beleid en die sienings van sekere politieke partye en sekere van Suid-Afrika se buurstate ten opsigte van die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge in die RSA, kortlik te beskryf en te bespreek. Die standpunte van enkele ander belangegroepe word ook uiteengesit.

In die eerste gedeelte van die hoofstuk, word die beleid en houding van die Suid-Afrikaanse Regering rakende die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika, en verskeie amptelike inisiatiewe deur die Suid-Afrikaanse Regering om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek, kortlik bespreek.

In die daaropvolgende afdeling word die standpunte en houdings van sommige politieke partye in Suid-Afrika sowel as ander standpunte, wat die houdings van beide vakbonde en informele handelaars insluit, teenoor onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika, bespreek. Daarna word die *Groenskrif op Internasionale Migrasie*, wat gedurende 1996 deur 'n spesiale taakgroep (aangestel deur die Suid-Afrikaanse Minister van Binnelandse Sake, Dr Buthelezi) opgestel is, ontleed.

In die voorlaaste afdeling word kortlik na van Suid-Afrika se buurstate se sienings rakende onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika gekyk, waarna die *Konsep Protokol vir die vrye beweging van mense in suidelike Afrika* en die moontlike invloed daarvan op Suid-Afrika se onwettige vreemdelingprobleem, kortlik bespreek word.

### 1. Beleid van die Suid-Afrikaanse Regering teenoor onwettige vreemdelinge

Alle regerings definieer die beskerming van hulle eie territoriale integriteit as *raison d'être*, en geen staat handhaaf 'n uitsluitlike "oop deur" of "toe deur" beleid teenoor alle

potensiële migrante nie. Streng gesproke, is alle migrasiebeleid diskriminerend van aard deurdat sommige individue die reg tot toegang tot en verblyf en beweging in 'n bepaalde staat, geweier word. Sodoende word die regte van burgers (om toegang tot die staat te hê, en in die staat te woon en te werk) beskerm.<sup>(1.)</sup> In die volgende onderafdeling, word Suid-Afrika se amptelike beleid teenoor onwettige vreemdelinge, kortliks bespreek.

## 1.1. Beleid teenoor onwettige vreemdelinge

Soos reeds in vorige hoofstukke bespreek, neem die getalle onwettige vreemdelinge wat jaarliks oor Suid-Afrikaanse grense beweeg en individue wat onwettig in Suid-Afrika aanbly, na beraming jaarliks toe. Volgens Dr Buthelezi word die teenwoordigheid van groot getalle onwettige vreemdelinge en dié individue se negatiewe invloed op Suid-Afrika se sosio-ekonomiese ontwikkeling, in 'n baie ernstige lig beskou.<sup>(2.)</sup> Hy het dit in 1996 gestel dat: "On the illegal aliens issue, I just want to say it is a known fact that the presence of illegal aliens in this country has become a very serious issue. For this reason parliament approved the *Aliens Control Amendment Act* in 1995 which provide for stricter immigration policy, the integration of visa fees and other measures which will shortly come into operation in an attempt to control illegal immigration"<sup>(3.)</sup> en "The matter of illegal aliens remains high on the agenda of my Department. With an illegal alien population estimated at between 2,5 million and 5 million, it is obvious that the socio-economic resources of the country, which are under severe strain as it is, are further being burdened by the presence of illegal aliens." Hy stel dit verder dat die Departement as geheel vasberade is om onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika te arresteer en te verwijder.<sup>(4.)</sup>

Die voormalige Suid-Afrikaanse Minister van Verdediging, Modise, het op die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge en dié individue se toenemende betrokkenheid by misdaadvoorvalle gereageer deur dit te stel dat: "We are facing an internal crime threat which is threatening to destabilise the country. Crime is a definite deterrent to investment, and not only that, but people are being held up, tortured and shot. If we are not coping with the influx of illegal immigrants, and our people are being threatened, there will come a time when we will switch on the fence to lethal mode."<sup>(5.)</sup>

Die voormalige Minister van Buitelandse Sake, Nzo, het ten opsigte van onwettige vreemdelinge gereageer deur te sê dat Suid-Afrika slegs 'n morele verpligting teenoor vlugtelinge het; geen morele verpligting teenoor burgers van buurstate het nie; en dat die Suid-Afrikaanse Regering om dié rede nie verplig is om sulke individue te akkommodeer nie. "Destabilisation has been a contributing factor to migration, but there are other more substantive reasons, such as economic decline."<sup>(6.)</sup>

Alhoewel dit oor die algemeen duidelik is dat die Suid-Afrikaanse Regering gedurende die afgelope paar jaar 'n streng houding teenoor onwettige vreemdelinge ingeneem het, (veral as gevolg van onwettige vreemdelinge se negatiewe invloed op die HOP, die ekonomie, maatskaplike dienste en misdaad), blyk dit dat verskillende sienings oor onwettige vreemdelinge in die onderskeie staatsdepartemente, bestaan. Dié verskillende sienings rakende onwettige vreemdelinge het duidelik na vore getree na die Kabinetsbesluit gedurende 1996, om amnestie aan individue te gee wat aan bepaalde vereistes voldoen en om sodoende aan onwettige vreemdelinge uit Suid-Afrikaanse buurstate die geleentheid te gee om permanente verblyf in die RSA te bekom.<sup>(7.)</sup>

Die Minister van Binnelandse Sake het gedurende Maart 1996 beswaar gemaak teen die vrystellings van onwettige vreemdelinge omdat so 'n besluit, volgens hom, die regering biljoene rande uit die sak kon jaag. "Accommodating 250 000 aliens would cost the economy R1 billion a year by the year 2 000." (die 250 000 onwettige vreemdelinge waarna in die aanhaling verwys word, is die beraamde aantal onwettige vreemdelinge wat vir amnestie sou kwalifiseer). Hy het bygevoeg dat die werklike getal onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika veel meer as 250 000 is, en dat deur amnestie toe te staan, tot soveel as ses miljoen nuwe burgers in Suid-Afrika geakkommodeer sou moes word omdat elke persoon wat wel vrystelling sou ontvang, geregtig sou wees om sy/haar afhanklikes (uit sy/haar tuisstaat) ook na Suid-Afrika te bring.<sup>(8.)</sup>

Gedurende 1996 is amnestie aan 124 073 burgers vanaf SAOG-lidstate toegestaan.<sup>(9.)</sup> Hierop het Buthelezi soos volg gereageer: "South Africa has shown a gesture of goodwill to its neighbouring countries by granting these exemptions which are also referred to as amnesty. Illegal immigrants who now continue to remain illegally in South Africa will have to be removed as their presence is in contravention of the Aliens Control Act."<sup>(10.)</sup>

en "Decisions are taken on the basis of majoritarianism. I must say that I'm very unhappy."<sup>(11.)</sup>

Die voorsitter van die Portefeuilje vir Binnelandse Sake, Desmond Lockey, het dit egter gestel dat: "I want to commend the minister for his vision in implementing this amnesty. This will bring about an end to the racist policies of the past government in dealing with migrants from our neighbouring states." Volgens Lockey, het migrante arbeid vanaf state in suidelike Afrika vir dekades bygedra tot die groei van die Suid-Afrikaanse ekonomie, en verdien hierdie individue amnestie vir hulle bydrae tot die ekonomie. Hy het ook bygevoeg dat: "Most of the applicants would already have been assimilated into our society. It will also provide us with the moral high ground to deal firmly with those illegal immigrants who are involved in criminal activities in South Africa."<sup>(12.)</sup>

Uit bogenoemde kan afgelei word dat verskillende sienings oor die hantering van onwettige vreemdelinge en die beleid om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek, bestaan.

## **1.2. Amptelike inisiatiewe deur die Suid-Afrikaanse Regering om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek**

Weiner stel dit dat: "States that are capable of defending themselves against missile, tank and infantry attacks are often unable to defend themselves against the intrusion of illegal migrants infiltrating across a border in search of employment or safety. Governments want to control the entry of people and regard their inability to do so as a threat to sovereignty."<sup>(13.)</sup> In die volgende onderafdeling word maatreëls wat deur die Suid-Afrikaanse Regering geïmplementeer word om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek, kortliks bespreek.

### **1.2.1. *Die Wet op Vreemdelingbeheer, No 96 van 1991 (soos gewysig)***

Die toegang van individue wat nie Suid-Afrikaanse burgers is nie, tot Suid-Afrika, is onderhewig aan die *Wet op Vreemdelingbeheer, no 96 van 1991 (soos gewysig)*. Die

Wet op Vreemdelingbeheer, no 96 van 1991, was tot en met bepaalde wysings gedurende 1995, die wetgewing waarmee beheer oor onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika uitgeoefen is. Die hoofdoel van dié Wet was om beheer oor alle fasette van immigrasie na Suid-Afrika uit te oefen en geen voorsiening vir vlugtelinge of vlugtelingsstatus, is gemaak nie.<sup>(14.)</sup> Die feit dat dié Wet geen voorsiening vir vlugtelingsstatus gemaak het nie, was slegs een van vele tekortkominge en die Wet het vervolgens tale negatiewe reaksies ontlok. Peberdy stel dit dat: "The Act consolidated the numerous Acts controlling the entry and lives of immigrants into a single omnibus piece of legislation. As the Act consolidated previous legislation many of the provisions contained in the Act were inherited from existing legislation. Many of these clauses were passed by governments of the apartheid and pre-apartheid eras to serve racial and other imperatives and to extend the absolute powers of the state, unfettered by democratic checks and balances."<sup>(15.)</sup>

Die bevoegdheid van die howe ten opsigte van regsverteenvoordiging vir onwettige vreemdelinge is deur die 1991 Wet beperk, waarin dit gestel is dat:

"Geen gereghof is bevoeg om 'n handeling, lasgewing of lasbrief van die Minister, 'n immigrasiebeampte of gesagvoerder van 'n skip kragtens hierdie Wet verrig of uitgerek en wat betrekking het op die beperking of aanhouding, of die verwydering uit die Republiek, van 'n persoon met wie as 'n verbode persoon gehandel word, te hersien, tersyde stel, te verander, by wyse van 'n interdik te belet of hom op 'n ander wyse daarmee in te meng nie."<sup>(16.)</sup>

Die volgende bepalings rakende die arrestasie en aanhouding van onwettige vreemdelinge is ook in die 1991 Wet ingesluit, naamlik:

"[hulle] kan sonder 'n lasbrief in hegtenis geneem word en in afwagting van sy verwydering, op die wyse en plek deur die Direkteur-generaal bepaal, aangehou word."<sup>(17.)</sup> Dit word ook bepaal dat: "Indien iemand kragtens die bepaling van hierdie Wet elders as op 'n skip aangehou word, mag bedoelde aanhouding nie vir 'n langer tydperk wees nie as wat onder die omstandighede redelik en noodsaaklik is."<sup>(18.)</sup>

Die *Interim Grondwet* en die *1996 Grondwet*, stipuleer egter dat 'n verdagte vir 'n maksimum van 48 uur aangehou kan word, waarna hy/sy in 'n hof van 'n bepaalde misdaad aangekla moet word. Die *Interim Grondwet* en die *1996 Grondwet* maak ook voorsiening vir regsverteenvoordiging vir individue wat vir 'n misdaad aangekla word.<sup>(19.)</sup> In sommige gevalle isregsverteenvoordiging aan onwettige vreemdelinge egter geweier op grond van die feit dat hulle nie Suid-Afrikaanse burgers was nie. Indien 'n lasbrief vir die verwijdering van die onwettige vreemdeling uitgereik is, is die saak nie deur die howe afgehandel nie tensy 'n misdaad (byvoorbeeld die verkryging en gebruik van vervalste dokumentasie) gepleeg is.<sup>(20.)</sup>

Kwessies soos hierdie en ander het aandag geniet in die wysiging van die *Wet op Vreemdelingbeheer*, gedurende 1995. Met die voorlegging van die *Wysigingswetsontwerp op Vreemdelingbeheer* in die Parlement, is die volgende onder andere, as redes verskaf waarom bestaande wetgewing gewysig moes word:

- a) meer effektiewe regulering van paspoorte en visums;
- b) vervanging van die bestaande stelsel van permanente verblyfpermitte met 'n nuwe stelsel van immigrasiepermitte en nuwe bepalinge vir die toekenning van sulke permitte;
- c) voorsiening van kategorieë vir tydelike verblyfpermitte en die effektiewe regulering van die toekenning van sulke permitte;
- d) meer effektiewe kontrolering van kansellasies van permitte;
- e) meer effektiewe kontrole oor immigrasiebeamtes se magte rakende onwettige vreemdelinge;
- f) beter beheer en kontrole van die Minister se mag om regulasies te maak; en,
- g) meer effektiewe regulering van die uitreiking van voorlopige permitte.<sup>(21.)</sup>

In die memorandum wat oor die doelstellings van die *Wysigingswetsontwerp op Vreemdelingbeheer* handel, is dit gestel dat:

- 1) In view of the large number of illegal aliens in the country, the Cabinet requested the Cabinet Committee for Security and Intelligence in June 1994, to investigate whether the provisions of the *Aliens Control Act*,

1991, in its present form, are adequate to address the problem.

- 2) After a thorough investigation, it became evident that the *Aliens Control Act*, 1991, in its present form and under the present circumstances, does not lend itself to effective control of aliens and that the Act required drastic changes.
- 3) An Interdepartmental Committee was consequently appointed to draft amendments to the Act, and that the object of the Bill is to introduce amendments to the *Aliens Control Act*, 1991, with a view to -
  - i) ensuring more effective control over the admission to, sojourn in and departure from the Republic of aliens;
  - ii) re-regulating the powers of immigration officers with regard to prohibited persons, entering of premises and detention of persons in order to ensure proper enforcement procedures which will stand the test of constitutionality; and
  - iii) repealing unconstitutional measures such as provisions which exclude judicial review of administrative decisions, and provisions which discriminate against South African citizens by naturalisation.<sup>(22.)</sup>

Die *Wysigingswet op Vreemdelingbeheer, no 76 van 1995* is op 6 Oktober 1995 deur President Mandela onderteken en omsluit maatreëls waarmee kontrole oor onwettige vreemdelinge meer effektief toegepas kan word; maatreëls wat onwettige vreemdelinge daarvan weerhou om voordeel te trek uit die tekortkominge in bestaande wetgewing; sowel as strenger visumregulasies. Een doel van die *Wysigingswet op Vreemdelingbeheer*, was om deurlopendheid van die *status quo* te handhaaf deur voorsiening te maak vir die volgehoudende vrystelling van sekere kategorieë van individue wat Suid-Afrika binnekom vir werk:<sup>(23.)</sup>

- a) bepaal/toegelaat onder enige konvensie/ooreenkoms tussen die Suid-Afrikaanse Regering en die regering van 'n buurstaat, en/of

- b) in ooreenstemming met 'n "indiensnemingskema" deur die Minister goedgekeur.<sup>(24.)</sup>

Sekere bepalings van die *Wysigingswet* word vervolgens in meer besonderhede bespreek.

#### a. Permitte

In 'n poging om meer beheer te kry oor die effektiewe regulering van arbeidsooreenkomste, tydelike indiensnemingsprojekte en onwettige immigrasie, maak die hersiene wetgewing voorsiening vir ses kategorieë tydelike verblyfpermitte naamlik: besoekerspermitte; werkpermitte; besigheidspermitte; studiepermitte; werksoekerspermitte en mediese permitte. Meer klem word ook geplaas op die feit dat beide individue wat werk soek en studente uit ander state, verplig is om aansoek vir beide werk en studiepermitte te doen, voordat hulle Suid-Afrika binnekomm. Soos in vorige hoofstukke genoem, kom groot getalle onwettige vreemdelinge Suid-Afrika wettig binne deur middel van byvoorbeeld tydelike werkpermitte of toeriste visums, maar bly dan langer aan as die voorgeskrewe periode, of doen, sodra hulle in die land is, aansoek om permanente verblyfstatus. Sulke individue bly dan as onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika aan.<sup>(25.)</sup>

Permitte wat onder die nuwe wetgewing uitgereik word, verskaf meer duidelikheid oor die rede waarom 'n bepaalde persoon 'n tydelike verblyfpermit en/of werkpermit verlang en as gevolg van meer gedetailleerde inligting, kan 'n persoon moeilik die rede vir sy verblyf/besoek aan die RSA verander in 'n poging om onwettig in die land aan te bly.<sup>(26.)</sup> Nadat 'n individu aansoek gedoen het om 'n bepaalde permit, moet die permit eers goedgekeur word voordat die persoon toegelaat word om Suid-Afrika binne te kom.<sup>(27.)</sup>

Volgens die Minister van Binnelandse Sake is die Departement se doel om in die toekoms meer tydelike permitte aan gekwalifiseerde individue, eerder as aan persone sonder vaardighede of kwalifikasies, te gee. Volgens die Minister is die doel daarvan om onwettige immigrasie te verminder.<sup>(28.)</sup>

## b. Immigrasiebeamptes

Die *Wysigingswet* gee ook meer bevoegdhede aan immigrasiebeamptes in die opsporing en arrestasie van onwettige vreemdelinge.<sup>(29.)</sup> Dit verwyder ook bepaalde ongrondwetlike magte wat immigrasiebeamptes voorheen besit het en reguleer die hantering van verskillende kategorieë onwettige vreemdelinge (dié individue wat daarvan verdink word dat hulle onwettige vreemdelinge is; dié individue wat deur immigrasiebeamptes opgespoor en gearresteerd word; en dié onwettige vreemdelinge wat aangehou word tot en met hulle uitsetting of deportasie).<sup>(30.)</sup>

## c. Werkgewers

In die *Wysigingswet*, word strenger beheer oor werkgewers wat onwettige vreemdelinge in diens neem, uitgeoefen. Volgens die *Wysigingswet*, mag niemand sonder toestemming van die Minister:

- a) 'n vreemdeling in diens neem of in diens hou nie;
- b) onderrig of opleiding aan so 'n vreemdeling verskaf nie of toelaat dat hy onderrig of opleiding ontvang nie;
- c) aan so 'n vreemdeling 'n lisensie of ander magtiging uitreik nie om 'n saak te bedryf of 'n professie of beroep uit te oefen;
- d) met so 'n vreemdeling 'n ooreenkoms vir die bedryf van 'n saak of die uitoefening van 'n professie of beroep aangaan nie;
- e) in samewerking met so 'n vreemdeling 'n saak bedryf of 'n professie of beroep uitoefen nie;
- f) so 'n vreemdeling bystaan, in staat stel of op enige wyse help nie om 'n saak te bedryf of 'n professie of beroep uit te oefen;
- g) so 'n vreemdeling herberg nie; of
- h) aan so 'n vreemdeling onroerende goed in die Republiek verhuur of verkoop of op enige wyse beskikbaar stel nie."<sup>(31.)</sup>

Die Wet stel dit dat individue wat 'n onwettige vreemdeling in Suid-Afrika in diens neem, oplei, instruksies aan so 'n persoon voorsien, 'n lisensie aan so 'n persoon uitreik,

huisves of skuilplek aan so 'n persoon verleen, aanspreeklik gehou sal word vir kostes wat deur die regering aangegaan word vir die aanhouding en verwydering (uitsetting of deportasie) van die onwettige vreemdeling uit Suid-Afrika. Vorige wetgewing het slegs verwys na direkte kostes wat aangegaan moes word vir die uitsetting/verwydering van die onwettige vreemdelinge.<sup>(32.)</sup>

In die 1998 openingsdebat van die Departement van Binnelandse Sake, het Dr Buthelezi dit aan die Parlement gestel dat ernstige stappe geneem sou word teen werkgewers wat onwettige vreemdelinge in diens sou neem, en as bewys aangetoon dat 'n totaal van 110 450 werkgewers gedurende 1997 ondersoek is vir die indiensneming van onwettige vreemdelinge. Van dié totaal, is 121 in hegrenis geneem, erkenning van skuld beken en boetes betaal, en 74 werkgewers is vervolg en gevonnis met boetes wat wissel van R600 tot R1000.<sup>(33.)</sup>

#### d. Gerieflikheidshuwelike

Die gewysigde wetgewing beperk ook "gerieflikheidshuwelike", wat voltrek word om te verseker dat een van die individue betrokke, permanente verblyf in Suid-Afrika sal ontvang en die Minister van Binnelandse Sake is by magte om 'n immigrasiepermit te kanselleer indien 'n huwelik binne 'n tydperk van twee jaar nadat die permit uitgereik is, ontbind word (volgens die wetgewing moet 'n huwelik ten minste vier jaar duur), of indien dit blyk dat 'n "normale huweliksverhouding" nie tussen die twee individue bestaan nie.<sup>(34.)</sup>

In reaksie op die aanvaarding van die *Wysigingswet*, het Dr Buthelezi dit gestel dat: "These more stringent control measures have had an overwhelmingly positive effect as foreigners who previously entered South Africa on holiday permits with the intention of seeking employment are now compelled to obtain work permits before entering South Africa. Employment opportunities are therefore better secured for local residents."<sup>(35.)</sup>

#### 1.2.2. Aanvullende beheermaatreëls

In aanvulling tot die Wet, word verskeie ander maatreëls ook getref om beheer oor

onwettige vreemdelinge uit te oefen.

### 1.2.2.1. Grensbeheer

Verskeie grensbeheermaatreëls word deur die Suid-Afrikaanse Regering geïmplementeer om onder ander die onwettige binnekoms van persone te beheer.

#### a. Geëlektrifiseerde heinings

Soos reeds in 'n vorige hoofstuk bespreek, is dele van die noordelike en oostelike grense van Suid-Afrika gedurende die 1980's geëlektrifiseer wat tot die beheer oor onwettige binnekoms, bygedra het. Die geëlektrifiseerde heining (ook bekend as die Norex-heining) teen die oostelike grens van Suid-Afrika, is ongeveer 62,2 kilometer lank en skei die suidelike deel van die Nasionale Kruger Park en Swaziland. Die Norex-heining langs die noordelike grens is 137 kilometer lank en in 1986 opgerig teen 'n bedrag van R12,7 miljoen. Tot en met 1990 is beide heinings op "dodelik" gestel en was vanaf 1986 tot 1989 verantwoordelik vir die elektrookusie van 94 individue wat die grens onwettig wou oorsteek. Tans is die heining op "deteksie modus" gestel sodat waarskuwings afgaan sodra iemand aan die heining raak. Na 1990 is effektiewe grensbeheer egter bemoeilik deur die verandering in die beleid rakende grensbeheer en polisiëring van grense.<sup>(36.)</sup>

#### b. Die SANW en die SAPD

Sedert die 1970's is die SAW se betrokkenheid by grensbeheer hoofsaaklik bepaal in terme van die *Suid-Afrikaanse Verdedigingswet (1957)*. Gedurende die vroeë 1980's het die SAW se betrokkenheid toenemend uitgebrei en is die geëlektrifiseerde heining sowel as addisionele semi-permanente basisse binne die tien kilometer lange sone, opgerig. Toenemende grensverwante misdaad en getalle onwettige vreemdelinge, het die Suid-Afrikaanse Regering in 1994 laat besluit om die SAP en SANW te laat saamwerk in 'n poging om grensbeheer meer effektief toe te pas.<sup>(37.)</sup>

Soos reeds genoem, is grensbeheer gedurende die jare van apartheid, hoofsaaklik as teenmaatreël toegepas om insurgesie te verhoed. Die SAP was hoofsaaklik

verantwoordelik vir dié funksie, maar gedurende die 1980's het die SAW toenemend begin betrokke raak by grensbeheer. Gedurende die vroeë 1990's is die teen-insurgensie operasies van die SAP in grensgebiede dramaties afgeskaal. Vorige teen-insurgensie operasies het nie net voorkom dat insurgente die land binnekomm nie, maar het ook tot 'n groot mate bygedra tot die beheer van onwettige vreemdelinge.<sup>(38.)</sup> Die verandering in die politieke milieu gedurende die vroeë 1990's, het 'n groot impak op die sekuriteitsmilieu in Suid-Afrika, gehad. Die SAP se funksies het verskuif na interne veiligheid, eerder as grensbeheer.<sup>(39.)</sup> Met die afskaling van die teen-insurgensie operasies is verskeie administratiewe en kontrole funksies by grensposte en hawens oorgeplaas na ander staatsdepartemente. Immigrasiebeamtes en doeanebeamtes het verantwoordelikheid begin oorneem vir funksies wat in die verlede deur die SAP behartig is, terwyl die beskerming en patrolearing van die grense deur die SANW oorgeneem is. 'n Bykomende maatreël was ook die plasing van grenspolisiëring onder die kontrole van provinsiale polisiekommissarisse wat toenemend minder aandag daaraan geskenk het.<sup>(40.)</sup>

Met die totstandkoming van die regering van Nasionale Eenheid na die 1994 verkiesings, het die aantal onwettige vreemdelinge wat Suid-Afrika binnekomm het, tot so 'n mate toegeneem dat die regering drastiese maatreëls begin implementeer het in 'n poging om die probleem aan te spreek. Een van dié maatreëls is 'n nuwe afdeling in die SAP, naamlik die Grensbeheer en Polisiëringseenheid, wat gedurende 1994 gestig is. Die doel van dié eenheid is om die onwettige beweging van beide individue en goedere oor Suid-Afrikaanse grense te verminder en te probeer verhoed.<sup>(41.)</sup>

Die Nasionale Kommissaris van die SAP, Kommissaris George Fivaz, was verantwoordelik vir die samestelling van 'n Tegniese Subkomitee vir Grenskontrole en Polisiëring. Die samestelling van dié subkomitee is gesien as deel van die rekonstruksieproses van die Polisiediens,<sup>(42.)</sup> en het onder andere in 'n verslag bevind dat 'n grensbeheer eenheid in die SAPD gestig moes word waarvan die lede gespesialiseerde opleiding sou ontvang. Aan die einde van 1995, is so 'n eenheid binne die SAPD gestig en het uit vier afsonderlike sub-eenhede bestaan, naamlik landsgrensposte, see/kus/hawens, lughawens en interne opsporingseenhede. Dit is gestel dat: "The acceptance of the Border Policing component on a national level was a recognition of the importance of properly policed borders within a national integrated policy framework."<sup>(43.)</sup>

Gedurende Oktober 1994 was 5 000 lede van die SANW betrokke by die beveiliging van grense. Gedurende Januarie 1995, met die drastiese toename van die migrasie van onwettige Mosambiekse vreemdelinge oor Suid-Afrikaanse grense, is gesamentlike operasies deur die SANW, in samewerking met die Mosambiekse Regering beplan. Mosambiekse veiligheidsmagte is voorsien met die nodige voertuie, radio's en ander toerusting wat sou help om die patroлering van die Mosambiekse kant van die grens meer effektief te maak. Aan die begin van 1995 is die gebruik van kameras in helikopters vir meer akkurate waarneming van onwettige vreemdelinge, om grenspatroлering nog meer effektief te maak en die snelle ontplooiing van troepe om onwettige vreemdelinge te arresteer wat die grens onwettig oorsteek, geїnisieer om die groot getalle onwettige vreemdelinge wat die Suid-Afrikaanse grens jaarliks oorsteek, te verminder.<sup>(44)</sup>

Gedurende 1996 het die SANW 3 339 ure spandeer in die patroлering van Suid-Afrika se grense, deur middel van helikopters en vliegtuie. Die resultaat was die arrestasie van 36 300 onwettige vreemdelinge wat probeer het om die Suid-Afrikaanse grens onwettig oor te steek.<sup>(45)</sup> Gedurende 1997 het die getalle onwettige vreemdelinge wat op dieselfde wyse gearresteerd is toegeneem tot 42 407 individue.<sup>(46)</sup>

#### **1.2.2.2. Gerekenariseerde kontrolering van onwettige vreemdelinge**

'n Verdere maatreل deur die Suid-Afrikaanse Regering geїnisieer met die doel om onwettige immigrasie te verminder, is 'n gerekenariseerde visumstelsel. Dié stelsel is by die SAPD hoofkantoor sowel as by 'n aantal Suid-Afrikaanse sendings (in verskeie buurstate) geїmplementeer. Die stelsel sal tot 'n groot mate bydra tot die bekamping van visumvervalsings en sal migrante daarvan weerhou om visums op onwettige wyses te bekom en Suid-Afrika onwettig daarmee binne te kom.<sup>(47)</sup>

Gedurende 1996 is die Nasionale Identifikasie Stelsel (Hanis) deur die Departement van Binnelandse sake in samewerking met ander betrokke departemente, bekend gestel. Hanis sluit die Gerekenariseerde Vingerafdruk Identifikasiestelsel (Afis) en 'n nuwe tipe identiteitskaart, wat die ou identiteitsboekie vervang, in. Volgens Dr Buthelezi hou die veelsydige, strukturele identifikasiediens van Hanis groot voordele vir die Suid-Afrikaanse Regering in. Die enkele en unieke identiteitsnommer sal eerstens dien as 'n sleutel

waarmee individue in verskeie stelsels wat in beide die openbare en privaatsektor gebruik word, mee geïdentifiseer kan word. Die nuwe identiteitskaart, besit drie vlakke van verifikasie om seker te maak dat 'n individu is wie hy/sy beweer hy/sy is. Dié verifikasie sal veral gebruik word indien 'n individu aansoek doen om byvoorbeeld mediese sorg. Behoorlike beheer kan ook uitgeoefen word oor uitbetaling van pensioene en oor werksaansoeke.<sup>(48.)</sup> Vrystellings kan ook as 'n inisiatief gesien word om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek en word vervolgens bespreek.

### 1.2.3. *Vrystellings*

Tydens samesprekings tussen President Mandela, Dr Buthelezi en die Nasionale Unie van Mynwerkers (NUM) gedurende 1995, is besluit om vrystelling (vrystelling van die bestaande vereistes (soos gestel in die *Wet op Vreemdelingbeheer, no 96 van 1991* (soos gewysig) (artikel 23(b)) waaraan 'n persoon moet voldoen om vir permanente verblyf te kwalifiseer) aan vreemdelingarbeiders wat aan bepaalde vereistes voldoen, toe te staan. Die nodige vereistes waaraan voldoen moes word het ingesluit dat die individue sedert 1986 in 'n Suid-Afrikaanse myn werkzaam moes wees en in die 1994 verkiesings, gestem het. As gevolg hiervan is vrystelling en permanente verblyf aan 50 692 vreemdelingarbeiders, waarvan die meeste Mosambiekse burgers was, toegestaan.<sup>(49.)</sup>

Gedurende Februarie 1996 is 'n meer algemene tipe vrystelling deur die Kabinet goedgekeur. Tussen die maande van Julie en November 1996 is sommige burgers van SAOG-lidstate die geleentheid gegun om aansoek te doen om vrystelling.<sup>(50.)</sup> Volgens die voorsitter van die Parlementêre Portefeuilje Komitee vir Binnelandse Sake was die doel van die vrystellings om die rassistiese erfenis van die immigrasiestelsel te verhaal; state (byvoorbeeld Mosambiek) te vergoed vir die skade aangerig deur Suid-Afrikaanse destabilisasie operasies gedurende die 1980's; en om die status van individue wat vir die afgelope vyf jaar of selfs langer (sommige van hulle wettig) in Suid-Afrika werkzaam was, te regulariseer.<sup>(51.)</sup>

Die vereistes waaraan applikante wat aansoek doen om vrystelling, moes voldoen was dat die individu:

- a) vir 'n periode van vyf jaar of langer, voor 30 Junie 1996, in Suid-Afrika moes woon (dit wil sê vir ten minste vyf jaar); en
- b) gedurende dié periode ekonomies aktief moes wees in of die formele of die informele sektor; of
- c) in 'n ernstige verhouding betrokke was met 'n Suid-Afrikaanse burger (vriend/vriendin of man/vrou); of
- d) afhanklikes (kinders) moes hê wat wettig in Suid-Afrika woon of in Suid-Afrika gebore is; en
- e) geen kriminele rekord het nie of geen kriminele misdaad gepleeg het nie.<sup>(52.)</sup>

Indien die aansoek goedgekeur sou word, sou die individu vrystelling van die bestaande vereistes (soos gestel in die *Wet op Vreemdelingbeheer, no 96 van 1991* (soos gewysig (artikel 23(b)) waaraan 'n persoon moet voldoen om vir permanente verblyf te kwalifiseer, ontvang. Teen die einde van November 1996, is nagenoeg 200 000 aansoeke ontvang,<sup>(53.)</sup> waarvan 124 073, toegestaan.<sup>(54.)</sup>

Die doel van dié vrystellings was om individue wat onwettig in Suid-Afrika gewoon en gewerk het of individue wat onwettig na Suid-Afrika gekom het gedurende die burgeroorlog in Mosambiek en nooit daarna uit die RSA verwyder is nie, 'n geleentheid te bied om permanente verblyf te ontvang. In hierdie verband het die Suid-Afrikaanse Minister van Binnelandse Sake dit gestel dat: "The amnesties granted had as their foundation the fact that the persons had been living in South Africa for an extensive period, were involved in economic activity and were law abiding. It would be inhuman to force, for example, a person like a Mozambican mine worker who has been employed in the mines in the RSA for an extensive period, who through his work has lost touch with his family in Mozambique, who has now built up family who lives in the RSA, etc., to expect him to return home after he has served his purpose here."<sup>(55.)</sup>

Die besluit deur die Suid-Afrikaanse Regering om vrystelling aan hierdie individue te gee, beteken dat onwettige vreemdelinge wat vir 'n lang periode in Suid-Afrika werksaam was en afhanklik was van dié werk, nie meer te vrees vir uitbuiting deur werkgewers, arrestasie deur die SAPD, uitsetting of deportasie nie. Dié maatreël sal egter min invloed hê op dié onwettige vreemdelinge wat gedurende die laaste vyf jaar in Suid-Afrika woon

en werk (omdat hulle nie vir die vrystelling sou kwalifiseer nie) en bied dus nie 'n oplossing vir die toenemende getalle onwettige vreemdelinge wat Suid-Afrika steeds binnestroom op soek na werk en beter lewensomstandighede nie.

Ten spyte van bogenoemde pogings word grensbeheer in Suid-Afrika nie effektief genoeg uitgevoer nie. Die feit word beklemtoon deur beide die toenemende getalle onwettige vreemdelinge wat jaarliks daarin slaag om Suid-Afrika onwettig binne te kom en die geweldige toename in die onwettige smokkel van dwelms, wapens en voertuie oor Suid-Afrikaanse grense. Laasgenoemde kwessies is deur die regering beklemtoon as van die ernstigste bedreigings vir Suid-Afrika se veiligheid.

## 2. Standpunte van bepaalde politieke partye in Suid-Afrika

Alhoewel bykans al die politieke partye in Suid-Afrika ooreenkoms dat die getalle onwettige vreemdelinge jaarliks toeneem en dat die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika implikasies op verskeie terreine het, verskil hulle oor die wyse waarop die probleem hanteer moet word.

Die Nasionale Party (NP) se houding teenoor onwettige vreemdelinge blyk duidelik uit die volgende: "The uncontrolled influx of people can become a very serious threat to the wellbeing of South African citizens, as it is already. The apparent inability or unwillingness of the Government to protect South Africa's integrity against the increasing inflow of unrecorded aliens is a great cause for concern across the entire party-political spectrum."<sup>(56.)</sup> Volgens die NP plaas die regering wel klem op aspekte byvoorbeeld werkgeleenthede, die voorsiening van behuising, water, gesondheidsdienste en skoolonderrig, maar geen daadwerklike optrede teenoor onwettige vreemdelinge wat gratis van al hierdie dienste gebruik maak word geneem nie en beskou die NP onwettige vreemdelinge as "'n kanaal vir die bedrywighede van misdaadsindikate".<sup>(57.)</sup>

Ook die vrystellings wat gedurende 1995 en 1996 aan onwettige vreemdelinge gegee is wat aan bepaalde voorwaardes voldoen, word in 'n negatiewe lig beskou. "The amnesty granted to foreigners in the past will encourage the flow of more illegal

immigrants to the country, and eventually the aliens will outnumber the country's citizens who were born here."<sup>(58.)</sup>

Uit stellings wat gemaak is, kan afgelei word dat die Vryheidsfront (VF) beide die vermeerdering van die getalle onwettige vreemdelinge en die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika as een van die grootste bedreigings vir Suid-Afrika en sy burgers beskou. "Illegal immigrants constitute one of those invisible burdens on the economy and the infrastructure of South Africa. The situation is not like a bomb or a fire that destroys the Reserve Bank, while everyone is forced to a standstill. Rather, it is like rust which slowly but surely, year in and year out, silently destroys South Africa's economy and infrastructure." Soos die NP, voel die VF dat onwettige vreemdelinge noodsaaklike dienste soos behuising, skoolonderrig en werkgeleenthede van Suid-Afrikaanse burgers ontneem, en dat hul teenwoordigheid in Suid-Afrika 'n ernstige gesondheidsrisiko vir Suid-Afrikaanse burgers inhoud omdat hulle nie teen oordraagbare en soms dodelike siektes ingeënt is nie.<sup>(59.)</sup>

Ook die Pan Africanist Congress of Azania (PAC) is van mening dat die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge 'n swaar las op beide die regering en die regering se vermoë om noodsaaklike dienste aan Suid-Afrikaanse burgers te lewer, plaas. "Such migration is a burden on our scanty resources. When we are trying to transform our country for the benefit of the disadvantaged among us, the vast majority of African people, this poses enormous problems for us." Die PAC sien dus die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge as 'n las op die onderskeie dienste wat deur die regering aan Suid-Afrikaanse burgers gelewer moet word, maar stel egter ook die volgende. "An enormous dilemma is posed for all of us who belong to the former liberation movements, because when thousands of our exiles were in these African countries, they were looked after by the governments of these countries. They certainly did not campaign for us to be sent back...we realise that we cannot keep on accommodating the millions of new migrants who come into our country every year."<sup>(60.)</sup>

Die Inkatha Vryheids Party (IVP) toon 'n meer simpatieke houding teenoor onwettige vreemdelinge. In 'n stelling van Zulu, gedurende 1997, erken die IVP dat onwettige vreemdelinge 'n las op die arbeidsmag en beskikbare werkgeleenthede plaas, maar

verwelkom die goedkeuring van aansoeke om vrystelling van onwettige vreemdelinge uit SAOG-lidstate, gedurende 1996.<sup>(61.)</sup> Gedurende dieselfde parlementêre sitting, het die IVP 'n beroep op die regering gedoen dat die onwettige vreemdelingprobleem op 'n humanitêre wyse aangespreek word.<sup>(62.)</sup>

Die ANC se siening teenoor onwettige vreemdelinge, is ook meer positief en verdraagsaam. "It is not true that some of the ills that South Africa is suffering, in relation to migration, are created by people who have returned from exile and those who come from the neighbouring states. It is also not true that the people who come from neighbouring states are the ones who are largely responsible for crime."<sup>(63.)</sup> Dit blyk die beleid van die ANC te wees om die onwettige vreemdelingprobleem op te los deur stabiliteit en groei in die streek as geheel te bewerkstellig. "Therefore, let us ensure that the economies of our neighbours are viable and maintain stability. Without such stability we will continue to experience inflows of refugees and migrants."<sup>(64.)</sup>

Dit is duidelik dat 'n verskeidenheid van sienings rakende die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika, bestaan. Sommige partye is van mening dat Suid-Afrika (as gevolg van sy geskiedenis met state in suidelike Afrika), 'n morele verpligting teenoor state in suidelike Afrika het en dat burgers van dié state in Suid-Afrika deur die Suid-Afrikaanse Regering bygestaan moet word. Volgens dié partye moet die onwettige vreemdelingprobleem aangespreek word deur stabiliteit en groei nie net in Suid-Afrika nie, maar in die streek as geheel te bewerkstellig. Ander partye soos die PAC, lê klem op onwettige vreemdelinge se invloed op die onderskeie dienste (byvoorbeeld mediese sorg en skoolonderrig) wat deur die regering aan Suid-Afrikaanse burgers, gelewer word en is van mening dat die onwettige vreemdelingprobleem, aangespreek moet word deur die implementering van strenger wetgewing.

### **3. Ander standpunte oor die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika**

Vervolgens word die standpunte en sienings van bepaalde vakbonde en informele handelaars oor die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika, bespreek.

### 3.1 Vakbonde

Volgens navorsing wat deur die National Labour and Economic Development Institute (NALEDI) gedoen is, het vakbonde oor die algemeen vier bekommernisse rakende onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika, naamlik: onwettige vreemdelinge word gebruik om arbeidstandarde te ondermyn; die meeste onwettige vreemdelinge word beide waar hulle woon en werk deur die owerhede en werkgewers uitgebuit; buitengewoon groot getalle onwettige vreemdelinge plaas enorme druk op die vermoë van die Suid-Afrikaanse Regering om behuising en nodige dienste aan burgers te verskaf; en xenofobie en rassisme word aangemoedig om aandag van die meer langtermynkwessie naamlik geïntegreerde regionale ontwikkeling, af te lei.<sup>(65.)</sup>

Binne die Congress of South African Trade Unions (COSATU), (wat deel van die drieledige alliansie vorm wat bestaan uit die ANC, COSATU en die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP)), blyk verskillende sienings rakende die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika, te bestaan. Een g畏 van sekere COSATU-unies was die invloed van onwettige vreemdelinge op hul pogings om 'n unie vir plaasarbeiders te stig. Volgens COSATU het onwettige vreemdelinge boere negatief teen die stigting van enige unie vir plaasarbeiders op plase gemaak, omdat onwettige vreemdelinge dikwels bereid is om teen laer lone as plaaslike arbeiders te werk en teen lidmaatskap van enige vakbond gekant is. Boere het so vr gegaan as om te dreig dat alle plaaslike arbeiders met goedkoper en meer tegemoetkomende arbeiders vervang sou word, indien plaaslike arbeiders by enige unie op 'n plaas sou aansluit. Indien boere plaaslike arbeiders met onwettige vreemdelinge op plase sou vervang, sou dit lei tot die uitsetting van arbeiders wat tans op plase woon en gevolglik sou boere hulself kon verset teen enige aanspraak wat sulke arbeiders in die toekoms sou kon maak in verband met die moontlike herverdeling van grond aan swart arbeiders. COSATU stel dit soos volg:<sup>(66.)</sup> "The employment of illegal aliens on the farms enables those who do employ illegals to survive economically and thereby avoids the possible confiscation by the state of bankrupt farms (and this avoidance of confiscation in turn would hamper the state's efforts at aquiring land for redistribution)."<sup>(67.)</sup>

Tydens COSATU se internasionale beleidskonferensie, gehou in April 1995, is 'n beleidsdokument naamlik *Resolution on Migrant Labour*, aangeneem en die volgende aanbevelings is onder andere, gemaak:

- a) dit is alle regerings se plig om aan hulle eie burgers werk te voorsien;
- b) die probleem van immigrasie kan alleenlik opgelos word deur 'n gekoördineerde regionale en internasionale strategie;
- c) die wegdoening van die *Wet op Vreemdelingbeheer*;
- d) die ontwikkeling van 'n regionale Rekonstruksie en Ontwikkelingsprogram; en
- e) dat daar regverdig en behoorlike kontrole oor vreemdelingarbeiders na "gasheerstate", moet wees.<sup>(68.)</sup>

Tydens die konferensie is besluit dat die kwessie van vreemdelingarbeid binne suidelike Afrika slegs effektief aangespreek kan word deur die implementering van 'n regionale Rekonstruksie en Ontwikkelingsprogram. COSATU-lede was ook van mening dat die beweging van vreemdelingarbeid oor grense gereguleerd moet wees, maar dat dié regulering nie diskriminerend teenoor enige individu mag wees nie. Benewens hierdie besluite was lede van COSATU ook van mening dat swaar boetes aan werkgewers wat onwettige vreemdelinge in diens geneem en hulle dan misbruik en uitbuit, opgelê moes word (dié boetes sou slegs van toepassing wees op werkgewers wat onwettige vreemdelinge in hulle diens misbruik en uitgebuit het en nie van toepassing op werkgewers wat onwettige vreemdelinge in diens geneem het nie.) Volgens COSATU het die uitbuiting van onwettige vreemdelinge verwys na die betaling van lae lone wat aan onwettige vreemdelinge betaal is. Die *Wet op Vreemdelingbeheer* moes afgeskaf word en vervang word met meer humanitêre en internasionaal aanvaarbare wetgewing wat die kontrolering van die beweging van vreemdelingarbeiders na Suid-Afrika, meer regverdig en effektief sou kon hanteer.<sup>(69.)</sup>

COSATU se houding teenoor onwettige vreemdelinge word in die volgende stelling opgesom: "The demon is not illegal immigration, it is xenophobia and racism. Home Affairs persists in the use of the term 'aliens' to describe people from our neighbouring states, people intricately bound with the destiny of South Africa, people who are, if anything, owed reparation for apartheid crimes."<sup>(70.)</sup>

Dit is dus duidelik dat die ANC/SAKP/COSATU-alliansie 'n simpatieke houding teenoor beide vreemdelingarbeiders en onwettige vreemdelinge het. Laasgenoemde kom duidelik na vore in COSATU se beroep om die *Wet op Vreemdelingbeheer*, af te skaf. "It was conceded that COSATU's call for the scrapping of the *Aliens Control Act* was based on their concerns that illegal migrants be treated more humanely and in a different manner than was provided for in the existing Act - with regard to arrest, detention and forced removal."<sup>(71.)</sup>

Oor die algemeen was die Nasionale Unie van Mynwerkers (NUM) ('n COSATU-affiliaal), se houding teenoor onwettige vreemdelinge meer positief as dié van COSATU. Die rede hiervoor was dat dié Unie meestal betrokke was by onwettige vreemdelinge wat in myne werksaam, was. Ten tye van die NUM se nasionale kongres gedurende Februarie 1994, het die president van die NUM, James Motlatsi, 'n beroep op alle kongreslede gedoen om 'n resolusie wat op die toekenning van burgerskap aan alle wettige vreemdelingarbeiders sal aandring, te formuleer en goed te keur. Politieke opponente het egter hierdie stap slegs gesien as 'n slim set van die ANC/SAKP/COSATU alliansie om groot getalle onwettige vreemdelinge wat daarop aanspraak maak dat hulle kontrakarbeiders is, te wettig en hulle sodoende in staat te stel om gedurende die 1994 verkiesing vir die alliansie te stem.<sup>(72.)</sup>

In die NUM se voorlegging aan die kommissie wat aangestel is om die ontwikkeling van 'n omvattende beleid vir die Suid-Afrikaanse arbeidsmark te ondersoek, is versoek dat aandag gegee word aan die ongelyke en onregverdigte behandeling van vreemdelingarbeiders.<sup>(73.)</sup> Volgens die NUM behoort alle vreemdelingarbeiders werksaam in Suid-Afrika, op permanente burgerskap geregtig te wees. Hierdie simpatieke houding is gedurende 1995 bevestig met die NUM se voorstel dat vreemdelingarbeiders werksaam in Suid-Afrikaanse myne wat aan bepaalde vereistes voldoen, op permanente burgerskap geregtig was. Die voorstel is geïmplementeer en vele vreemdelinge wat aan bepaalde voorwaardes voldoen het, het aansoek om vrystelling gedoen. Die gevolg was dat vrystellings aan 50 692 individue toegestaan is. Ten spyte van bogenoemde, is die NUM oor die algemeen gekant teen die indiensneming van onwettige vreemdelinge. Crush stel dit dat: "The drive to eliminate the employment of undocumented migrants as temporary workers in mining is orchestrated by the NUM. In other sectors, unions are

similarly involved but lack the power to force employers to stop this practice."<sup>(74.)</sup>

Volgens die SAAPAWU bly onwettige vreemdelinge wat op plase in Suid-Afrika in diens geneem word, in omstandighede gelykstaande aan dié in tronke en terselfdertyd word belaglike lone aan onwettige vreemdelinge betaal. Volgens woordvoerders van dié Unie het boere dikwels toegang tot plase aan vakbondlede wat met onwettige vreemdelinge wou praat, geweier.<sup>(75.)</sup> "Non-payment is common. Workers are actively discouraged from joining the union, and SAAPAWU has had little success recruiting Mozambicans. Working conditions on the farms are bad: there are no health and safety controls; poor accommodation; and no minimum wages."<sup>(76.)</sup> Gedurende Januarie 1998 het lede van SAAPAWU en lede van 'n soortgelyke unie wat plaasarbeiders in Mosambiek verteenwoordig, samesprekings gehou in 'n poging om die uitbuiting van beide wettige en onwettige vreemdelinge as vreemdelingarbeiders op plase, te verhoed.<sup>(77.)</sup>

Aan die een kant, is verskeie vakbonde simpatiek teenoor onwettige vreemdelinge se swak werk en lewensomstandighede. Aan die ander kant, spruit vakbonde se gegriefdheid teenoor onwettige vreemdelinge voort uit die feit dat onwettige vreemdelinge dikwels bereid is om teen lae lone en onder swak omstandighede te werk. In sommige gevalle is onwettige vreemdelinge selfs bereid om te werk in ruil vir kos en huisvesting. Deur vir lae lone te werk, is onwettige vreemdelinge dus dikwels verantwoordelik vir die feit dat werkgewers eerder onwettige vreemdelinge as plaaslike arbeiders in diens neem, asook vir die verlaging in loonvlakke van Suid-Afrikaanse werkers. Bogenoemde bemoeilik vakbonde se pogings om beter lone en werksomstandighede vir hulle eie lede te beding.

### **3.2. Informele handelaars**

Die houding van informele handelaars oor die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge, is oor die algemeen negatief. Die grootste persentasie van smouse inveral groot stede byvoorbeeld Johannesburg en Kaapstad, sien onwettige vreemdelinge as 'n bedreiging vir die wyse waarop hulle 'n inkomste kan verdien, omdat onwettige vreemdelinge goedere teen veel laer pryse as plaaslike smouse verkoop.<sup>(78.)</sup>

Die ACHIB het op verskeie geleenthede hulle kommer oor die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge werksaam as smouse in veral Johannesburg, uitgespreek. Soos in die vorige hoofstuk genoem, het verskeie optredes van plaaslike smouse teen onwettige vreemdelinge, tot geweld oorgegaan. Een voorbeeld hiervan is die skare plaaslike smouse wat gedurende Augustus 1997, tydens 'n protesoptog, begin het om onwettige vreemdelinge se stalletjies om te gooi en onwettige vreemdelinge aan te val. "They are invading our trade. This is because foreigners flocked here after the elections and took our business. We will not rest until they are gone."<sup>(79.)</sup>

Dit blyk dus dat 'n groot mate van xenofobie gerig teen onwettige vreemdelinge, onder Suid-Afrikaanse smouse bestaan. Een rede hiervoor is dat plaaslike smouse onwettige vreemdelinge dikwels verantwoordelik hou vir 'n vermindering in hulle eie inkomste.

#### 4. Die Groenskrif op Internasionale Migrasie

Gedurende 1996 is 'n taakgroep deur die Suid-Afrikaanse Minister van Binnelandse Sake aangestel met die doel om 'n *Groenskrif op Internasionale Migrasie*, op te stel. Dié nuwe *Groenskrif* sou as basis vir 'n Witskrif dien en is gedurende Mei 1997 vir openbare kommentaar gepubliseer. Die *Groenskrif* stel dit dat toekomstige immigrasiebeleid aan beide die bestaande *Suid-Afrikaanse Grondwet en die Handves van Menseregte* moet voldoen en dat universele menseregte, administratiewe geregtigheid en bepaalde basiese regte wat op alle individue van toepassing is, as riglyn vir nuwe immigrasiebeleid moet dien. In die *Groenskrif* dien vyf aspekte as steunpilare vir die hervorming en verbetering van 'n nuwe immigrasiebeleid, naamlik ekonomiese groei en ontwikkeling; die respektering van menseregte; 'n regionale oplossing vir probleme; die beskerming van vlugtelinge; en die effektiewe bestuur en transformasie van immigrasiebeleid.<sup>(80.)</sup>

In die *Groenskrif* word die verbreking van voorwaardes van visums en tydelike werkpermitte en ongemagtigde oorsteek van grense en ander metodes wat gebruik word om bestaande immigrasiewetgewing te oortree, as 'n ernstige probleem beskou. As oplossing word die daarstel van bepaalde beginsels wat as riglyne vir die implementering van nuwe immigrasiewetgewing behoort te dien, voorgestel. Dié beginsels omsluit die

volgende:

- a) met die uitvoering van wetgewing moet individuele regte altyd in gedagte gehou word;
- b) wetgewing moet fokus op individue wat as onwettige vreemdelinge gesien word; en
- c) deur wetgewing moet die vermoë van die regering versterk word om
  - i) die onwettige gebruik van dokumente op te spoor;
  - ii) effektiewe toesig oor smokkelroetes te hê en te handhaaf; en
  - iii) die strategiese monitering van nasionale grense in areas waar onwettige migrasie voorkom, te voorsien.<sup>(81.)</sup>

In die *Groenskrif* word veral op onwettige vreemdelinge se menseregte klem gelê en die onderskeid wat bestaan tussen onwettige vreemdelinge wat Suid-Afrika onwettig binnekomb of onwettig in Suid-Afrika aanbly met die doel om hulself permanent hier te vestig en onwettige vreemdelinge wat Suid-Afrika onwettig binnekomb, maar van plan is om slegs vir 'n kort periode in Suid-Afrika, te wees. Nie een van die twee groepe het die nodige dokumentasie om Suid-Afrika binne te kom of in Suid-Afrika aan te bly nie, maar laasgenoemde groep is van plan om slegs vir 'n kort tydperk hier te woon en te werk voordat hy/sy na sy/haar tuisstaat terugkeer. Individue wat van plan is om permanent in Suid-Afrika te kom woon, word as 'n veel groter bedreiging beskou.<sup>(82.)</sup> Die *Suid-Afrikaanse Handves van Menseregte* stipuleer dat onwettige vreemdelinge ook oor sekere regte, waaronder die reg tot inligting en administratiewe geregtigheid, beskik en volgens die *Groenskrif* moet individue wat aangehou word as gevolg van die oortreding van immigrasiewetgewing dieselfde regte geniet as individue wat aangehou word op grond van die verbreking van kriminele wette.<sup>(83.)</sup>

Wat onwettige vreemdelinge se sosio-ekonomiese regte betref, beveel die *Groenskrif* aan dat: "Illegally present immigrants or migrants should not be denied emergency medical treatment, nor should their children be punished for the misdeeds of their parents by denying them schooling. All other social welfare benefits must be restricted to South African citizens and permanent residents."<sup>(84.)</sup>

Daar bestaan egter 'n sekere mate van kritiek op die *Groenskrif*. Volgens Anne Bernstein sal die primêre voorstelle van die *Groenskrif* (indien dit geïmplementeer word), beleid tot gevolg hê wat bykans onmoontlik sal wees om te implementeer, teenproduktief sal wees en geweldige kostes vir die Suid-Afrikaanse Regering sal inhoud.<sup>(85.)</sup> Crush voeg by dat kostes en logistieke probleme wat die implementering van die voorgestelde transformering tot gevolg sal hê, ernstige aandag vereis. Oor die voorstel van die *Groenskrif* dat 'n onderskeid gemaak word tussen onwettige vreemdelinge wat van plan is om vir 'n kort tydperk in Suid-Afrika aan te bly en individue wat van plan is om hulself hier te kom vestig, stel Crush dit dat: "The Green Paper proposes that enforcement focus on immigrants while simultaneously providing improved legal channels of access to migrants."<sup>(86.)</sup>

In die *Groenskrif* word veral gefokus op die basiese menseregte van onwettige vreemdelinge en word aanbeveel dat die aanhouding en hantering van dié individue toegepas moet word in ooreenstemming met die *Handves van Menseregte*. Aan die ander kant, stel die *Groenskrif* die uitbreiding van bestaande beheermaatreëls om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek, voor.

## 5. Suid-Afrika se buurstate en die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika

Alhoewel onwettige migrasie tot 'n mindere of meerder mate in al die state in suidelike Afrika voorkom, blyk dit dat die meeste onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika, Botswana en Namibië, aangetref word. Van dié drie state, kom die grootste aantal onwettige vreemdelinge egter in Suid-Afrika voor. Ten spyte hiervan, is dit belangrik om die sienings van sommige van Suid-Afrika se buurstate rakende die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge (dikwels burgers van dié state) in Suid-Afrika, in ag te neem.

Die onwettige vreemdelingprobleem in Suid-Afrika raak jaarliks meer ernstig en onoplosbaar. Dit blyk egter dat 'n belangrike rede waarom die Suid-Afrikaanse Regering nie meer drastiese maatreëls teen onwettige vreemdelinge instel nie, die feit is dat sommige van Suid-Afrika se buurstate die vorige regering en die apartheidsera

verantwoordelik hou vir die onstabiele toestand waarin die streek homself tans bevind. Volgens dié state het Suid-Afrika 'n morele verpligting teenoor sy buurstate, en is die Suid-Afrikaanse Regering verplig om die streek se burgers te akkommodeer (wettig of onwettig).<sup>(87.)</sup>

Drie van Suid-Afrika se buurstate naamlik Botswana, Lesotho en Swaziland is tot 'n groot mate van die Suid-Afrikaanse ekonomie afhanklik. 'n Faktor wat hiertoe bydra is die feit dat die drie state aan mekaar en aan Suid-Afrika grens.<sup>(88.)</sup> In 'n poging om die onwettige vreemdelingverskynsel aan te spreek, is bilaterale samesprekings met Suid-Afrikaanse buurstate gedurende 1995, deur die Suid-Afrikaanse Regering gevoer. Aangeleenthede soos visums, burgerskap, naturalisasie en probleme rakende onwettige vreemdelinge is onder andere bespreek. Bilaterale onderhandelinge op ministeriële en kantoorvlak is reeds met state soos Mosambiek, Botswana, Namibië en Zimbabwe, gevoer.<sup>(89.)</sup>

Multilaterale samewerking op veiligheidsgebied tussen state in suidelike Afrika bestaan wel en voorsien meer effektiewe grensbeheer in SAOG-lidstate. Dié samewerking is egter meer gerig op die voorkoming van die smokkel van onwettige en gesteelde goedere, as op die voorkoming van onwettige migrasie. Gedurende samesprekings tussen Suid-Afrika, Swaziland en Mosambiek, oor die upgradering van grensfasiliteite en die opening van nuwe grensposte, het afgevaardigdes die noodsaklikheid van veiligheid, op veral die immigrasieterrein, erken.<sup>(90.)</sup>

## 6. Die Konsep Protokol vir die vrye beweging van mense in suidelike Afrika

Gedurende Junie 1995 is 'n *Konsep Protokol vir die vrye beweging van mense in suidelike Afrika*, deur die Sekretariaat van die SAOG, voorgelê. In die inleiding van dié Protokol is dit gestel dat die doel van die vrye beweging van individue uiteindelik verband hou met die bevordering van interafhanklikheid tussen state en die integrasie van die ekonomiese van state in suidelike Afrika. Sommige state in suidelike Afrika het dié Protokol as die eerste stap tot die vestiging van 'n Afrikaanse Ekonomiese Gemeenskap

teen die jaar 2000, gesien.<sup>(91.)</sup> "Recognising that full popular participation in the process of building the Region into a Community is only possible where the citizens of the Community enjoy the rights of free movement of persons, residence and establishment in the territories of Member States."<sup>(92.)</sup>

Die Protokol dui die volgende regte aan waarop inwoners van die SAOG-lidstate aanspraak sou kon maak:

- a) die reg om die grondgebied van 'n ander lidstaat, sonder 'n visum, vrylik binne te gaan vir 'n kort besoek;
  - b) die reg om in die grondgebied van 'n ander lidstaat te woon; en
  - c) die reg van 'n persoon om homself/haarself in die grondgebied van 'n ander lidstaat te vestig en te werk.
- <sup>(93.)</sup>

Volgens dié Protokol was die primêre doelwit: "...to achieve the progressive abolition of controls on citizens of a Member State at an internal border with another Member State." Een van die oogmerke van die Protokol was dus die ontwikkeling van beleid om die progressiewe en meer vrye beweging van alle persone binne die suidelike Afrikaanse streek, en die uiteindelike afskaffing van alle interne grensbeheer, te verseker.<sup>(94.)</sup>

Die SAOG-lidstate se sienings in verband met dié Protokol het aansienlik verskil, maar veral Suid-Afrika was gekant teen die implementering daarvan. Die Suid-Afrikaanse Minister van Binnelandse Sake het dit gestel dat: "South Africa is faced with another threat, and that is the SADC ideology of free movement of people, free trade and freedom to choose where you live or work. Free movement of persons spells disaster for our country. We just cannot take more people in. We are agriculturally poor and our country is subject to severe and regular droughts. We cannot feed the population properly as it is, leave alone persons from across our borders."<sup>(95.)</sup> Hy het dit ook verder gestel dat: "Reference can again be made, in response to the hon member, to our initiatives with bilateral discussions and the facilitation of legal movement between countries. Of course, with regard to our brothers in the SADC countries, we were referring to free movement similar to that applied in Europe in terms of the Schengen Agreement. This, of course, the Cabinet could not agree to."<sup>(96.)</sup>

Sommige ander SAOG-lidstate se houding teenoor die Protokol was ook nie altyd positief nie. Dumiso Dabengwa, Zimbabwe Minister van Binnelandse Sake, het dit gestel dat: "We are not ready to sign the protocol on the free movement of people. Doing it at the moment would be like opening floodgates to criminals."<sup>(97.)</sup>

Tekortkominge in die Protokol het egter veroorsaak dat die Protokol nie prakties uitvoerbaar was nie. Van die probleme het ingesluit:

- a) die ekonomiese verskeieheid van die verskeie state in suidelike Afrika het verskil in terme van die fase van ontwikkeling en grootte (interafhanklikheid en integrasie van die onderskeie state se ekonomiese vir die ontwikkeling van die streek sou dus moeilik wees); en
- b) die moontlikheid van regionale integrasie in die streek was bykans onmoontlik omdat die ekonomiese hegemon in die streek, naamlik Suid-Afrika, veel groter as enige van die ander state is.<sup>(98.)</sup>

Die Protokol se tekortkominge het geleid tot 'n Suid-Afrikaanse inisiatief naamlik die *Draft Protocol on the Facilitation of Movement of Persons in the Southern African Development Community*, gedurende Januarie 1997. Die primêre oogmerke van dié Protokol sluit in:

- a) om die vrye beweging van burgers van lidstate binne die streek te vergemaklik deur die stelselmatige verwydering van bestaande hindernisse wat sulke beweging verhinder;
- b) om die bestaande netwerk van bilaterale ooreenkomste tussen lidstate uit te brei, met 'n multilaterale, regionale ooreenkoms as die uiteindelike doel;
- c) die bevordering van samewerking tussen lidstate om die onwettige beweging van burgers van lidstate oor grense en die onwettige beweging van burgers van ander state (buite die streek) na state in die streek, te voorkom en te beheer;
- d) samewerking tussen lidstate om grensbeheer van die eksterne grense van die SAOG-gemeenskap, te verbeter; en
- e) die bevordering van gemeenskaplike immigrasiebeleid tussen lidstate, indien moontlik.<sup>(99.)</sup>

Makoena, die Suid-Afrikaanse Direkteur-Generaal van Binnelandse Sake het dit gestel dat: "This Protocol recognises the need for the facilitation of regular movements of people across international borders within the SADC\* but also recognises the right of member states to control irregular movements. We welcome this move which further reinforces the development of the region, but we also recognize that it will pose major challenges for all of us, because SADC citizens will now travel visa-free in the region. We will have to improve other screening tactics in order to try and keep undesirables away from our country. There will need to be increased sharing of information between member states so that migration issues do not become uncontrollable."<sup>(100.)</sup> Verder is ook opgemerk dat: "The current version of the *SADC Protocol* is aimed at facilitation rather than freedom of movement, but certain pressures for the more extensive version will continue, also in view of the freedom of movement of people and goods envisaged with the phasing in of the continental concept of an African Economic Community by the Year 2025."<sup>(101.)</sup>

Alhoewel die 1997 Konsep Protokol meer aandag aan die onwettige vreemdelingprobleem as die 1995 Protokol gee, los dit nie werklik die probleem van onwettige vreemdelinge binne Suid-Afrika, op nie. Sou die Protokol in die vorm soos aanvanklik deur die SAOG Sekretariaat voorgestel, aanvaar word, sou burgers van SAOG-lidstate hulle uiteindelik ook vrylik in die RSA kon vestig. Beheer oor die toegang van persone by die eksterne grense van die SAOG, sou ook steeds hoogs problamaties bly.

## 7. SAMEVATTING

In die verlede, is Suid-Afrika se beleid rakende immigrasie grootliks bepaal deur nasionale belang en die persepsie en behoud van nasionale veiligheid, wat op sy beurt weer gevorm is deur die vorige regering se apartheidbeleid en die behoefte aan goedkoop arbeid wat gedurende daardie periode op bepaalde terreine bestaan het. In die verlede is 'n differensiële migrasiebeleid toegepas op grond van ras. Blanke migrante met bepaalde vlakke van vaardighede is aangemoedig om na Suid-Afrika te immigrer en bykans sonder uitsondering toegelaat, terwyl streng kontrole uitgeoefen is oor die

toegang van swart persone na Suid-Afrika. Dié swart individue wat wel toegelaat is, meestal ongeletterde kontrakarbeiders wat hoofsaaklik in die landbou- of mynbousektor gewerk het, is toegelaat op die voorwaarde dat hulle verblyf slegs tydelik van aard was.

Na die 1994 verkiesing was die belofte van voorspoed, rykdom en werkgeleenthede in Suid-Afrika verantwoordelik vir 'n toename in getalle onwettige vreemdelinge wat jaarliks na Suid-Afrika kom. Die getalle onwettige vreemdelinge het egter gedurende die afgelope paar jaar tot so 'n mate toegeneem dat die Suid-Afrikaanse Regering verskeie maatreëls geïmplementeer het in 'n poging om migrasie meer suksesvol te beheer, en die getalle onwettige vreemdelinge te verminder. Die werklike omvang en kompleksiteit van die probleem het vir die regering en die betrokke staatsdepartemente, 'n probleem geskep. Die gewysigde *Wet op Vreemdelingbeheer* dien slegs as een voorbeeld van die regering se pogings om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek.

Soos in dié hoofstuk genoem, rus die huidige immigrasiebeleid wat in Suid-Afrika toegepas word op die *Wet op Vreemdelingbeheer van 1991*(soos gewysig). Dié beleid word onder andere toegepas om te verseker dat werkgeleenthede vir Suid-Afrikaanse burgers behoue bly en om die aantal onwettige vreemdelinge wat jaarliks daarin slaag om Suid-Afrika onwettig binne te kom of onwettig in Suid-Afrika aan te bly, te verminder.

Verskeie ander maatreëls is ook deur die Suid-Afrikaanse Regering geïmplementeer. Meer intensiewe grenspatrolering, die oprigting en verlenging van die Norex-heining en nuwe gerekenariseerde kontrole stelsels is slegs 'n paar van die bykomende maatreëls. Nie almal is egter suksesvol nie. Die redes vir swak grensbeheer word toegeskryf aan die feit dat Suid-Afrika se grens oor duisende kilometers strek; die porositeit van Suid-Afrika se grense (in sommige dele word die grens slegs aangedui deur 'n rivier); en die feit dat die topografie rondom die grense die patrolearing van die grensgebiede bemoeilik. 'n Ander faktor is skaars hulpbronne en 'n swak infrastruktuur (polisiëring en die bestaande regstelsel). Verskeie departemente is betrokke by die kontrolering van grense en die resultaat is dikwels die fragmentasie van beleid en 'n tekort aan eenvormige procedures. Kollektiewe procedures om die probleem van grensbeheer en gevvolglik onwettige vreemdelinge aan te spreek, word verder bemoeilik deur 'n gefragmenteerde verdeling

van funksies.

Nog 'n aspek wat die Suid-Afrikaanse Regering se pogings om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek bemoeilik, is die afwesigheid van meer akkurate inligting. Die werklike omvang van die onwettige vreemdelingprobleem is onbekend en die formulering van toepaslike beleid word daardeur bemoeilik. Om effektiewe beleid te formuleer en te implementeer, is meer akkurate beramings van die getal onwettige vreemdelinge; die werklike invloed van onwettige vreemdelinge op terreine soos die ekonomie en maatskaplike dienste; en meer inligting oor die aantal onwettige vreemdelinge wat deur Suid-Afrikaanse werkgewers in diens geneem word, noodsaaklik. Dit is egter onmoontlik om absoluut akkurate inligting oor hierdie aspekte te bekom.

Die onwettige vreemdelingprobleem in Suid-Afrika, moet egter ook as 'n regionale probleem gesien word. Die feit dat Suid-Afrika beter mediese dienste, maatskaplike dienste en meer werkgeleenthede as ander state in die streek aan individue kan bied, spoor onwettige vreemdelinge uit ander state aan om Suid-Afrika onwettig binne te kom, of onwettig in Suid-Afrika aan te bly. Die uitbreiding van huidige bilaterale en multilaterale ooreenkomste tussen die Suid-Afrikaanse Regering en ander state in die streek en die volgehoue samewerking tussen die Suid-Afrikaanse Regering en ander state in die streek (met die doel om sosio-ekonomiese opheffing te bewerkstellig), sal in die langtermyn die onwettige vreemdelingprobleem in beide Suid-Afrika en ander state in suidelike Afrika, hopelik meer effektief kan aanspreek.

## VERWYSINGS

1. Crush, J, 1998, *Beyond Control: Immigration and Human Rights in a Democratic South Africa*, IDASA and Queen's University, Canada, p 3.
2. RSA, *Press Release*: The Minister of Home Affairs, Dr M Buthelezi, 15 Februarie 1996, p 3.
3. *Ibid.*
4. "After Amnesty: The Future of Foreign Migrants in South Africa", Keynote address by Dr Buthelezi, Minister of Home Affairs at the Southern African Migration Project's Conference, 20 Junie 1997, p 3.
5. *The Star* (Johannesburg), 1997/05/06.
6. Reitzes, M, 1995, *Divided on the demon: Immigration policy since the election*, Policy and Review Series, Centre for Policy Studies (CPS), Johannesburg, no 9, p 14.
7. CDE Research, 1997, "People on the move: a new approach to cross border migration in South Africa", Centre for Development and Enterprise (CDE), Johannesburg, no 7, p 10.
8. *Ibid.*
9. RSA, *Debates of the National Assembly (Hansard)*, 15-18 April 1997, no 5, column 1241.
10. "After Amnesty: The Future of Foreign Migrants...", *op cit*, p 3.
11. CDE Research, "People on the move...", *op cit*, p 10.
12. RSA, *Debates of the National Assembly (Hansard)*, 3-7 June 1996, no 8, column 2127.
13. Weiner, M, 1995, *The Global Migration Crisis: Challenges to States and to Human Rights*, Harper Collins, New York, p 134.
14. Hough, M, 1996, "Illegal aliens/migrants in South Africa: causes and facilitating factors", in Minnaar, A and Hough, M (eds), Who goes there?: Perspectives on Clandestine migration and illegal aliens in southern Africa, HSRC Publishers, Pretoria, p 24.
15. Peberdy, S, 1997, "The history of South African immigration legislation", Paper prepared for the South African Commission on International Migration, p 15.

16. RSA: *Wet op Vreemdelingbeheer, no 96 van 1991*, artikel 55(1).
17. *Ibid*, artikel 34.
18. *Ibid*, artikel 55(2).
19. RSA, *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, no 200 van 1993*, [artikel 25(2)(b)] en [artikel 25(1)(c)] en *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, no 108 van 1996*, [artikel 35(1)(d)] en [artikel 35(2)(b)].
20. Hough, "Illegal aliens/migrants in South Africa: causes and facilitating factors", in Who goes there?: Perspectives on Clandestine migration..., *op cit*, p 23.
21. RSA, *Wysingswetsontwerp op Vreemdelingbeheer*, B 54-95 van 1995, p 2.
22. RSA, *Memorandum on the objects of the Aliens Control Amendment Bill, 1995*.
23. Crush, J, 1997, "Covert operations: Clandestine migration, temporary work and immigration policy in South Africa", *Migration Policy Series*, no 1, p 8.
24. *Ibid*.
25. RSA, *Wysigingswet op Vreemdelingbeheer, no 76 van 1995*, artikel 26.
26. Hough, "Illegal aliens/migrants in South Africa: causes and facilitating factors", in Who goes there?: Perspectives on Clandestine migration..., *op cit*, p 27.
27. RSA, *Wysigingswet op Vreemdelingbeheer*, *op cit*, artikel 26(2)(a).
28. Solomon, H, "Illegal Population Flows in S.A.", Paper presented at SAIIA/IDP Conference, 4-6 August 1996, p 3.
29. Hough, "Illegal aliens/migrants in South Africa: causes and facilitating factors", in Who goes there?: Perspectives on Clandestine migration..., *op cit*, p 27.
30. CDE Research, "People on the Move...", *op cit*, p 7.
31. RSA, *Wysigingswet op Vreemdelingbeheer*, *op cit*, artikel 32.
32. *Ibid*, artikel 58(2-3).
33. RSA, *Debates of the National Assembly (Hansard)*, 11-15 May 1998, no 7, column 2357.
34. RSA, *Wysigingswet op Vreemdelingbeheer*, *op cit*, artikel 30.
35. RSA, *Debates of the National Assembly (Hansard)*, 15-18 April 1997, no 5, column 1245.
36. Minnaar, "Increase in Illegals in South Africa and methods of entry", Who goes there?: Perspectives on Clandestine migration..., *op cit*, p 142.

37. "The Impact of illegal aliens on safety and security in South Africa", Edited version of an address by Col Brian van Niekerk, National Co-ordinator, Border Control and Policing, SA Police Service, at a Conference with the theme *Security '95*, presented by the Institute for Strategic Studies and the Security Association of South Africa (N Tvl Branch) at the University of Pretoria on 8 June 1995, *ISSUP Bulletin*, 1995, no 7, p 8.
38. *Ibid*, p 9.
39. *Ibid*, p 8.
40. *Ibid*, p 9.
41. *Ibid*.
42. Wentzel, M and Minnaar, A, 1995, "Illegal Immigrants: the great unwanted or desirable citizens?", *Information Update*, vol 5, no 2, p 14.
43. Minnaar, A, *Policing South Africa's borders, post April 1994: the Tightening up of Controls*, Paper presented to a South African Police Service Conference: Policing Priorities and Objectives, HSRC, Pretoria, 25-26 May 1998, p 7.
44. Wentzel and Minnaar, *op cit*, p 14.
45. HSANW Interne Kommunikasiebulletin, 17 Januarie 1997, p 1.
46. RSA, *Media Statement by the Chief of the SA National Defence Force (SANDF)*, General G Meiring, 21 January 1998.
47. Solomon, *op cit*, p 3.
48. RSA, *Debates of the National Assembly (Hasard)*, 15-18 April 1997, no 5, column 1237.
49. RSA, *Media briefing by the Minister of Home Affairs*, Dr Buthelezi, 10 September 1997, p 3.
50. RSA, *Debates of the National Assembly (Hansard)*, 15-18 April 1997, no 5, column 1241.
51. Levy, J, 1997, "Benevolent but troubled amnesties", *Crossings*, Southern African Migration Project, vol 1, no 1, p 2.
52. *Ibid*.
53. RSA, *Debates of the National Assembly (Hansard)*, 15-18 April 1997, no 5, column 1241.

"Covert operations...," op cit, p 25.

54. RSA, *Media briefing by the Minister of Home Affairs*, Dr Buthelezi, 10 September 1997, p 3.
55. RSA, *Keynote address by Dr Buthelezi*, Minister of Home Affairs at the Southern African Migration Project's Conference, *op cit*, p 5.
56. RSA, *Debates of the National Assembly (Hansard)*, 17 April 1997, no 5, column 1264.
57. *Agenda 21: 'n wenplan vir die 21ste eeu*, 1996, Besprekingsdokument van die Nasionale Party, p 35.
58. RSA, *Debates of the National Assembly (Hansard)*, 17 April 1997, no 5, column 1296.
59. *Ibid*, column 1276.
60. *Ibid*, column 1290.
61. *Ibid*, column 1271.
62. *Ibid*, column 1301.
63. *Ibid*, column 1297.
64. *Ibid*, column 1308.
65. Minnaar, "Xenophobia and reasons for resentment", in Who goes there: Perspectives on Clandestine Migration..., *op cit*, p 198.
66. *Ibid*, p 199.
67. *Ibid*.
68. *Ibid*, p 200.
69. *Ibid*, p 202.
70. *The Argus* (Cape Town), 1996/01/16 and *The Mail and Guardian* (Johannesburg), 1996/09/23.
71. Minnaar, "Xenophobia and reasons for resentment", in Who goes there: Perspectives on Clandestine Migration..., *op cit*, p 202.
72. *Ibid*, p 199.
73. RSA, *Report of the Commission to Investigate the Development of a Comprehensive Labour Market Treaty*, June 1996, Department of Labour, Pretoria, p 175.
74. Crush, "Covert operations...", *op cit*, p 25.
75. *Business Day* (Johannesburg), 1997/12/08.

76. Crush, "Covert operations...", *op cit*, p 23.
77. *Business Day* (Johannesburg), 1997/12/08.
78. Solomon, H, 1996, "Who is an illegal immigrant?", *African Security Review*, vol 5, no 6, p 11.
79. *The Star* (Johannesburg), 1997/08/15.
80. RSA: *Green Paper on International Migration*, Presented to the Minister of Home Affairs, Dr M Buthelezi, 13 May 1997, p 7.
81. *Ibid*, p 19.
82. Williams, V, 1997, "Green Paper signals break with racist past", *Crossings*, Southern African Migration Project, vol 1, no 1, p 4.
83. RSA: *Green Paper on International Migration*, *op cit*, p 16.
84. *Ibid*.
85. Bernstein, A, 1998, "Unworkable and costly", *Crossings*, Southern African Migration Project, vol 2, no 1, p 4.
86. Crush, J, 1998, "It strikes a good balance", *Crossings*, Southern African Migration Project, vol 2, no 1, p 5.
87. Solomon, H, 1996, "Defending Borders: Strategic Responses to illegal immigration", *Indicator SA*, vol 13, no 3, p 9.
88. *City Press* (Johannesburg), 1996/02/04.
89. Solomon, "Illegal Population Flows in S.A.", *op cit*, p 3.
90. Hough, M, "International Migration and Security in Southern Africa", Conference on Defence Economics and Security in Mediterranean and Sub-Saharan Countries, Lissabon, 5 and 6 June 1998, p 23.
91. Solomon, H, 1997, "Towards the free movement of people in Southern Africa?", *ISS Papers*, no 18, p 1.
92. *Draft Protocol on the Free Movement of Persons in the Southern African Development Community (SADC)*, June 1995, p 2.
93. *Ibid*, p 5.
94. *Ibid*.
95. RSA, *Keynote address by Dr Buthelezi*, Minister of Home Affairs at the Southern African Migration Project's Conference, *op cit*, p 7.
96. RSA, *Debates of the National Assembly (Hansard)*, 15-18 April 1997, no 5, column 1243.

97. "Nipping Drug Traffic in the Bud", 1996, *Southern Africa Political and Economic Monthly*, vol 12, no 9, p 21.
98. Solomon, "Towards the free movement of people...", *op cit*, p 2.
99. *Ibid.*
100. Paper presented by Mr Albert Mokoena, Director-General Dept of Home Affairs at a workshop with the theme Border Control and Protection: *The illegal movement of people and goods: where is South Africa heading and how can it be managed?*, Presented by the Institute for Strategic Studies, University of Pretoria, 18 June 1998, p 3.
101. *Ibid.*

## HOOFTUK 6: GEVOLGTREKKING

Toenemende internasionale migrasie is dikwels die gevolg van ekonomiese, demografiese, maatskaplike, kulturele en omgewingsveranderinge wat as gevolg van dekolonisasie, modernisasie en ongelyke ontwikkeling binne state van 'n bepaalde streek of state tussen streke ontwikkel. Die verskynsel van migrasie (wettig en onwettig) kan dus nie in isolasie gesien of bestudeer word nie. Migrasie is die gevolg van verandering en globale ontwikkeling. Die aantal individue wat uit hulle eie tuisstate vlug of migreer as gevolg van geweld, vervolging en onstabiele ekonomiese omstandighede met die doel om beskerming of beter werkgeleenthede in ander state te vind of hul eie lewensomstandighede te verbeter (en dié van hul gesinslede), is meer as ooit. Verskeie faktore dratot die verskynsel van grootskaalse migrasie (beide wettig en onwettig), by. Die gaping tussen Noord en Suid en die verskille in demografie; geografiese kenmerke; lewensverwagting; ekonomiese stabiliteit en groei; sosio-ekonomiese omstandighede; en politieke stabiliteit, blyk 'n groot struikelblok te wees ten einde 'n stabiele, ontwikkelende en vredesame wêreld (waarbinne 'n stabiele globale gemeenskap), te vestig. Die veranderinge van globale ekonomiese markte sedert die 1970's en die gevoglike ekonomiese ontwikkeling binne bepaalde streke en ekonomiese onstabilitet in ander streke, was een van die primêre faktore wat aanleiding gegee het tot die toename in die verskynsel van internasionale migrasie. State is tot 'n toenemende mate op ekonomiese vlak by mekaar betrokke en dié toenemende ekonomiese interaksie verhoog die interafhanklikheid tussen state. Interaksie tussen state is deel van die internasjonale politiek, waarin migrasie slegs een van vele verskynsels is. Die einde van die Koue Oorlog het groot getalle individue van Oos-Europese state aangespoor om weswaarts, na meer stabiele ekonomieë, te migreer. Die gevog van voortdurende swak ekonomiese groei of selfs ekonomiese agteruitgang, en gevoglike swak infrastrukture en hoë werkloosheidsvlakte, spoor individue ook aan om na ander state te migreer of onwettig in state aan te bly. In ander gevalle soos in vele Afrikastate, bly groot getalle individue in vlugtelingskampe of nedersettings, as slagoffers van etniese konflik, onderdrukkende regerings en burgeroorloë. Sommige individue vlug oor grense na buurstate op soek na hulp en beskerming terwyl ander na ander streke migreer of vlug.

Migrasiepatrone is kompleks van aard. Sommige state ondervind emigrasie van gekwalifiseerde individue en immigrasie van onbekwame individue. Migrasie (van byvoorbeeld professionele individue) vanaf ontwikkelende state na geïndustrialiseerde state is deel van die probleem maar help ook om kulturele bande of die oordra van tegnologiese kennis te bevorder. Alhoewel die oogmerk van sulke migrasie is dat dit slegs tydelik van aard is, vind permanente vestiging tog plaas wat dan weer transnasionale netwerke (gebaseer op verwantskap en gedeelde kultuur) tot gevolg het.<sup>(1.)</sup>

Alhoewel die grootste gedeelte van die wêreld se migrasie vanaf onderontwikkelde en ontwikkelende state na ander ontwikkelende state binne dieselfde streek plaasvind, vind migrasie van ontwikkelende state na industriële state ook dikwels plaas. In die geval waar migrasie (wettig of onwettig) van een ontwikkelende na 'n ander ontwikkelende staat voorkom, toon regerings van sulke state dikwels 'n hoë mate van verdraagsaamheid teenoor sulke individue, hoofsaaklik omdat taal, kultuur en geloofsoortuigings dikwels deur die burgers van die ontvangende en die sturende staat gedeel word.

Tot en met die einde van die negentiende eeu kon individue en hulle gesinne state byvoorbeeld die VSA en die meeste state in Wes-Europa vrylik binnegaan en verlaat, maar teen die 1980's het regerings meer beperkende maatreëls op die basis van geslag, nasionale herkoms en in sommige gevalle op grond van kriteria gestel deur die behoeftes van die bepaalde arbeidsmark, begin implementeer.<sup>(2.)</sup> Sedertdien het die verskynsel van onwettige migrasie toegeneem.

Die verskynsel van onwettige migrasie is slegs een van verskeie internasionale vraagstukke en kan op grond van verskeie redes as 'n internasionale vraagstuk beskou word. Die eerste hiervan is die globale toename van onwettige migrasie. Groeiende bevolkingsgetalle; vernietiging van natuurlike hulpbronne; toenemende verstedeliking; interne konflik; politieke en ekonomiese onstabilitet; en gevolglike armoede, het gedurende die laaste paar jaar dramaties toegeneem en gevolglik bygedra tot toenemende getalle onwettige vreemdelinge. Omdat die ekonomiese gaping tussen Noord en Suid toenemend vergroot, bly geïndustrialiseerde, ontwikkelde state 'n groot

trekpleister vir onwettige vreemdelinge van onderontwikkelde en ontwikkelende state. Onwettige migrasie vind ook binne streke van een ontwikkelende staat na 'n ander plaas.

'n Tweede faktor wat daartoe aanleiding gee dat die verskynsel van onwettige vreemdelinge as 'n internasionale vraagstuk beskou kan word, is die implikasies van die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge op verskeie terreine binne vele state. Die toenemende bewuswording van onwettige vreemdelinge en transnasionale interafhanklikheid waarvan internasionale migrasie 'n belangrike deel vorm, bemoeilik veralgemeenings oor die implikasies van die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge vir state se arbeidsmarkte. 'n Duidelike onderskeid tussen vlugtelinge en onwettige vreemdelinge en die implikasies van die teenwoordigheid van sulke individue op state se onderskeie terreine (byvoorbeeld die maatskaplike en politieke) is boonop ook moeilik bepaalbaar. State is soms nie bewus van die werklike getal onwettige vreemdelinge binne die grense van die bepaalde staat nie, en sodoende word die negatiewe implikasies van onwettige vreemdelinge op die bepaalde terreine binne die staat, dikwels kleiner geskat as wat dit werklik is.

Voortdurende grootskaalse migrasie het burgers in state soos die VSA 'n negatiewe houding teenoor vreemdelinge (vlugtelinge sowel as onwettige vreemdelinge), laat ontwikkel. Sulke individue word beskuldig van betrokkenheid by misdaad (waaronder prostitusie en die smokkel van dwelms en wapens); dat hulle verantwoordelik is vir die hoë werkloosheidsyfer of tekort aan werkgeleenthede; dat hulle verantwoordelik is vir die verspreiding van siektes (byvoorbeeld MIV of VIGS) en die tekort aan mediese dienste en behuising. Regerings sien onwettige vreemdelinge ook dikwels as 'n las op verskeie maatskaplike dienste, mediese dienste en skoolonderrig binne die bepaalde staat. Weiner stel dit dat: "Though most Western governments are prepared to accept limited numbers of individual refugees who are persecuted and whose lives are at risk, their humanitarian sentiments are much reduced when the volume of asylum seekers is large, imposing a heavy burden on housing, employment, and the entitlement system. Governments are also reluctant to maintain a generous asylum system when so many asylum seekers are would-be migrants, not individuals fearing persecution."<sup>(3)</sup> Onwettige vreemdelinge kan in sommige gevalle (soos die geval van Maleisië), selfs die verkiesingsproses binne 'n bepaalde staat beïnvloed. Alhoewel die regerings en burgers van ontwikkelende state

waarna onwettige vreemdelinge dikwels migrer, soms 'n hoë mate van verdraagsaamheid teenoor dié individue openbaar, is die intensiteit van xenofobie in dié gasheerstate soms veel hoër as in geïndustrialiseerde state omdat onder andere werkgeleenthede en mediese dienste reeds skaars is. Burgers van ander state word dikwels as 'n bedreiging of kompetisie vir bestaande maatskaplike dienste en werkgeleenthede gesien.

Dit moet in gedagte gehou word dat die invloed van die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge binne 'n bepaalde staat, slegs gevalueer kan word deur die ekonomiese; amptelike beleid teenoor sulke individue; patronen van diskriminasie; beskikbaarheid van maatskaplike dienste; kultuur en geografiese eienskappe (wat van staat tot staat verskil), in gedagte te hou.<sup>(4)</sup> Ekonomiese en tegnologiese stabiliteit en vooruitgang binne state bly nooit konstant nie. Die olieryke Arabiese state en Asië word gedurende die afgelope paar dekades gekenmerk deur ekonomiese groei en vooruitgang. 'n Groot verskeidenheid van industrieë en ongelyke ekonomiese groei is dikwels ook die oorsaak van die teenwoordigheid van 'n groot migrante arbeidsmag (wat grotendeels uit wettige arbeiders maar ook onwettige vreemdelinge bestaan), in sodanige state. Vreemdelingarbeiders word in verskeie sektore van so 'n groeiende ekonomie aangewend, byvoorbeeld in die landbou- en konstruksiesekture. Die teenwoordigheid van groot getalle vreemdelingarbeiders (waaronder onwettige vreemdelinge) word in verskeie state verdra en toegelaat, solank as wat 'n ekonomiese behoeftes aan goedkoop, maklik bekombare arbeid in die arbeidsmark bestaan en dié individue sodoende bydra tot die groei van die bepaalde ekonomie. Sodra groei in dié ekonomieë egter stabiliseer of die bepaalde ekonomieë 'versadig' raak en nie meer groot getalle vreemdelingarbeiders benodig nie, word die gebruik van groot getalle vreemdelingarbeiders (as goedkoop arbeid) egter nie meer as "bruikbaar" gesien nie en word hulle teenwoordigheid dikwels as ongewens beskou. Soms word die gebruik van dié goedkoop bron van arbeid dramaties afgeskaal en in ander gevalle word dit heeltemal stopgesit. Die gevolg is dikwels die toename in getalle onwettige vreemdelinge (omdat individue wat voorheen toegelaat is om in die bepaalde staat te werk, nou verhoed word om dit te doen en gevolelik die staat onwettig binnekomaan of onwettig aanbly) en strenger beheermaatreëls en uitsettings van enige onwettige vreemdelinge wat opgespoor word.

Alhoewel toenemende getalle onwettige vreemdelinge dikwels deur regerings en burgers van state as ongewens gesien word, geld dieselfde egter nie vir werkgewers wat onwettige vreemdelinge in diens neem nie. Omdat onwettige vreemdelinge in meeste gevalle van onderontwikkelde en ontwikkelende state afkomstig is en om dié rede in baie gevalle ongeskoold is; bereid is om teen laer lone as wettige burgers en te werk; bereid is om in haglike omstandighede te bly; en nie by vakbonde wil aansluit nie, is werkgewers soms gretig om van dié goedkoop bron van arbeid gebruik te maak.

Ten spyte van vele regerings se pogings om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek en onwettige vreemdelinge daarvan te weerhou om grense onwettig oor te steek of onwettig in state aan te bly, is verskeie oorsake van dié probleem te vind in die verskil tussen politieke en maatskaplike strukture van gasheerstate en tuisstate. Dit is vir verskeie state soos die VSA en Suid-Afrika belangrik om die getalle onwettige vreemdelinge te verminder en die probleem wat reeds bestaan effektief aan te spreek omdat werkgeleenthede vir eie burgers bewaar moet word. Dieselfde geld vir behuising en ander maatskaplike dienste. Om die aantal onwettige vreemdelinge te verminder en grensbeheer effektief toe te pas, word ook deur al meer regerings as noodsaaklik beskou ten einde nasionale veiligheid te verseker.

'n Derde faktor wat daartoe bydra dat die verskynsel van onwettige vreemdelinge as 'n internasionale vraagstuk beskou kan word, is die feit dat verhoudings tussen state dikwels deur die verskynsel beïnvloed word en onwettige migrasie soms as 'n bedreiging vir 'n bepaalde staat se nasionale veiligheid beskou word. Sedert die ontwikkeling van die moderne staat, het regerings grensbeheer as 'n noodsaaklike steunpilaar van soewereiniteit beskou. Dit is regerings wat besluit watter individue, getalle, en van watter ander state, binne bestaande grense toegelaat sal word. Indien 'n bepaalde staat nie effektiewe kontrole oor grense kan toepas nie, of indien die getalle wat oor grense beweeg, nie beheer kan word nie, word dit as 'n direkte bedreiging vir nasionale veiligheid beskou.<sup>(5.)</sup> Nasionale veiligheid omsluit egter ook ekonomiese en maatskaplike faktore, byvoorbeeld die vestiging van toestande vir ekonomiese vooruitgang en stabiliteit, en die behoud van interkommunale harmonie sowel as politieke deelname en die beskerming van minderheidsgroepe se regte, in die bepaalde staat. Groot skaalse onwettige migrasie het dikwels 'n nadelige invloed op die maatskaplike en ekonomiese

veiligheid en stabiliteit van state, maar veral in state met onderontwikkelde ekonomiese stelsels, swak infrastrukture, onstabiele politieke stelsels en etniese of ander maatskaplike verdeeldheid of onstabiliteit. Verskeie maatreëls is dan ook sedert die 1970's, deur state geïmplementeer om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek. Dié maatreëls het onder andere ingesluit: werkgewersanksies; verhoogde grenspatrolering; strenger visumregulasies; spesiale taakspanne vir die opsporing en arrestasie van onwettige vreemdelinge en werkgewers wat hulle in diens neem; vrywaringsprogramme (met verskeie vereistes, waaronder afsnydatums, waaraan individue moes voldoen); en die wysiging van bestaande wetgewing.

Wat die beheer oor die onwettige vreemdelingprobleem in ontwikkelende state betref, is die vermoë van regerings om effektiewe grensbeheer sowel as effektiewe interne beheer toe te pas, dikwels minimaal. Ten spyte hiervan, is ook in dié state oor die afgelope paar jaar strenger maatreëls toegepas om die toenemende probleem van onwettige vreemdelinge aan te spreek en kom grootskaalse uitsettings van onwettige vreemdelinge in verskeie state voor. In ander state is beleid geïmplementeer waarmee sekere kategorieë van onwettige vreemdelinge hulle teenwoordigheid, indien hulle aan die gestelde vereistes voldoen (byvoorbeeld in Suid-Afrika, Thailand en Costa Rica) in die bepaalde staat kon wettig. Dié tipe wettigingsbeleid het dikwels die versterking van bestaande beleid byvoorbeeld werkgewersanksies, voorafgegaan. Die toepassing van werkgewersanksies in veral Derde Wêreld state is egter dikwels onsuksesvol omdat die effektiewe implementering daarvan duur is; meer mannekrag vereis; die koördinering van verskeie dienste byvoorbeeld immigrasiebeamptes, inspekteure en die polisie behels; en die feit dat die arbeidsmag in sulke state dikwels groot, ongereguleerd en informeel is.

Verskeie van die beheermaatreëls wat deur regerings geïmplementeer word, blyk dus nie altyd suksesvol te wees nie. Een rede hiervoor is die uitbreiding van die internasionale ekonomie as gevolg van toenemende handel en interaksie tussen state op internasionale vlak. Die globale vloei van inligting, tegnologie en kundigheid lei ook tot die toenemende migrasie van individue oor staatsgrense. Alhoewel die migrasie van opgeleide, gekwalifiseerde individue van een staat na 'n ander weinig (indien enige) risiko's inhou, lei dié tipe migrasie dikwels tot ander tipes byvoorbeeld die migrasie van minder vaardige individue (as vreemdelingarbeiders), en die onwettige migrasie van ongeskoolde persone.

Gevolge van die toenemende globale vloei van inligting, tegnologie en kundigheid sluit ook onder ander in: onwettige bedrywighede van misdaadsindikate; werkgewers se gretigheid om onwettige vreemdelinge in diens te neem; die tekortkominge in bestaande wetgewing (byvoorbeeld immigrasiewetgewing) en 'n tekort aan mannekrag en voldoende fondse om wetgewing suksesvol toe te pas.<sup>(6.)</sup>

Die laaste faktor wat bevestig dat die verskynsel van onwettige vreemdelinge as internasionale vraagstuk beskou kan word, is die formulering van ooreenkomste en resolusies deur internasionale organisasies (byvoorbeeld die VN *Resolutie 48/102 van 1993*, wat die smokkel van onwettige vreemdelinge verbied) en ooreenkomste tussen verskeie state binne 'n streek (byvoorbeeld die *Tonchala Ooreenkoms* tussen die regerings van Colombia en Venezuela), in 'n poging om dié probleem aan te spreek.

Arbeidsmarkte in verskeie state binne suidelike Afrika, asook dié van Suid-Afrika, is gedurende die afgelope dekade tot 'n groot mate deur 'n migrante arbeidstelsel (beïnvloed deur ekonomiese ongelykheid en rasse skeiding) gedomineer. Gedurende die vroeë 1980's, is veral in die Suid-Afrikaanse mynbousektor op groot skaal van migrante arbeid gebruik gemaak, maar veranderinge in die arbeidsbeleid van dié sektor het tot 'n nuwe bedeling vir migrante arbeid in Suid-Afrika geleid. Soos genoem, is die klem verskuif van die gebruik van goedkoop, tydelike migrante arbeid van Suid-Afrika se buurstate na die gebruik van Suid-Afrikaanse burgers, op 'n meer permanente basis. Die afskaling in die gebruik van migrante arbeid in die Suid-Afrikaanse mynbousektor, maar ook in onder andere die konstruksie- en landbousektor, en voortdurende konflik en onstabiele ekonomiese situasies in sommige buurstate, het tot 'n toename in getalle onwettige vreemdelinge binne Suid-Afrika, geleid. Voortdurende konflik in verskeie buurstate (byvoorbeeld Mosambiek en Angola); onsuksesvolle demobilisasie programme; die onvermoë van die onderskeie regerings om soldate na langdurige konflik suksesvol in die samelewning te integreer; en swak infrastrukture, het ook tot 'n groot mate aanleiding gegee tot die toenemende getalle onwettige migrante na Suid-Afrika.

Die verandering in intra-regionale migrasie patronen in suidelike Afrika gedurende die 1980's (waaronder die toename van vlugtelinge vanaf veral Mosambiek) en die 1990's (die geweldige toename van beide wettige en onwettige vreemdelinge na Suid-Afrika

vanaf state in suidelike Afrika) het die aard van migrasie binne die streek verander en beïnvloed. Alhoewel migrasie na Suid-Afrika in die verlede deur beide statutêre en administratiewe instrumente (immigrasiewetgewing, bilaterale ooreenkomste en tydelike werkerskemas) gereguleer is, was dié maatreëls na die 1994 algemene verkiesing en die einde van apartheid, nie meer voldoende om toenemende en veranderende patronen van migrasie (beide wettig en onwettig) effektief te reguleer nie.

Alhoewel onwettige vreemdelinge dikwels verskeie ekonomiese en persoonlike redes het om hulle tuisstaat te verlaat en onwettig na 'n ander staat te migreer, blyk dit dat die ekonomiese ideaal om meer in 'n ander staat te verdien, so 'n individu se besluit deurslaggewend beïnvloed. Op grond van hiervan, het potensiële onwettige vreemdelinge in suidelike Afrika 'n voorkeur vir Suid-Afrika. Ongeskoolde en semi-geskoolde arbeiders van state in onder andere die SAOG, op soek na werk en beter lewensomstandighede in Suid-Afrika, se aansoeke om 'n werkpermit in Suid-Afrika is dikwels nie suksesvol nie. Aangesien die moontlikheid van toegang vir sulke individue dus bemoeilik word, is die enigste uitweg om Suid-Afrika op onwettige wyses binne te kom. Alhoewel die werklike getal onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika nie bekend is nie, kan van beskikbare statistiek en beramings afgelei word dat die getal onwettige vreemdelinge (vanaf veral state in suidelike Afrika) in Suid-Afrika gedurende die afgelope paar jaar toegeneem het.

Onwettige vreemdelinge is in verskeie sektore van die Suid-Afrikaanse ekonomie werkzaam. Alhoewel die presiese getalle nie bekend is nie kom die meeste in Gauteng, Mpumalanga en KwaZulu-Natal voor en vind die indiensneming van dié individue, buite enige formele, regulerende raamwerk plaas. Wat die indiensneming van onwettige vreemdelinge betref, stel Crush dit dat: "The undocumented movement occurs in contravention of existing South African immigration legislation. The result is that many employers in the temporary work sector are able to find sufficient foreign labour on site or in the vicinity, and do not need to recruit cross-border through recruiting organisations and/or temporary employment schemes."<sup>(7)</sup> Deur onwettig in Suid-Afrika te werk, plaas onwettige vreemdelinge egter hulself ook in 'n kwesbare posisie omdat hulle sodoende nie deur Suid-Afrikaanse wetgewing beskerm kan word nie, en om dié rede dikwels deur werkgewers misbruik en uitgebuit word.

Die algemene houding rakende die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika, blyk grootliks negatief te wees. Die toename in xenofobiese en anti-immigrante houdings word toegeskryf aan burgers se sienings dat onwettige vreemdelinge tot 'n groot mate verantwoordelik is vir die toename in misdaad, vir die gebrek aan werkgeleenthede, verlaging in loonvlakke, verspreiding van siektes, en onvoldoende beskikbaarheid van algemene maatskaplike dienste (byvoorbeeld mediese dienste).

Wat die negatiewe impak van die teenwoordigheid en indiensneming van onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika betref, bestaan die mening dat dit die sosio-ekonomiese opheffing van burgers vertraag deurdat die beskikbaarheid van werkgeleenthede daardeur beperk word en dikwels 'n algemene verlaging in loonvlakke tot gevolg het. Ander is egter van mening dat die meerderheid onwettige vreemdelinge hardwerkende, wetsgehoorsame burgers is, en dikwels bereid is om 'n positiewe bydrae tot die Suid-Afrikaanse ekonomie te maak, en aangesien werklike getalle onwettige vreemdelinge wat wel in diens geneem word nie bekend is nie, aansienlik meer navorsing nodig is om te bevestig dat onwettige vreemdelinge 'n nadelige invloed op die Suid-Afrikaanse ekonomie het. Dit word ook geredeneer dat onwettige vreemdelinge vir lae lone werk huis omdat hulle teenwoordigheid nie gewettig word nie. Hierdie status bied aan sulke individue geen ander keuse as om vir lae lone te werk nie omdat hulle verhoed word om openlik vir werkgeleenthede te kompeteer.

'n Groot persentasie van die onwettige vreemdelinge wat in die onderskeie sektore van die Suid-Afrikaanse ekonomie werksaam is, is onbekwaam en ongeletterd. Sommiges redeneer dat as gevolg van dié feit, onwettige vreemdelinge nie 'n noemenswaardige invloed op die beskikbaarheid van werkgeleenthede in die RSA kan hê nie. Die nuutste statistiek dui egter aan dat ongeveer 7,5 miljoen Suid-Afrikaanse burgers (van die ouderdom 15 en ouer), ongeletterd is. Kompetisie vir dieselfde werkgeleenthede, tussen Suid-Afrikaanse burgers en onwettige vreemdelinge, bestaan dus wel.<sup>(8.)</sup> Die huidige werkloosheidsvlak binne Suid-Afrika, is ook rede tot kommer. Politieke onsekerheid; ekonomiese isolasie gedurende die jare van apartheid; en 'n hoë bevolkingsgroei is slegs enkele faktore wat tot die hoë vlak van werkloosheid in Suid-Afrika aanleiding gegee het. As die beraamde getalle onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika; statistiek van deportasies en uitsettings; die bevolkingsgroei (2,1 persent gedurende 1997)<sup>(9.)</sup>; en werkloosheid in

die RSA (ongeveer 28 persent van die totale Suid-Afrikaanse bevolking was gedurende 1997 werkloos)<sup>(10)</sup> in ag geneem word, kan die indiensneming van onwettige vreemdelinge, hoe gering ook al, moeilik as positief beskou word nie.

Tans behels die beheer oor onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika, vier aspekte. Die eerste aspek omsluit maatreëls om individue daarvan te weerhou om die RSA sonder toestemming of onwettig binne te kom, dit wil sê fisiese beheermaatreëls by grense, hawens en lughawens. Effektiewe grenspatrolering word negatief beïnvloed deur die lengte en porositeit van Suid-Afrikaanse grense, beperkte beskikbaarheid van voldoende finansiële hulpbronne en die tekort aan genoegsame beskikbaarheid van mannekrag vir die patrolearing van grense. Die gevolg is dat 'n groot aantal van die onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika die land binnekom deur onwettig oor grense te beweeg. Die tweede behels toesighouding oor vreemdelinge wat wettig binne die land is, en te sorg dat dié individue nie die voorwaardes van tydelike werk en/of verblyfpermitte oortree of in onwettige aktiwiteite betrokke raak (soos om te werk sonder die nodige toestemming), nie. Die derde aspek is verwant aan die tweede en het betrekking op die opsporing, arrestasie en uitsetting of deportasie van onwettige vreemdelinge. Twee kategorieë van onwettige vreemdelinge is hier te sprake naamlik vreemdelinge wat onwettig oor die grens beweeg het en individue wat in die RSA aangebly het na die verval van uitgereikte permitte (byvoorbeeld tydelike werk- en/of tydelike verblyfpermitte). Die effektiwiteit van hierdie tipe kontrole kan deels bepaal word deur die getal onwettige vreemdelinge wat uit die RSA verwyder of gedeporteer is te vergelyk met die beraamde getalle onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika. As in ag geneem word dat 'n aantal van dié onwettige vreemdelinge wat wel verwyder word, weer na Suid-Afrika terugkeer kan die beraamde persentasie veel laer wees omdat sommige individue herhaaldelik na Suid-Afrika terugkeer om net weer uit die land gesit te word. In sommige gevalle kom die veelvoudige uitsetting van dieselfde individu dus voor. Die effektiwiteit van interne kontrole word soos in die geval van grensbeheer, negatief beïnvloed deur 'n tekort aan beide voldoende finansiële hulpbronne en mannekrag. Die vierde aspek is gemik op individue wat aan onwettige vreemdelinge hulp verskaf òf om die land onwettig binne te kom, òf om aan hulle verblyf en/of werk te voorsien sodra hulle reeds onwettig in die RSA is. Hierdeur word gepoog om die ondersteuningsnetwerk en die moontlikheid van werkgeleenthede waarop onwettige vreemdelinge dikwels staatmaak om te oorleef, te

verminder. Dié vier aspekte is interafhanglik, komplementeer mekaar en verskaf afsonderlik maar tog gesamentlik, beheermaatreëls waarmee gepoog word om onwettige vreemdelinge se pogings om die RSA onwettig binne te kom, onwettig aan te bly en werk en verblyf te bekom, te stuit.

Verskeie beheermaatreëls, waaronder hersiene wetgewing soos die *Wysigingswet op Vreemdelingbeheer* is in die RSA geïmplementeer om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek en indiensneming van onwettige vreemdelinge te bemoeilik. Die maatreël teen werkgewers is veral belangrik omdat dit betrekking het op die beskerming van arbeidstandaarde; die beskerming van die basiese menseregte van onwettige vreemdelinge; die verspreiding en toewysing van werkgeleenthede; en die bestuur van moontlike konflik in die werkplek. 'n Groot probleem blyk egter die effektiewe implementering van sulke maatreëls te wees. Die nodige mannekrag en fondse bestaan eenvoudig nie om sulke beheermaatreëls behoorlik toe te pas nie. Dié probleem, asook die onwilligheid van onwettige vreemdelinge om misbruik te maak van werkgewers aan te meld, gee dikwels aanleiding tot die voortdurende indiensneming van onwettige vreemdelinge in die onderskeie sektore.

'n Ander alternatief is om die oorsake van onwettige migrasie van burgers van veral buurstate na die RSA, aan te spreek. Indien dié oorsake effektief aangespreek kan word sal getalle onwettige vreemdelinge vanaf dié state na Suid-Afrika daal en die toepassing van beide grensbeheer en die interne kontrole van onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika, sal meer effektief wees. Dit is egter nodig om tussen faktore wat in die tuisstaat bestaan (wat individue aanspoor om onwettig na Suid-Afrika te migreer) en faktore wat in Suid-Afrika (as gasheerstaat) bestaan wat die onwettige verblyf van individue faciliteer, te onderskei. Alhoewel faktore wat burgers van ander state aanspoor om onwettig na Suid-Afrika te migreer (byvoorbeeld beter mediese dienste, behuising, werkgeleenthede en lewenstandaarde in hulle eie state) werklik is of deur die individu as werklik beskou word, is die implikasies (die onwettige migrasie na, of onwettige aanbly in Suid-Afrika) van dié faktore dieselfde. Om die effek van die faktore wat burgers van ander state aanspoor om onwettig na Suid-Afrika te migreer te minimaliseer, kan die volgende stappe oorweeg word.

- a) Om individue wat van bepaalde dienste (gesondheidsdienste, maatskaplike dienste, behuising, werksaanstellings) in die openbare sektor gebruik wil maak, konsekwent te verplig om 'n bewys van Suid-Afrikaanse burgerskap (identiteitsdokument) of 'n paspoort met 'n geldige verblyfpermit of werkpermit, te lewer;
- b) die bewys van identiteit kan ook op die privaatsektor van toepassing gemaak word indien sekere dienste soos hotelverblyf bekom wil word.

Om die faktore wat burgers van ander state aanspoor om onwettig na Suid-Afrika te migreer, alleen aan te spreek mag nie effektief wees nie en dit moet in samehang met die oorsake van onwettige migrasie na Suid-Afrika, wat in sturende state self bestaan, aangespreek word. Bepaalde stappe kan onder andere oorweeg word, naamlik bystand deur die RSA aan buurstate om gesondheidsdienste; skoolopleiding; vervoerdienste; en ander basiese dienste byvoorbeeld watervoorsiening te bevorder en uit te brei en bystand op terreine soos toerisme; tegnologie; die landbousektor; en die produksiesektor kan ook uitgebrei word ten einde die ontwikkeling van die ekonomie te bevorder.

Alhoewel interne konflik in verskeie buurstate byvoorbeeld Mosambiek beëindig is, speel ekonomiese faktore steeds 'n belangrike rol om burgers van dié state aan te spoor om onwettig na Suid-Afrika te migreer. Ook in Suid-Afrika, wat een van die sterkste en mees stabiele ekonomieë in die streek besit, kom die probleem van armoede en hoë vlakke van werkloosheid voor. Ontwikkeling en ekonomiese groei in die streek as geheel is dus noodsaaklik indien die probleem van onwettige vreemdelinge opgelos wil word. Sosio-ekonomiese oorsake van onwettige migrasie (waaronder die tekort aan mediese dienste en behuising) moet aangespreek word deur onder andere stabiele ekonomiese groei en 'n klimaat van vrede en sekuriteit (noodsaaklik vir volgehoue ekonomiese groei) in buurstate te help skep. Dieselfde geld vir state soos Angola waar burgeroorlog steeds gevoer word.

Die ideaal is dus om meer klem te plaas op die oorsake van onwettige migrasie, naamlik die faktore wat individue aanmoedig om hulle eie state te verlaat en onwettig na Suid-Afrika te migreer. Solank as wat die bestaande ekonomiese ongelykheid tussen Suid-Afrika en die res van die state in die streek; grootskaalse werkloosheid; en die

indiensneming van onwettige vreemdelinge voortduur, sal onwettige vreemdelinggetalle toeneem. Regerings van beide sturende state en ontvangende state, moet die opsie om in hulle eie staat te bly, vir burgers lewensvatbaar maak. Pogings moet aangewend word om volgehoue ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling in die streek te bewerkstellig.

Samewerking tussen state om die beweging van onwettige vreemdelinge te stuit is belangrik, en sekere inisiatiewe (soos opleiding in grensbeheer) is al in dié verband genoem. Alhoewel Suid-Afrika op ekonomiese gebied al lank betrokke is by verskeie state in die streek was dié betrokkenheid nog altyd tot meer voordeel vir Suid-Afrika as vir die ander state. Die beskikbaarheid en toegang tot goedkoop arbeid, markte en hulpbronne in state soos Botswana, Mosambiek en Zimbabwe was nog altyd tot voordeel van die Suid-Afrikaanse ekonomie. Die mening bestaan dat Suid-Afrika 'n bepaalde verantwoordelikheid moet aanvaar vir die gevolge (ekonomiese en maatskaplike onstabilitet in buurstate) wat veroorsaak is deur die beleid van 'selfbelang' en die destabilisasie van verskeie state in suidelike Afrika. Dit word aangevoer dat Suid-Afrika nie alleenlik 'n morele 'skuld' teenoor sulke state het nie, maar ook 'n ekonomiese 'skuld'. Die enigste manier waarop dié 'skuld' betaal kan word is deur die akkommodering van onwettige vreemdelinge. Wyses moet geïdentifiseer word om die verhouding tussen Suid-Afrika en sy buurstate vanwaar die meeste onwettige vreemdelinge afkomstig is, op politieke en ekonomiese gebied uit te brei. Ontwikkeling van die regionale ekonomie deur die skep van werkgeleenthede en ontwikkeling van infrastrukture is uiters belangrik. Die humanitêre siening bestaan ook dat Suid-Afrika 'n morele verantwoordelikheid het om individue wat 'n heenkome, beskerming, of bystand in die RSA kom soek, nie weg te wys nie. Die rede vir dié verantwoordelikheid is dat vele van die state vanwaar onwettige vreemdelinge kom, hulp en bystand aan Suid-Afrikaanse burgers, gedurende die jare van apartheid gegee het en is Suid-Afrikaanse burgers wat in ballingskap in dié state gewoon het, nie as onwettige vreemdelinge of ongewenste vreemdelinge gesien nie. Alhoewel dié siening tot 'n mate geldig is, was die aantal individue wat na dié state gegaan het om hulp, nooit soveel as die beraamde getalle onwettige vreemdelinge wat tans in die RSA is nie en boonop is hulle as vlugtelinge eerder as onwettige vreemdelinge beskou.

Die konsep van verhoogde bystand aan buurstate, in 'n poging om die onderskeie state

se ekonomiese te help stabiliseer en ontwikkel, het egter negatiewe aspekte wat in gedagte gehou moet word. In dié verband stel Harris dit dat: "While job-creating economic growth is the ultimate solution to reducing these migratory pressures, the economic development process itself tends in the short to medium term to stimulate immigration by raising expectations and enhancing people's ability to migrate."<sup>(11)</sup> Die gevaar bestaan dat beter infrastrukture, skoolonderrig, mediese dienste, kommunikasiestelsels en ander geleenthede, die mobiliteit van beide wettige en onwettige vreemdelinge sal bevorder. 'n Ander faktor is Suid-Afrika se vermoë (wat hulpbronne betref) om in 'n grootskaalse ontwikkelingsprojek in buurstate betrokke te raak. Soortgelyke projekte binne Suid-Afrika soos die beperkte resultate wat uit die HOP Program verkry is, is 'n bewys dat die ekonomie tans nie oor die vermoë beskik om buurstate in dié opsig op groot skaal by te staan nie. Ten spyte hiervan is dit nodig dat die Suid-Afrikaanse Regering lewensvatbare ekonomiese groei en ontwikkeling in die onderskeie buurstate aanmoedig. Dit moet egter in gedagte gehou word dat dié negatiewe aspekte op die kort- en mediumtermyn van toepassing is en dat regionale ontwikkeling die verskynsel van onwettige vreemdelinge op die langtermyn kan verminder.

Dit is unrealisties om te glo dat enige regering die onwettige migrasie van ander state se burgers oor sy eie grense totaal kan verhoed. Die ideaal is die effektiewe regulering en beheer oor hierdie migrasie. Nieteenstaande moet in gedagte gehou word dat verskeie faktore 'n invloed het op die mate van sukses van maatreëls en beleid soos deur regerings geïmplementeer en soos voorgestel. Die werklike getal onwettige vreemdelinge in die RSA en die werklike impak (positief of negatief) van die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge op die onderskeie sektore, is nie bekend nie. Om die onwettige vreemdelingprobleem in Suid-Afrika effekief aan te spreek, is meer gedetailleerde studies nodig om die aantal onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika te probeer bepaal asook die werklike invloed van dié individue op die onderskeie sektore.

'n Oplossing vir die onwettige vreemdelingprobleem sal dus nie verkry word deur slegs die bestaande stelsel van beheer te verbeter nie. Dit is belangrik om ander aspekte byvoorbeeld regionale ontwikkeling, wederkerige handel, misdaadvoorkoming, politieke stabilitet en basiese menseregte, in ag te neem. Watter migrasiebeleid ook al deur

regerings toegepas word, is dit belangrik om in gedagte te hou dat dié beleid in nasionale belang moet wees en dat die nasionale belang van een staat nie noodwendig met die belang van ander state ooreenstem nie. Indien gevind word dat die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge, negatiewe implikasies vir byvoorbeeld die ekonomiese of maatskaplike dienste van 'n staat het, moet strenger maatreëls geïmplementeer word om die probleem aan te spreek, al sal sulke strenger maatreëls tot nadeel van ander state wees. In die finale instansie, is die volgende uitgangspunt steeds geldig: "Every state has the right to control its borders, a right predicated on the territorial sovereignty of the state. Without some form of border control, the whole notion of citizenship and loyalty to the state becomes meaningless. Furthermore, the state has the right to exclude people who pose a threat to internal law and order and stability. Thus, a distinction must be made between law-abiding potential immigrants and refugees, and drug-traffickers, arms smugglers, traders in stolen goods and other criminal elements."<sup>(12.)</sup>

## VERWYSINGS

1. Castles, S and Miller, M J, 1993, *The Age of Migration*, Guilford Press, New York, p 168.
2. *Ibid*, p 90.
3. Weiner, M, 1995, *The Global Migration Crisis: Challenge to States and to Human Rights*, Harper Collins College Publishers, p 13.
4. Castles, *op cit*, p 193.
5. Weiner, *op cit*, p 9.
6. *Ibid*, p 267.
7. Crush, J, 1997, Covert operations: Clandestine Migration, Temporary work and Immigration Policy in South Africa, *Migration Policy Series*, South African Migration Project, no 1, p 6.
8. *South African Survey 1997-1998*, 1998, South African Institute of Race Relations, Johannesburg, p 118.
9. *Ibid*, p 96.
10. *Ibid*, p 255.
11. Harris, N, 1996, *The New untouchables: Immigration and the New World Order*, Penguin Publishers, London, p 192.
12. Reitzes, M, 1995, Insiders and Outsiders: The reconstruction of citizenship in South Africa, *Social Policy Series*, Centre for Policy Studies, Johannesburg, vol 8, no 1, p 32.

## BIBLIOGRAFIE

### Primêre Bronne

#### a. Owerheidspublikasies

*Media briefing by the Minister of Home Affairs, Dr Buthelezi, 10 September 1997.*

*Media Briefing of die Minister of Home Affairs, Dr Buthelezi, 12 February 1998.*

*Media Statement by the Chief of the SA National Defence Force (SANDF), General G Meiring, 21 January 1998.*

Press Release, The Minister of Home Affairs, Dr Buthelezi, 15 Februarie 1996.

Press Release, Department of Home Affairs, "Buthelezi on appointing alien employees", 22 July 1996.

RSA: *Debates of the National Assembly (Hansard)*, 9-11 May 1995, no 5; 20-23 May 1996, no 6; 3-7 June 1996, no 8; 17 April 1997, no 5; 21-25 April 1997, no 6; 11-15 May 1998, no 7.

RSA: Draft Green Paper on International Migration 1997, *Government Gazette*, vol 383, no 18033, 30 Mei 1997.

RSA: *Draft White Paper for a Population Policy*, Proposed Population Policy and Strategies for South Africa, Ministry for Welfare and Population Development, September 1996, Notice 1544 of 1996.

RSA: *Green Paper on International Migration*, Presented to the Minister of Home Affairs, M Buthelezi, 13 May 1997.

RSA: *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, no 200 van 1993.*

RSA: *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, no 108 van 1996.*

RSA: *Memorandum on the objects of the Aliens Control Amendment Bill, 1995.*

In: *Aliens Control Amendment Bill, B 54-95.*

RSA: *National Crime Prevention Strategy*, Document by an Inter-departmental Strategy Team consisting of the Department of Correctional Services, Defence, Intelligence, Justice, Safety and Security and Welfare, May 1996.

RSA: *Report of the Commission to Investigate the Development of a Comprehensive Labour Market Treaty*, Department of Labour, Pretoria, June 1996.

RSA: *Report on the incidence of serious crime during 1995*, Quarterly Report Compiled by the Crime research component of the National Crime Information Management Centre {NCIMC}, April 1996.

RSA: *Wet op Vreemdelingbeheer, no 96 van 1991.*

RSA: *Wysigingswet op Vreemdelingbeheer, no 76 van 1995.*

RSA: *Wysingswetsontwerp op Vreemdelingbeheer, B 54-95 van 1995.*

SAPD: Geïntegreerde Databasis, 1997/04/14.

HSANW Interne Kommunikasiebulletin, 17 Januarie 1997.

b. Interregeringspublikasies

OAU Convention concerning the Specific Aspects of Refugee Problems in Africa, 1969 [1001 U.N.T.S. 46] Addis Ababa, 10 September 1969.

SADC: *Draft Protocol on the Free Movement of Persons in the Southern African Development Community*, June 1995.

*UN Protocol Relating to the Status of Refugees*, 1967 [606 U.N.T.S. 267].

*UN Convention Relating to the Status of Refugees*, 1951 [189 U.N.T.S. 150].

*United Kingdom, Asylum and Immigration Bill*, 1996.

*United Kingdom, Asylum and Immigration Act*, 1996.

*United Nations Resolution 48/102 of 1993, Prevention of Smuggling of Aliens*.

*US Congress, Illegal Immigration Reform and Immigrant Responsibility Act*, 1996.

*US Congress, Immigration Reform and Control Act (IRCA)*, S1200, 1986.

2. **Sekondêre Bronne**

a. **Boeke**

Anand, R M, 1993, *African Refugees: An Overview*, Rhama Publishers, New Delhi.

Baylis, J and Rengger, N J (eds), 1992, *Dilemmas of World Politics*, Clarendon Press, Oxford.

Collinson, S, 1993, *Europe and International Migration*, Pinter Publishers, London and New York.

Cornelius, W A, Martin, P L and Hollifield, J F, 1994, *Controlling Immigration*, Stanford University Press, Stanford.

Crush, J, 1998, *Beyond Control: Immigration and Human Rights in a Democratic South Africa*, IDASA and Queen's University, Canada.

Deng, L A and Tjønneland, E N (eds), 1996, *South Africa: Wealth, Poverty and Reconstruction*, Chr. Michelsen Institute and Centre for South African Studies, University of the Western Cape.

Freeman, G P and Jupp, J (eds), 1992, *Nations of Immigrants*, Oxford University Press, Oxford.

Fassmann, H and Münz, R (eds), 1994, *European Migration in the Late Twentieth Century*, International Institute for Applied Systems Analysis, Austria.

Goodwin-Gill, G S, 1996, *The Refugee in International Law* (second edition), Clarendon Press, Oxford.

Harris N, 1996, *The New untouchables: Immigration and the New World Order*, Penguin, London.

James, D, 1991, *Illegal Immigration*: An unfolding crisis, University Press of America, New York.

Kegley, C W and Wittkopf, E R (eds), 1995, *The global Agenda: Issues and perspectives*, McGraw-Hill, London.

Loescher, G, 1993, *Beyond Charity: International Co-operation and the Global Refugee Crisis*, Oxford University Press, Oxford.

Rosas, A and Antola, E (eds), 1995, *A Citizens' Europe*, SAGE Publications, London.

Mayotte, J A, 1992, *Disposable People: The Plight of Refugees*, Orbis Books, New York.

Miller, M J and Castles, S, 1993, *The Age of Migration*, Guilford Press, New York.

Minnaar, A and Hough, M (eds), 1996, *Who goes there?: perspectives on clandestine migration and illegal aliens in southern Africa*, HSRC Publishers, Pretoria.

Minnaar, A and Hough, M (eds), 1995, *Causes, extent and impact of clandestine migration in selected southern African countries with specific reference to South Africa*, Centre for Sociopolitical Analysis, Human Sciences Research Council and Institute for Strategic Studies, University of Pretoria.

Nam, C B, Scrow, W J and Sly, D F, 1990, *International Handbook on Internal Migration*, Greenwood Press.

Oosthuizen, K, 1996, *Patterns of Migration in Southern Africa, with special reference to South Africa*, Centre for Population Studies, University of Pretoria.

Ricca, S, 1989, *International Migration in Africa: Legal and administrative aspects*, International Labour Office, Geneva.

*United Nations High Commissioner for Refugees (UNHCR), The State of the World's Refugees: In Search of Solutions*, Oxford University Press, 1995.

Weiner, M (ed), 1993, *International Migration and Security*, Westview Press, Oxford.

Weiner, M, 1995, *The Global Migration Crisis: Challenge to states and to human rights*, Harper Collins College Publishers, New York.

Zolberg, A R, Suhrke, A and Aguayo, S, 1992, *Escape from Violence: Conflict and the refugee crisis in the developing world*, Oxford University Press, New York.

**Jaarboek** M. 1997, "Second National HIV Survey Report - Analysis", 1997, Bureau for Information.

**Die Suid-Afrikaanse Jaarboek 1988-1989**, 1989, Bureau for Information.

**Race Relations Survey 1989 - 1990**, 1990, South African Institute of Race relations, Johannesburg.

**South African Survey 1996-1997**, 1997, South African Institute of Race Relations, Johannesburg.

**South African Survey 1997-1998**, 1998, South African Institute of Race Relations, Johannesburg.

### **Tydskrifte**

Athukorala, P, "International Contract Migration, and the Reintegration of Return Migrants", *International Migration Review*, vol XXIV, no 2.

Crush, J, 1997, "Covert operations: Clandestine migration, temporary work and immigration policy in South Africa", *Migration Policy Series*, Institute for Democracy in South Africa, no 1.

Crush, J, 1998, "It strikes a good balance", *Crossings*, Southern African Migration Project, vol 2, no 1.

Davies, R and Head, J, 1995, "The Future of Mine Migrancy in the Context of Broader Trends in Migration in Southern Africa", *Journal of Southern African Studies*, vol 21, no 3.

"Economic Impact of AIDS", 1997, *The Futurist*, vol 3, no 1.

Fair, D, 1996, "Refugees in Sub-Saharan Africa: From cause to solution", *Africa Insight*, vol 26, no 1.

Galloway, M, 1997, "Seventh national HIV survey results released", *AIDS Bulletin*, vol 6, no 1.

Helton, A C, 1994, "Displacement and Human Rights: Current Dilemmas in Refugee Protection", *Journal of International Affairs*, vol 47, no 2.

Hough, M, 1995, "Illegal aliens in Southern Africa: causes and facilitating factors", *Strategic Review*, vol XVII, no 1.

"Korean joint venture fixed record sum for hiring illegal workers", 4 September 1996, *Workplace*.

Levy, J, 1997, "Benevolent but troubled amnesties", *Crossings*, Southern African Migration Project, vol 1, no 1.

"Migration: the status quo and prospects for Southern Africa", 1993, *ISSUP Bulletin*, no 5.

Minnaar, A and Wentzel, M, 1995, "Illegal immigrants: the great unwanted or desirable citizens", *Information Update*, Centre for Socio-political analysis, Human Sciences Research Council, vol 5, no 2.

#### Migration News:

1995: vol 2, no 11; vol 2, no 12;

1996: vol 3, no 1; vol 3, no 3; vol 3, no 4; vol 3, no 5;  
vol 3, no 6; vol 3, no 8; vol 3, no 9; vol 3, no 10;  
vol 3, no 11.

1997: vol 4, no 1; vol 4, no 2; vol 4, no 3;  
vol 4, no 4; vol 4, no 7; vol 4, no 8;  
vol 4, no 9; vol 4, no 11; vol 4, no 12.

1998: vol 5, no 1; vol 5, no 2; vol 5, no 4;  
vol 5, no 6; vol 5, no 7; vol 5, no 9.

"Nipping Drug Traffic in the Bud", 1996, *Southern Africa Political and Economic Monthly*, vol 12, no 9.

Prager, K, 1995, "Hopeless in Gaza", *Time*, vol 146, no 15.

Reitzes, M, 1994, "Alien Issues", *Indicator SA*, vol 12, no 1.

Reitzes, M, 1995, "Insiders and Outsiders: The reconstruction of citizenship in South Africa", *Social Policy Series*, Centre for Policy Studies, Johannesburg, vol 8, no 1.

Rogers, R, 1992, "The Future of Refugee Flows and Policies", *International Migration Review*, vol 26, no 4.

Scutte, C, Shaw, M and Solomon, H, 1997, "Public attitudes regarding undocumented migration and policing/crime", *African Security Review*, vol 6, no 4.

Solomon, H, 1996, "Defending Borders: Strategic Responses to Illegal Immigration", *Indicator SA*, vol 13, no 3.

Solomon, H, 1997, "Immigration and Security in South Africa", *Communication*, no 4.

Solomon, H, 1994, "Migration in Southern Africa: A comparative perspective", *Africa Insight*, vol 24, no 1.

Solomon, H, 1996, "Strategic perspectives on Illegal Immigration into South Africa", *African Security Review*, vol 5, no 4.

Solomon, H, 1997, "Towards the free movement of people in Southern Africa?", *ISS Papers*, no 18.

Solomon, H, 1996, "Who is an illegal immigrant?", *African Security Review*, vol 5, no 6.

Tapscott, C, 1993, "National Reconciliation, Social Equity and Class Formation in Independent Namibia", *Journal of Southern African Studies*, vol 19, no 1.

"The Impact of illegal aliens on safety and security in South Africa", Edited version of an address by Col Brian van Niekerk, National Co-ordinator, Border Control and Policing, SA Police Service, at a Conference with the theme *Security '95*, presented by the Institute for Strategic Studies and the Security Association of South Africa (N Tvl Branch) at the University of Pretoria 1995, *ISSUP Bulletin*, no 7.

Wentzel, M and Minnaar, A, 1995, "Illegal Immigrants: the great unwanted or desirable citizens?", *Information Update*, vol 5, no 2.

**d. Koerante**

Beeld, 1995/07/20;

- 1997/01/15;
- 1997/02/23.

Business Day, 1996/08/15;

- 1997/06/30;
- 1997/10/16;
- 1997/12/08.

Business Report, 1997/10/14.

City Press, 1996/02/04.

Die Burger, 1987/03/28.

Die Republikein, 1996/05/13;

- 1997/01/13;
- 1997/07/17.

Die Transvaler, 1982/12/03.

Global Newsbank, 1998/01/07.

AIM Reports, 1997, no 116.

Mosambique File, 1997, no 248.

Pretoria News, 1989/10/16.

Rapport, 1982/08/21;

- 1998/01/18.

Sunday Express, 1985/01/24.

The Argus, 1996/01/16.

The Cape Times, 1988/11/16.

The Citizen, 1988/11/13.

The Mail and Guardian, 1996/09/23.

The Star, 1997/01/09;

- 1997/01/17;
- 1997/05/06;
- 1997/06/23;

- 1997/07/21;
- 1997/08/14;
- 1997/08/15;
- 1997/10/10.

### **Geleentheidspublikasies**

Bernstein, A, 1998, "Unworkable and costly", *Crossings*, Southern African Migration Project, vol 2, no 1.

CDE Research, 1997, "People on the move: A new approach to cross border migration in South Africa", Centre for Development and Enterprise (CDE), Johannesburg, no 7.

Cohen, R, 1996, "International Migration: Southern Africa in global perspective", Background research paper prepared for the Green Paper Task Group on International Migration.

Loescher, G, 1992, "Refugee movements and International Security", IISS, *Adelphi Papers*, no 268.

"Migration to South Africa: Problems, issues, and possible approaches for organised labour", Research report commissioned by Cosatu, National Labour and Economic Development Institute, October 1994.

"Non-Military Security Issues in the Indian Ocean", 1995, Promaco Conventions PTY LTD for the International Forum on the Indian Ocean Region, *Working Paper 4 B.*

NP: Agenda 21: 'n Wenplan vir die 21ste eeu, Besprekingsdokument van die Nasionale Party, 1996.

Oosthuizen, K, 1996, *Patterns of Migration in Southern Africa, with special reference to South Africa*, Centre for Population Studies (CPS), University of Pretoria.

Peberdy, S, 1996-1997, "The history of South African immigration legislation", Paper prepared for the South African Commission on International Migration.

Reitzes, M, 1995, *Divided on the demon: Immigration policy since the election*, Policy and Review Series, Centre for Policy Studies (CPS), Johannesburg,

Reitzes M, 1997, "Undocumented migration: Dimensions and dilemmas", Paper prepared for the Green Paper Task Group on International Migration.

RSA: A Comparative Study of Immigration Legislation in Selected Countries with Specific Reference to the South African Aliens Control Act, 1991, (as amended), Compiled by the Centre for Sociopolitical Analysis Human Sciences Research Council at the request of the Department of Home Affairs, Pretoria, July 1996.

RSA: A Research Review of the policies surrounding the issue of the free movement of people across borders with specific reference to southern Africa, and the particular effect thereof on South-Africa, Centre for Sociopolitical Analysis, Human Sciences Research Council at the request of the Department of Home Affairs, Pretoria, November 1995.

Solomon, H, 1993, "In Search of Canaan: A Critical Evaluation of the Causes and effect of Migration within Southern Africa, and Strategies to cope with them", *Southern African Perspectives*, CSAS, University of the Western Cape, no 24.

Theys, M, The Schengen Agreements on freedom of movement for persons in the European Union, *Texts & Documents*.

Williams, V, 1997, "Green Paper signals break with racist past", *Crossings*, Southern African Migration Project, vol 1, no 1.

## Konferensie- en werkinkel referate

"*After amnesty: the future of foreign migrants in South Africa*", 20 June 1997, Keynote address by Dr Buthelezi, Minister of Home Affairs at the Southern African Migration Project's Conference.

Hough, M, 5-6 June 1998, "*International Migration and Security in Southern Africa*", Paper presented at the Conference on Defence Economics and Security in Mediterranean and Sub-Saharan Countries, Lissabon.

Kotze, H and Hill, L, 27-29 September 1995, "*Illegal Immigration in a democratic Southern Africa: Polemic and perception in the search for policy*", Paper presented at the biennial conference of the South African Political Studies Association, University of Stellenbosch.

Mokoena, A, 18 June 1998, Director-General Dept of Home Affairs, Paper presented at a workshop with the theme Border Control and Protection: *The illegal movement of people and goods: where is South Africa heading and how can it be managed?*, Presented by the Institute for Strategic Studies, University of Pretoria.

Minnaar, A, 25-26 May 1998, *Policing South Africa's borders, post April 1994: the Tightening up of Controls*, Paper presented to a South African Police Service Conference: Policing Priorities and Objectives, HSRC, Pretoria.

Oosthuizen, G, "*Shooting the golden goose: small arms proliferation in Southern Africa*", 4-6 August 1996, Paper presented at a conference organised by SAIIA, the World Peace Foundation and the Institute for Defence Policy on War and Peace in Southern Africa, Jan Smuts House, Johannesburg.

RSA, Department of Home Affairs: "*Illegal movement of people/illegal aliens*", 25 November 1994, Paper presented at an IDP Round Table Discussion, Pretoria.

Solomon, H, 1995, "*Illegal aliens in South Africa: causes, conditions and strategies to cope with it*", Paper presented to IOM-UNFPA Symposium on migration, Pretoria.

Solomon, H, 4-6 August 1996, "*Illegal Population Flows in S.A.*", Paper presented at SAIIA/IDP Conference, Midrand.

**Internet dokumente:**

"Illegal Alien Resident Population", *The United States Immigration & Naturalization Service*, <http://www.ins.usdoj.gov/stats/illegalalien/index.html>.

RSA: *Growth, Employment and Redistribution: a macroeconomic strategy*,  
<http://www.sacs.org.za...nce/home/macroecon.htm>.

## SAMEVATTING

### ONWETTIGE VREEMDELINGE AS INTERNASIONALE VRAAGSTUK, MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

deur

M G de Vries

LEIER: Prof M Hough  
DEPARTEMENT: Politieke Wetenskappe  
GRAAD: Magister Artium in Internasionale Politiek

Die verskynsel van onwettige migrasie is slegs een van verskeie internasionale vraagstukke en kan om verskeie redes as 'n internasionale vraagstuk beskou word. Een hiervan is die globale toename in onwettige migrasie. Konstante veranderinge in globale ekonomiese markte en die gevolglike ekonomiese ontwikkeling binne bepaalde streke en ekonomiese onstabilitet in ander streke, is een van die primêre faktore wat aanleiding gee tot die toename in die verskynsel van internasionale migrasie, insluitende onwettige migrasie. Hierdie toenemende migrasie van groot getalle onwettige vreemdelinge is dikwels onbeheerbaar en in baie gevalle ongewens. Boonop blyk dit dat 'n duidelike onderskeid tussen onwettige vreemdelinge en vlugtelinge problematies bly, ten spyte van 'n toenemende, globale bewuswording van onwettige vreemdelinge. Alhoewel die werklike implikasies van die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge op state se onderskeie terreine moeilik bepaalbaar is, het toenemende getalle van dié individue in meeste streke van die wêreld veroorsaak dat die houdings en sienings van state oor migrasie; die gebruik van migrante arbeid; en die dikwels gepaardgaande onwettige migrasie, toenemend negatief begin word het.

Regerings beskou grensbeheer as 'n noodsaaklike steunpilaar van nasionale veiligheid. Indien 'n bepaalde staat nie effektiewe kontrole oor grense kan toepas nie, of indien die getalle onwettige vreemdelinge wat oor grense beweeg, nie beheer kan word nie, word dit as 'n direkte bedreiging vir nasionale veiligheid beskou. Strenger maatreëls is gedurende die afgelope paar jaar deur vele state geformuleer en geïmplementeer om die onwettige vreemdelingprobleem die hoof te bied.

Wat suidelike Afrika betref, het verandering in intra-regionale migrasiepatrone in dié streek gedurende die 1980's en die 1990's die aard van migrasie binne die streek beïnvloed. Alhoewel onwettige vreemdelinge as gevolg van verskeie redes hul tuisstate verlaat en onwettig na 'n ander staat migreer, blyk dit dat die ekonomiese ideaal om meer in 'n ander staat te verdien, so 'n individu se besluit deurslaggewend beïnvloed. Op grond hiervan, het potensiële onwettige vreemdelinge in suidelike Afrika 'n voorkeur vir Suid-Afrika.

Alhoewel verskillende beramings 'n aanduiding van getalle onwettige vreemdelinge binne Suid-Afrika gee, kan die werklike invloed van onwettige vreemdelinge op maatskaplike dienste, misdaad, verkiesings en die ekonomie, slegs ten volle begryp word indien, onder andere, meer inligting oor die werklike getal onwettige vreemdelinge bekend sou wees. Die gevolgtrekking is gemaak dat die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge tot 'n mindere of meerdere mate, 'n negatiewe invloed op verskeie terreine van die Suid-Afrikaanse samelewing het en dat 'n groot gedeelte van die Suid-Afrikaanse publiek negatief is oor die teenwoordigheid van groot getalle onwettige vreemdelinge in Suid-Afrika.

Verskeie beheermaatreëls is in Suid-Afrika geïmplementeer om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek en indiensneming van onwettige vreemdelinge te stuit, maar solank as wat sommige state in die streek onder politieke onstabiliteit, ekonomiese agteruitgang en

omgewingsdegradasie gebuk gaan, sal Suid-Afrika 'n gewilde bestemming vir individue op soek na 'n beter lewe en werksomstandighede, bly.

## SUMMARY

# ILLEGAL MIGRANTS AS AN INTERNATIONAL ISSUE, WITH PARTICULAR REFERENCE TO THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

by

M G de Vries

LEADER: Prof M Hough  
DEPARTMENT: Political Sciences  
DEGREE: Magister Artium in International Politics

The phenomenon of illegal migration is only one of many international issues. There are various reasons for classifying illegal migration as an international issue, notably its worldwide increase. One of the primary factors contributing to the increase in international migration, including illegal migration, is continuous change in global economic markets and the resulting economic development of some regions as opposed to economic instability in other regions. The increasing migration of large numbers of illegal migrants is often impossible to control, and is, in many cases, undesirable. In addition, it seems that it is often difficult to distinguish between illegal migrants and refugees, in spite of increasing global awareness of the issue of illegal migration. It is difficult to determine the true implications of the presence of illegal migrants for the economic, political and social spheres of individual states, but increasing numbers of such individuals in most regions in the world have had a negative effect on the attitudes of many states towards migration, the use of migrant labour, and accompanying illegal migration.

Governments regard border control as essential for national security. If a particular state cannot ensure effective control of its borders, or if the numbers of illegal migrants that

cross the country's borders cannot be controlled, this must be regarded as a direct threat to national security. More stringent measures have been drafted and implemented by many states over the past few years to address the problem of illegal migration.

In the southern African region, the changing intra-regional migration patterns during the 1980s and 1990s have influenced the nature of migration. Illegal migrants leave their homes to migrate to other states for various reasons, but it seems that the economic ideal of earning more money in another state may be a deciding factor for these individuals. It is for this reason that potential illegal migrants in southern Africa appear to favour South Africa as their destination.

There are various estimates of the numbers of illegal migrants in South Africa, but the actual effects of illegal migrants on social services, crime, elections and the economy can only be fully understood if more information about the number of illegal migrants is available. The study concludes that the presence of illegal migrants has a negative effect, to a greater or lesser degree, on several spheres of South African society and that a large section of the South African public feels negative about the presence of large numbers of illegal migrants in South Africa.

Various control measures have been implemented in South Africa to address the illegal migration problem and to reduce the employment of illegal migrants, but as long as some states in the southern African region suffer from political instability, economic decline and environmental degradation, South Africa will remain a popular destination for individuals who desire a better life and better working conditions.

## **Sleutel terme en sleutelwoorde:**

Beheermaatreëls  
Beleid  
Deportasie  
Ekonomiese ontwikkeling  
Grensbeheer  
Internasionale vraagstuk  
Onwettige migrasie  
Onwettige vreemdeling  
Konflik  
Vlugteling  
Vrystelling  
Xenofobie

## **Keyterms:**

Asylum  
Border control  
Conflict  
Control measures  
Deportation  
Economic development  
Illegal migrants  
Illegal migration  
International issue  
Policy  
Refugee  
Xenofobia